# ’n Nuusteoretiese ondersoek na die dekking van misdaad as vermaak in *Huisgenoot* (2012)

**A Swart**

**21663238**

Verhandeling voorgelê ter nakoming vir die graad *Magister* in Kommunikasie aan die Potchefstroomkampus van die Noordwes-Universiteit

Studieleier: Prof JD Froneman

November 2014

NORTH-WEST UNIVERSITY
YUNIBESITI YA BOKONE-BOPHIRIMA
NOORDWES-UNIVERSITEIT ®

Dit begin alles hier ™

NORTH-WEST UNIVERSITY
YUNIBESITI YA BOKONE-BOPHIRIMA
NOORDWES-UNIVERSITEIT
POTCHEFSTROOMKAMPUS

**Nagraads en Organisasie**

# PLEGTIGE VERKLARING EN TOESTEMMING OM IN TE DIEN

## 1. Plegtige verklaring deur student

Hiermee verklaar ek, Alexa Swart, die ondergetekende, dat die proefskrif/verhandeling/skripsie/artikel getiteld (presies soos geregistreerde/ goedgekeurde titel),

'n Nuusteoretiese ondersoek na die dekking van misdaad as vermaak in *Huisgenoot* (2012)

wat ek by die Noordwes-Universiteit, Potchefstroomkampus, ter voldoening / gedeeltelike voldoening aan die vereiste van die Magister in Kommunikasie -graad hiermee inhandig, my eie werk is, dit volgens die vereistes taalversorg is en dat dit nie reeds by 'n ander universiteit ingehandig is nie.

Ek verstaan en aanvaar dat die eksemplare, wat vir eksaminering ingehandig word, die eiendom van die universiteit is.

Handtekening van student ____________ Universiteitsnommer 21663238

Geteken te Potchefstroom hierdie 4de dag van November 20.14

Verklaar voor my hierdie 4de dag van November 2014.

Kommissaris van Ede. ____________

KAREN E REINECKE
GEOKTROOIEERDE REKENMEESTER/CHARTERED ACCOUNTANT
KOMMISSARIS VAN EDE/COMMISSIONER OF OATHS
38 RAE FRANKEL STR, BRACKENHURST
ALBERTON, 1448

**LET WEL: Indien 'n student se proefskrif/verhandeling/skripsie/artikel na die sperdatum vir indiening ingedien is, is die tydperk vir eksaminering beperk. Geen waarborg kan daarom gegee word dat (selfs sou die eksaminatorsverslae positief wees) die graad by die eerskomende gradeplegtigheid toegeken sal word nie. Dit mag ook beteken dat die student vir die volgende akademiese jaar moet herregistreer.**

## 2. Toestemming en plegtige verklaring deur studieleier

Hiermee verklaar ondergetekende:

- Dat die student gemagtig word om sy/haar skripsie/verhandeling/proefskrif in te handing: **JA/NEE** (JA circled)
- Dat die student se werk by TurnItIn ingedien is en 'n bevredigende verslag ontvang is: **JA/NEE** (JA circled)

**Handtekening Studieleier/Promotor:** ____________ **Datum:** 4 November

Oorspronklike gegewens: Marietjie Ackermann(10512187) C:\Users\10512187\Desktop\PLEGTIGE VERKLARING EN TOESTEMMING OM IN TE DIEN.docm
8 Oktober 2013

Verwysingsnommer: 7.1.11.3.2/3

Originality GradeMark PeerMark

10783164:A.Swart_Verhandeling.pdf

BY HELANIE JONKER

turnitin 2% SIMILAR -- OUT OF 0

Search Qu Turnitin Document Viewer

**'n Nuusteoretiese ondersoek na die dekking van misdaad as vermaak in *Huisgenoot* (2012)**

**A Swart**

**21663238**

Verhandeling voorgelê ter nakoming vir die graad *Magister* in Kommunikasie aan die Potchefstroomkampus van die Noordwes-Universiteit

Studieleier: Prof JD Froneman

PAGE: 1 OF 246

**Bedankings**

Alle eer aan God en my ouers, Braam en Janet, sonder wie ek nie hierdie geleentheid sou kon aangryp nie. Baie dankie aan my studieleier, professor Johannes Froneman, vir sy leiding en ondersteuning en ’n spesiale dank aan my verloofde, Jacques Reinecke, wie my altyd motiveer om my drome te verwesenlik.

**Abstract**


Keywords: *Huisgenoot,* crime, agenda setting, framing, sensationalism

In this study, *Huisgenoot's* framing of crime is discussed news theoretically through a qualitative content analysis. Framing theory and the related theoretical perspectives agenda setting, sensationalism, news and cover theory are used as theoretical interpretation instruments.

All the crime stories that *Huisgenoot* covered in 2012 are chronicled and each article is classified according to agenda setting with the goal of understanding crime news as an important agenda point on the cover of *Huisgenoot.* At the hand of a classification process the three most prominent crime topics in *Huisgenoot* 2012 are identified as the Modimolle monster, the Griekwastad murders and the Somalia abduction. Each made the cover of *Huisgenoot* five times in 2012.

The study follows a deductive approach and thus generic or existing frames are used and applied to each most prominent crime story to determine if the frame occurs and in what manner it is used. The generic frames (as identified by Semetko & Valkenburg, 2006:95-96) are human interest, conflict, morality and economy. The study concludes with a meticulous analysis of the most prominent crime topics of which each is analysed and discussed according to framing theory and the contributing perspectives.

The study found that *Huisgenoot's* framing of the three most prominent crimes was dominated by the human interest and conflict frames. These frames had a strong presence in each story and strengthened *Huisgenoot's* sensationalist framing of the crime stories due to the profound personalisation and emotional presentation of the news.

Furthermore the argument is made that *Huisgenoot* frames crime sensationally through its continuing use of powerful, sometimes graphic, prose narratives. The magazine personalises and simplifies the crime news continuously and frames the articles compelling and emotional through the strong narrative story telling that relates to sensational tabloid journalism.

**Opsomming**

Sleutelwoorde: *Huisgenoot,* misdaad, agendastelling, raming, sensasionalisme,

In hierdie studie word *Huisgenoot* se raming van misdaad nuusteoreties bespreek deur middel van 'n kwalitatiewe inhoudsanalise. Ramingsteorie en die verbandhoudende teoretiese perspektiewe van agendastelling, sensasionalisme, nuus- en voorbladteorie word as teoretiese interpretasie-instrumente gebruik.

Al die misdaadstories wat *Huisgenoot* in 2012 gedek het, word genoteer en elke artikel word aan die hand van agendastelling geklassifiseer om sodoende misdaadnuus as belangrike agendapunt op *Huisgenoot* se voorblad te peil. Aan die hand van 'n klassifikasieproses is die drie mees prominente misdaadonderwerpe in *Huisgenoot* 2012 geïdentifiseer as die Modimolle-monster, die Griekwastad-moorde en die Somalië-ontvoering. Elk het vyf maal in 2012 die *Huisgenoot*-voorblad gehaal.

Die studie volg 'n deduktiewe benadering en dus word gebruik gemaak van generiese of bestaande rame, wat toegepas word op elkeen van die prominentste misdaadstories om te bepaal of die raam voorkom en op watter wyse dit gebruik is. Die generiese rame (aan die hand van Semetko & Valkenburg, 2006:95-96) is dié van menslike belang, konflik, moraliteit en die ekonomie. Die studie sluit dan af met die noukeurige analise van die mees prominente misdaadonderwerpe wat elkeen volgens ramingsteorie en die bydraende perspektiewe geanaliseer en beskryf word.

Die studie bevind dat *Huisgenoot* se raming van die drie mees prominente misdade gedomineer word deur die menslikebelang- en konflikrame. Hierdie rame het sterk gefigureer in elke storie en versterk ook *Huisgenoot* se sensasionele raming van die misdaadstories, omdat dié raming nuus aangrypend verpersoonlik en emosioneel aanbied.

Verder word geargumenteer dat *Huisgenoot* dié misdaad sensasioneel raam deur sy deurlopende gebruik van 'n kragtige, soms baie grafiese, prosavertelstyl. Die tydskrif verpersoonlik en vereenvoudig voortdurend die misdaadnuus en raam die artikels treffend en emosioneel deur die sterk narratiewe vertelling van gebeure wat verband hou met sensasionele poniejoernalistiek.

**INHOUDSOPGAWE**


| | |
|---|---|
| PLEGTIGHEIDSVERKLARING | II |
| TURNITIN | III |
| BEDANKINGS | IV |
| ABSTRACT | V |
| OPSOMMING | VI |
| | |
| **HOOFSTUK 1: INLEIDING** | 1 |
| 1.1. Konteks | 1 |
| 1.1.1. Probleemstelling | 3 |
| 1.1.2. Algemene navorsingsvraag | 4 |
| 1.1.3. Spesifieke navorsingsvrae | 4 |
| 1.1.4. Spesifieke navorsingsdoelstellings | 4 |
| 1.2. Teoretiese argumente | 4 |
| 1.3. Navorsingsbenadering | 7 |
| 1.4. Navorsingsmetode | 7 |
| 1.4.1. Literatuurstudie | 7 |
| 1.4.2. Empiriese studie | 8 |
| | |
| **HOOFSTUK 2: TEORETIESE PERSPEKTIEWE** | 10 |
| 2.1. Inleiding | 10 |
| 2.2. Sosio-kulturele tradisie | 10 |
| 2.3. Misdaad | 12 |
| 2.4. Nuus- en voorbladteorie | 14 |
| 2.4.1. Nuuskriteria | 15 |
| 2.4.2. Misdaadnuuskriteria | 19 |
| 2.4.3. Voorbladteorie | 24 |
| 2.5. Die agendastellingteorie | 25 |
| 2.6. Die ramingsteorie | 27 |
| 2.7. Sensasionalisme | 31 |
| 2.7.1. Sensasionalisme en die geelpers | 31 |
| 2.7.2. Die sensasionele raming van misdaad | 34 |
| 2.8. Samevatting | 36 |

**HOOFSTUK 3: NAVORSINGSBENADERING EN METODOLOGIE** 37
3.1. Inleiding 37
3.2. Navorsingsbenadering 37
3.2.1. Kwalitatiewe navorsingsbenadering 37
3.2.2. Betroubaarheid en geldigheid 39
3.3. Navorsingsmetode 40
3.3.1. Kwalitatiewe inhoudsanalise 40
3.3.2. Literatuurstudie 41
3.3.3. Empiriese studie 41
3.4. Samevatting 43

**HOOFSTUK 4: MISDAAD OP *HUISGENOOT* SE AGENDA** 44
4.1. Inleiding 44
4.2. *Huisgenoot* se misdaadagenda in 2012 44
4.2.1. Inleiding 44
4.2.2. *Huisgenoot*-misdaadstories gepubliseer in 2012 45
4.2. Gevolgtrekking 50
4.3. Selfdodingstories 50
4.3.1. Inleiding 50
4.4. Misdaadvoorbladstories 51
4.4.1. Inleiding 51
4.4.2. Plaaslike misdaadstories op *Huisgenoot* se voorblad in 2012 51
4.4.3. Buitelandse misdaadstories op *Huisgenoot* se voorblad in 2012 53
4.4.4. Selfdodingstories op *Huisgenoot* se voorblad in 2012 53
4.4.5. Gevolgtrekking 53
4.5. Misdaadopvolgstories 54
4.5.1. Inleiding 54
4.5.2. Gevolgtrekking 54
4.6. Ontleding 54
4.6.1. Prominente misdaadstories in *Huisgenoot* 55
4.6.2. Hiërargie van prominensie 56
4.6.3. Prominentste misdaadstories in *Huisgenoot* 2012 56

**HOOFSTUK 5: RAMING VAN DIE “MODIMOLLE-MONSTER”** 61
5.1. “Modimolle-monster” op die voorblad, 19 Januarie 2012 61
5.1.1. Raming op die voorblad 62
5.1.2. Raming van die eerste artikel 63
5.2. “Modimolle-monster” op die voorblad, 26 Januarie 2012 72
5.2.1. Raming op die voorblad 72
5.2.2. Raming van die tweede artikel 73
5.2.3. Raming van die derde artikel 79
5.3. “Modimolle-monster” op die voorblad, 2 Februarie 2012 85
5.3.1. Raming op die voorblad 85
5.3.2. Raming van die vierde artikel 86
5.4. “Modimolle-monster” op die voorblad, 13 September 2012 95
5.4.1. Raming op die voorblad 95
5.4.2. Raming van die vyfde artikel 96
5.5. Samevatting 101

**HOOFSTUK 6: RAMING VAN DIE GRIEKWASTAD-MOORDE** 105
6.1. Griekwastad-moorde op die voorblad, 26 April 2012 105
6.1.1. Raming op die voorblad 106
6.1.2. Raming van die eerste artikel 108
6.2. Griekwastad-moorde op die voorblad, 10 Mei 2012 118
6.2.1. Raming op die voorblad 118
6.2.2. Raming van die tweede artikel 120
6.3. Griekwastad-moorde op die voorblad, 5 Julie 2012 126
6.3.1. Raming op die voorblad 126
6.3.2. Raming van die derde artikel 128
6.4. Griekwastad-moorde op die voorblad, 6 September 2012 134
6.4.1. Raming op die voorblad 135
6.4.2. Raming van die vierde artikel 136
6.5. Griekwastad-moorde op die voorblad, 4 Oktober 2012 143
6.5.1. Raming op die voorblad 143
6.5.2. Raming van die vyfde artikel 145
6.6. Samevatting 150

**HOOFSTUK 7: RAMING VAN DIE SOMALIË-ONTVOERING** 154
7.1. Somalië-ontvoering op die voorblad, 5 Julie 2012 154
7.1.1. Raming op die voorblad 155
7.1.2. Raming van die eerste artikel 156
7.2. Somalië-ontvoering op die voorblad, 12 Julie 2012 167
7.2.1. Raming op die voorblad 167
7.2.2. Raming van die tweede artikel 168
7.3. Somalië-ontvoering op die voorblad, 15 November 2012 182
7.3.1. Raming op die voorblad 182
7.3.2. Raming van die derde artikel 183
7.4. Somalië-ontvoering op die voorblad, 6 Desember 2012 187
7.4.1. Raming op die voorblad 188
7.4.2. Raming van die vierde artikel 189
7.5. Somalië-ontvoering op die voorblad, 20 Desember 2012 195
7.5.1. Raming op die voorblad 195
7.5.2. Raming van die vyfde artikel 197
7.6. Samevatting 203

**HOOFSTUK 8: SLOT** 207
8.1. Navorsingdoelwit 1 207
8.2. Navorsingsdoelwit 2 207
8.3. Navorsingsdoelwit 3 207
8.4. Samevattend 210
8.5. Leemtes en verdere studie 210

**BRONNELYS** 212

# 1. Inleiding

## 1.1. Konteks

In die Suid-Afrikaanse joernalistiek word misdaad daagliks as ŉ vreemde vorm van vermaak aan lesers gekommunikeer deur veral populistiese publikasies soos *Huisgenoot*, een van Suid-Afrika se mees suksesvolle tydskrifte (vgl. Froneman, Swanepoel & Van Rooyen, 2005:17). Die tydskrif *Huisgenoot* het die hoogste sirkulasie in die land met ’n sirkulasiesyfer van 280 600 en ’n leserskap van 2 224 000 volgens die nuutste navorsing vir 2014 (OMD, 2014:50). *Huisgenoot* se sirkulasie wys ’n effense afname in vergelyking met die tydskrif se 2013 sirkulasiesyfer van 281 000 (OMD, 2013:17). Nietemin bly *Huisgenoot* die grootste tydskrif in die land met ŉ voorsprong in sirkulasie van 115 500 teenoor sy tweelingsuster, You, die land se tweede grootste verbruikertydskrif (OMD, 2014:50).

’n Publikasiereus soos *Huisgenoot* is by magte om ’n bepaalde realiteit onder sy lesers te vestig oor die voorkoms en aard van misdaad in die land. Dit blyk uit ŉ informele voorstudie dat misdaad nou al vir ŉ geruime tyd op *Huisgenoot* se agenda geplaas word om lesers te lok. Voorbeelde van misdaad wat sterk figureer op *Huisgenoot* se agenda in 2012 sluit in die Griekwastad-moorde, die sogenaamde Modimolle-monster saga en die Somalië-ontvoering wat elkeen deur die loop van die jaar vyf maal op die voorblad verskyn het.

Misdaad is egter nie nuut op *Huisgenoot* se agenda nie. Stories oor byvoorbeeld die krimineel André Stander (*Huisgenoot* gedenkuitgawe, 2006:139,139) en die sogenaamde skêr-moordenares Marlene Lehnberg (*Huisgenoot* gedenkuitgawe, 2006: 151,152) het in die 1970’s sterk in nuusblaaie gefigureer en is ook deur *Huisgenoot* gedek. Tog was dit vir vele dekades sedert sy ontstaan in 1916 nie *Huisgenoot* se styl om op sulke nuus te fokus nie. *Die Huisgenoot,* soos dit eens bekend gestaan het, se primêre doel was aanvanklik om Afrikaner idealisme en kultuur te bevorder (Viljoen, 2006:18). *Huisgenoot* het gegroei van ŉ tydskrif wat die Afrikaner geleer het om te lees in die 1920’s (Muller, 1990:562) tot ŉ onontbeerlike steunpilaar vir sy uitgewer, die Nasionale Pers, in latere jare (Muller, 1990:575). In die laat 1970’s het Neil Hamman *Huisgenoot* se redakteur geword en die tydskrif in ŉ populistiese sensasieblad

verander wat aanleiding gegee het tot ’n styging in sirkulasie van ’n sukkelende 140 000 tot 500 000 (Froneman, 2010:75). Hamman het feitlik week ná week rolprentsterre en glanspersone soos Lady Diana op die voorblad geplaas en sodoende die een ná die ander sirkulasiehoogtepunt bereik (Froneman *et al*., 2005:17-19).

Ná Hamman was daar verskeie ander redakteurs of hoofredakteurs soos Willie Kuhn, Esmaré Weideman en die huidige Henriëtte Loubser. Onder hulle het *Huisgenoot* tog allerlei kleiner aanpassings ondergaan, maar die tydskrif het klaarblyklik sy wenresep behou. ’n Opvallende wyse waarop *Huisgenoot* sy voorsprong in ’n hoogs mededingende media-omgewing handhaaf, is onder andere sy gekombineerde beriggewing oor die plaaslike glanswêreld en misdaad – ook op die voorblad.

Navorsing oor plaaslike misdaad het bevind dat Suid-Afrika ’n buitengewoon hoë vlak van moord het in vergelyking met ander lande (CSVR, 2009:3). Die Suid-Afrikaanse Polisiediens het in hul verslag van landswye moorde, vir die tydperk April 2011 tot Maart 2012, 15 609 gevalle van moord aangemeld (SAPS, 2012). Vir dieselfde tydperk is 64 514 gevalle van seksuele misdade en 181 670 gevalle van aanranding by die SAPD aangemeld (SAPS, 2012). Kommer oor misdaad is wydverspreid in Suid-Afrika en daarom is dit ook ’n gereelde nuustema in die media, maar ook in die nuusgedrewe glansblad *Huisgenoot.*

Dit plaas die kwessie van geweldsmisdaad op die tafel. Volgens die Wêreld-gesondheidsorganisasie kan geweld soos volg gedefinieer word: "Die doelbewuste gebruik van krag of mag, as dreigement of werklik uitgevoer, teenoor jouself, 'n ander persoon, of teen 'n groep of gemeenskap, wat kan lei tot besering, dood, sielkundige leed, of onderontwikkeling" (WHO, 2014). Dit is dus ’n meerkantige verskynsel.

In die beriggewing oor die sogenaamde Modimolle-monster in die *Huisgenoot*-uitgawe van 19 Januarie, lui die voorbladprik: **Riller-ure in monsterman se greep** (*Huisgenoot,* 2012). Op dié tydskrifvoorblad pryk Adam van die sanggroep Romanz langs sy bruid op hul troudag en onder hul foto lui die vetgedrukte skok-opskrif; **Eksklusief- Vrou vertel: verkrag, vermink en toe skiet hy my seun** (*Huisgenoot,* 2012). Nog ’n artikel oor geweld in gesinsverband wat deur *Huisgenoot* gedek is, is die Griekwastad-moorde wat op die voorblad van 26 April verskyn. Die voorbladprik lees **Raaiselmoord op Griekwastad – Don: Ek kan nie glo mense dink dit was ek nie** (*Huisgenoot,* 2012).

Op die voorblad van 12 Julie verskyn nog ’n skok-prik: **Ek is verkrag in seerower-hok. Debbie en Bruno se volle verhaal** (*Huisgenoot,* 2012). Elkeen van die wreedaardige voorvalle het prominent op *Huisgenoot* se agenda in 2012 verskyn.

Geweld is volgens Furedi (1997:87) vroeër gesien as die gevolg van ’n gewelddadige samelewing, maar nou manifesteer dit hoofsaaklik binne gesinsverband en dus het die fokus verskuif na die gewelddadige familie. Dit blyk dus deels die rede te wees vir *Huisgenoot* se sterk fokus op gesinsgeweld as prominente misdaad, juis omdat *Huisgenoot* ’n gesinstydskrif is.

*Huisgenoot* se inhoud en voorkoms is duidelik populisties, omdat daar klem gelê word op groot en kleurvolle voorbladfoto’s, groot opskrifte, emotiewe taal en die lewens en skandes van glanspersone, wat om die beurt op bykans elke voorblad pryk (Froneman, 2010:5 vgl. Wasserman, 2010:14). Dit is dus nie vreemd dat *Huisgenoot* ’n grafiese vertelstyl in hul beriggewing oor misdaad volg nie.

*Huisgenoot* raam misdaad en geweld op die oog af as ’n vorm van bisarre vermaak. Hierdie tipe raming vind plaas tot so ’n mate dat slagoffers en oortreders in tydelike bekendes of psuedo-glanspersone verander, wat episodies op die agenda geplaas word soos hul stories lesers landswyd boei. Hierdie styl van beriggewing skep moontlik ’n *tabloid*-leserskultuur waar gru-dade, veral binne gesinsverband, as legitieme vermaaklikheidnuus geraam word (kyk hoofstuk 2). Dit sluit ten nouste aan by wat as *infotainment* beskryf word en waaroor reeds aansienlik gepubliseer is (vgl. Nisbet, 2001; O’Connor, 2009; Dictionary of Media and Communication, 2014). O’Connor (2009) sê dat vermaaklike nuus, bekend as *infotainment*, die nuuslandskap domineer, alhoewel dit ten sterkste deur akademici en tradisionele joernaliste gekritiseer word. Hy sê *infotainment* fokus meer op vermaak as op nuus en so word lighartige, emosiebelaaide, menslikebelangstories doelbewus in tradisionele nuus geïnkorporeer.

### 1.1.1. Probleemstelling

Die wyse waarop *Huisgenoot* misdaad klaarblyklik as ’n vorm van *vermaak* raam, kan ’n kultuur skep waar gru-dade, veral binne gesinsverband, beskou word as *legitieme nuus* wat as *produk aan die verbruiker* verkoop kan word. Hoe en met watter prominensie en

hoe gereeld hierdie verskynsel in *Huisgenoot* voorkom, is mediakundig van belang en verdien om nagevors te word.

### 1.1.2. Algemene navorsingsvraag

Watter nuusteoretiese beskrywings kan vanuit die sosiokulturele tradisie gemaak word rakende *Huisgenoot* se raming van misdaad in 2012?

### 1.1.3. Spesifieke navorsingsvrae

1.1.3.1. Wat is die kernvertrekpunte van ramingsteorie asook geselekteerde verbandhoudende teoretiese perspektiewe op die media?

1.1.3.2. Hoe en met watter prominensie en frekwensie word misdaad op die voorblad en in nuusblaaie van *Huisgenoot* in 2012 geraam?

1.1.3.3. Watter insigte word verkry wanneer *Huisgenoot* se raming van misdaad in 2012 nuusteoreties geanaliseer word?

### 1.1.4. Spesifieke navorsingsdoelstellings

1.1.4.1. Om deur middel van ’n literatuurstudie te bepaal wat die kernvertrekpunte van ramingsteorie asook geselekteerde verbandhoudende teoretiese perspektiewe op die media is.

1.1.4.2. Om deur middel van ’n kwalitatiewe inhoudsanalise te bepaal hoe en met watter prominensie en frekwensie misdaad op *Huisgenoot* se voorblad en nuusblaaie in 2012 geraam is.

1.1.4.3. Om insigte te verkry oor die raming van misdaad deur *Huisgenoot* in 2012 nuusteoreties te analiseer.

## 1.2. Teoretiese argumente

Verskeie teoretiese vertrekpunte sal gekombineer word om die studie mediakundig te ontleed. Ramingsteorie is die ankerteorie van die studie wat ondersteun word deur die

bydraende teoretiese perspektiewe; agendastelling, nuus- en voorbladteorie en sensasionalisme. Misdaad en geweld sal ook teoreties gedefinieer word en elkeen van die perspektiewe sal volledig in hoofstuk twee van die studie bespreek word. Die gekombineerde gebruik van teorieë in die studie sorg vir 'n veelsydige en sorgvuldige ontleding van die navorsingsvraag en verhoog die geloofwaardigheid van die studie.

Die sosio-kulturele benadering sal gebruik word as metateoretiese vertrekpunt. Carey (soos aangehaal deur Craig, 1999:144) voer aan dat kommunikasie volgens die sosio-kulturele teorie verklaar kan word as 'n simboliese proses waartydens realiteit gevorm en onderhou word. Misdaad en die media funksioneer albei binne dieselfde sosio-kulturele samelewing en daarom is die metateorie gepas om die interaksie tussen die twee bogenoemde verskynsels te ondersoek (Craig, 1999:146).

Die bogenoemde verskynsels vorm albei 'n bepaalde realiteit in die Suid-Afrikaanse samelewing, waar die media, of in hierdie studie spesifiek *Huisgenoot,* 'n idee vestig onder sy lesers van hoe die misdaad in die land lyk. In hierdie studie funksioneer slegs die wettige definisie van misdaad, soos beskryf deur die Suid-Afrikaanse Polisiediens (SAPD), as riglyn vir die definiëring en identifisering van misdaad in *Huisgenoot.*

Raming, die ankerteorie van die studie, sal gebruik word omdat dit verduidelik hoe *Huisgenoot* misdaadnuus raam in hul beriggewing, sodat die leser dit binne 'n sekere konteks verstaan en interpreteer (vgl. De Beer & Botha, 2008:239). Ramingsteorie sal volledig in hoofstuk twee van die studie bespreek word.

Deur middel van die agendastellingteorie sal die frekwensie van misdaad op *Huisgenoot* se agenda in 2012 bepaal word. Agendastelling en raming deel gemene grond as teoretiese benaderings (McCombs & Ghanem, 2003:69). Cohen (soos aangehaal deur McCombs & Ghanem, 2003:69) verduidelik die ooreenkomste tussen raming en agendastelling. Hy sê die media kan nie vir die publiek voorskryf wat om te dink van 'n kwessie nie, maar wel waaroor om te dink en hoe om daaroor na te dink (Cohen, soos aangehaal deur McCombs & Ghanem, 2003:69). In hierdie studie gaan ramingsteorie en agendastelling ook hand-aan-hand, omdat die teenwoordigheid van 'n misdaadstorie op *Huisgenoot* se agenda eers verklaar sal word aan die hand van agendastelling voordat die raming daarvan bespreek word.

Verdere teoretiese perspektiewe wat verband hou met ramingsteorie is nuus- en voorbladteorie. Hierdie perspektiewe handel oor die kriteria wat gebruik word om nuus te evalueer volgens nuuswaardigheid (De Beer, 2011:620). Elkeen van die teorieë sal ook in hoofstuk twee volledig uiteengesit word.

Voorbladteorie handel oor ŉ verbruikertydskrif se belangrikste bladsy, sy voorblad volgens Broes (1983:107), en in hierdie studie sal voorbladteorie gebruik word om *Huisgenoot* se raming van misdaad op sy voorblad teoreties te analiseer.

Nuusteorie, ŉ bydraende teoretiese perspektief, beskryf die redes waarom gebeure nuuswaarde besit. Die plasing van misdaad op *Huisgenoot* se agenda word bepaal deur nuuswaardes (ook bekend as nuuskriteria). In hierdie studie sal Froneman (2002:57) en Jewkes (2004:40) se nuuskriteria gekombineerd gebruik word om misdaadstories se nuuswaardigheid te beskryf.

Froneman (2002:57) verwys in sy bespreking van nuuskriteria na De Beer se afstand- en intensiteitsdimensies en hy identifiseer ook nuutheid, belangrikheid, ongewoonheid en kommersiële of ideologiese waarde as kriteria vir nuuswaardigheid. Yvonne Jewkes (2004:40) se nuuskriteria fokus weer spesifiek op misdaad en dit sluit die volgende in: die drumpel (wat handel oor intensiteit), voorspelbaarheid, vereenvoudiging, individualisme, risiko, seks, bekendes en status, nabyheid, geweld, skouspelagtige en grafiese beelde, kinders en konserwatiewe ideologie of politieke afleiding. Hierdie teorieë sal ook volledig in hoofstuk twee uiteengesit word.

Sensasionele populisme is die volgende teoretiese perspektief wat in die studie gebruik sal word om *Huisgenoot* se raming van misdaad te verduidelik. ŉ Populistiese blad soos *Huisgenoot* word soms gekenmerk deur ŉ melodramatiese inhoudelike styl en ŉ sterk grafiese vertelling van gebeure volgens Bird en Conboy (soos aangehaal deur Wasserman, 2010:14). Dit is dus nie vreemd dat *Huisgenoot* misdaad op ŉ soortgelyke wyse sal raam nie. *Huisgenoot* se sensasionele raming van misdaad as vreemde vermaak sal volgens die teorie verduidelik word en die perspektief sal verder in detail bespreek word in hoofstuk twee.

*Huisgenoot* se raming van misdaad in 2012 sal noukeurig beskryf en geanaliseer word vanuit elkeen van die voorgestelde teoretiese benaderings.

### 1.3. Navorsingsbenadering

In die onderhawige studie sal die metateoretiese sosio-kulturele benadering as vertrekpunt gebruik word. Die sosio-kulturele tradisie is een van sewe tradisies voorgestel deur Craig (2007:72) en is gekies vir hierdie studie, omdat dit die fenomeen wat nagevors word binne sy kulturele konteks vasvang en verduidelik. Dié benadering werp lig op die rol van die sosio-kulturele omgewing waarbinne die interaksie tussen geweld en die media verstaan kan word. Hierdie tradisie sal ook volledig in hoofstuk twee bespreek word.

### 1.4. Navorsingsmetode

In die studie sal 'n kwalitatiewe inhoudsanalise as metode gebruik word. Anderson (1987:377) definieer inhoudsanalise as die ondersoek wat karaktereienskappe van geskrewe en visuele teks identifiseer en klassifiseer. Die metode is kwalitatief van aard omdat die studie gelei sal word deur vrae en waarnemings wat gerapporteer word as beskrywings, betekenis en eienskappe in teenstelling met kwantitatiewe inhoud wat in numeriese waardes uitgedruk word (Du Plooy, 2009:220).

Die metode is gekies omdat dit gepas is om die prominensie en frekwensie van misdaad op *Huisgenoot* se agenda te bepaal asook *Huisgenoot* se raming van misdaad in detail te beskryf. Die volledige beskrywing van die navorsingsmetode is in hoofstuk drie van die studie geplaas.

Die uitgawes van 2012 is hoofsaaklik gekies omdat dit gerieflik binne die beskikbare navorsingstyd geval het. Wel is kennis geneem van die feit dat verskeie opspraakwekkende misdade van nasionale belang in hierdie tydperk plaasgevind het en deur *Huisgenoot* gedek is. As sodanig was die keuse van 2012 dus sowel gerieflik as doelbewus.

#### 1.4.1. Literatuurstudie

Die Nexus databasis is geraadpleeg om die geldigheid van die tema te ondersoek en hoewel verskeie studies oor *Huisgenoot* gevind is, handel nie een oor die hantering van

misdaad op die voorblad of in die tydskrif nie. Daar is wel heelwat navorsing gedoen oor misdaad in Suid-Afrika in terme van misdaadstatistiek (vgl. CSVR, 2013).

Wat literatuur oor *Huisgenoot* aanbetref, is nege studies gevind. Titels sluit in A. Van Eden (1981) *Huisgenoot as gesinstydskrif van 1916 tot 1978* en S.J.C. Slabbert (1993) *Vrouetaal in drie Afrikaanse tydskrifte* en Kok J. (2006) *Changing understandings of celebrity in South African weekly magazines*.

Die voorgenome studie betree dus nuwe terrein. *Huisgenoot* se volledige uitgawes van 2012 is beskikbaar in die Ferdinand Postma Biblioteek op die Noordwes-Universiteit se Potchefstroomkampus. Geen toestemming is nodig om hierdie materiaal te ondersoek nie.

**1.4.2. Empiriese studie**

Die *Huisgenoot*-uitgawes van 2012 sal ondersoek word en die voorkoms van enige misdaad, hetsy in 'n hoofopskrif, subopskrif, artikel of foto sal genoteer word in hoofstuk vier van hierdie studie. In dieselfde hoofstuk sal *Huisgenoot* se volledige misdaadagenda van die jaar 2012 chronologies gelys word en by elke artikel is aangedui wat die aard van die misdaad was, of dit 'n plaaslike of buitelandse voorval was, of dit opgevolg is in 2012 en of dit op die voorblad verskyn het of nie.

Ná afloop van 'n sorgvuldige inhoudsanalise sal daar in hoofstuk vier drie aanduiders van prominensie vir die studie volgens agendastelling geïdentifiseer word. Dit sluit in voorbladstories, opvolgstories, en plaaslike misdaadstories. Hierdie aanduiders van prominensie sal gebruik word om te onderskei tussen die prominente en triviale misdaadstories wat op *Huisgenoot* se agenda in 2012 geplaas is.

Uiteindelik sal die misdaadstories wat opgevolg is, op die voorblad verskyn het en wat handel oor plaaslike voorvalle gekategoriseer word as die prominente misdaadstories van *Huisgenoot* in 2012. Die res van die misdaadstories word outomaties as triviaal geklassifiseer. 'n Ranglys van prominensie sal later saamgestel word wat bepaal watter misdaadstories bo aan *Huisgenoot* se agenda in die jaar 2012 geplaas is. Die lys is saamgestel volgens die hoeveelheid opvolgstories oor die misdaad en die hoeveelheid

van hierdie stories wat ook op die voorblad verskyn het. In hoofstuk vier van die studie is die informasie meer volledig bespreek.

Die misdaadstories wat die prominentste op *Huisgenoot* se agenda in 2012 gefigureer het, sal volgens James W. Tankard (2003:101) se elf ramingsmeganismes bespreek word en geanaliseer word volgens ramingsteorie en die geselekteerde teoretiese perspektiewe. Tankard (2003:101) se elf meganismes sluit in: hoofopskrifte; subopskrifte; foto's; fotobeskrywings; inleidende sin; keuse van bronne; keuse van aanhalings; grepe en prikke; grafika; statistiek en grafieke, asook die slotsin.

Volgens hierdie benadering sal die raming van die mees prominente misdade deur die sensasieblad, *Huisgenoot,* volledig bespreek word. Al die *Huisgenoot*-uitgawes van 2012 word ondersoek en die studie self geskied oor die tydperk van twee jaar vanaf Februarie 2013 tot en met November 2014. In die volgende hoofstuk word die teoretiese perspektiewe breedvoerig uiteengesit.

# 2. Teoretiese Perspektiewe

## 2.1. Inleiding

In hierdie hoofstuk kom die eerste spesifieke navorsingsvraag en -doelstelling van die studie aan die orde. Die kernvertrekpunte van ramingsteorie asook geselekteerde verbandhoudende teoretiese perspektiewe op die media word volledig in hierdie literatuurstudie bespreek. Elkeen van die perspektiewe word individueel in aparte afdelings, in die volgende orde, bespreek: die sosio-kulturele metateorie, teorie oor misdaad, nuus- en voorbladteorie, agendastelling, ramingsteorie, en laastens sensasionalisme.

Die sosio-kulturele metateorie word eerste bespreek sodat die ander teoretiese benaderings kontekstueel vanuit die tradisie bestudeer kan word en volgende word misdaad gedefinieer en geklassifiseer volgens teoretiese navorsing om die identifisering van misdaad in die studie te verduidelik.

Nuus- en voorbladteorie word in die volgende afdeling gebruik om die nuuswaardigheid van nuus te verduidelik en daarna word agendastelling bespreek om *Huisgenoot* se plasing van stories op hul agenda te verduidelik. Ramingsteorie is die ankerteorie van die studie en dit word ná die agendastellingteorie bespreek om die uitbeelding van misdaadstories op *Huisgenoot* se agenda teoreties te verduidelik.

Laastens word sensasionalisme bespreek, omdat dit die vermaaklike raming van misdaad kan verduidelik. Die hoofstuk sluit af met ’n gevolgtrekking wat al die teoretiese perspektiewe saamvat.

## 2.2. Sosio-kulturele tradisie

In hierdie afdeling word die sosio-kulturele tradisie gedefinieer en die keuse van die tradisie as metateorie word bespreek.

’n Metateorie, in essensie ’n teorie oor teorie, beantwoord verskeie teoretiese vrae oor die doel en aard van teorieë (Craig & Muller, 2007:55). Die sosio-kulturele tradisie is

een van sewe tradisies voorgestel deur Craig (2007:72) en dit is gekies as metateorie omdat dit die konteks waarin *Huisgenoot* misdaad op hul agenda plaas verduidelik.

Gieber (soos aangehaal deur De Beer & Botha, 2008:241) stel dat, hoewel joernaliste die nuus maak, ons nie sal verstaan wat nuus werklik is voordat ons die sosiale kragte wat verslaggewing beïnvloed verstaan nie. Die voorgestelde metateorie fokus spesifiek op hierdie sosio-kulturele konteks van nuus.

Volgens McQuail (2000:13) vorm mediastudies deel van 'n wyer veld van kulturele studies wat gegrond is in antropologie, linguistiek en geesteswetenskappe. Volgens die kulturele tradisie is die media 'n refleksie van 'n bepaalde sosio-kulturele konteks wat betekenis gee aan kulturele produkte en ervarings in ons alledaagse lewe (McQuail, 2000:367). McQuail (2000:494) definieer ook kultuur as die gebruike, praktyke en betekenis wat geassosieer word met massamediakommunikasie.

Die sosio-kulturele tradisie word in die onderhawige studie gebruik om te verduidelik hoe *Huisgenoot* misdaad raam deur die sosiale strukture van die samelewing te verander, vorm en onderhou en ook hoe beriggewing deur die samelewing beïnvloed kan word (Craig & Muller, 2007:365). Kommunikasie tussen *Huisgenoot* en die publiek kan volgens hierdie tradisie beskryf word as die simboliese proses waartydens gedeelde sosio-kulturele patrone gevorm en hervorm word (vgl. Craig, 2007:83). De Beer en Botha (2008:241) verduidelik dat die publiek, die gemeenskap en die samelewing nie bloot ontvangers van nuus is nie, maar ook deelnemers aan die nuus is. Vir hierdie rede reproduseer *Huisgenoot* die sosiale strukture wat voorkom in sy sosiale konteks. Hoe meer geweld en misdaad die leser in die samelewing affekteer, hoe meer stories oor misdaad kan die tydskrif publiseer. Die teenoorgestelde is ook waar. Hoe meer *Huisgenoot* misdaadstories publiseer, hoe sterker is die publieke diskoers in die samelewing ten opsigte van die voorkoms en aard van misdaad. Nuus is dus 'n sosio-kulturele fenomeen wat verband hou met konsepte soos sosiale strukture, norme en identiteit (Craig & Muller, 2007:365).

Misdaad is ook 'n sosio-kulturele fenomeen. Jewkes (2004:3) voer aan dat misdaad alomteenwoordig is in die samelewing en in die media. Koerante publiseer daagliks stories wat die leser skok en vermaak, sepies gebruik geweld en misdaadtemas om hul gewildheid te bevorder, inligting oor misdade is vrylik verkrygbaar op die internet en

veral video- en rekenaarspeletjies maak gebruik van misdaad en geweld om hul kliënte te vermaak (Jewkes, 2004:3). Verder is hofsake deesdae ook die stapel van televisiedrama saam met 'n verskeidenheid vermaaklike realiteitsprogramme waar misdadigers uitgevang word op nasionale televisie (Jewkes, 2004:3). Beide nuus en misdaad vind hul oorsprong in die sosio-kulturele samelewing. Op grond hiervan is *Huisgenoot* se raming van misdaad dus ook 'n sosio-kulturele fenomeen en daarom kan die konteks waarin *Huisgenoot* berig lewer oor misdaad nie geïgnoreer word nie.

In hierdie afdeling is die sosio-kulturele tradisie as metateorie bespreek en daar is geargumenteer dat nuus en misdaad albei produkte van die sosio-kulturele samelewing is. Op grond van hierdie argument is die sosio-kulturele tradisie gekies om *Huisgenoot* se raming van misdaad teoreties te verduidelik. In die volgende afdeling word misdaad bespreek, met spesifieke fokus op die teoretiese definisies wat gebruik is om misdaad in *Huisgenoot* te identifiseer.

## 2.3. Misdaad

In die onderhawige studie is misdaad gedefinieer volgens die wettige definisies van die Suid-Afrikaanse Polisiediens (SAPD) en die afdeling sluit af met 'n teoretiese onderskeid tussen misdaad en geweld. Daar is baie teorieë oor misdaad, byvoorbeeld Henry en Lanier (1998:622) se prismamodel wat misdaad definieer as 'n dinamiese model van verandering en Morrison (2013:12) se vier raamwerke wat misdaad sosiaal, godsdienstig, wetlik en sosio-polities definieer.

Hierdie studie wil egter nie misdaad teoreties verduidelik nie, maar gebruik slegs die SAPD definisies om misdade in *Huisgenoot* te identifiseer. *Huisgenoot* en die SAPD funksioneer albei in dieselfde sosio-kulturele omgewing en dit is waarom dié definisies spesifiek vir die studie gekies is.

Die SAPD identifiseer twintig ernstige misdade in hul analise van 2012/13 se nasionale misdaadstatistiek (SAPS, 2013:4). Sewentien van *hierdie* twintig misdade is ernstige misdade wat deur die gemeenskap gerapporteer is. Dit sluit in kontakmisdaad, kontak-verwante misdaad, eiendom-verwante misdaad en ander ernstige misdaad.

Kontakmisdaad sluit die volgende misdade in: moord, poging tot moord, seksuele misdrywe, aanranding, gewone aanranding, gewone roof en roof met verswarende omstandighede (met subkategorieë van motorkaping, residensiële roof en roof by ’n besigheids- of ander perseel). Kontak-verwante misdade sluit die volgende in: brandstigting en vandalisme of die kwaadwillige beskadiging van eiendom.

Die volgende kategorie, eiendom-verwante misdaad, sluit in residensiële huisbraak, inbraak by ’n ander perseel, motordiefstal of diefstal vanuit ’n voertuig, sowel as diefstal van goedere of voorraad. Laastens word ‘ander ernstige misdade’ gedefinieer en dit sluit in gewone diefstal, winkeldiefstal en bedrog.

Die ander drie ernstige misdade wat deur die polisie gedefinieer is sluit die volgende in: die onwettige besit van ’n vuurwapen en ammunisie, bestuur onder die invloed van alkohol of dwelms, en die onwettige besit van dwelms en dwelmhandel. Hierdie twintig misdade sluit net die misdaad in wat gerapporteer is in die tydperk van die jaarverslag (1 April 2012 tot 31 Maart 2013), maar nog definisies van misdaad is gepubliseer op die Instituut vir Sekerheidstudies (ISS) se webtuiste. Die ISS bestudeer misdaad in Suid-Afrika en definieer misdade soos moord, poging tot moord, strafbare manslag, roof, diefstal, aanranding, seksuele aanranding, brandstigting en vandalisme op hul webblad volgens die SAPD se definisies (ISS, 2014).

Met die definisie van misdaad in gedagte, moet die onderskeid tussen misdaad en geweld bespreek word. Dié onderskeid is belangrik vir hierdie studie, omdat misdaad wat gepaardgaan met geweld dikwels meer aandag in die pers geniet (Jewkes, 2004:54).

Die Wêreldgesondheidsorganisasie se definisie van geweld (sien 1.1) word deur Shabangu (2013:5) ondersteun. Volgens Shabangu (2013:4) gebruik oortreders geweld en wapens selfs in omstandighede waar die slagoffers geen weerstand bied of selfs bedreigend is vir die aanvallers nie. Hy sê geweld het deel geword van ons samelewing en kultuur, soveel só dat dit toenemend manifesteer in huislike geweld, huisbrake, motorkapings, xenofobie en selfs optogte. In hierdie studie word daar dus op *Huisgenoot* se raming van geweld gefokus, omdat gruwelike misdade dikwels meer aandag op die agenda kry.

## 2.4. Nuus- en voorbladteorie

Die teoretiese perspektiewe, nuus- en voorbladteorie, word in hierdie afdeling gedefinieer en bespreek. Die teorieë beskryf die nuuswaardigheid van gebeure volgens bepaalde nuuskriteria en dit verklaar ook die rede vir die plasing van stories op die agenda. *Huisgenoot* se dekking van misdaad word dus aan die hand van dié teorieë verduidelik om te bepaal waarom misdaad op *Huisgenoot* se agenda geplaas is en waarom elke storie 'n bepaalde plek op die nuushiërargie het.

Froneman (2002:62) bespreek nuusteorie volgens sy definisie van nuuskriteria, nuustemas, nuusitems en nuusprioriteite. Nuusitems is volgens hom die individuele artikels of berigte van 'n publikasie en die tydskrif kan dus honderde nuusitems in een uitgawe bevat. Verder is nuustemas die hooftema van 'n artikel soos byvoorbeeld politiek, sport, misdaad, kuns, vermaak, en ekonomie en vervolgens definieer Froneman (2002:62) ook nuusprioriteite as die gewig of prioriteit wat aan individuele nuusitems toegeken is.

Nuusprioriteite prioritiseer stories in verskillende afdeling soos sport of vermaak en binne die afdelings word daar ook 'n bepaalde prioriteit aan elke nuusitem gegee (Froneman, 2002:62). Die prioritisering van nuusitems hou ook verband met agendastelling waar 'n agenda aan die leser voorgehou word wat nuusitems prioritiseer en die belangrikste uitlig (Froneman, 2002:64). Dit is duidelik sigbaar op die voorblad van *Huisgenoot* waar voorbladprikke die leser se aandag trek na nuuswaardige stories in die uitgawe.

Froneman (2002:57) bespreek verder ook die konsep van nuuswaardigheid. Hy sê die nuuswaardigheid van 'n nuusitem word bepaal deur verskeie nuuskriteria, ook genoem nuuswaardes, en dit is die teoretiese eienskappe wat toegeskryf kan word aan 'n nuuswaardige gebeurtenis. Leiter, Harriss en Johnson (2000:38) het ook navorsing gedoen oor nuuskriteria en hulle definieer dit as die intrinsieke karaktereienskappe van nuusitems. Froneman (2002:57) stel dit is soos volg: "Nuus is nie soseer iets nie; dit is wat ons as nuus beskou, of wat ons as nuuswaardig beskou." Met ander woorde, nuuskriteria of nuuswaardes is die voorgestelde kriteria waaraan nuus moet voldoen om nuuswaardig te kan wees.

Daar is reeds betreklik baie navorsing gedoen oor nuuskriteria waarvan baie studies gegrond is op Galtung en Ruge se navorsing in die 1960's (Allan, 2010:72). Froneman (2002:57) verwys in sy bespreking van nuuskriteria na A.S. de Beer se afstand- en intensiteitsdimensies en hy identifiseer ook nuutheid, belangrikheid, ongewoonheid en kommersiële of ideologiese waarde as kriteria vir nuuswaardigheid.

Leiter, Harriss en Johnson (2000:38) bespreek elf kriteria van nuuswaardigheid in hul navorsing, naamlik: konflik, progressie, rampe, gevolge, prominensie, buitengewoonheid, menslike belangstelling, tydigheid, nabyheid, seks, en verskeidenheid. Stuart Allan (2010:72) selekteer in sy navorsing weer twaalf reëls of kodes van nuuswaardigheid en in 'n ander studie identifiseer Yvonne Jewkes (2004:40) twaalf nuuskriteria wat spesifiek betrekking het tot misdaad. Sy identifiseer kriteria wat spesifiek die nuuswaardigheid van misdaad bepaal. Hierdie nuuskriteria beskryf ook hoe die raming van misdaad 'n storie meer nuuswaardig kan maak. Jewkes (2004:40) se misdaadnuuskriteria bestaan uit die volgende: die drumpel, voorspelbaarheid, vereenvoudiging, individualisme, risiko, seks, bekendes en status, nabyheid, geweld, skouspelagtige en grafiese beelde, kinders, en konserwatiewe ideologie of politieke afleiding.

In hierdie studie word *Huisgenoot* se agendastelling aan die hand van Froneman (2002:57) se nuuskriteria verduidelik en Jewkes (2004:40) se misdaadnuuskriteria is ook gebruik, om die nuuswaardigheid van misdaadstories op *Huisgenoot* se agenda te bespreek.

### 2.4.1. Nuuskriteria

Froneman (2002:59) verwys in sy verduideliking van nuuswaardigheid na De Beer se twee dimensies, afstand en intensiteit, wat elk uit drie elemente bestaan. Afstand kan sosiaal-psigies, tydsgewys of geografies ervaar word. Geografiese afstand verwys na die fisiese afstand tussen die leser en die gebeurtenis (Froneman, 2002:59). Nuus vanuit die onmiddellike omgewing is dus gewoonlik meer nuuswaardig alhoewel daar uitsonderings is (De Beer, 1982:5).

Die sosiaal-psigiese afstandsdimensie verwys na mense met wie jy goed bekend is of persone wat sosiaal-psigies naby aan jou as leser is (Froneman, 2002:59). De Beer

(1982:5) stel: “Afgesien van die tyd- en ruimtelike afstand, voel elke joernalis en leser hulle ook op ’n sosiaal-psigiese vlak ver of naby ’n betrokke gebeurtenis.” Froneman (2002:59) voer die gedagte verder: “Jou land, taal, godsdiens, kultuur en belangstellings kry nou maar eenmaal by die meeste mense voorrang.” Indien ras, status of geslag vir die leser belangriker is sal hulle meer waarde hieraan heg, ook in terme van nuus (Froneman, 2002:60). Misdaad wat sosiaal-psigies en geografies naby aan die *Huisgenoot*-leser is, sal meer nuuswaardig wees en hoër op die agenda geplaas word.

’n Voorbeeld hiervan is die storie van die Griekwastad-moorde (Scholtz, 2012f:12-15) waarvan die slagoffers en verdagte deel was van ’n gelowige, Afrikaanse, wit boeregemeenskap. Die storie is dus sosiaal-psigies naby die *Huisgenoot*-lesers in terme van taal, kultuur, en geloof en die betrokkenes was ook prominente persone in die plaaslike gemeenskap (Scholtz, 2012f:12-15). Geografies is dit naby die inwoners van Griekwastad en omliggende gebiede, maar hoewel dit ’n relatiewe klein hoeveelheid lesers voorstel het die gebeure van daardie dag sosiaal-psigies by baie meer mense aanklank gevind.

De Beer (1982:5) bespreek verder ook die intensiteitsdimensie wat sal bepaal waar op die agenda ’n berig geplaas gaan word. Die drie elemente van die intensiteitsdimensie voorgestel deur De Beer (1982:5) is die status quo, omvang, en ongewoonheid. Gebeure wat die status quo, of die bestaande orde, tans of in die toekoms kan verander of ontwrig is nuuswaardig sê Froneman (2002:60). Die tweede element, omvang, word kwantitatief uitgedruk as die hoeveelheid mense wat deur die gebeure geraak word of kwalitatief uitgedruk as die impak of gevolge van die gebeure (Froneman, 2002:60). Enige gebeurtenis wat mense beïnvloed hou gevolge in. Hoe meer mense byvoorbeeld geraak word deur ’n misdaad hoe groter is die gevolge en daarmee saam ook die nuuswaardigheid (Leiter *et al*., 2000:32). Die erns van die gevolge verskil ook en sal bepaal hoe die storie geraam word en of daar ’n opvolg artikel van die gebeurtenis sal wees (Leiter *et al*., 2000:32).

Die derde element, buitengewoonheid, beskryf eienaardige of unieke gebeure wat die leser se aandag gryp omdat dit onverwags is (Froneman, 2002:60). Die voorbeeld van die Griekwastad-moorde is hier weer relevant. Dit was buitengewoon omdat dit ’n driedubbele moord was op ’n gesin waarvan die enigste oorlewende en verdagte die minderjarige seun was. Juis omdat die polisie later die seun as hoofverdagte verklaar

het, is die status quo versteur, omdat die moontlikheid van 'n kindermoordenaar ongehoord en skokkend is, veral in 'n stil Christelike, boeregemeenskap. Die kwantitatiewe omvang van die misdaad is die hele gemeenskap van Griekwastad en omliggende gebiede en die kwalitatiewe omvang is die gevolge wat dit op die plaaswerkers, familie en lede van die gemeenskap gehad het, asook die skole en koshuise waar die kinders skoolgegaan het.

Die tydsdimensie is die volgende nuuskriteria en dit verwys na die onmiddellikheid van 'n gebeurtenis (Froneman, 2002:59). Ou nuus is nie meer nuus nie en daarom word die tydigheid van nuus beïnvloed deur die tipe publikasie, soos by 'n dagblad waar die relevante nuus reeds binne vier en twintig uur verwerk moet word (De Beer, 1982:4). Volgens Froneman (2002:57) handel die begrip nuutheid ook oor die tydigheid van die nuus. Die begrip "nuut" is egter relatief. Hy argumenteer dat die tipe dekking van 'n weekblad of selfs 'n maandelikse publikasie steeds tydig kan wees. Hy verwys na die nuustydskrif, *Time*, wat gebeure saamvat, perspektief gee en die leser se begrip van nuusgebeure, wat vroeër bekendgemaak is, verhoog. Soortgelyk lewer die weekblad *Huisgenoot* dikwels verslag oor misdaad wat reeds bekendgemaak is en daarom skryf hulle in-diepte stories, vanuit 'n nuwe hoek of deur persoonlike vertellings wat die storie vernuwe. Die nuuskriteria, nuutheid en tydigheid, loop dus hand-aan-hand. Wanneer *Huisgenoot* verslag doen oor 'n onlangse gebeurtenis is dit tydige nuus en wanneer die gebeurtenis nuut is of nog nie in diepte gedek is nie is dit nuwe nuus. Die leser kan dus nuwe informasie oor 'n onlangse gebeurtenis kry wat reeds deur ander publikasies gedek is.

Belangrikheid en ongewoonheid is die volgende nuuskriteria wat Froneman (2002:57) bespreek. Hy verwys na die prominensie of bekendheid van die betrokkenes en verduidelik dat dié kriteria 'n gewone storie in publieke belang kan verander. Froneman (2002:57) stel: "Nuus… (is) iets waaroor ons graag gesels of van soveel belang ag dat ons daarvan wil kennis neem." Veral nuus oor bekendes en stories oor plaaslike sterre, soos die sangers en akteurs wat gedurig op *Huisgenoot*-voorblaaie pryk. Die doen en late van bekendes soos staatsamptenare en sportsterre is ook nuuswaardig en prominensie kan selfs gekoppel word aan groot besighede en ondernemings (Leiter *et al*., 2000:34). Nuus oor bekendes is ook veral nuuswaardig wanneer dit gepaard gaan met seks en as konflik of tragedie teenwoordig is (Leiter *et al*., 2000:37).

Froneman (2002:57) bespreek verder die ongewoonheid van ’n triviale storie wat lesers se aandag prikkel. Die goeie koerant “stimuleer” daardeur sosialisering; dit gee sy lesers “iets (’n agenda) om oor te gesels”. Indien ’n misdaad buitengewoon is, soos in die geval van die Griekwastad-moorde, is dit nuuswaardig omdat dit onvoorspelbaar en vreemd is en dit verkoop tydskrifte omdat die lesers oor die gebeurtenis wil gesels.

Froneman (2002:59) verwys verder ook na die kommersiële en ideologiese waarde van nuus. Die ideologiese waarde van nuus het te doen met ’n privaat eienaar of selfs die regering wat ’n publikasie befonds om te verseker dat ’n bepaalde ‘denkrigting’ bevorder word. Die kommersiële waarde van nuus handel oor die winsgewendheid van ’n nuuspublikasie, soos *Huisgenoot*. Volgens hom is nuus ook ’n produk wat aantreklik geraam en verpak moet word vir die verbruiker, sodat verkope sal toeneem. Hy beskryf die skep van nuus as ’n noukeurige proses wat lesers lok om die produk te koop, sodat adverteerders gelok sal word om die publikasie se kommersiële sukses te verseker.

*Huisgenoot* is die grootste tydskrif in Suid-Afrika in 2014 met ’n sirkulasiesyfer van 280 600 (OMD, 2014:50). Die tydskrif is meer winsgewend as enige ander publikasie in die land en hy verseker sy kommersiële sukses jaar ná jaar deur stories te publiseer wat die lesers wil hê (Froneman, 2002:22). Indien misdaadstories *Huisgenoot* se voorblad haal, is dit omdat die nuus kommersiële waarde besit. Dit verkoop tydskrifte. Hierdie studie wil egter nie ’n etiese gevolgtrekking maak oor *Huisgenoot* se dekking van misdaad nie. Die studie is bloot ’n beskrywing van die raming van misdaad en die kommersiële waarde van nuus word gebruik as ’n verduideliking waarom dié stories ’n prominente plek op die agenda kry.

Menslike belangstelling is nie deur Froneman as nuuskriterium bespreek nie, maar dit word ingesluit by die studie omdat misdaad ’n sterk menslike element bevat en die kriteria dra by tot die verduideliking van *Huisgenoot* se nuusagenda. De Beer (1982:6) verwys in sy bespreking van dié nuuskriteria na twee hoofelemente. Hy verwys eerstens na die menslike elemente, humor en tragedie, wat dikwels lesers se aandag prikkel en tweedens noem hy elemente van vooruitgang soos menslike voorspoed, prestasie, en geluk. Misdaad verskyn dus op *Huisgenoot* se agenda, omdat tragiese gebeure van menslike belang is. Lesers wil soms oor al die besonderhede, ook die grusame feite, van ’n misdaad lees en sal deur hul nuuskierigheid gemotiveerd wees om die tydskrif te koop. Ook die progressie van ’n nuuswaardige hofsaak is van menslike belang omdat

dit gevolge inhou. Die verloop van 'n moordsaak sal dus vir mense interessant bly, omdat hul die vordering van die saak in die media kan dophou totdat die misdadiger gevonnis word en selfs ná die vonnisoplegging steeds die storie kan volg (Leiter *et al*., 2000:31). Die bogenoemde nuuskriterium val onder die "sagter nuus"-kategorie, waar die stories 'n bietjie meer lyf en detail het en dit bied 'n verskeidenheid stories wat die leser opvoed en vermaak vir ontspanning (Leiter et al., 2000:37-38).

Volgens Froneman (2002:60) besit meeste stories 'n kombinasie van die bogenoemde nuuskriteria wat hul nuuswaardigheid en die plek op die agenda bepaal. Misdaad word op *Huisgenoot* se nuusagenda geplaas omdat dit voldoen aan al die bogenoemde nuuskriteria, naamlik: belangrikheid en ongewoonheid, nuutheid, menslike belangstelling, afstand en intensiteit, asook die kommersiële waarde van misdaad (vgl. Froneman, 2002:57 & Leiter *et al*., 2000:38).

Misdaad is veral nuuswaardig wanneer fisiese konflik betrokke is. Volgens Leiter *et al*. (2000:31) is dit nuuswaardig omdat geweld kan lei tot beserings en verwoesting wat emosie by die leser uitlok. Politiese, ekonomiese, sosiale, en wetenskaplike konflik kry vandag nie meer dieselfde mate van blootstelling in die pers nie, maar oorlog, moord, en geweld kry altyd 'n plek op die voorblad as gevolg van die aard van die konflik (Leiter *et al*., 2000:31).

Die onderhawige studie bestudeer *Huisgenoot* se dekking van misdaad en noudat misdaad nuuswaardig verklaar is volgens Froneman (2002:57) se nuuskriteria sal Jewkes (2004:40) se misdaadnuuskriteria verder gebruik word om *Huisgenoot* se plasing van misdaad op sy agenda nuusteoreties te beskryf.

### 2.4.2. Misdaadnuuskriteria

Die eerste nuuskriterium voorgestel deur Jewkes (2004:41) handel oor die drumpelkonsep. Sy sê misdaadgebeure moet voldoen aan 'n sekere vlak van belangrikheid of drama voordat dit as nuuswaardig geag kan word. *Huisgenoot* is 'n nasionale tydskrif wat beteken dat misdaad dus nasionaal betekenisvol moet wees voordat dit gepubliseer kan word in die tydskrif (vgl. Jewkes, 2004:41). Jewkes (2004:41) verduidelik dat wanneer 'n misdaadstorie eers die nasionale nuus gehaal het, dit egter ook moet voldoen aan ander kriteria om in die nuus te bly. Sy argumenteer dat

die media dan nuwe drumpels skep om 'n misdaadstorie lewendig te hou in die nuus. Joernaliste vernuwe gedurig die storie deur ander invalshoeke te gebruik of deur ander nuuskriteria te inkorporeer. Hierdie nuwe drumpels sluit in die styging van drama, sentimentaliteit, nostalgie, gruwelikheid, en selfs die bisarre volgens Hall *et al*. en Roshier (soos aangehaal deur Jewkes, 2004:41). Nuwe drumpels vernuwe dus die bekende tema van 'n storie en hou dit nuuswaardig (Jewkes, 2004:41).

Jewkes (2004:42) se tweede misdaadnuuskriteria handel oor voorspelbaarheid. Sy stel dat voorspelbare en onvoorspelbare misdaadstories ewe nuuswaardig kan wees. Onvoorspelbare misdaadstories is nuuswaardig want dit is raar, buitengewoon, en onverwags. Sy sê misdaad is self ook spontaan en sporadies, maar nuusagentskappe kan hul dekking vooraf beplan in gevalle waar die media die geweld voorspel soos in die geval van gewelddadige optogte. Hierdie voorspelbare misdaad is steeds nuuswaardig want die publiek wag vir die storie (Jewkes, 2004:42).

Voorspelbare misdaadstories maak hoofsaaklik staat op amptelike bronne soos die polisie, politieke leiers, en woordvoerders van hoë profiel organisasies omdat die nuusagentskappe die dekking van die misdaad vooraf reël (Jewkes, 2004:42). Dieselfde geld vir misdaad hofsake, waar die joernaliste kan voorspel wat gaan gebeur en dus hul bronne en die invalshoek noukeurig kan beplan (Jewkes, 2004:42).

Die derde misdaadnuuskriteria wat deur Jewkes (2004:43) geïdentifiseer word, is vereenvoudiging. Die proses van vereenvoudiging bestaan uit 'n aantal eienskappe. Eerstens word beriggewing gekenmerk deur bondigheid. Tweedens moet die moontlike betekenis van die storie beperk word sodat die gehoor se gevolgtrekking dieselfde kan wees. Dit is juis waarom beriggewing poog om altyd duidelik, bondig en eenduidig te wees, beweer Jewkes (2004:44). Die betekenis van die ontdekking van 'n lyk is ooglopend maklik om te bepaal, maar misdaadtendense is meer kompleks en onduidelik en daarom word dit minder oor berig.

Die verpersoonliking van misdaad is nog 'n aspek van vereenvoudiging. Stories oor mense word verkies bo stories wat handel oor abstrakte konsepte en institusies (Jewkes, 2004:44). Dit is juis waarom misdaad dikwels voorgestel word as die aksie en reaksie van die individu en dus word daar min aandag aan kontekstualisasie geskenk. Jewkes (2004:44,45) verduidelik verder dat die neiging tot grafiese en skouspelagtige

beelde in die dekking van misdaad min plek oorlaat vir ingeligte kommentaar deur deskundiges soos kriminoloë. Misdaadstories word ook gekontekstualiseer deur die beklemtoning van teenoorgesteldes soos goed en boos of skuldig en onskuldig en dit skep ’n gepolariseerde raamwerk van betekenis waar eksklusiewe kategorieë geskep word. Hierdie prosesse van vereenvoudiging laat verbruikers met ’n weergawe van misdaad wat enige kompleksiteit of grys areas verwyder, sodat die media die boodskap so bondig en verstaanbaar moontlik kan maak.

Individualisme is die vierde nuuskriteria (Jewkes, 2004:45). Sy verduidelik dat misdaad eerder individualisties as kultureel of polities verduidelik word. Dit is waarom ekonomiese, sosiale en politieke kwessies deur die media gerapporteer word as ’n konflik van belange tussen twee individue. Sy stel dat beriggewing ook die oortreder en die slagoffer binne hierdie individualistiese raamwerk raam. Die misdadiger word dikwels geraam as ’n gewelddadige psigopaat en alleenloper terwyl die slagoffer ferm geposisioneer word in haar sosiale en familiekonteks en as onskuldig uitgebeeld word (Jewkes, 2004:45-46). Die vorige nuuskriteria, vereenvoudiging, sluit ook hierby aan. Misdadigers en slagoffers word stereotipies geraam om die kompleksiteit van ’n gebeurtenis vir die leser te vereenvoudig. Die oortreder word dan bloot uitgebeeld as ’n moreel wanaangepaste misdadiger en die slagoffer word slegs geraam as hulpeloos en onskuldig (Jewkes, 2004:45-46).

Die vyfde misdaadnuuskriteria is risiko. Renier *et al*. (soos aangehaal deur Jewkes, 2004:46) voer aan dat die samelewing behep is met risiko of dit nou risiko-assessering, -vermyding of -beheer is. Jewkes (2004:47) argumenteer dat dit dan vreemd is dat die media so min aandag aan misdaadvoorkoming en -vermyding skenk. Die media gebruik die samelewing se vrees en bewustheid vir misdaad tot hul voordeel deur gedurig berig te lewer oor gebeure wat die leser se aandag sal trek. Misdaad word ook deur die media voorgestel as lukraak, onvoorspelbaar en betekenisloos en wek selfs meer bekommernis op by die gehoor oor persoonlike veiligheid, omdat dit veronderstel dat enigiemand ’n potensiële slagoffer kan word (Jewkes, 2004:47). Misdaadstories is dus slagoffer-gesentreerd en daarom sal daar spesifiek gekyk word na *Huisgenoot* se raming van die slagoffer en die misdadiger om te bepaal of daar vaste misdaad rame is wat voortdurend gebruik word.

Jewkes (2004:48) se sesde nuuskriterium vir misdaad is seks. Sy sê seks is een van die bekendste nuuskriteria en die poniepers berig gereeld daaroor. Volgens haar is daar aansienlik baie navorsing gedoen oor die oor-publikasie van seksuele misdade. Die media fokus in hul dekking van misdaad so baie op seksuele misdrywe dat daar selfs ’n verdraaide realiteit heers onder vroue oor die voorkoms en waarskynlikheid van sulke misdade (Jewkes, 2004:48). Sy verduidelik ook dat die konsepte ‘seks’ en ‘geweld’ so verweef is dat daar moeilik tussen die twee onderskei kan word. Volgens haar gaan die beriggewing oor seksuele misdade ook dikwels gepaard met sensasionalisme. Sy voer aan dat die media nie gereeld berig oor die seksueel-gemotiveerde moord van byvoorbeeld ’n prostituut nie, omdat die geval nie voldoen aan die media se stereotipe wat die slagoffer as onskuldig uitbeeld nie. Volgens Naylor (soos aangehaal deur Jewkes, 2004:48) berig die media gereeld oor geweld teenoor gewone vroue, waar die misdadigers ook vreemdelinge is. Sy argumenteer dat die media met hul dekking van so ’n geval gewone vroue seksualiseer en selfs pornografies voorstel. Jewkes (2004:48) argumenteer dat dit juis dié erotiese dekking van seksuele misdade wat daartoe lei dat sulke misdrywe “vermaaklik” en sensasioneel geraam word (sien die raming van Ina Bonnette, hoofstuk 5).

Jewkes (2004:49) se sewende nuuskriterium handel oor bekendes. Sy stel dat die beheptheid met bekendes oral in die media sigbaar is en stories word maklik gepubliseer as dit ’n glanspersoon betrek. Die media sal baie maklik berig lewer oor ’n ‘sagter’ misdaad waar bekendes betrokke is, maar as dit met normale mense gebeur sou dieselfde geval onbelangrik wees (Jewkes, 2004:49). Sy is van mening dat die lewens en ervarings van bekendes altyd interessant sal wees vir die publiek, veral ook wanneer misdaad betrokke is.

Misdadigers kan egter ook weens hul gruwelike oortredings bekendheid, of eerder berugtheid, verwerf (Jewkes, 2004:50). Somtyds beeld die media kriminele uit as “folk devils” en hulle bly nuuswaardig selfs lank ná hul skuldigbevinding. Aan dié misdadigers word daar ’n glansstatus toegeken, omdat die media ’n morele standhouding teenoor hul oortreding inneem en dit word dan breedvoerig in die pers en in die publiek bespreek (Jewkes, 2004:50). ’n Voorbeeld hiervan is Johan Kotzé, die sogenaamde Modimolle-monster, wat dié noemnaam verwerf het oor sy gru-misdaad (Scholtz, 2012a:8-10).

Die agste nuuskriterium is nabyheid (Jewkes, 2004:51,52). Soos reeds bespreek het hierdie kriterium ’n afstand- en kultuurdimensie. Jewkes (2004:52) sê dat indien die slagoffer of die misdadiger deel is van die kultuur van die leser sal die storie meer nuuswaardig wees en sal dit meer publisiteit kry omdat dit kultureel en geografies naby die leser is. Sy verduidelik dat indien ’n jong, vroulike, wit, middelklas en konvensioneel aantreklike persoon die slagoffer of misdadiger is, sal die media meer geneig wees om daaroor berig te lewer as wanneer ’n middeljarige man die fokuspunt is. Volgens Jewkes (2004:53) moet al hierdie aspekte in ag geneem word wanneer die hiërargie van media belangstelling geanaliseer word.

Die negende nuuskriterium waarvolgens Jewkes (2004:53) misdaad analiseer is geweld. Sy huldig dat die media se begeerte om gebeure op die mees dramatiese en grafiese wyse moontlik voor te stel deur geweld vervul word. Selfs tradisionele media institusies verskuif die grense vir die aanvaarbare dekking van geweld. Die beriggewing mag sensasioneel of onsensasioneel wees maar geweld, spesifiek gewelddadige dood, bly die stapel van mediaberiggewing (Jewkes, 2004:54).

Misdaad word ook gereeld op die nuusagenda gebruik as “fillers” omdat party misdade voorspelbaar, gewoon of vervelig is. Wanneer ’n storie egter geweld insluit word dit dadelik meer nuuswaardig (Jewkes, 2004:54). Naylor (soos aangehaal deur Jewkes, 2004:54) stel dat ’n goeie geweldsmisdaadstorie die drumpel van nuuswaardigheid moet oorskry en dit moet ook voldoen aan verskeie ander nuuskriteria voordat ’n storie in die pers lewend gehou kan word.

Die skouspelagtige en grafiese beeld kriteria is nommer tien op Jewkes (2004:55) se lys. Soos reeds verduidelik is geweld die primêre komponent in die seleksie van misdaadnuus. Sy sê daar is egter verskillende tipes geweld en die gevalle wat hul leen tot ’n sterk visuele impak en wat ook grafies voorgestel kan word, word meer deur die media gedek. Skouspelagtige misdade kry die meeste aandag, omdat dit goeie kopie maak en visueel boeiend is. Sy verduidelik dit as die gebruik van grafiese beelde soos byvoorbeeld ’n foto van die slagoffer se liggaam by die toneel wat ’n misdaad in ’n skouspel omskep. Jewkes (2004:55) verduidelik verder dat, alhoewel misdade soos huislike geweld en kindermishandeling skouspelagtig kan wees, dit dikwels onsigbaar is in die media, omdat dit agter toe deure gebeur en betrokkenes nie wil uitwei daaroor nie.

Die elfde nuuskriterium handel oor kinders. Jewkes (2004:56) verduidelik dat enige oortreding onmiddellik meer nuuswaardig word wanneer kinders betrokke is. Volgens Jenkins (soos aangehaal deur Jewkes, 2004:57) waarborg die betrokkenheid van kinders die nuuswaardigheid van 'n storie, of hulle nou die slagoffers of die misdadigers is. Hy stel ook dat die media in so 'n geval ook 'n moraliteitsveldtog sal loods wat oortredings soos pedofilie, kinderpornografie en kindermishandeling aanspreek (volgens Jenkins soos aangehaal deur Jewkes, 2004:57). Misdaad waar kinders 'n hoofrol speel is meer nuuswaardig omdat dit dadelik 'n hoër drumpel geval van viktimisasie is (volgens Jenkins soos aangehaal deur Jewkes, 2004:57). Jewkes (2004:58) stel dat kindermisdadigers ook veral nuuswaardig is omdat dit ongewoon is vir die samelewing (sien die Griekwastad-moorde, hoofstuk 6). Sy verduidelik dat die samelewing kinders beskou as kwesbaar en die algemene gevoel is dat hulle bewaar en gekoester moet word. Dit is juis waarom gewelddadige kindermisdaad deur die media as skokkend en nuuswaardig geag word.

Die laaste nuuskriterium wat Jewkes (2004:58) bespreek is konserwatiewe ideologie en politiese afleiding. Sosiale kwessies word direk aan die publiek gekommunikeer deur die massamedia en die politici van 'n land bestuur hul politiese agenda deur media-boodskappe (Jewkes, 2004:59). Dié nuuskriteria fokus op die Britse politici wat 'n konserwatiewe ideologie van wetlikheid voorhou in die media deur gelyke tyd die aandag weg te skuif van ernstige sosiaal en politiese kwessies. Jewkes (2004:60) noem onder andere die media histerie rondom MIV, dwelmmisbruik en satanisme wat die media en politiese agendas oorheers het in 'n tyd waar ander ernstige sosiale kwessies meestal ongesiens verby gegaan het. Sy argumenteer dus dat die land se politieke agenda ook 'n rol speel in die konstruksie van misdaadnuus.

Die bogenoemde nuuskriteria is gebruik om spesifiek die nuuswaardigheid van misdaad op *Huisgenoot* se agenda in 2012 te bespreek.

### 2.4.3. Voorbladteorie

Die volgende nuusteorie handel oor die voorblad. Volgens voorbladteorie kommunikeer die voorblad vir die verbruikers watter tydskrif en uitgawe dit is en watter inhoud die uitgawe bevat wat die lees werd is (Broes, 1983:108). *Huisgenoot* se voorbladstories het uiteraard 'n prominente plek op die agenda, omdat dit op die belangrikste bladsy

van die tydskrif verskyn (Broes, 1983:107). *Huisgenoot* berig oor nasionale nuus en die misdade wat op die voorblad verskyn is dus nasionaal nuuswaardig en daarom kry dit die meeste publisiteit (vgl. Jewkes 2004:51).

Nuus- en voorbladteorie is bespreek aan die hand van Froneman (2002:57), Jewkes (2004:40) en Broes (1983:108) se navorsing. Die teorieë verklaar die rede vir misdaad op *Huisgenoot* se agenda en klassifiseer elkeen in terme van hul nuuswaardigheid. Nuus- en voorbladteorie sal in die studie gebruik word om te onderskei tussen nuuswaardige en triviale misdade op *Huisgenoot* se agenda en volgens dit en agendastelling, sal *Huisgenoot* se dekking van misdaad teoreties in prominente en triviale misdaadstories gekategoriseer word in hoofstuk vier van die studie.

## 2.5. Die agendastellingteorie

Die Agendastelling- en ramingsteorieë deel gemene grondslag as teoretiese benaderings (McCombs & Ghanem, 2003:69). Voordat die raming van ’n misdaadstorie bespreek kan word, moet die teenwoordigheid daarvan op die agenda eers verklaar word en daarom word die agendastellingteorie voor die ankerteorie, ramingsteorie, gedefinieer en bespreek in hierdie hoofstuk.

Cohen (soos aangehaal deur McCombs & Ghanem, 2003:69) is van mening dat die media nie vir die publiek kan voorskryf wat om te dink van ’n kwessie nie, maar wel waaroor om na te dink (onderwerp) en hoe om daaroor te dink.

McQuail (2000:491) beskryf agendastelling as ’n proses van invloed deur die media waartydens die belangrikheid van nuusgebeure beïnvloed word deur die orde en voorstelling van die nuus. Die publiek ag sekere gebeure dus meer belangrik as ander, omdat die media meer aandag daaraan skenk (McQuail, 2000:491).

Volgens McCombs (soos aangehaal deur De Beer & Botha, 2008:239) verwys die term “agenda” ook na die verskynsel wat in ’n publikasie te voorskyn kom oor ’n verloop van tyd, as gevolg van die keuses van verskeie hekwagters van die media. Dit sluit in onder andere joernaliste, redigeerders, aandeelhouers en adverteerders. McCombs (soos aangehaal deur De Beer & Botha, 2008:239) verduidelik dat agendastelling berus by dié hekwagters wie besluit of ’n storie gepubliseer gaan word, indien wel op watter bladsy

en met watter grootte hoofopskrif. “Deur ’n bepaalde item as ’n hoofberig op ’n bladsy te gebruik, oefen die redaksie sy agendastelling- en hekwagterfunksie uit” stel Froneman (2002:64). *Huisgenoot* se seleksie van ’n misdaadstorie as die hoofartikel en die plasing daarvan op sy voorblad is dus die nuusprioritisering- en agendastellingfunksie van die redaksie.

Agendastelling kan ook beskryf word as die hiërargiese prioritisering van nuus volgens nuuskriteria (Froneman, 2002:57). Nuuskriteria beskryf die nuuswaardigheid van stories en verduidelik dus waarom ’n storie op ’n spesifieke plek op die agenda geplaas is.

Froneman (2002:57), Leiter *et al.* (2000:38) en Jewkes (2004:40) stel verskeie nuuskriteria voor om die nuuswaardigheid van ’n storie te bepaal en dit is volledig in die vorige afdeling bespreek. Volgens hierdie nuuskriteria is *Huisgenoot*-misdaadstories noukeurig ontleed om te bepaal waarom en hoe spesifieke misdade op *Huisgenoot* se agenda geplaas is. Die agendastellingteorie en nuusteorie is dus gebruik om die voorkoms van misdaad op die agenda asook die plek in die uitgawe teoreties te verduidelik .

Die mees prominente plek op *Huisgenoot* se agenda is sy belangrikste bladsy, die voorblad (Broes, 1983:107). Die plasing van misdaad op die voorblad as ’n prik, aanhaling of foto is ’n aanduiding van die misdaad se nuuswaardigheid en prominensie. Só ’n voorbladstorie kry gewoonlik meer spasie in die tydskrif in terme van lengte en die artikel word ook dikwels voor in die tydskrif geplaas.

Die plasing van misdaad op *Huisgenoot* se agenda in 2012 is nie net volgens die agendastellingteorie en nuusteorie verduidelik nie, maar ook gekategoriseer as prominente of triviale misdaadstories. Prominente stories geniet meer aandag op die agenda in terme van die lengte van die artikel, die plasing daarvan op die voorblad, die gebruik van ’n voorbladprik en foto asook die opvolg van die storie. Daarteenoor word triviale stories nie op hierdie wyse uitgelig of beklemtoon nie.

Die rede vir die plasing van misdaad op *Huisgenoot* se agenda is in die onderhawige studie eerstens volgens agendastelling en nuusteorie verduidelik en daarna is die raming van die misdaad teoreties beskryf. Ramingsteorie, die ankerteorie vir die studie, word in die volgende afdeling bespreek.

### 2.6. Die ramingsteorie

Die ramingsteorie word breedvoerig in hierdie afdeling gedefinieer en bespreek. ’n Argument word ook gevoer te verdediging van die keuse van die teorie as ankerteorie.

Stephen Reese (2003:10) verwys in die boek *Framing Public Life* na twee prominente definisies van die ramingsteorie. Hy verwys na Entman se verklaring wat raming beskryf as ’n aksie of ’n proses en na Tankard *et al*. se beskrywing van raming as ’n organisatoriese idee.

Entman (soos aangehaal deur Reese, 2003:10) beskryf raming as die seleksie van sekere aspekte van ’n waargenome realiteit. Hierdie aspekte kry meer aandag in kommunikasietekste en bevorder terselfdertyd die interpretasie, evaluasie en definisie van die kwessie (volgens Entman soos aangehaal deur Reese, 2003:10).

Tankard *et al*. (soos aangehaal deur Reese, 2003:10) definieer raming eerder as ’n konsep. In hul beskrywing word raming gesien as ’n sentrale organisatoriese idee wat die konteks skep vir nuusinhoud. Tankard *et al.* (soos aangehaal deur Reese, 2003:10) verwys ook na die seleksieproses en argumenteer dat kwessies geraam kan word deur die beklemtoning, weglating en uitbreiding van informasie.

Reese (2003:11) vat die bogenoemde argumente saam in sy eie definisie van raming. Hy beskryf rame as beginsels van organisering, wat sosiaal gedeel word en wat volgehou word met verloop van tyd. Hy meen die organisasie funksie van raming suggereer dat daar ’n aktiewe proses plaasvind in die skep van betekenis en dat rame ook simbolies te werk gaan om die sosiale wêreld betekenisvol te struktureer (Reese, 2003:11). Reese (2003:15) argumenteer ook dat rame nie op die gehoor afgedwing kan word nie, maar dat die betekenis afhang van hoe die leser die teks verstaan en internaliseer.

Rame is ook abstrakte beginsels volgens Reese (2003:14). Hy verduidelik dat rame as instrumente van interpretasie dien, wat deur media teks werk om sosiale betekenis te struktureer. Hier beklemtoon hy spesifiek die sosiale konteks waarin die raam bestaan en argumenteer ook dat die beginsels wat lei tot die insluiting of uitsluiting van informasie ewe belangrik is.

Volgende bespreek Reese (2003:11) die beginsels wat die sukses van rame bepaal. Hy vra die volgende vraag: Hoe suksesvol gee die raam die realiteit, wat dit poog om te verduidelik, weer? Hy meen die sukses van rame hang af van hoe goed dit informasie kan selekteer en organiseer. Hy verduidelik ook dat rame gedeel moet word om sinvol en suksesvol te wees en daarom kan die mate waartoe die rame gedeel word ook hul sukses en effektiwiteit bepaal (Reese, 2003:15).

Verder onderskei hy tussen kognitiewe en kulturele organisasie metodes van raming (Reese, 2003:12). Die kognitiewe raam laat die leser op 'n sekere wyse nadink oor 'n bepaalde sosiale fenomeen. Volgens Reese (2003:13) organiseer kognitiewe rame ons persepsie oor 'n spesifieke kwessie, terwyl kulturele rame 'n kulturele verstandhouding skep, wat volhou lank nadat die informasie gedeel is. Met verwysing na die sosio-kulturele tradisie kan die wyse waarop rame kultureel en sosiaal gedeel word verder verduidelik word.

Die volhoubaarheid van rame is die volgende kwessie wat Reese (2003:15) bespreek. Hy argumenteer dat volhoubare rame verbind is aan mekaar of gekoppel word aan belangrike kwessies, wat voortduur oor 'n verloop van tyd en gebeure. Verder word die struktuur van rame bespreek. Reese (2003:17) argumenteer dat 'n raam nie gereduseer moet word tot 'n enkele onderwerp nie, maar dat die opsetlike organisering van simboliese elemente, wat beklemtoon en verbind word aan 'n groter kulturele ideë, ook in ag geneem moet word. Hy verduidelik dat rame se strukturering van betekenis nie bloot die insluiting of weglating van informasie is nie, maar dat die selektering van informasie 'n sekere doel dien en dat dit voorgestel word as 'n logiese weglating.

Reese se navorsing is veelseggend, omdat dit die doel van raming verduidelik. Volgens ramingsteorie kan die volgende afleiding dus gemaak word. *Huisgenoot* se opsetlike insluiting en beklemtoning van inligting en hul beplande weglating van ander feite, organiseer die inhoud van 'n storie om 'n spesifieke boodskap aan die leser te kommunikeer.

Ramingsteorie is die ankerteorie, omdat hierdie studie hoofsaaklik op die teoretiese beskrywing van *Huisgenoot* se uitbeelding van misdaad fokus. Die hele studie berus dus op die ramingsteorie. Die belangrikheid van die teorie as die ankerteorie is ook

duidelik met verwysing na die algemene en spesifieke navorsingsvrae van die studie (sien hoofstuk 1).

In hierdie studie is ramingsmeganismes as ’n riglyn gebruik vir die teoretiese beskrywing en identifisering van rame. Tankard (2003:98) lewer kritiek op die subjektiewe proses van raamidentifisering. Hy argumenteer dat ’n enkele persoon wat ’n kwalitatiewe, teks-analise benadering volg en nie volgens ’n sisteembenadering werk nie, rame stereotipies of konvensioneel sal identifiseer. Hy meen die navorser sal fokus op die rame waarna hy opsoek is en nie alle rame in ag neem nie.

Vir dié rede sal die onderhawige studie Tankard se elf ramingsmeganisme benadering volg met die analisering van misdaadstories, om sodoende *Huisgenoot* se raming van misdaad volledig te beskryf. Tankard (2003:101) se elf ramingsmeganismes struktureer rame en lei die proses van raamidentifisering teoreties. Die meganismes sluit in die hoofopskrifte, subopskrifte, foto’s, fotobeskrywings, die inleiding, seleksie van bronne, seleksie van aanhalings, grepe en prikke, grafika, statistieke en grafieke, en ook die slotsin van die storie. Omdat misdaadstories dikwels hul verleen tot grafiese detail is ’n ekstra ramingsmeganisme geïdentifiseer vir die studie, naamlik emosionele of grafiese beskrywings. Sodoende is *Huisgenoot* se betekenisvolle beskrywings wat bydra tot die raming van die storie nie uitgelaat nie.

Verder is vyf generiese nuusrame, wat in vorige ramingstudies geïdentifiseer is, ook in die studie gebruik. Die rame is deur Neuman, Just en Cringler (soos aangehaal deur Semetko & Valkenburg, 2006:93) voorgestel en het later gefigureer in die werk van Semetko en Valkenburg (2006:95-96). Die vyf rame sluit in konflik, toedeel van verantwoordelikhede, menslikebelang, ekonomiese gevolge, en moraliteit (Semetko & Valkenburg, 2006:93).

Die studie gebruik dus bestaande rame vir die inhoudsanalise en daarom word unieke rame nie geïdentifiseer en beskryf nie (Semetko & Valkenburg, 2006:93). Die studie volg dus ’n deduktiewe benadering, omdat nuus geraam word volgens vooropgestelde nuusrame (De Vreese, 2005:53). Volgens Hertog en McLeod (soos aangehaal deur De Vreese, 2005:53) is induktiewe studies gekritiseer omdat die rame ’n hoë spesifisiteit het wat nie maklik gedupliseer kan word nie. Deur ’n deduktiewe benadering tot die studie te volg het die navorser generiese rame geïdentifiseer wat tematiese limiete

oorskry (De Vreese, soos aangehaal deur De Vreese, 2005:54). Hierdie rame is nie kwessie spesifiek nie en kan dus toegepas word op 'n verskeidenheid onderwerpe oor tyd en verskillende kulturele kontekste (De Vreese, soos aangehaal deur De Vreese, 2005:54).

Die kwessie spesifieke rame is nie in die studie gebruik nie weens hul hoë spesifisiteit wat veralgemening vermoeilik (De Vreese, 2005:55). Indien die navorser hierdie benadering sou volg sou unieke rame geïdentifiseer word wat nie vergelykbaar is nie en daarom sou die studie te maklik bewyse genereer (Hertog & McLeod, soos aangehaal deur De Vreese, 2005:55). Vir hierdie rede volg die studie 'n deduktiewe benadering waar die voorkoms van generiese rame in *Huisgenoot* se raming van misdaad bespreek is.

Die eerste raam, konflik, beklemtoon die konflik tussen individue of groepe wat lesers se belangstelling prikkel (Semetko & Valkenburg, 2006:95). Die konflikraam beklemtoon die twis of rusie tussen twee partye en in hierdie studie fokus die konflikraam hoofsaaklik op misdaad, geweld, misdadigers en slagoffers (vgl. Semetko & Valkenburg, 2006:95). Hierdie raam fokus spesifiek op die wyse waarop die konflik van 'n oortreding en die misdadigers en slagoffers van elke storie beskryf en uitgebeeld word.

Die tweede raam, menslikebelang, bring volgens Semetko en Valkenburg (2006:95) 'n menslike gesig of 'n emosionele invalshoek tot die voorstelling van gebeure. Die raam kom gereeld voor in nuus volgens Semetko en Valkenburg (2006:96) en figureer sterk in *Huisgenoot* omdat dit 'n sensasieblad is wat sterk fokus op massavermaak (vgl. Froneman, 2002:19-22). Die menslikebelangraam fokus op die skets van gebeure deur emosiebelaaide byvoeglike naamwoorde (Semetko & Valkenburg, 2006:95). Volgens hulle word die raam gebruik om emosie uit te lok byvoorbeeld simpatie, hartseer, of woede. Die raam beklemtoon ook hoe mense of individue geraak word deur 'n voorval en ook hoe hulle dit ervaar. Hulle is van mening dat die raam inbreuk maak op die betrokkenes se private lewens en dit gebruik visuele informasie wat 'n emosionele reaksie uitlok.

Die derde raam wat Neuman *et al.* (soos aangehaal deur Semetko & Valkenburg, 2006:96) geïdentifiseer het, het te make met ekonomiese gevolge. Stories word volgens

die raam geraam as kwessies of gebeure wat ekonomiese gevolge inhou vir ’n individu, groep of institusie (Semetko & Valkenburg, 2006:96). Hierdie raam fokus op enige finansiële kwessies waar kostes of winste en ekonomiese gevolge betrokke is (Semetko & Valkenburg, 2006:96).

Die moraliteitsraam kontekstualiseer weer die kwessie of gebeure binne morele voorskrifte of religieuse beginsels (Semetko & Valkenburg, 2006:96). Volgens Neuman *et al.* (soos aangehaal deur Semetko & Valkenburg, 2006:96) gebruik joernaliste dikwels die stem van belangegroepe en haal hulle aan wanneer hul ’n morele oordeel fel. Indien die storie verwys na God of enige geloofsoortuigings is ’n morele boodskap betrokke en is die moraliteitsraam dus teenwoordig.

Die laaste raam, verantwoordelikheid, skryf die verantwoordelikheid vir ’n kwessie of ’n probleem toe aan ’n individu, groep of dikwels die regering wat ’n oplossing vir die probleem moet vind (Semetko & Valkenburg, 2006:96).

In hierdie afdeling is ramingsteorie gedefinieer as die opsetlike organisering van feite wat ’n bepaalde betekenis aan die leser kommunikeer (Reese, 2003:11). Die ramingsteorie is gekies as die ankerteorie van die studie, omdat die teorie *Huisgenoot* se uitbeelding van misdaad akkuraat beskryf en verduidelik. Die struktuur, sukses en volhoubaarheid van rame is ook bespreek en die wyse waarop rame die sosiale wêreld struktureer is verduidelik. Die afdeling sluit af met ’n verduideliking van die ramingsmeganismes en generiese rame wat in die studie gebruik is.

## 2.7. Sensasionalisme

Die benadering, sensasionalisme, word gebruik om *Huisgenoot* se raming van misdaad as ’n vreemde vorm van vermaak teoreties te beskryf en verduidelik. Die afdeling is in twee onderafdelings verdeel, wat sensasionalisme in die geelpers en die sensasionele raming van misdaad bespreek.

### 2.7.1. Sensasionalisme en die geelpers

*Huisgenoot* is in 1916 gestig met ’n kommersiële doel, om die Nasionale Pers se sukkelende koerant, *Die Burger*, finansieel te ondersteun (Froneman, 2002:20).

Sedertdien het die tydskrif fenomenaal gegroei tot die "grootste tydskrif in Suid-Afrika" soos hul leuse lui. Suid-Afrika se nommer een tydskrif boei lesers week ná week met voorbladprikke soos: **Altus van die Laan en nog hartebrekers – sexyste sepiesterre – hier's ons top 10! Dagga, drank, woeste rusies – Bruno en vriend onthul** en **Wêreld wag saam – swanger Kate: die gissings en die poetsdrama** (*Huisgenoot*, 2012). Dit is die rede waarom duisende lesers weekliks *Huisgenoot* koop. Skindernuus en triviale informasie gemeng met 'n paar aktuele nuusstories en lekker lees rubrieke is al vir jare die tydskrif se wenresep, argumenteer Froneman (2002:19).

*Huisgenoot* het onder leiding van Neil Hamman in die laat jare sewentig die suksesvolste tydskrif in die land geword, met een doel "om aan die mark te gee wat hy wil hê" (Froneman, 2002:22). Volgens hom het Hamman die smaak van die "moderne, gesekulariseerde Afrikaanssprekende" haarfyn bepaal en dit het gelei tot die fenomenale groei van *Huisgenoot* se sirkulasie tot verby die 500 000 merk. Hamman het feitlik week ná week rolprentsterre en glanspersone soos Lady Diana op die voorblad geplaas en sodoende het *Huisgenoot* die een ná die ander sirkulasiehoogtepunt bereik (Froneman *et al*., 2005:17-19).

Die nuwe *Huisgenoot* het sterk gefokus op massavermaak en sensasie en die tydskrif het aanhou groei omdat dit was "wat die mense wou hê" (Froneman, 2002:19-22). *Huisgenoot* het destyds al sensasie en nuus oor bekendes gebruik om hul kommersiële groei te verseker en dit bly steeds *Huisgenoot* se wenresep vandag. Sensasie en vermaak loop hand-aan-hand en 'n joernalistieke vertelstyl wat nuus sensasioneel raam, ooreenkomstig met die geelpers, raam dus ook die nuus as 'n vorm van vermaak.

Volgens Jewkes (2004:26) is publieke vermaak lankal nie meer net 'n joernalistieke element nie, maar dit het nou die media se verantwoordelikheid geword en gevolglik het die grens tussen informasie en vermaak verdwyn. Dié joernalistieke vertelstyl is veral kenmerkend van die geelpers.

*Huisgenoot* is nie 'n suiwer ponietydskrif nie, maar daar kan geargumenteer word dat die tydskrif wel inhoudelike en visuele ooreenkomste met die poniepers het en daarom is die bestudering van die geelpers relevant tot die studie.

Bird (2009:40) verduidelik dat die term *tabloid* (geelpers of poniepers) aanvanklik verwys het na 'n kleiner grootte koerant, maar met die verloop van tyd het die term minder te doen gehad met grootte en meer gefokus op die inhoudelike styl van nuus. Sy beskryf verder vier karaktereienskappe van die poniepers. Eerstens verwys sy na die vertelstyl van stories. Die geelpers volg 'n narratiewe vertelling van gebeure wat kort en treffend is, in vergelyking met die lang, komplekse en analitiese skryfstyl van tradisionele berigte (Bird, 2009:41). Tweedens verwys sy na die verpersoonliking van nuus. Joernaliste verduidelik komplekse temas deur die persoonlike stories van mense en hoe hulle die situasie hanteer of ervaar.

Die beklemtoonde gebruik van visuele beelde soos byvoorbeeld foto's, sketse en illustrasies word derdens beskryf en vierdens word die toenemende trivialisering van nuusinhoud verduidelik (Bird, 2009:41). Dié eienskappe is ook van toepassing op *Huisgenoot* as sensasieblad (vgl. Froneman, 2002:19-22).

Soos die poniepers dek *Huisgenoot* dikwels dieselfde temas as tradisionele publikasies, maar die vertelstyl daarvan verskil (Bird, 2009:40). Die vertelstyl is die kleurvolle narratief wat ook met *Huisgenoot* beriggewing gepaard gaan. Dit is die verkorte, vermaaklike en sensasionele vertelling van gebeure.

Bird (2009:41) stel ook dat skindernuus oor glanspersone en stories oor menslike belangstelling ook toenemend meer dekking in die media geniet as ernstige internasionale gebeure. Dit is dus nie ongewoon dat 'n tydskrif soos *Huisgenoot*, wat sterk fokus op massavermaak, die topverkoper in die land is nie (Froneman, 2002:19-22).

Artikels in *Huisgenoot* volg, soos die geelpers, ook 'n kenmerkende grafiese vertelstyl met verwysing na die artikel oor die "Modimolle-monster" (Scholtz, 2012a:8-10). In die artikel word die gebruik van foto's beklemtoon en die lees word vergemaklik deur 'n eenvoudige tipografiese uitleg met 'n vetgedrukte, skokkende hoofopskrif: **Vermink deur 'n monster**. Volgens Wasserman (2010:14) is die bogenoemde eienskappe kenmerkend van 'n poniekoerant.

*Huisgenoot* se raming van misdaad toon ooreenkomste met die bogenoemde kenmerke van sensasionalisme en die poniepers en daarom word die sensasionele uitbeelding van misdaad volledig in die volgende afdeling bespreek.

### 2.7.2. Die sensasionele raming van misdaad

Misdaad word elke dag deur koerante gepubliseer om lesers te skok en te vermaak (Jewkes, 2004:3). Die nuusmedia is egter nie die enigste bron wat misdaad sensasioneel raam nie. Fliekgenres, video- en rekenaarspeletjies, kontemporêre musiek, realiteit- en televisieprogramme en die internet is van die mediums wat gereeld kykers en luisteraars met misdaad vermaak. Jewkes (2004:26) voer verder aan dat die kompeterende massamedia ’n kultuur van sensasie skep waar die klem eerder op die styl en verpakking van die produk as op die inhoud geplaas word.

Sensasie word ook dikwels aan misdaadnuus gekoppel, veral waar bekendes betrokke is (Kitch, 2009:30). Die gebruik van die woord vermaak moet gekwalifiseer word. Volgens Froneman (2002:19-22) fokus *Huisgenoot* sterk op massavermaak en sensasie en daarom sal dit nie vreemd wees as die tydskrif se raming van misdaad ook ’n sensasionele element insluit nie. Hierdie sensasionele uitbeelding van misdaad is geen gewone vermaak nie, maar dit is die bisarre raming van misdaadnuus as ’n vreemde vorm van vermaak om ten einde lesers se aandag te boei.

Kitch (2009:29) beskryf sensasionalisme as die insluiting van skokkende nuuselemente wat sterk emosionele reaksies by die leser uitlok. Sy is van mening dat moderne joernalistiek vol trane- en traumastories is wat deurtrek is met veelseggende foto’s en wat toenemend ’n joernalistieke prosastyl van vertelling volg. Dié sensasionele misdaadstories het ook kulturele- en skokwaarde en daarom is misdaad dikwels ’n prominente en gewilde nuustema in die media (Kitch, 2009:30).

Kitch (2009:30) se studie bestudeer spesifiek die wyse waarop die dood emosioneel uitgedruk word in nuusmedia. Sy argumenteer dat nuus oor sterftes nasionale betekenis gekry het, omdat plaaslike en persoonlike gevoelens verstaan word as nasionale gevoelens. Hy verwys spesifiek na skokkende moorde, oorlog sterftes en aaklige ongelukke wat nie net nuuswaardig is oor hul ongewoonheid nie, maar ook omdat dit

woede, hartseer, en simpatie by die publiek aanmoedig. Daar is dus 'n emosionele element hier ter sprake.

Die rol van die alledaagse man in nuus is ook nagevors en daar is gevind dat lesers makliker kan identifiseer met nuusstories oor gewone mense (Kitch, 2009:30). Private emosies word dus in publieke emosies verander deur die vereenvoudiging en verpersoonliking van nuus. Die joernalis verduidelik byvoorbeeld 'n skokkende gebeurtenis deur die betrokke persone in 'n bekende nuusnarratief te plaas, sodat lesers die gekommunikeerde betekenis beter kan begryp. Hier word bekende temas gebruik om gebeure verstaanbaar te maak en die identifisering met stories te vergemaklik (Kitch, 2009:31).

Kitch (2009:31,33) fokus in haar navorsing veral op die betekenisvolle beskrywing van die slagoffers en oortreders van 'n misdaad en hoe hulle geraam word om 'n bepaalde boodskap aan die leser te kommunikeer. Sy voer aan dat die aantal emosie in nuusnarratiewe aansienlik toegeneem het en dat die joernalistiek 'n produk geword het waar feite en gevoel 'n gelyke rol speel.

In hierdie afdeling is sensasionalisme gedefinieer en die karaktereienskappe van die geelpers en die sensasionele raming van misdaad is bespreek. Met verwysing na die bogenoemde navorsing oor sensasionalisme kan die geargumenteer word dat die drastiese vereenvoudiging en verpersoonliking van nuus asook die emosiebelaaide joernalistieke prosastyl van beriggewing dui op die sensasionele en dus vermaaklike raming van misdaad. *Huisgenoot* se ooreenkomste met die bogenoemde karaktereienskappe van die geelpers sal dus die argument, dat *Huisgenoot* misdaad vermaaklik en as 'n vreemde tipe vermaak raam, ondersteun. Die teoretiese perspektief, sensasionalisme, is gekies vir hierdie studie, omdat *Huisgenoot* as 'n massavermaak tydskrif ook in sy dekking van misdaad 'n sensasionele benadering volg.

## 2.8. Samevatting

In hierdie hoofstuk is die kernvertrekpunte van ramingsteorie en geselekteerde teoretiese perspektiewe bespreek en verduidelik. Die gekombineerde gebruik van die perspektiewe versterk die teoretiese basis van die studie en dit sorg vir meer betroubare en geldige navorsing.

Die sosio-kulturele tradisie is eerste bespreek en dit werp lig op die sosio-kulturele samelewing waarin die media en misdaad gevorm word. Verder is misdaad teoreties gedefinieer waarna nuus- en voorbladteorie bespreek is omdat dit bydra tot die teoretiese verduideliking van die seleksie en prioritisering van nuus op die agenda. Die agendastellingteorie en ramingsteorie, is ook bespreek omdat dit die plasing van misdaad op die agenda en die wyse van voorstelling beskryf en laastens is sensasionalisme bespreek omdat dit *Huisgenoot* se sensasionele raming van misdaad as 'n vreemde vorm van vermaak verduidelik.

In die volgende hoofstuk word die navorsingsmetode en -benadering van die studie bespreek en daar word weer verwys na die teorieë soos wat dit betrekking het op die metode van ondersoek.

# 3. Navorsingsbenadering en metodologie

## 3.1. Inleiding

In hierdie hoofstuk word die tweede navorsingsvraag en -doelstelling van die studie bespreek. Deur middel van ŉ kwalitatiewe inhoudsanalise word bepaal hoe en met watter prominensie en frekwensie misdaad deur *Huisgenoot* in 2012 gedek is.

Die kwalitatiewe navorsingsbenadering en die kwalitatiewe inhoudsanalise is dus die primêre metode vir die studie. Die kwalitatiewe navorsingsbenadering word in die eerste afdeling van die hoofstuk verduidelik en in die volgende afdeling word die inhoudsanalise as navorsingsmetode uitgespel.

## 3.2. Navorsingsbenadering

### 3.2.1. Kwalitatiewe navorsingsbenadering

In die onderstaande afdeling sal die kwalitatiewe benadering gedefinieer word en die ontologiese en epistemologiese aannames van die benadering word bespreek. Weens die leemtes in die kwantitatiewe benadering het die kwalitatiewe benadering ontwikkel om menslike interaksie wetenskaplik na te vors volgens Babbie & Mouton (2001:270). Hulle meen die kwalitatiewe benadering is ŉ breë metodologiese benadering wat fokus op die bestudering van sosiale aksie deur gebruik te maak van ŉ verskeidenheid nie-kwantitatiewe metodes.

Hulle verwys na die volgende sleutelkaraktereienskappe in hul definisie van die benadering. Hulle definieer die kwalitatiewe paradigma as ŉ benadering wat sosiale aksies en prosesse binne hul natuurlike konteks bestudeer (Babbie & Mouton, 2001:271). Die natuurlike konteks is van belang, omdat die navorser die sosiale fenomeen of proses bestudeer terwyl kommunikasie plaasvind in daardie omgewing. In teenstelling met die kwantitatiewe benadering wat gebeure namaak in ŉ beheerde omgewing.

Dié benadering word verder gedefinieer met verwysing na die kwalitatiewe ontologiese en epistemologiese aannames van die paradigma. Moderne ontologiese aannames aanvaar ’n subjektiewe realiteit en dus word kommunikasie bestudeer vanuit die subjek

se perspektief en die betekenis wat mense aan kommunikasie-ervarings heg beskryf dié realiteit (Du Plooy, 2009:35).

Die kwalitatiewe benadering beskryf kommunikasie as ŉ doelgerigte, komplekse en kreatiewe proses van ontwikkeling (Babbie & Mouton, 2001:41). Kommunikasie word ook gesien as ŉ kontekstuele fenomeen wat plaasvind in die sosiale, interaktiewe en interverwante werklikheid wat die volgende dimensies insluit: psigologies, kultureel, fisies, en sosiaal (Babbie & Mouton, 2001:41).

Volgens die epistemologiese aannames van die kwalitatiewe benadering word kommunikasie beskou as ŉ proses waartydens betekenis gedeel word in verskeie sosiale kontekste (Babbie & Mouton, 2001:34). Die proses van interpretasie is hier ter sprake. Babbie en Mouton (2001:271) sê die kwalitatiewe navorser wil die fenomeen begryp binne die konteks van sy deelnemers se subjektiewe perspektief.

Kwalitatiewe navorsing word ook dikwels geassosieer met ŉ idiografiese strategie, wat fokus op die studie van ŉ enkele of spesifieke gebeurtenis en sy samehangendheid met die groter konteks waarin dit bestaan (Babbie en Mouton, 2001:272). Volgens hierdie kontekstuele of holistiese strategie, beoog die navorser dan om gebeure noukeurig en in detail te beskryf.

Die kwalitatiewe benadering aanvaar ook ŉ verskeidenheid bronne van kennis wat gebruik kan word om die subjektiewe wêreld te verstaan (Du Plooy, 2009:35). Kwalitatiewe temas en kategorieë word gevorm en gebruik as metodes om die gekommunikeerde betekenis binne ŉ spesifieke konteks te beskryf (Du Plooy, 2009:35), in teenstelling met kwantitatiewe navorsing se gebruik van abstrakte, teoretiese konstrukte (Babbie & Mouton, 2001:272).

Die aard van kwalitatiewe navorsing is ook dikwels induktief eerder as deduktief sê Du Plooy (2009:33). Volgens hom fokus die induktiewe benadering op die proses waartydens betekenis geskep word. Hy sê kwalitatiewe navorsing begin met vrae en waarnemings en groei tot die formulering van beskrywende teoretiese verduidelikings. Volgens hom begin die ondersoek dus by spesifieke data en gaan voort met die identifisering van patrone, om uiteindelik spesifieke gevolgtrekkings te formuleer.

Bevindings kan dus nie veralgemeen word nie as gevolg van die interpretatiewe aard van die navorsing (Du Plooy, 2009:220). Kwalitatiewe navorsing is intersubjektief en die

navorsing fokus ook op geloofwaardige intersubjektiwiteit en nie op die beheer van veranderlikes nie (Babbie & Mouton, 2001:273). In teenstelling hiermee analiseer die navorser wat kwantitatief te werk gaan juis geïsoleerde veranderlikes sodat die veralgemening van die resultate kan verhoog (Babbie & Mouton, 2001:272). Die enigste kwantitatiewe element in die onderhawige studie is die hoeveelheid misdaadartikels wat op *Huisgenoot* se agenda verskyn en daarom is die studie oorwegend kwalitatief.

### 3.2.2. Betroubaarheid en geldigheid

Anderson (1987:253) argumenteer dat die waarheid van ŉ teoretiese interpretasie relatief is tot sy eie sisteem van bewyse. Hy sê misleidende interpretasies ontstaan wanneer die navorser op sy eie voorkennis van die fenomeen steun en daar nie genoegsame bewyse is wat die gevolgtrekking ondersteun nie. Volgens hom moet ŉ kwalitatiewe verduideliking gegrond wees in empiriese bewyse en die voorstelling daarvan moet logies en verstaanbaar wees vir almal wat bekend is met die data van die studie.

Vir akkurate resultate moet die kwalitatiewe navorser onbevooroordeeld wees in haar beskrywings en interpretasies en dit is waarom daar soveel druk op die navorser geplaas word in terme van objektiwiteit sê Babbie & Mouton (2001:273). Hulle meen objektiwiteit verhoog die betroubaarheid en geldigheid van ’n studie, maar in kwalitatiewe navorsing word objektiwiteit eerder as intersubjektiwiteit geïnterpreteer.

Navorsing is verder geloofwaardig wanneer voldoende data oor die tema versamel is volgens Lincoln en Guba (soos aangehaal deur Babbie & Mouton, 2001:277). Met betrekking tot hierdie studie is elke uitgawe van *Huisgenoot* 2012 sorgvuldig bestudeer om die voorkoms van misdaad akkuraat aan te meld.

Oordraagbaarheid is die volgende karaktereienskap van betroubare navorsing volgens Lincoln en Guba (soos aangehaal deur Babbie & Mouton, 2001:277). Hulle sê dit verwys na die mate waartoe bevindings in verskillende kontekste toegepas kan word. Hulle sê die kwalitatiewe navorser fokus egter nie op die statistiese veralgemening van resultate nie, maar observasies word eerder gedefinieer binne ŉ spesifieke konteks. Die kwalitatiewe navorser beweer ook nie dat kennis verkry van ŉ sekere konteks ook geldig sal wees vir ŉ ander konteks nie. Kwalitatiewe oordraagbaarheid handel eerder oor gedetailleerde beskrywings en die versameling van kontekstuele data, sodat die

leser self kan oordeel oor die betroubaarheid van die studie (Lincoln & Guba soos aangehaal deur Babbie & Mouton, 2001:277).

Hierdie studie volg 'n deduktiewe benadering omdat *Huisgenoot* se misdaadnuus geraam word volgens vooropgestelde generiese rame wat die veralgemening van die studie te verhoog. Hierdie vyf rame sluit in konflik, toedeel van verantwoordelikhede, menslikebelang, ekonomiese gevolge en moraliteit en is reeds in hoofstuk twee volledig bespreek (Semetko & Valkenburg, 2006:93).

Bevestigbaarheid is die laaste karaktereienskap wat Lincoln en Guba (soos aangehaal deur Babbie & Mouton, 2001:277) bespreek en dit behels dat die bevindings van die studie spruit uit die studie se fokus en nie die vooroordeel van die navorser nie.

Tydens die bestudering van *Huisgenoot* se raming van misdaad in 2012 is daar aandag geskenk aan al die bogenoemde eienskappe van betroubaarheid en geldigheid om die geloofwaardigheid van die studie te verhoog.

## 3.3. Navorsingsmetode

### 3.3.1. Kwalitatiewe inhoudsanalise

Die kwalitatiewe inhoudsanalise is gekies as navorsingbenadering en -metode omdat dit fokus op die latente of verskuilde betekenis van inhoud volgens Du Plooy (2009:220). Volgens hom fokus dié benadering en metode spesifiek op die wyse waarop betekenis oorgedra word deur boodskappe, binne die konteks waarin die kommunikasie plaasvind. Dit is waarom die metode van ondersoek gepas is om die raming van misdaad deur *Huisgenoot* teoreties te beskryf en verduidelik.

Inhoudsanalise is die ondersoek wat karaktereienskappe van geskrewe en visuele teks identifiseer en klassifiseer (Anderson, 1987:377). 'n Kwalitatiewe inhoudsanalise word gelei deur vrae en word gerapporteer as beskrywings, waardes, betekenis of eienskappe in teenstelling met kwantitatiewe inhoud wat in numeriese waardes uitgedruk word (Du Plooy, 2009:220).

Du Plooy (2009:214) onderskei tussen verskeie eenhede van inhoudsanalise. Hy bespreek die fisiese, sintaktiese, tematiese en proposisionele eenhede waaruit dié navorsing bestaan. Hy sê die fisiese eenheid is die medium van kommunikasie. In

hierdie studie is dit spesifiek die tydskrif *Huisgenoot*. Die sintaktiese eenhede verwys weer na die paragrawe en sinne wat geanaliseer word tydens die analise en tematiese eenhede word omskryf as herhalende patrone van kwessies soos geweld of seks (Du Plooy, 2009:214). Hy beskryf ook die proposisionele eenhede wat die vrae, antwoorde en stellings van die inhoud insluit. Hierdie eienskappe van inhoudsanalise sal verder onder die empiriese studie bespreek word.

### 3.3.2. Literatuurstudie

Soos reeds in hoofstuk een verduidelik is die Nexus-databasis geraadpleeg om die geldigheid van die tema te ondersoek en hoewel verskeie studies oor *Huisgenoot* gevind is, handel geen daarvan oor die hantering van misdaad op die voorblad of in die tydskrif nie. Die onderhawige studie betree dus nuwe terrein. Daar is wel heelwat studies oor misdaad in Suid-Afrika gepubliseer in SA Crime Quarterly, soos reeds bespreek in hoofstuk twee.

*Huisgenoot* se volledige uitgawes van 2012 is beskikbaar in die Ferdinand Postma Biblioteek by die Noordwes-Universiteit se Potchefstroomkampus en geen toestemming is nodig om hierdie materiaal te ondersoek nie, omdat die navorsing geen etiese kwessies bestudeer nie.

### 3.3.3. Empiriese studie

Die *Huisgenoot*-uitgawes van 2012 is ondersoek en die voorkoms van enige misdaad, hetsy in ʼn hoofopskrif, subopskrif, artikel of foto is genoteer vir verder bespreking.

Die navorsingsdoelwitte (soos reeds bespreek in hoofstuk 1) sal in die volgende hoofstukke van die studie aan die orde kom. Die eerste navorsingsdoelwit, wat handel oor die prominensie en frekwensie van misdaad op *Huisgenoot* se voorblad en nuusblaaie, is in hoofstuk vier beskryf as deel van die inhoudsanalise. Waarna die tweede navorsingsdoelwit, naamlik die nuusteoretiese raming van die mees prominente misdade in *Huisgenoot* 2012, geanaliseer en beskryf is in hoofstuk vyf, ses en sewe.

Die eerste stap van die kwalitatiewe inhoudsanalise is die analisering van data. Na ʼn volledige ondersoek is al die misdaadstories wat gedurende 2012 in *Huisgenoot* verskyn het, genoteer in hoofstuk vier van hierdie studie. Daarna volg die kategorisering van die misdaadstories. Twee kategorieë is geïdentifiseer vir die studie, naamlik

prominente en triviale misdaadstories. Agendastelling is reeds in hoofstuk twee verduidelik. Dié teoretiese perspektief onderskei die prominente en triviale misdaadstories van mekaar op grond van hul plek op die agenda, wat ook hul nuuswaardigheid weerspieël. Die bevindinge is in hoofstuk vier bespreek en volgens agendastelling is die onderstaande aanduiders van prominensie gebruik om misdaadstories volgens hul plek op *Huisgenoot* se agenda te klassifiseer.

Die volgende kategorie dien as die eerste aanduider van prominensie en bepaal watter stories as triviaal geklassifiseer is. Dié misdaadkategorie handel oor plaaslike en buitelandse misdaadstories. *Huisgenoot* berig oor albei en die prominensie en frekwensie van elk is bestudeer om te bepaal watter een 'n hoër plek op die agenda geniet volgens agendastelling (sien hoofstuk 2). Die misdaadstories is in hoofstuk vier gekategoriseer om te verklaar watter een meer prominent op die agenda verskyn het in 2012.

Die volgende kategorie handel oor selfdoding. Stories oor selfdoding is nie in die oorhoofse misdaadkategorie geklassifiseer nie, omdat selfdoding nie volgens die Suid-Afrikaanse reg onwettig is nie (Burchell, 2005:672). Hierdie stories is steeds gelys in hoofstuk vier, maar is verder uitgesluit omdat dit nie as misdaad geklassifiseer word nie (Burchell, 2005:672).

Die voorblad is die volgende aanduider van prominensie. Soos reeds verduidelik in hoofstuk twee word die stories met die hoogste nuuswaardigheid altyd op die voorblad geplaas. Die res van die misdaadartikels wat nie op die voorblad verskyn het nie, is as triviaal geklassifiseer en is ook in hoofstuk vier genoem.

Die laaste aanduider van prominensie is opvolgstories. Hierdie stories het 'n deurlopende hoë nuuswaardigheid want dit kry weer en weer plek op die agenda. Dit boei lesers lank nadat die voorval gebeur het en word daarom as prominent geklassifiseer. Alle misdaadopvolgstories is ook geklassifiseer en gelys in hoofstuk vier.

Die volgende kategorieë van prominensie is dus geskep, naamlik plaaslike of buitelandse misdade, voorbladstories, en opvolgstories. Nadat alle misdaadstories geklassifiseer is as prominent of triviaal is die volgende kategorie van prominensie geskep. Die misdaadstories wat in beide die kategorieë van agendastelling val, naamlik voorblad- en opvolgstories, is uiteindelik in hoofstuk vier geklassifiseer as *Huisgenoot*

(2012) se prominente misdaadstories. Indien ’n opvolgstorie ook weer ’n voorbladstorie is, en indien die storie meer as twee maal opgevolg is, verhoog die prominensie van die storie. Volgens hierdie klassifikasie is prominente misdaadstories as meer of minder prominent geklassifiseer en daarvolgens is ’n ranglys van prominensie geskep om uiteindelik te bepaal watter stories die hoogste plek op *Huisgenoot* se misdaadagenda gekry het in 2012.

Die raming van elkeen van die mees prominente misdaadstories word volledig in aparte hoofstukke bespreek met die storienaam as titel. *Huisgenoot* se raming van elkeen van die mees prominente stories word breedvoerig volgens ramingsteorie en James W. Tankard (2003:101) se elf ramingsmeganismes bespreek. Tydens die bestudering van elke storie is generiese rame geïdentifiseer (sien hoofstuk 2) en daarvolgens is *Huisgenoot* se raming van die misdaadstorie in detail volgens ramingsteorie en geselekteerde teoretiese perspektiewe bespreek. Elke hoofstuk word saamgevat en die rede vir die plasing van die storie op die agenda word daarna verduidelik aan die hand van relevante nuuskriteria.

### 3.4. Samevatting

’n Kwalitatiewe inhoudsanalise is die navorsingsbenadering en -metode vir die studie waarvolgens *Huisgenoot* se dekking van misdaad nagevors is. In die volgende hoofstuk is die inhoud teoreties gekategoriseer as triviale en prominente misdade waarna *Huisgenoot* se raming van die mees prominente misdaad in detail beskryf en verduidelik word. Die tydraamwerk van die studie verloop oor al die *Huisgenoot*-uitgawes van 2012 en die bestudering van die studie verloop oor ’n tydperk van twee jaar.

# 4. Misdaad op *Huisgenoot* se agenda in 2012

### 4.1. Inleiding

Die prominensie en frekwensie van misdaad op *Huisgenoot* se agenda in 2012 word in hierdie hoofstuk bespreek. Al die *Huisgenoot*-uitgawes (no. 760-811) van 2012 is ondersoek en die voorkoms van enige misdaad, hetsy in 'n hoofopskrif, subopskrif, artikel, voorblad en foto word vervolgens in hierdie hoofstuk genoteer.

In hoofstuk drie is die metode en benadering van die studie reeds geargumenteer en met verwysing na die agendastellingteorie sal misdaadstories in hierdie hoofstuk geklassifiseer word volgens die aanduiders van prominensie wat onderskei tussen triviale en prominente misdaadstories.

In die eerste afdeling van hierdie hoofstuk word *Huisgenoot* se misdaadagenda vir 2012 bespreek. Al die misdaadstories word in afdeling 4.2.2. gelys, waarna die inhoud geanaliseer word in die gevolgtrekking in afdeling 4.2.3. In afdeling 4.3 word al die selfdodingstories wat in *Huisgenoot* 2012 gepubliseer is genoem en die uitsluiting van dié kategorie in die studie word geargumenteer. Die voorbladstories word elk in afdeling 4.4. genoem en daarna word die misdaadopvolgstories van 2012 gelys in afdeling 4.5.

In afdeling 4.6. sal die inhoud omvattend geanaliseer word en die mees prominente misdaadstories op *Huisgenoot* se agenda in 2012 word volgens agendastelling geïdentifiseer.

### 4.2. *Huisgenoot* se misdaadagenda in 2012

#### 4.2.1. Inleiding

In hierdie afdeling word al die misdaadstories wat *Huisgenoot* in 2012 gepubliseer het chronologies volgens die datum van publikasie gelys. 137 stories oor misdaad is deur *Huisgenoot* in 2012 gepubliseer en die volgende aanduiders is gebruik om die stories te identifiseer:

*(SA): Plaaslike voorval of Suid-Afrikaanse burgers is betrokke by die misdaad*

*(Buiteland): Voorval het nie in Suid-Afrika gebeur nie en geen Suid-Afrikaanse burgers was betrokke nie*

*(#): Dui op opvolgstories gevolg deur die nommer #1,2,3…*

*(VB): Verskyn op die voorblad*

*(art): Artikel*

**4.2.2. *Huisgenoot*-misdaadstories gepubliseer in 2012** (no. 760-811)

- Bob Hewitt verkragtingsaak #1 (5 Jan.)(bl.12)(SA)(VB)
- Skoolseun en juffrou se affair (kinderverkragtingsaak)(5 Jan.)(bl.118)(Buiteland)(VB)
- Modimolle-monster #1 (verkragting/mishandeling/moord)(19 Jan.)(bl.8)(SA)(VB)
- Ma vermoor kind (19 Jan.)(bl.20)(SA)(art)
- Moordenaar se briewe uit dodesel (19 Jan.)(bl.24)(art)(Buiteland)
- Modimolle-monster #2 (26 Jan.)(bl.10)(SA)(VB)
- Modimolle-monster #3 (26 Jan.)(bl.12)(SA)(art)
- Skoonpa se bedrog werp familie in ellende (26 Jan.)(bl.128)(Buiteland)(art)
- Sonsteek in ma se motor (kinderverwaarlosing)(26 Jan.)(bl.135)(SA)(art)
- Modimolle-monster #4 (2 Feb.)(bl.6)(SA)(VB)
- Radioman se selfdoding (9 Feb.)(bl.14)(SA)(VB)
- Moodley: Ouers herleef nagmerrie (moordsaak/ontvoering)(9 Feb.)(bl.16)(SA)(art)
- Ouers wroeg – kinders het gemoor (9 Feb.)(bl.106)(Buiteland)(art)
- Verkrag deur my eie man (16 Feb.)(bl.16)(SA)(VB)
- Mafia-man verraai pa aan FBI (moord)(16 Feb.)(bl.106)(Buiteland)(art)
- Bloed vloei in Nigerië (terreuraanval)(16 Feb.)(bl.110)(Buiteland)(art)
- Pa sit onskuldig oor molestering (16 Feb.)(bl.112)(Buiteland)(art)
- Gay paar se kinders weggevat (dwarsboming v.d. gereg/ontvoering)(23 Feb.)(bl.138)(SA)(art)
- Kosie van Zyl-moordsaak #1 (1 Mrt.)(bl.16)(SA)(VB)
- My man die monster-predikant (mishandeling)(1 Mrt.)(bl.20)(SA)(VB)
- Jay se treiterhel (teistering)(15 Mrt.)(bl.8)(SA)(VB)

- Nicolette Lotter-moordsaak (15 Mrt.)(bl.10)(SA)(VB)
- Meisie en kêrel vermoor ma (15 Mrt.)(bl.104)(Buiteland)(art)
- Andrew Thompson selfdoding (22 Mrt.)(bl.8)(SA)(VB)
- SA minnaars se dwelmnag (dwelmmisbruik)(22 Mrt.)(bl.16)(SA-burgers)(VB)
- Joseph Kony video (ontvoering)(22 Mrt.)(bl.20)(Buiteland)(art)
- Bloed vloei in Sirië (oorlog)(22 Mrt.)(bl.128)(Buiteland)(art)
- Lipstick Bail Bonds (misdaadbevegting)(22 Mrt.)(bl.122)(Buiteland)(art)
- Kongreslid herstel na koeël in kop (29 Mrt.)(bl.152)(Buiteland)(art)
- SA tiener dwelmmisbruik (29 Mrt.)(bl.12)(SA)(VB)
- Tony vra genadedood #1 (29 Mrt.)(bl.164)(Buiteland)(art)
- Hardus Lotter-moordsaak (5 Apr.)(bl.8)(SA)(VB)
- Omstrede KSA bonusse: Kas Naidoo (wanbestuur)(5 Apr.)(bl.10)(SA)(VB)
- TV-vervaardiger se dwelmstryd (5 Apr.)(bl.110)(SA)(art-boek)
- Mishandelde vrou se wonde (mishandeling)(12 Apr.)(bl.114)(SA)(art)
- Yanks los Russiese kinders op straat (kindermishandeling)(12 Apr.)(bl.108)(Buiteland)(art)
- Koma-seun leef ná pa hom skiet #1(poging tot moord)(19 Apr.)(bl.8)(SA)(VB)
- Tweelingsus steeds vermis (ontvoering)(19 Apr.)(bl.16)(SA)(VB)
- Ekwatoriaal-Guinee se korrupte president leef in weelde (korrupsie)(19 Apr.)(bl.106)(Buiteland)(art)
- Sanger se dwelmverlede (dwelmhandel en -misbruik)(19 Apr.)(bl.116)(SA)(art)
- Griekwastad-moorde #1(26 Apr.)(bl.12)(SA)(VB)
- Selfdoding ná man haar vermink (mishandeling/selfdood)(26 Apr.)(bl.158)(Buiteland)(art)
- Pa se dwelmdogter eindelik tuis (3 Mei)(bl.14)(SA)(art)
- Griekwastad-moorde #2 (10 Mei)(bl.10)(SA)(VB)
- Depressie agter Anneke se selfdoding (10 Mei)(bl.12)(SA)(VB)
- Kosie van Zyl-moordsaak #2 (10 Mei)(bl.18)(SA)(art)
- R5m. ná kind MIV by hospitaal kry (nalatigheid)(10 Mei)(bl.100)(SA)(art)
- Molesteer-diva sit sonder sent (17 Mei)(bl.108)(SA)(art)
- Sean Davison salig terug in Kaap #2 (Genadedood-saak)(17 Mei)(bl.114)(SA)(art)
- Jare ná molestering kry sy steeds geen duit (17 Mei)(bl.108)(SA)(art)

- Polisiehoof, Richard Mdluli: klagte van moord tot nepotisme (17 Mei)(bl.110)(SA)(art)
- Skole in VSA het eie polisie (17 Mei)(bl.104)(Buiteland)(art)
- Skoolkampverkragting (24 Mei)(bl.14)(SA)(VB)
- Renosterstroping: China se oë dalk oop (24 Mei)(bl.110)(SA)(art)
- Kapenaar vermis na internetskelmpie (moord-ondersoek)(24 Mei)(bl.122)(SA)(art)
- Vleis se raad aan skietpa (31 Mei)(bl.8)(SA)(VB)
- Vonke spat oor Zuma-kunswerk (privaatheidskending)(31 Mei)(bl.126)(SA)(art)
- Dagmoedermoord #1(7 Jun.)(bl.8)(SA)(VB)
- Dwelmvry danksy wonderpil (7 Jun.)(bl.12)(SA)(VB)
- Hy wou my vermoor, nou betaal ek onderhoud (huurmoord)(14 Jun.)(bl.10)(SA)(VB)
- Facebook-verkragter (14 Jun.)(bl.18)(SA)(VB)
- Ouer mans verlei meisies op Facebook (ontvoering)(21 Jun.)(bl.8)(SA)(VB)
- Jonges wil nie meer leef (selfdoding)(21 Jun.)(bl.6)(SA)(VB)
- Nuwe polisiebaas gesoek om na op te sien (korrupte/topbestuur in polisiediens)(21 Jun.)(bl.12)(SA)(art)
- Krimineel nou sangsensasie (21 Jun.)(bl.126)(SA)(art)
- Kannibaal verfilm grusame moord (21 Jun.)(bl.122)(Buiteland)(art)
- Tannie Manda praat oor Deon (huurmoordsaak)(28 Jun.)(bl.12)(SA)(VB)
- Rare moordsaak ná brief onder mat (28 Jun.)(bl.20)(SA)(art)
- Breinskade ná ampsmotor hom tref (roekelose bestuursaak)(28 Jun.)(bl.20)(SA)(art)
- Amerika se strafste tronk (maksimumgevangenis)(28 Jun.)(bl.134)(Buiteland)(art)
- Riah Phiyega nuwe polisiebaas (misdaadbevegting)(28 Jun.)(bl.142)(SA)(art)
- Tronk toe vir moord op kind (moord/ontvoering)(28 Jun.)(bl.148)(Buiteland)(art)
- Ma ontvoer seuns na Japan (5 Jul.)(bl.104)(Buiteland)(art-boek)
- Somalië-ontvoering #1 (ontvoering/verkragting)(5 Jul.)(bl.6)(SA)(VB)
- Griekwastad-moorde #3 (5 Jul.)(bl.10)(SA)(VB)
- Twee vat bankreus hof toe (diefstal)(5 Jul.)(bl.16)(SA)(VB)
- Somalië-ontvoering #2 (12 Jul.)(bl.6)(SA)(VB)
- Pa se selfdoding (12 Jul.)(bl.16)(SA)(VB)

- Zambiese moordraaisel verdiep (26 Jul.)(bl.10)(SA-burger)(VB)
- Kwadrupleeg ná ongeluk: Pa en Ma nou verlam #1 (roekelosebestuursaak)(2 Aug.)(bl.10)(SA)(VB)
- Moordenaar toe g'n Batman-grap (2 Aug.)(bl.14)(Buiteland)(VB)
- Selfoonstrik kan jou bankrot laat (diefstal)(2 Aug.)(bl.16)(SA)(VB)
- Vrae oor vrou se skielike rykdom (bedrogsaak word ondersoek)(2 Aug.)(bl.128)(SA)(art)
- Sondagverkragter #1 (9 Aug.)(bl.14)(SA)(VB)
- My seun, die moordenaar (9 Aug.)(bl.16)(SA)(art)
- Akteur aangekla vir strafbare manslag ná ongeluk (16 Aug.)(bl.104)(SA)(VB)
- Moord by crèche: Chanélle Henning (16 Aug.)(bl.8)(SA)(VB)
- Piramideskema sluk spaargeld (diefstal)(23 Aug.)(bl.6)(SA)(VB)
- Sondagverkragter #2 (23 Aug.)(bl.14)(SA)(art)
- Koma-seun herstel na pa hom skiet #2 (poging tot moord)(23 Aug.)(bl.18)(SA)(art)
- Loui Fish skok onthullings #1 (aanranding)(30 Aug.)(bl.10)(SA)(VB)
- Lonmin-myn slagting (gewelddadige mynstaking)(30 Aug.)(bl.12)(SA)(VB)
- Lieb heel ná moord op familie (30 Aug.)(bl.128)(SA)(VB)
- Ma van verslaafdes stuur kinders tronk toe (dwelmmisbruik)(30 Aug.)(bl.18)(SA)(VB)
- Griekwastad-moorde #4 (6 Sep.)(bl.8)(SA)(VB)
- Ma verkla dogter van diefstal (6 Sep.)(bl.12)(SA)(art)
- Vals SMS'e lei na moordenaar (6 Sep.)(bl.16)(SA)(art)
- Dood verlos Tony #2 (genadedood-hofsaak)(13 Sep.)(bl.116)(Buiteland)(art)
- Kevin Leo se eks praat (aanranding)(13 Se.p)(bl.10)(SA)(VB)
- Modimolle-monster #5 (13 Se.)(bl.14)(SA)(VB)
- Kêrel se seun vermoor glo hare (13 Sep.)(bl.18)(SA)(art)
- Gumtree-moord (20 Sep.)(bl.10)(SA)(VB)
- Help my kind teen haar man (aanranding)(27 Sep.)(bl.14)(SA)(art)
- Griekwastad-moorde #5 (4 Okt.)(bl.6)(SA)(VB)
- Bob Hewitt-verkragtingsaak #2 (4 Ok.t)(bl.8)(SA)(VB)
- Boksheld vermoor (4 Okt.)(bl.12)(SA)(VB)
- Selfdoodbom vat my verloofde (4 Okt.)(bl.20)(SA-burger)(art)

- Innocence of Muslims fliek (moord/oorlog)(4 Okt.)(bl.18)(Buiteland)(art)
- Weeskind erfgeld kwyt ná bedrog (diefstal/bedrog)(11 Okt.)(bl.10)(SA)(VB)
- Godsdiensgroep vrees ná moorde (11 Okt.)(bl.20)(SA?)(art)
- Kwadrupleeg kan weer arms lig #2 (roekelose bestuursaak)(11 Okt.)(bl.20)(SA)(art)
- Kind vermoor deur jaloerse vrou (11 Okt.)(bl.98)(Buiteland)(art)
- Dagmoeder-moord #2 (18 Okt.)(bl.8)(SA)(VB)
- Selfoonskurk verklap truuks (diefstal)(18 Okt.)(bl.18)(VB)(SA)
- SA ma ontvoer eie kind (18 Okt.)(bl.20)(SA)(art)
- Formidabele vrou se ysige einde (moord)(18 Okt.)(bl.112)(Buiteland)(art)
- Lindie Stander vertel hoekom sy wou sterf (selfdoding)(18 Okt.)(bl.10)(SA)(art)
- Gewelddadige stakings laat SA steier (25 Okt.)(bl.16)(SA)(VB)
- Dwelmvrou se ma vertel van stryd (dwelmbesit)(25 Okt.)(bl.18)(SA-burger in Brasiliaanse-tronk)(art)
- Nagmerrie in my kattebak (kaping/ontvoering)(25 Okt.)(bl.142)(SA)(art)
- Loui Fish in diep donker waters #2 (aanranding)(25 Okt.)(bl.10)(SA)(VB)
- Ouma vermoedelik deur kleinseun vermink (aanranding)(1 Nov.)(bl.14)(SA)(art)
- Hoekom so jonk, so wreed? (geweldsmisdaad)(1 Nov.)(bl.112)(SA)(art)
- Meisie bloei vir skole in Pakistan (poging tot moord)(1 Nov.)(bl.122)(Buiteland)(art)
- Sean Davison: hel ná ma se dood #2(genadedoodsaak)(8 Nov.)(bl.98)(SA-burger)(art)
- Sondagverkragter staatsaanklaer vertel #3 (8 Nov.)(bl.108)(SA)(art)
- Somalië-ontvoering #3 (15 Nov.)(bl.12)(SA)(VB)
- Twiet jou loopbaan weg (inbreuk op maatskappy regte)(22 Nov.)(bl.18)(SA)(art)
- Pastorie-moord (29 Nov.)(bl.12)(SA)(VB)
- Somalië-ontvoering #4 (29 Nov.)(bl.150)(SA)(art)
- Dwelms verwoes model se lewe (29 Nov.)(bl.148)(Buiteland)(art)
- Somalië-ontvoering #5 (6 Des.)(bl.8)(SA)(VB)
- Hulle red honde uit skelms se kloue (smokkelary)(6 Des.)(bl.12)(SA)(art)
- Help my ma, pleit revolusieleier (tronkstraf vir kriminele gebruik van amp)(13 Des.)(bl.122)(Buiteland)(art)
- Meksiko: vegter teen dwelms vermoor (13 Des.)(bl.132)(Buiteland)(art)

- Somalië-ontvoering #6 (20 Des.)(bl.8)(SA)(VB)
- Dit was nuus in 2012 (misdaad op *Huisgenoot* se agenda)(20 Des.)(bl.16)(SA)(art)

#### 4.2.3. Gevolgtrekking

*Huisgenoot* het in 2012 137 misdaadstories gepubliseer, insluitend misdaadstories wat handel oor plaaslike en buitelandse misdade en selfdoding wat voorlopig ook by hierdie kategorie ingesluit is.

Wat buitelandse misdaadstories betref is 30 stories gepubliseer. 22% van alle misdaadstories wat in 2012 deur *Huisgenoot* gepubliseer is handel dus oor buitelandse misdade, terwyl die oorblywende 78% oor plaaslike misdade handel. ’n Totaal van 107 misdaadstories handel oor plaaslike misdade en dit is duidelik dat plaaslike misdade baie meer prominent op *Huisgenoot* se agenda geplaas is in 2012.

Dié klassifikasie dien dus as die eerste aanduider van prominensie en daarom is die buitelandse misdaadstories in die triviale misdaadkategorie geklassifiseer. Slegs die plaaslike misdaadstories word verder bespreek.

### 4.3. Selfdodingstories

#### 4.3.1. Inleiding

*Huisgenoot* het in 2012 agt stories oor selfdoding gepubliseer en alhoewel meeste van die stories op die voorblad verskyn het, sal dit nie in hierdie studie geklassifiseer word as misdaad nie, omdat selfdoding of ’n poging tot selfdoding nie in Suid-Afrika onwettig is nie. Volgens Jonathan Burchell (2005:672) beskou die Suid-Afrikaanse reg nie selfdoding of die poging tot selfdoding as ’n oortreding nie en daarom is dit uitgesluit by die misdaadkategorie van hierdie studie. Selfdodingstories wat deur *Huisgenoot* in 2012 gepubliseer is sluit in:

- 9 Feb.- Radioman se selfdoding (VB)
- 22 Mrt.- Andrew Thompson selfdoding (VB)
- 26 Apr.- Verminkte vrou se selfdoding (art)
- 10 Mei- Anneke se selfdoding (VB)
- 21 Jun.- Jonges wil nie meer leef (VB)

- 12 Jul.- Pa se selfdoding (VB)
- 4 Okt.- Selfdoodbom (art)
- 18 Okt.- Lindie Stander vertel waarom sy haar lewe wou neem (art)

### 4.4. Misdaadvoorbladstories

#### 4.4.1. Inleiding

*Huisgenoot* se voorbladstories is die volgende aanduider van prominensie (sien 3.3.3.). Al die misdaadvoorbladstories wat *Huisgenoot* in 2012 gepubliseer het word in die afdeling genoem, alhoewel nie almal as prominent geklassifiseer is nie. Dit sluit in die voorbladstories van plaaslike misdade (afdeling 4.4.2.), buitelandse misdade (afdeling 4.4.3.) asook selfdood wat in afdeling 4.4.4. genoem is.

#### 4.4.2. Plaaslike misdaadstories op *Huisgenoot* se voorblad in 2012

- Bob Hewitt-verkragtingsaak (5 Jan.)
- Modimolle-monster (19 Jan.)
- Modimolle-monster (26 Jan.)
- Modimolle-monster (2 Feb.)
- Verkrag deur my man (16 Feb.)
- Kosie van Zyl-moordsaak (1 Mrt.)
- Monster-predikant (1 Mrt.)
- Jay se treiterhel (15 Mrt.)
- Nicolette Lotter-moordsaak (15 Mrt.)
- Minnaars se dwelmnag (22 Mrt.)
- SA tiener dwelmmisbruik (29 Mrt.)
- Hardus Lotter-moordsaak (5 Apr.)
- KSA omstrede bonusse (5 Apr.)
- Pa skiet seun (19 Apr.)
- Tweelingsus ontvoer (19 Apr.)
- Griekwastad-moorde (26 Apr.)
- Griekwastad-moorde (10 Mei)
- Skoolkampverkragting (24 Mei)
- Pa skiet dogter (31 Mei)

- Dagmoedermoord (7 Jun.)
- Dwelmvry na wonderpil (7 Jun.)
- Huurmoord-man vra onderhoud (14 Jun.)
- Facebook-verkragter (14 Jun.)
- Facebook-ontvoering (21 Jun.)
- Tannie Manda Reyneke-huurmoord (28 Jun.)
- Somalië-ontvoering (5 Jul.)
- Griekwastad-moorde (5 Jul.)
- Bankreus hof toe vir diefstal (5 Jul.)
- Somalië-ontvoering (12 Jul.)
- Zambiese moordraaisel (26 Jul.)
- Roekelose ongeluk laat ma verlam (2 Aug.)
- Diefstal deur selfoonstrik (2 Aug.)
- Sondagverkragter (9 Aug.)
- Chanèlle Henning-moordsaak (16 Aug.)
- Akteur aangekla vir strafbare manslag ná ongeluk (16 Aug.)
- Piramiedskema geld diefstal (23 Aug.)
- Loui Fish skok boek oor aanranding (30 Aug.)
- Lonmin-myn slagting (30 Aug.)
- Lieb heel ná familie moord (30 Aug.)
- Ma van verslaafdes stuur kinders tronk toe (30 Aug.)
- Griekwastad-moorde (6 Sep.)
- Kevin Leo-aanrandingsaak (13 Sep.)
- Modimolle-monster (13 Sep.)
- Gumtree-moord (20 Sep.)
- Griekwastad-moorde (4 Okt.)
- Bob Hewitt-verkragtingsaak (4 Okt.)
- Boksheld vermoor (4 Okt.)
- Weeskind erfgeld kwyt ná bedrog (11 Okt.)
- Dagmoedermoord (18 Okt.)
- Selfoonskurk verklap truuks (18 Okt.)
- Gewelddadige stakings in SA (25 Okt.)
- Loui Fish in diep donker waters (25 Okt.)

- Somalië-ontvoering (15 Nov.)
- Pastoriemoord (29 Nov.)
- Somalië-ontvoering (6 Des.)
- Somalië-ontvoering (20 Des.)

#### 4.4.3. Buitelandse misdaadstories op *Huisgenoot* se voorblad in 2012

- Moordenaar toe g'n Batman-grap (2 Aug.)
- Skoolseun en juffrou se affair (5 Jan.)

#### 4.4.4. Selfdodingstories op *Huisgenoot* se voorblad in 2012

- Radioman se selfdoding (9 Feb.) (SA)
- Akteur: Andrew Thompson se selfdoding (22 Mrt.) (SA)
- Depressie agter Anneke se selfdoding (10 Mei) (SA)
- Pa se selfdoding (12 Jul.) (SA)
- Jonges wil nie meer leef (21 Jun.) (SA) (Selfdoding)

#### 4.4.5. Gevolgtrekking

Insluitend selfdoding en buitelandse misdaadstories is daar 63 voorbladstories oor misdaad gepubliseer in 2012. Dié stories is prominent bloot omdat hul op *Huisgenoot* se voorblad verskyn het. Minder as die helfte, of 46% van alle misdaadstories het op *Huisgenoot* se voorblad verskyn en dit word geklassifiseer as prominent terwyl die ander 54% in die triviale storiekategorie val.

Vyf stories oor selfdood en twee buitelandse misdaadstories het ook op die voorblad verskyn, maar word egter steeds as triviale misdaadstories geklassifiseer, omdat 89% van alle misdaadvoorbladstories handel oor plaaslike misdade en buitelandse misdaadstories steeds duidelik in die minderheid is. Dit laat 56 plaaslike misdaadvoorbladstories oor wat volgens hierdie klassifikasie in die prominente kategorie val.

### 4.5. Misdaadopvolgstories

#### 4.5.1. Inleiding

Opvolgstories is die volgende aanduider van prominensie. Indien ’n storie opgevolg is spreek dit vanself dat dié storie ’n hoër nuuswaardigheid besit wat lesers se aandag prikkel vir weke of selfs maande ná die voorval gebeur het. Die opvolgstories in hierdie afdeling is almal deur *Huisgenoot* in 2012 opgevolg. Die navorser is bewus dat sommige van hierdie stories weer opgevolg is deur *Huisgenoot* ná 2012, maar vir hierdie studie is net die opvolgstories van 2012 in ag geneem. Die opvolgstories sluit in:

- Bob Hewitt-verkragtingsaak #2 (5 Jan./4 Okt.)(SA)
- Modimolle-monster #5 (19;26 Jan./2 Feb./13 Sep.)(SA)
- Griekwastad-moorde #5 (26 Apr./10 Mei/5 Jul./6 Sept./4 Okt.)(SA)
- Dagmoedermoord #2 (7 Jun./18 Okt.)(SA)
- Loui Fish aanranding #2 (30 Aug./25 Okt.)(SA)
- Sondagverkragter #3 (9 Aug./23 Aug./8 Nov.)(SA)
- Kosie van Zyl-moordsaak #2 (1 Mrt./10 Mei)(SA)
- Somalië-ontvoering #6 (5;12 Jul./15 Nov./29 Nov./6 Des./20 Des.)(SA)
- Genadedood (Tony) #2 (29 Mrt./13 Sep.)(Buiteland)
- Genadedood (Sean Davis) #2 (17 Mei/8 Nov.)(SA)
- Koma-seun leef na skoot #2 (19 Apr./23 Aug.)(SA)
- Kwadrupleeg na ongeluk #2 (2 Aug./11 Okt.)(SA)

#### 4.5.2. Gevolgtrekking

Elf van die opvolgstories handel oor plaaslike misdade en slegs een buitelandse storie is opgevolg deur *Huisgenoot* in 2012. Aangesien buitelandse misdaadstories reeds in die triviale storiekategorie geklassifiseer is, word slegs die elf plaaslike opvolgstories as prominent verklaar in hierdie kategorie.

### 4.6. Ontleding

Na ’n noukeurige inhoudsanalise gedoen is, bevestig dit dat die prominente stories op *Huisgenoot* se agenda in 2012 plaaslike misdaadstories is wat op die voorblad verskyn het én ook opgevolg is.

Die drie aanduiders van prominensie is volledig beskryf in hoofstuk drie (sien 3.3.3.). Plaaslike misdade is meer prominent verklaar as buitelandse misdade op *Huisgenoot* se agenda in 2012 in die eerste kategorie. Tweedens is voorbladstories meer prominent verklaar as artikels en derdens is opvolgstories bestempel as die volgende aanduider aangesien die nuuswaardigste stories ook opgevolg is.

Wanneer 'n voorbladstorie óók deur *Huisgenoot* opgevolg is oorvleuel die twee kategorieë en dit dui op 'n groter prominensie. Die stories wat hieraan voldoen is uitgelig en geklassifiseer in die onderstaande prominente misdaadkategorie.

### 4.6.1. Prominente misdaadstories in *Huisgenoot*

Dit volgende tien voorbladstories is ook deur *Huisgenoot* in 2012 opgevolg:

- Bob Hewitt-verkragtingsaak het twee voorbladstories (5 Jan./4Okt.)
- Modimolle-monster het vyf voorbladstories (19 Jan./26 Jan./2 Feb./13 Sept.)
- Griekwastad-moorde het vyf voorbladstories (26 Apr./10 Mei/5 Jul./6 Sept./4 Okt.)
- Dagmoedermoord het twee voorbladstories (7 Jun./18 Okt.)
- Loui Fish het twee voorbladstories (30 Aug./25 Okt.)
- Sondagverkragter het een voorbladstorie en twee opvolgstories (9 Aug.(VB)/23 Aug.(art)/8 Nov.(art)
- Kosie van Zyl-moordsaak het een voorbladstorie en een opvolgstorie(1Mrt.)(VB)/10 Mei)
- Somalië-ontvoering het vyf voorbladstories en een opvolgartikel (5 Jul.(VB)/12 Jul.(VB)/15 Nov.(VB)/29 Nov.(art)/6 Des.(VB)/20 Des.(VB)
- Koma-seun leef na skoot het een voorbladstorie en een opvolgartikel (19 Apr.)(VB)/23 Aug.(art)
- Kwadrupleeg ná ongeluk het een voorbladstorie en een opvolgartikel (2 Aug.)(VB)/11 Okt.(art)

In die hieropvolgende afdeling word hierdie prominente stories hiërargies voorgestel om sodoende die mees prominente misdaadstories wat *Huisgenoot* in 2012 gedek het uit te lig.

### 4.6.2. Hiërargie van prominensie

Die prominente stories is die volgende:

- Somalië-ontvoering (vyf voorbladstories en een opvolgartikel);
- Modimolle-monster (vyf voorbladstories);
- Griekwastad-moorde (vyf voorbladstories);
- Dagmoedermoord (twee voorbladstories);
- Bob Hewitt-verkragtingsaak (twee voorbladstories);
- Loui Fish-aanranding (twee voorbladstories);
- Sondagverkragter (een voorbladstorie en twee opvolgstories);
- Kosie van Zyl-moordsaak (een voorbladstorie en een opvolgstorie);
- Koma-seun (een voorbladstorie en een opvolgstorie);
- Kwadrupleeg-storie (een voorbladstorie en een opvolgstorie).

### 4.6.3. Die mees prominente misdaadstories in *Huisgenoot* 2012

Die sogenaamde Modimolle-monster, die Griekwastad-moorde en die Somalië-ontvoering het elk vyf maal op *Huisgenoot* se voorblad verskyn en was in 2012 die mees prominente misdaadonderwerpe op *Huisgenoot* se agenda (sien voorblaaie hieronder). Dié voorbladstories is uitgesonder volgens die aanduiders van prominensie en die voorblad van elk is in die hoofstuk geplaas.

**Die ‘Modimolle-monster’ op *Huisgenoot* se voorblad, 2012**




(19 Jan. 2012)




(26 Jan. 2012)




(2 Feb. 2012)




(13 Sep. 2012)

**Die Griekwastad-moorde op *Huisgenoot* se voorblad, 2012**




(26 Apr. 2012)




(10 Mei 2012)




(5 Jul. 2012)




(6 Sep. 2012)




(4 Okt. 2012)

**Die Somalië-ontvoering op *Huisgenoot* se voorblad, 2012**







(5 Jul. 2012) (12 Jul. 2012)







(15 Nov. 2012) (6 Des. 2012)




(20 Des. 2012)

In die volgende drie hoofstukke sal die laaste navorsingsvraag en -doelstelling van die studie aan die orde kom wanneer die drie mees prominente onderwerpe bespreek word.

# 5. Raming van die 'Modimolle-monster'

Die sogenaamde Modimolle-monster is in die inhoudsanalise as een van die mees prominente misdaadstories op *Huisgenoot* se agenda geïdentifiseer. *Huisgenoot* het in 2012 aspekte van die storie vyf maal op die voorbladagenda geplaas.

Die navorsingsdoelwit van hierdie en die hieropvolgende twee hoofstukke is om insig te verkry in *Huisgenoot* se raming van misdaad as vermaak in die jaar 2012. In hierdie hoofstuk word *Huisgenoot* se raming van die stories oor die sogenaamde Modimolle-monster chronologies in aparte afdelings bespreek en nuusteoreties geanaliseer.

Die bespreking wat volg word nuusteoreties vanuit die sosio-kulturele tradisie aan die hand van ramingsteorie, agendastelling, nuus- en voorbladteorie en sensasionalisme geanaliseer (sien hoofstuk 2).

### 5.1. Die 'Modimolle-monster' op die voorblad, 19 Januarie 2012



### 5.1.1. Raming op die voorblad

Op die *Huisgenoot*-voorblad van 19 Januarie 2012 pryk Adam van Romanz met sy bruid, Almitra. Hul bruilof is hoofnuus op die *Huisgenoot*-voorblad, maar hul storie verskyn tweede op die agenda op bladsy twaalf, terwyl die storie oor die "Modimolle-monster" eerste op die agenda geplaas is op bladsy agt van die uitgawe. Die "Modimolle-monsterstorie" het die mees prominente prik op die voorblad en dit is ook die hoofstorie van die uitgawe, omdat dit die eerste nuusstorie is wat in die uitgawe verskyn.

Onder die glimlaggende bruilofpaar verskyn die skok-prik van die "Modimolle-monster": **RILLER-URE IN MONSTERMAN SE GREEP** (*Huisgenoot*, 2012). *Huisgenoot* het die eerste deel van die prik uitgelig met heldergeel teks wat duidelik leesbaar is teen die voorbladfoto: **EKSKLUSIEF VROU VERTEL: VERKRAG, VERMINK EN TOE SKIET HY MY SEUN.** Die woordkeuse is treffend en poog om 'n emosionele reaksie soos woede, hartseer of simpatie by die leser uit te lok en dit dui op sensasionalisme (sien 2.7). Die sterk alliterasie versterk ook die impak van die voorbladprik en dra by tot sy skokwaarde. In terme van bewoording is die voorbladprik sensasioneel geraam, omdat die verkorte en treffende narratief wat hier voorkom kenmerkend is van sensasionalisme wat fokus op sensuur (vgl. Bird, 2009:41).

Die grootste deel van die prik is prominent met vergrote, vetgedrukte wit hoofletters en *Huisgenoot* het ook 'n aangrypende lettertipe gekies om die prik verder te beklemtoon. *Huisgenoot* gebruik ook duidelik die menslikebelangraam in hul raming van dié storie, omdat daar soveel klem op emosie geplaas word (sien 2.6). Die betekenisvolle beskrywing van die oortreder as 'n "monsterman" en die "riller-ure" van die slagoffer in sy "greep" omskep die storie in 'n skouspelagtige en sensasionele misdaadstorie. Volgens Jewkes (2004:55) maak skouspelagtige misdade goeie kopie omdat dit visueel boeiend is.

Die konflik- en menslikebelangrame word albei deur *Huisgenoot* gebruik in hul sensasionele raming van die storie oor die "Modimolle-monster." Die menslikebelangraam (sien 2.6) is duidelik in *Huisgenoot* se kragtige en beskrywende woorde wat die leser skok en gevoelens soos simpatie, woede en hartseer uitlok. Die slagoffer van die "Modimolle-monster" is ook die gesig van die tragedie en sy vertel die hartverskeurende verhaal van die moord op haar kind en haar verkragting en

verminking. Die konflikraam is ook teenwoordig, omdat die slagoffer en die oortreder sterk in hul teenstaande rolle geraam word verder in die storie (sien 2.6).

**5.1.2. Raming van die eerste artikel** (Scholtz, 2012a:8-10)



DEUR HERMAN SCHOLTZ

Verkragte vrou vertel hoe haar vervreemde man haar gemartel het

VERMINK DEUR 'N MONSTER

"O UNOOI, jy het geen idee hoe lief ek vir jou is nie," sê Johan Kotzé in 'n sagte stem vir sy vrou waar hy langs haar op die bed lê. Maar daar is geen liefde in die hande wat haar borste en geslagsdele vermink terwyl hy praat nie.

Kort tevore het drie wildvreemde mans haar verkrag terwyl haar vervreemde man toekyk in die slaapkamer van sy huurhuis in Modimolle.

Eers toe sy haar 19-jarige seun, Conrad, se voetstappe in die huis hoor, staak hy sy grusame handewerk. Hy laat haar gebroke en bloeiend in die slaapkamer agter en stap haar seun tegemoet.

Toe hoor sy hoe haar seun om sy lewe smeek. En, terwyl sy magteloos daar lê en geen vinger kan verroer om hom te beskerm nie, hoe skote klap. En haar seun se gille . . .

INA BONNETTE (42) – sy het weer haar ou van aangeneem – huil terwyl sy vanuit haar hospitaalbed oor haar nagmerrie praat. Die polisie soek nog haar vervreemde man en daar is vrese dat hy haar weer sal aanrand of selfs vermoor.

Sy het pas chirurgie ondergaan om haar liggaamlike wonde te probeer genees. "Maar die sielkundige moet nog kom," sê sy verwese.

Sy weet nou sy het Johan (50) nooit werklik geken nie. Hy het oor haar pad gekom toe sy besonder weerloos was. "Ek was jare lank alleen, 'n enkelouer wat oupa, ouma en twee kinders moes versorg," vertel sy.

Toe hulle op 23 Oktober 2010 trou, het sy nie eens geweet tot watter kerk hy behoort nie. Sy geldsake was vir haar duister en sy moes hom 'n tyd lank onderhou. "Hy het niks in sy naam gehad nie; alles was in trusts."

Tydens hul verlowing het hulle hewige rusies gehad, onder meer omdat hy verskriklik beskermend was. Toe hul troudag bo in die Korannaberg in die Vrystaat aanbreek, het sy 'n paniekaanval gehad en wou nie daarmee voortgaan nie. "Iets het vir my gesê ek moet pasop."

Hulle het nietemin getrou en Johan het dadelik haar lewe begin beheer, sê sy. Dinge het begin skeefloop, onder meer omdat hy haar van haar familie probeer afsonder het.

"Ek het vir hom gesê die probleme tussen ons sal nooit opgelos word nie. Ek sal nie my familie doodwens nie." Toe het hy haar teen 'n muur vasgedruk met 'n Bybel in sy hand en gesê hy kan nie voor God staan en sê hy gaan skei nie.

8 | 19 Januarie 2012 | huisgenoot.com

**VERMINK DEUR 'N MONSTER, Verkragte vrou vertel hoe haar vervreemde man haar gemartel het**, lees die hoof- en subopskrif van die artikel wat op die voorblad met 'n prominente prik aangekondig is (Scholtz, 2012a:8). *Huisgenoot* versterk die grafiese beeld van die "monster-man" wat reeds op die voorblad verskyn het en raam die storie sensasioneel deur die beklemtoonde gebruik van skokkende nuuselemente wat emosie by die leser uitlok (sien 2.7).

Die menslikebelangraam is weer prominent, omdat die opskrifte aandui dat die storie deur die slagoffer vertel is en sy sal tipies 'n hoogs emosionele en persoonlike perspektief op die gebeure hê (sien 2.6). Die konflikraam is ook duidelik hier gebruik, omdat die emosiebelaaide woorde "vermink" en "verkrag" dui op gewelddadige konflik.

Die onderstaande hooffoto van die artikel wys Ina Bonnette en haar vervreemde man, Johan Kotzé, die sogenaamde Modimolle-monster, op hul troudag (Scholtz, 2012a: 8).



*Huisgenoot* se keuse van dié foto verhoog die konflik verwant aan die storie, omdat die slagoffer en die misdadiger hier gelukkig en netjies uitgevat is op hul troudag terwyl die kontrasterende hoofopskrif aan die leser kommunikeer dat dié "monster" haar "vermink" het (Scholtz, 2012a:8).

Op bladsy nege is die onderstaande foto's geplaas waar die vermoorde seun, Conrad Bonnette, en sy stiefpa, albei geklee in 'n netjiese pak klere, langs mekaar staan by die troue (Scholtz, 2012a: 9). Langs die foto glimlag Conrad, sy pa Rex en sy sus Angelique op 'n informele familiefoto en in 'n ronde raam verskyn Conrad se meisie, Kayla Beukes, waar sy 'n traan van haar gesig afvee (Scholtz, 2012a:9).



Op bladsy tien verskyn die onderstaande foto van die “huis in Kerkstraat, Modimolle, waar die verkragting en moord plaasgevind het” en langs dit is ’n foto van die kamer en bed waar Ina vasgemaak is terwyl drie mans haar verkrag en Johan haar vermink het (Scholtz, 2012a:10). In die hoek links onder is nog ’n foto van Ina en Johan geplaas. Hulle omhels mekaar tydens hul verlowing, berig *Huisgenoot* (Scholtz, 2012a:10).



BO: Die huis in Kerkstraat, Modimolle, waar die verkragting en moord plaasgevind het.
REGS BO: Ina is op dié bed vasgemaak terwyl drie mans haar verkrag en Johan haar vermink [illegible]
LINKS ONDER: Ina en Johan toe hulle verloof geraak het.

(Van vorige bladsy)
stadium depressief was. Maar verlede jaar was dit asof die son weer begin skyn het.

Hy het baie goed gevaar in sy eerste jaar aan die Universiteit van Pretoria, waar hy inligtingstegnologie studeer het. Sy pa het pas vir hom ’n motorfiets gekoop, wat ’n eindelose bron van plesier was. En by die Bosfontein-kampeerterrein, waar hy vakansiewerk gedoen het, het hy verlief geraak op die 17-jarige Kayla Beukes, die werkgewer se dogter.

Kayla vertel Conrad was baie familievas. Hy het sy vakansiegeld gebruik om vir sy ma ’n muurbehangsel van hout met ’n boodskappie daarop te koop.

“Ek sal nooit weer so ’n opregte mens ontmoet nie,” sê sy. “Hy was die volmaakte ou. Die Here het hom oor my pad gestuur om my te wys watter karaktertrekke ek in ’n man soek.”

Sy vertel sy het nog die Dinsdag van sy dood vir hom ’n toebroodjie by die kampeerterrein gemaak. Hy en ’n vriend is later gimnasium toe, waar hy die oproep van sy stiefpa gekry het.

Kayla het eers ná die moord gehoor Conrad het die vriend gevra om saam met hom te ry omdat hy bang was vir Johan. Maar toe die twee buite die huis stilhou, het Johan die vriend gevra om iets by die vulstasie te gaan koop. Conrad was alleen saam met die man wat hy nooit vertrou het nie.

’n Paar uur later het Kayla ’n selfoonboodskap gekry dat “iets groots fout is . . .”

Angelique Bonnette (16) vrees ook steeds vir haar lewe. Die familie wil nie sê waar sy haar bevind nie.

Sy het telefonies vertel sy het eenkeer op reis in die Vrystaat die ware kant van haar stiefpa gesien. Hy het skielik sy voertuig omgedraai en op ’n kind op ’n fiets afgepyl.

“Nie een van ons het dit gesien nie, maar die outjie het glo ’n papiertjie na ons kar toe gegooi.” Johan het gesê ’n papier kan maklik ’n klip word en dit moet nóú gestop word.

Hy het die fiets stukkend gery. “As daar nie ’n afgrond was nie, het hy bo-oor die kind gery.”

Sy vertel haar stiefpa het van die begin af hul gesinnetjie oorheers. Hy het hulle gereeld bymekaargeroep vir gesinsvergaderinkies. “Dan gaan sit ons in ’n kringetjie en hy vertel ons ons weet nie hoe lief hy vir ons is nie. En hy begin huil, asof hy homself jammer [illegible] Hy het altyd gesê dit is [illegible] liefde dié.”

Sy vertel hy het [illegible] se stem gehad, [illegible] ‘*I’m the man.*’ [illegible] uitgetrap en [illegible] lui.

“Hy het gespog [illegible] familie kom help [illegible] Hy het gepraat van hoe [illegible] reggemaak het . . .”

‘Ek het altyd gesê as ek weer trou, soek ek net iemand wat vir my lief is en my respekteer. Geld en voorkoms was nie belangrik nie’

INA glo nie sy sal [illegible] ’n verhouding met [illegible] wees nie.

“Ek het altyd gesê as ek weer trou, soek ek net iemand wat vir my lief is en my respekteer,” sê sy. “Geld en voorkoms was nie vir my belangrik nie.”

Sy moes plastiese chirurgie ondergaan in ’n poging om skade aan haar borste en [illegible] dele te herstel.

Die herstelproses sal nog [illegible] wees. Sy moet ook [illegible] middels neem weens die gevaar van MIV/vigs ná die verkragtings. Johan het selfs [illegible] haar tone gebreek.

Sy wil nou net hê hy moet gevang word sodat sy, haar kinders en ouers weer veilig kan wees.

“Ek is nou ’n halwe vrou,” sê sy. “Ek sal nooit weer in iemand [illegible] kan belangstel nie.”

10 | [illegible] huisgenoot.com

*Huisgenoot* se keuse van foto’s versterk die menslikebelangraam (sien 2.6) deur die betrokkenes sterk te raam in hul familiekonteks, byvoorbeeld Conrad wat glimlag saam met sy gesin, asook Ina en Johan wat in gelukkiger dae mekaar omhels. Die konflikraam word weer versterk deur die foto’s van Kayla wat huil, die moordhuis en kamer van verkragting asook Johan by die seun wie hy vermoor het (sien 2.6).

Verder word die bogenoemde rame ook beklemtoon in die artikelgrepe wat Ina Bonnette se dirkete woorde aanhaal. ‘**Nog ’n skoot het geklap en my seun het weer gegil. ’n Derde skoot het geklap, en toe’s dit stil’** (Scholtz, 2012a:9). ‘**Ek het altyd gesê as ek weer trou, soek ek net iemand wat vir my lief is en my respekteer. Geld en voorkoms was nie belangrik nie’** (Scholtz, 2012a:10).

*Huisgenoot* se gebruik van direkte aanhalings verpersoonlik die storie, omdat die leser die slagoffer se eie woorde, emosie en gevoel kan hoor. Die verpersoonliking van nuus dui op sensasionalisme, volgens Kitch (2009:31), en die menslikebelangraam (sien 2.6) word daardeur versterk omdat die vertelling emosioneel benader word.

Nog 'n aanhaling kom voor in die inleiding van die artikel. Hierdie keer is dit die oortreder wat praat. "'Ounooi, jy het geen idee hoe lief ek vir jou is nie,' sê Johan Kotzé in 'n sagte stem vir sy vrou waar hy langs haar op die bed lê. Maar daar is geen liefde in die hande wat haar borste en geslagsdele vermink terwyl hy praat nie" berig *Huisgenoot* (Scholtz, 2012a:8).

*Huisgenoot* gebruik hier 'n prosastyl van beriggewing en raam die storie sterk volgens die konflikraam met verwysing na die geslagsdele en borste wat die oortreder met sy hande vermink. Dié prosastyl van vertelling is kenmerkend van sensasionalisme (sien 2.7) asook die gebruik van die skokkende nuuselemente van die misdadiger wat saggies praat en sy liefde verklaar aan sy slagoffer terwyl hy haar vermink (Scholtz, 2012a:8).

In die volgende paragraaf lees die leser oor die drie mans wat haar verkrag het terwyl haar man toekyk en dat hy eers sy "grusame handewerk" gestop het toe hy haar seun Conrad "se voetstappe in die huis hoor" (Scholtz, 2012a:8). *Huisgenoot* skryf dat hy haar "gebroke en bloeiend in die slaapkamer" agterlaat toe hy haar seun tegemoet stap. "Toe hoor sy hoe haar seun om sy lewe smeek. En, terwyl sy magteloos daar lê en geen vinger kan verroer om hom te beskerm nie, hoe skote klap. En haar seun se gille…" (Scholtz, 2012a:8).

*Huisgenoot* se sensasionele raming van die storie is duidelik in hul sterk prosavertelstyl en die gebruik van emosionele en skokkende nuuselemente (sien 2.7). Die storie word ook duidelik geraam volgens die menslikebelangraam weens die sterk beklemtoning van die slagoffer se traumatiese ervaring. *Huisgenoot* beskryf haar as magteloos, gebroke en bloeiend en so verhoog die emosie en die spanning van die storie (sien 2.6). Die konflikraam is ook prominent met verwysing na skote wat klap, gille en hoe die jong seun om sy lewe smeek (sien 2.6).

Ina Bonnette huil terwyl sy "vanuit haar hospitaalbed oor haar nagmerrie praat" berig *Huisgenoot* (Scholtz, 2012a:8). Haar liggaamlike wonde genees nou ná chirurgie "'maar die sielkundige moet nog kom,' sê sy verwese" (Scholtz, 2012a: 8).

*Huisgenoot* fokus in die volgende paragraaf op haar verhouding met haar vervreemde man. "Sy weet nou sy het Johan (50) nooit werklik geken het nie" (Scholtz, 2012a:8). Ina vertel sy was weerloos toe sy hom ontmoet het. "Ek was jare lank alleen, 'n enkelouer wat oupa, ouma en twee kinders moes versorg" skryf *Huisgenoot* (Scholtz, 2012a:8). Sy het op hul troudag nie eens geweet tot watter kerk hy behoort nie en "hy het niks op sy naam gehad nie, alles was in trusts" vertel Ina (Scholtz, 2012a:8). *Huisgenoot* kontekstualiseer en raam die storie hier volgens die menslikebelangraam, omdat hul in detail berig oor die persoonlike trauma van die slagoffer vanuit haar emosionele perspektief (sien 2.6). Die konflikraam figureer ook deurlopend in die volgende paragrawe.

Hulle het gedurig baklei tydens hul verlowing, omdat hy "verskriklik beskermend" was. "'Iets het vir my gesê ek moet pasop'" vertel Ina (Scholtz, 2012a:8). Selfs nadat sy op haar troudag 'n paniekaanval gehad het, het sy steeds met die troue voortgegaan en daarna het Johan haar lewe begin beheer (Scholtz, 2012a: 8).

Die konflikraam figureer weer sterk wanneer *Huisgenoot* die rusie tussen Ina en haar vervreemde man beklemtoon en die oortreder skets vanuit sy slagoffer se oë (sien 2.6). "'Ek het vir hom gesê die probleme tussen ons sal nooit opgelos word nie. Ek sal nie my familie dood wens nie' sê Ina omdat hy haar van haar familie wou afsonder (Scholtz, 2012a:8). "Toe het hy haar teen 'n muur vasgedruk met 'n Bybel in sy hand en gesê hy kan nie voor God staan en sê hy gaan skei nie" berig *Huisgenoot* (Scholtz, 2012a:8).

Ina vertel Johan het gespot oor sy vorige vriendinne wat almal selfmoord gepleeg het of in 'n gestig beland het, maar sy sou nie toelaat dat hy haar sielkundig breek nie en daarom het sy uitgetrek (Scholtz, 2012a:9). *Huisgenoot* skryf dit was nie vreemd toe hy haar op 3 Januarie bel om hom te kom sien sodat hulle oor die skikking kan praat nie. "Hy was nog nooit gewelddadig nie. Sy was dus nie bang hy sou haar dalk leed aan doen nie" en daarom het sy hom gaan besoek (Scholtz, 2012a: 9).

In die vertelling wat volg word Ina hoofsaaklik aangehaal en *Huisgenoot* gebruik 'n sterk narratiewe vertelstyl wat kenmerkend is van sensasionele poniejoernalistiek (vgl.

Bird, 2009:41). *Huisgenoot* raam die storie dus sensasioneel deur ’n prosastyl van vertelling te gebruik asook die indrukwekkende beskrywing en raming van die geweldsmisdaad (sien 2.7). Die konflikraam figureer ook voortdurend soos wat die spanning in die volgende paragrawe styg (sien 2.6).

"‘Hy het gevra hoe dit met die kinders gaan en wou weet waar hulle is. Hy het selfs belowe om my enige geld te betaal wat hy my skuld. Hy het gevra of ek iets wou drink en ek het ’n glas water gevra. Hy het dit gaan haal en toe gesê daar is nog ’n boks vol goed van my in die huis. Ek het eers gesê hy moet dit maar weggee, maar hy het gesê: ‘Ek weet hoe erg jy oor jou goedjies is’ en volgehou ek moet gaan kyk’ vertel Ina (Scholtz, 2012a:9). In die volgende paragraaf is die konflikraam prominent wanneer *Huisgenoot* die geweldsmisdaad in detail beskryf.

Ina vermoed die verkragters se teken was die munte wat hy laat val het op sy hout vloer vanuit ’n handdoek (Scholtz, 2012a:9). *Huisgenoot* berig dat hy die handdoek toe oor haar kop gegooi het en haar in die kamer ingedwing waar hy haar aan die bed met kabeltoue vasgemaak het. Daarna het hy haar beskuldig van ontrouheid. "‘Niks daarvan is waar nie,’ sê sy nou weer. ‘My eksman het my verneuk; ek sou dit nooit doen nie’" (Scholtz, 2012a:9). "‘En toe vertel hy haar in kru, rassistiese taal dat die mans nou seks met haar gaan hê ‘omdat jy so lief is daarvoor’" (Scholtz, 2012a:9). "En toe het hulle my verkrag, die een ná die ander…" terwyl haar vervreemde man aangehou het om haar sleg te sê (Scholtz, 2012a:9).

Ina huil "hartverskeurend" en vir ’n oomblik kan sy nie voortgaan nie, skryf *Huisgenoot* (Scholtz, 2012a:9). Die menslikebelangraam figureer hier baie prominent, omdat die storie dramaties geraam word vanuit die slagoffer, Ina Bonnette, se traumatiese emosionele perspektief (sien 2.6). Ina Bonnette se identiteit word sterk gekoppel aan die gruwelike Modimolle-monstermisdaad en dus verpersoonlik *Huisgenoot* die nuus deur die storie slagoffer-gesentreerd te raam. *Huisgenoot* se verpersoonliking van nuus en sy beklemtoonde gebruik van visuele beelde dui op die sensasionele raming van sy stories wat ooreenstemmend is met poniejoernalistiek (sien 2.7).

Die konflikraam word al hoe sterker geraam soos *Huisgenoot* die drama van die storie laat styg deur die voorval beskrywend en grafies te raam. In die storie vertel Ina Bonnette verder hoe Johan ’n draadtang, ’n vurk en ’n braaitang uit die kas gehaal en langs haar op die bed gaan lê en die "ondervraging" voortgesit het, nadat die

verkragters weg is (Scholtz, 2012a:9). “My mond was met kleefband toegeplak en ek kon nie behoorlik antwoord op sy vrae nie. Dit het hom kwaad gemaak” (Scholtz, 2012a:9).

“Toe sny hy my tepels af, druk spykers in my borste en druk die braaitang en die vurk in my op” (Scholtz, 2012a:9). *Huisgenoot* se betekenisvolle aanhaling van die slagoffer se woorde verhoog drasties die emosie van die storie. Die marteling het volgens Ina sowat twee uur lank geduur (Scholtz, 2012a:9). Ina vertel die een tepel is met die draadtang afgeknyp maar sy weet nie eens waarmee die ander tepel afgesny is nie (Scholtz, 2012a:9). “Dit was baie stomp” sê sy (Scholtz, 2012a:9). *Huisgenoot* versterk die menslikebelange- en konflikrame deur Ina se grafiese beskrywing van haar marteling in haar eie woorde aan te haal (sien afdeling 2.6).

“Al waaraan sy kon dink” berig *Huisgenoot* “was of sy lewend daar sou uitkom. En haar geliefde familie…” (Scholtz, 2012a:9). Johan het toe haar seun gebel en toe sy “die voetstappe op die houtvloer van die huis hoor, het sy geweet dis hy” (Scholtz, 2012a: 9).

“Ek het hom hoor skree” vertel Ina (Scholtz, 2012a:9). “‘Nee, Oom, moet asseblief nie skiet nie!’ Toe klap ’n skoot en hy gil. Nog ’n skoot het geklap en hy het weer gegil. ’n Derde skoot het geklap en toe’s dit stil” (Scholtz, 2012a:9). Hierdie aanhaling is ook deur *Huisgenoot* uitgelig in ’n greep van die artikel en dit dra by tot die konflikraam van die storie. Ina vertel Johan het vir haar gesê hy wil hê sy moet “leef met die pyn van haar familie wat dood is” en daarom het hy haar ouers ook geskakel, maar hulle het nie geantwoord nie (Scholtz, 2012a:9).

Ina vertel dat sy nog ’n uur gelê en wag het voordat die eienaar van die huis se vrou haar bevry het (Scholtz, 2012a:9). Daarna, berig *Huisgenoot,* kon sy “oplaas na haar kind toe gaan” (Scholtz, 2012a:9). “Ek het na hom gehardloop waar hy in die kamer langsaan op die vloer gelê het. Ek het hom probeer optel, maar hy het nie beweeg nie” (Scholtz, 2012a:9). “Conrad was weg…” skryf *Huisgenoot* (Scholtz, 2012a:9).

Die dramatiese narratiewe skryfstyl, grafiese beelde, asook die emosionele en skokkende nuuselemente wat deurlopend deur *Huisgenoot* gebruik is in hul dekking van die “Modimolle-monsterstorie” raam die storie sensasioneel.

Op die volgende bladsy verloop die storie verder en *Huisgenoot* gebruik die menslikebelangraam (sien 2.6) en berig in detail oor die vermoorde seun se lewe. *Huisgenoot* berig dat Conrad vir ’n tyd lank depressief was, maar “verlede jaar was dit asof die son weer begin skyn het” (Scholtz, 2012a:10). Hy was verlief op Kayla Beukes, sy studies op universiteit het goed gevaar en hy het pas ’n nuwe motorfiets by sy pa gekry (Scholtz, 2012a:10).

Die volgende bron wie se emosionele woorde *Huisgenoot* aanhaal, versterk die menslikebelangraam. Kayla vertel hoe sy “nooit weer so ’n opregte mens” sal ontmoet soos Conrad nie (Scholtz, 2012a:10). “Hy was die volmaakte ou. Die Here het hom oor my pad gestuur om my te wys watter karaktertrekke ek in ’n man soek” (Scholtz, 2012a:10). *Huisgenoot* verpersoonlik ook die misdaad deur Conrad se meisie direk aan te haal. Die leser kry nou begrip vir watter impak die moord op haar as mens het en daarmee poog *Huisgenoot* om simpatie en hartseer by die leser uit te lok (sien 2.7).

In die volgende paragraaf vertel *Huisgenoot* dat Kayla nog die oggend van Conrad se dood vir hom ’n toebroodjie gemaak het by die kampterrein waar hy gewerk het. Conrad het saam met ’n vriend gery toe sy stiefpa hom bel om na die huis toe te kom, maar Johan het die vriend gevra om iets by die vulstasie te gaan koop en dus was Conrad alleen “saam met die man wat hy nooit vertrou het nie” (Scholtz, 2012a:10). Kayla het eers ’n paar uur later ’n selfoonboodskap gekry wat sê “iets groots is fout…” (Scholtz, 2012a: 10).

Die volgende bron wat *Huisgenoot* aanhaal is Ina se dogter, die sestienjarige Angelique Bonnette, wat in ’n telefoniese onderhoud aan *Huisgenoot* vertel het dat sy die ware kant van haar stiefpa voorheen al gesien het (Scholtz, 2012a:10). Die konflik- en menslikebelangrame (sien 2.6) is hier weer duidelik waar *Huisgenoot* Angelique aanhaal wanneer sy oor haar broer se moordenaar praat.

Angelique sê haar stiefpa het hom vererg en sy voertuig omgedraai en op ’n kind op ’n fiets afgepyl. “Nie een van ons het dit gesien nie, maar die outjie het glo ’n papiertjie na ons kar toe gegooi” (Scholtz, 2012a:10). Johan het gesê ’n papier word maklik ’n klip en dit moet nou stop. “As daar nie ’n afgrond was nie, het hy bo-oor die kind gery” (Scholtz, 2012a:10). Sy vertel verder dat haar stiefpa hul gesin oorheers het. “Dan gaan sit ons in ’n kringetjie en hy vertel ons ons weet nie hoe lief hy vir ons is nie. En hy begin huil, asof hy homself jammer kry. Hy het altyd gesê dit is die huis van liefde dié” (Scholtz,

2012a:10). Angelique sê: “hy het ‘so ’n snaakse stem gehad, asof hy wou sê: *‘I’m the man.’* Ons is heeltyd uitgetrap en moes hoor ons is lui. Hy het gespog hoe hy ons familie kom help het. Hy het gepraat van hoe hy my boetie reggemaak het…” (Scholtz, 2012a:10).

*Huisgenoot* gebruik die konflik- en menslikebelangrame om die oortreder as ’n psigopaat uit te beeld en dit is interessant dat hulle nie kommentaar insluit oor hoe Angelique voel oor haar broer se moord of haar ma se marteling nie. *Huisgenoot* plaas duidelik die klem op die “monster” van Modimolle en verhoog die drama en spanning van die storie deur sy karakter treffend te raam.

Die artikel sluit af met Ina weer aan die woord. *Huisgenoot* berig dat sy nie glo sy sal ooit weer ’n verhouding met ’n man kan hê nie. “Ek het altyd gesê as ek weer trou, soek ek net iemand wat vir my lief is en my respekteer. Geld en voorkoms was nie vir my belangrik nie” (Scholtz, 2012a:10). Hier herhaal *Huisgenoot* die woorde wat in die greep verskyn en die menslikebelangraam (sien 2.6) is duidelik hier gebruik om ’n emosionele reaksie by lesers uit te lok.

*Huisgenoot* berig dat Ina reeds plastiese chirurgie ontvang het om haar “borste en geslagsdele te herstel” en sy neem ook antiretrovirale middels teen MIV/Vigs (Scholtz, 2012a:10). Nou wil sy net hê hy moet gevang word sodat “sy, haar kinders en ouers weer veilig kan wees” (Scholtz, 2012a:10). *Huisgenoot* sluit die artikel af met Ina se treffende woorde: “Ek is nou ’n halwe vrou. Ek sal nooit weer in iemand kan belangstel nie” (Scholtz, 2012a:10).

*Huisgenoot* se raming van die storie is sensasioneel en die menslikebelang- en konflikrame figureer deurlopend. Al die bronne wat aangehaal is in die artikel is vroulik; Ina Bonnette, die slagoffer, haar dogter, Angelique Bonnette, en wyle Conrad se meisie, Kayla Beukes, en *Huisgenoot* raam die storie emosioneel volgens hul persoonlike vertellings. Die raming van die storie is sensasioneel (sien hoofstuk 2) omrede die nuus voortdurend verpersoonlik en vereenvoudig word en ook omdat *Huisgenoot* ’n sterk narratiewe vertelstyl gebruik waar feite en gevoel ’n gelyke rol speel (vgl. Kitch, 2009:31).

In die volgende afdeling word die raming van die tweede voorbladstorie oor die “Modimolle-monster” bespreek.

### 5.2. Die ‘Modimolle-monster’ op die voorblad, 26 Januarie 2012




### 5.2.1. Raming op die voorblad

Op die *Huisgenoot*-voorblad van 26 Januarie verskyn daar weer ’n bruilofpaar. Die bekende sanger Arno Jordaan glimlag saam met sy mooie Lizanie op hul troudag, maar ’n skokkende prik trek die aandag weg van die pasgetroudes. Onder die bruidspaar se foto verskyn ’n aangrypende voorbladprik oor die sg. Modimolle-monster. **EKSKLUSIEF: MONSTER VAN MODIMOLLE** lees die inleidende prik in ’n helderrooi blok en langsaan in klein, rooi hoofletters skryf *Huisgenoot*: **NOG ’N SLAGOFFER: FAMILIE ONTHUL DAGBOEK VOL SMART**.

Onder dit verskyn die grootste prik: **ONS MA NA HAAR GRAF GEDRYF**. Dit strek oor die hele blad en saam met die vergrote, swart, vetgedrukte prik het *Huisgenoot* ook ’n gesigfoto van Johan Kotzé geplaas. Die “Modimolle-monsterstorie” is ook eerste op *Huisgenoot* se agenda op bladsy tien geplaas terwyl Arno se spogtroue eers op bladsy veertien verskyn.

Die prominensie van die "Modimolle-monsterstorie" in die uitgawe is ook duidelik op die voorblad, omdat *Huisgenoot* die storieprik volgens kleur, grootte en posisionering grafies beklemtoon.

Johan Kotzé is nou amptelik gebrandmerk as die "monster van Modimolle" en *Huisgenoot* gebruik duidelik die menslikebelangraam (sien 2.6) om die misdadiger se identiteit en berugtheid aan die storie te koppel. Die plasing van sy foto en die gebruik van sy berugte titel raam hom as 'n gewelddadige psigopaat wat nog 'n slagoffer se lewe verwoes het. Die konflikraam is ook hier deur *Huisgenoot* gebruik om Johan in 'n negatiewe lig te raam teenoor die onskuldige slagoffer wie se lewe hy geruïneer het (sien 2.6).

*Huisgenoot* het twee artikels oor die "Modimolle-monster" in die uitgawe gepubliseer en dit verdeel in deel een en deel twee. Elke artikel het egter 'n ander invalshoek en ander opskrifte en foto's en daarom word dit in die studie as twee artikels hanteer, met dieselfde voorblad.

**5.2.2. Raming van die tweede artikel** (Scholtz, 2012b: 10,11)



DEUR HERMAN SCHOLTZ

DEEL 1

SKURK WAT MA
VERNIETIG HET

Nog 'n slagoffer van die Modimolle-monster: Familie vertel van haar dagboek vol smart en verwyte

Sarita Venter saam met haar vier seuns wat stelselmatig van haar vervreem is toe sy in 'n verhouding met Johan Kotzé was. Van links is Hennie, Hentie, Jonker en Errie.

DIE monster van Modimolle het haar in haar graf in gedryf. En uit die siekbed waaruit sy nooit sou opstaan nie, het sy dagboek gehou oor hoe hy haar geldelik misbruik, emosioneel afgeknou en verneder het.

"Waar is my tjekboek? Jy weier om hom vir my te wys. Hoekom?" skryf Sarita Venter in haar laaste paar dae op aarde. Johan Kotzé van Modimolle het haar en ander mense probeer wysmaak sy is besig om van haar sinne te raak . . .

Dié eens vooraanstaande sakevrou van Bloemfontein was ook 'n slagoffer van Kotzé (50). Nes Ina Bonnette, die vrou wat hy onlangs wreed gemartel en geskend en deur drie mans laat verkrag het omdat sy van hom wou skei.

Maar anders as Ina (Vermink deur 'n monster, 19 Januarie) het Sarita nie oorleef om haar verhaal te vertel nie. Sy was 48 jaar ten tyde van haar dood en 'n skadu van die eens suksesvolle sakevrou wat die Rosestad net vier jaar gelede nog geken het.

Sarita het verskeie eiendomme en een van die grootste arbeidskonsultasie-ondernemings in die sentrale deel van Suid-Afrika besit toe sy Kotzé ontmoet. Een van haar belange was die Take Off Your Shoes-gastehuis in Universitas, Bloemfontein.

Toe sy hul verhouding verbreek, was Kotzé reeds besig om sy web te spin vir Ina Bonnette, wie se seun hy eindelik sou doodskiet terwyl sy bloeiend en magteloos vasgebind aan 'n bed in sy huurhuis moes lê en luister na sy vergeefse gepleit.

Voor Sarita in November 2010 gesterf het, het sy Ina drie keer gewaarsku om nie met Kotzé te trou nie. Maar dit het op dowe ore geval.

DIE handskrif in die dagboek wat Sarita vir haar kinders agtergelaat het, is soms byna onleesbaar. Haar gesondheid was toe al baie swak, maar die Vrystaatse sakevrou was vasbeslote dat die wêreld moes weet wie en wat Kotzé werklik is. En sy wou ander vroue teen hom waarsku.

Soos Ina, was Sarita geskei. Sy het Kotzé in Mei 2008 deur 'n SMS-diens vir enkellopendes ontmoet. Sy het dadelik verlief geraak op die "gesiene boer" soos hy hom voorgestel het, en sy joviale karakter.

'n Jaar later was hul ma "'n zombie wat mal geraak het wanneer Johan praat", vertel haar seuns Hennie (19) en Hentie (23) in die gastehuis wat hulle ná haar dood geërf het.

Dit was in die afspraakboek van haar eens florerende gastehuis, wat vandag nie meer bedryf word nie, dat Sarita haar seer en wroeging neergepen het.

Uitroeptekens en dik penstrepe beklemtoon haar gevoelens.


"Ek haat jou met my hele hart. Ek verag jou," lees 'n skrywing.

Haar doodsertifikaat lui die oorsaak van haar dood word nog ondersoek. Menings oor

10 | 26 Januarie 2012 huisgenoot.com

**SKURK WAT MA VERNIETIG HET** lees die hoofopskrif in wit, vetgedrukte letters teen ’n bloedrooi agtergrond. ’n Foto van Johan Kotzé verskyn links bo langs die hoofopskrif en onder die subopskrif **Nog ’n slagoffer van die Modimolle-monster: Familie vertel van haar dagboek vol smart en verwyte** verskyn die foto van Sarita Venter saam met haar seuns (Scholtz, 2012b:10). In die fotobyskrif skryf *Huisgenoot* dat Sarita stelselmatig van haar vier seuns (van links is Hennie, Hentie, Jonker en Errie) vervreem is tydens haar verhouding met Johan Kotzé (Scholtz, 2012b:10). Foto’s van Sarita se “smartdagboek,” soos *Huisgenoot* dit noem, is langs die foto gepubliseer. Sarita se emosies is hier op papier neergepen en die prominente woorde “gemors,” “die wiel draai” en “finansiële gewin” is duidelik deur haar beklemtoon (Scholtz, 2012b:10).

Op bladsy elf is die onderstaande foto en dagboekinskrywings gepubliseer “waarin sy haar gevoelens teenoor Kotzé verwoord het” (Scholtz, 2012b:11). Hennie, Sarita se seun, verskyn in die ander foto met sy ma se dagboek “waaruit die broers probeer sin maak” (Scholtz, 2012b:11).







Die bostaande QR-kode is onderaan die artikel geplaas en lesers kan dit gebruik om Kotzé en Ina op hul troudag te sien (Scholtz, 2012b: 11).

Die menslikebelang- en konflikrame (sien 2.6) is weer deur *Huisgenoot* gebruik om die storie te raam. Die broers, wat die hoofbronne van die storie is, vertel van hul ma se smart en *Huisgenoot* beeld dit ook grafies uit deur die publisering van haar emosionele en aangrypende dagboekinskrywings. Die menslikebelangraam (sien 2.6) is deur die tydskrif gebruik deurdat die "monster van Modimolle" emosioneel beskryf is vanuit sy slagoffer se persoonlike dagboek en ook vanuit haar seuns se subjektiewe perspektief. Terwyl die konflikraam (sien 2.6) gebruik is, omdat die "skurk", soos *Huisgenoot* hom noem, in die storie beskuldig word van Sarita se ondergang (Scholtz, 2012b:10).

*Huisgenoot* versterk die konflikraam ook in die inleiding van die artikel. "Die monster van Modimolle het haar in haar graf in gedryf. En uit die siekbed waaruit sy nooit sou opstaan nie, het sy dagboek gehou oor hoe hy haar geldelik misbruik, emosioneel afgeknou en verneder het" (Scholtz, 2012b:10).

Die kleurvolle narratief wat *Huisgenoot* hier gebruik stem ooreen met die sensasionele vertelstyl van die geelpers wat stories vermaaklik raam, was die inhoud nie so weersinwekkend nie (sien 2.7).

Die artikel vervolg: "'Waar is my tjekboek. Jy weier om hom vir my te wys. Hoekom?' skryf Sarita Venter in haar laaste paar dae op aarde" (Scholtz, 2012b:10). Sarita was eens 'n vooraanstaande sakevrou van Bloemfontein, maar was nes Ina Bonnette 'n Kotzé-slagoffer (Scholtz, 2012b:10). "Maar anders as Ina het Sarita nie oorleef om haar verhaal te vertel nie" (Scholtz, 2012b: 10).

*Huisgenoot* raam die storie sensasioneel deur hier dramatiese beskrywings en 'n prosastyl van vertelling te gebruik (sien 2.7). Beskrywings soos "die siekbed waaruit sy nooit sou opstaan nie" en Sarita het nie "oorleef om haar verhaal te vertel nie" verhoog die drama en emosie (Scholtz, 2012b:10).

*Huisgenoot* sê Sarita was voor haar dood slegs 'n "skadu van die eens suksesvolle sakevrou" wat die Rosestad vroeër geken het (Scholtz, 2012b:10). Kotzé het ook reeds sy web begin spin vir Ina Bonnette toe Sarita hul verhouding verbreek het berig *Huisgenoot* (Scholtz, 2012b:10). *Huisgenoot* skryf dieselfde "Ina Bonnette, wie se seun hy eindelik sou doodskiet terwyl sy bloeiend en magteloos vasgebind aan 'n bed in sy huurhuis moes lê en luister na sy vergeefse gepleit" (Scholtz, 2012b:10).

*Huisgenoot* se prominente gebruik van die grafiese beelde van Kotzé se web, die skadu van 'n vrou, en skokkende nuuselemente soos "vergeefse gepleit," "bloeiend" en "magteloos" raam die storie verder sensasioneel (sien 2.7). Sarita het Ina ook drie maal gewaarsku om nie met Kotzé te trou nie. "Maar dit het op dowe ore geval" berig *Huisgenoot* (Scholtz, 2012b:10). Hierdie nuuselemente versterk ook die konflikraam van die storie, omdat *Huisgenoot* die geweldsmisdaad en rusie beklemtoon deur grafiese beskrywings (sien 2.6).

Hierna verskuif *Huisgenoot* die fokus na die dagboekinskrywings. Sarita se handskrif is soms amper onleesbaar, berig *Huisgenoot,* omdat haar gesondheid baie verswak het in die tyd, "maar die Vrystaatse sakevrou was vasbeslote dat die wêreld moes weet wie en wat Kotzé werklik is" (Scholtz, 2012b:10). Sy wou ander vroue teen hom waarsku, skryf *Huisgenoot* (Scholtz, 2012b:10).

*Huisgenoot* berig dat Sarita dadelik op die "gesiene boer" en "joviale karakter" verlief geraak het toe sy hom deur 'n SMS-diens vir enkellopendes ontmoet het (Scholtz, 2012b:10). Haar seuns Hennie en Hentie vertel egter dat hul ma 'n jaar later "'n Zombie" was "wat mal geraak het wanneer Johan praat" (Scholtz, 2012b:10). Die konflikraam is voortdurend in die storie versterk, omdat *Huisgenoot* spesifiek die misdadiger se rusie en twis met sy onskuldige slagoffer treffend raam (sien 2.6).

Sarita het "haar seer en wroeging" in die afspraakboek van haar eens florerende gastehuis neergepen, skryf *Huisgenoot* (Scholtz, 2012b:10). In die volgende paragraaf beskryf *Huisgenoot* haar inskrywings: "Uitroeptekens en dik penstrepe beklemtoon haar gevoelens" aldus die artikel (Scholtz, 2012b:10). En in haar eie woorde: "Ek haat jou met my hele hart. Ek verag jou" (Scholtz, 2012b:10).

Die gebruik van die slagoffer se direkte en emosionele woorde verpersoonlik die storie (sien 2.7). *Huisgenoot* raam die storie ook melodramaties en sensasioneel deur dié vereenvoudiging van nuus wat lesers se begrip en identifisering rakende die storie vergemaklik. Die menslikebelangraam figureer hier ook baie duidelik, omdat *Huisgenoot* die slagoffer se dramatiese, emosionele en persoonlike gevoelens direk uit haar dagboek aanhaal (sien 2.6).

Die oorsaak van Sarita se dood word nog ondersoek, luidens haar doodsertifikaat, maar moontlike oorsake is selfdoding of dat sy gesterf het weens 'n gebroke hart (Scholtz,

2012b:10-11). Volgens haar seuns het sy “weggekwyn nadat Kotzé haar verniel het” (Scholtz, 2012b:11). Hy het haar eers afgesonder van haar familie en haar seuns op hul plek gesit (Scholtz, 2012b:11). Sy skryf in haar dagboek dat Kotzé sê dis tyd dat hulle “inkraal” en “saam ’n pad begin loop” (Scholtz, 2012b:11). In Kotzé se kraal was daar egter nie plek vir haar gesin nie (Scholtz, 2012b:11).

*Huisgenoot* beklemtoon deurlopend die misdadiger van die storie en raam Kotzé se karakter en aksies vanuit die bronne se persoonlike perspektiewe. Die konflikraam is dus weer hier van toepassing, omdat die oortreder geraam word as ’n manipulerende psigopaat teenoor sy weerlose slagoffer. Die feit dat *Huisgenoot* hul bronne se persoonlike kommentaar gebruik om Kotzé te raam dui weer op die gebruik van die menslikebelangraam (sien 2.6).

Sarita en haar jongste seun Errie “was gou heeltemal van mekaar vervreem” nadat hy feitlik sy ma se huis belet is (Scholtz, 2012b:11). Tussen Hennie, Hentie en hul ma het die kloof ook “daagliks groter geword” en hulle sou eers ná haar dood in haar dagboek lees “dat sy soos ’n marionet in haar minnaar se hande was” (Scholtz, 2012b:11). *Huisgenoot* fokus hier weer op die raming van die oortreder, Johan Kotzé, deur emosionele vergelykings te tref.

In die volgende paragrawe beklemtoon *Huisgenoot* verder sy karakter. “Nadat hy haar van haar kinders vervreem het, het hy beheer oor haar tjekboek en geldsake geneem” skryf *Huisgenoot* (Scholtz, 2012b:11). Sy het hom R10 000 per maand betaal om haar geldsake te bestuur en daar was “klaarblyklik geen keer aan sy hebsug” toe hy hoor van die miljoene rande wat sy weens haar genetiese longsiekte van haar polisse sou kry (Scholtz, 2012b:11). Hy het Sarita op ’n keer in die plaashuis toegesluit totdat sy ’n kontrak onderteken het wat hom geldelik bevoordeel. “Dit het gevoel of hy ’n pistool teen my kop druk” skryf sy in haar dagboek (Scholtz, 2012b:11). Die ekonomiese raam is vir die eerste keer hier teenwoordig wanneer *Huisgenoot* berig oor die ekonomiese of geldelike gevolge wat die verhouding vir Sarita ingehou het (sien 2.6).

Sarita het die geldelike uitbuiting begin teenstaan en dit is toe dat “haar emosionele foltering werklik begin het” berig *Huisgenoot* (Scholtz, 2012b:11). Kotzé het haar afgekraak omdat sy liggaamlik swak was en sy is “Afrox-ie” gedoop weens haar suurstofmasker.

*Huisgenoot* beklemtoon deurlopend die uitbuiting, emosionele afpersing en twis in die storie en raam die storie dus prominent volgens die konflikraam (sien 2.6).

Uiteindelik is hul uitmekaar en Kotzé het Hennie gebel en gesê: “Ek sal nou sien wat met my ma gebeur” want hy sal nie toelaat dat sy, sy lewe verwoes nie (Scholtz, 2012b:11). “Kotzé se wraak was besonder siek” berig *Huisgenoot* (Scholtz, 2012b:11). Sarita se versekeraar het uitbetalings van miljoene rande asook haar ongeskiktheidstoelae aan haar gestaak, nadat Kotzé ’n video van Sarita wat ’n driewielmotorfiets ry aan hul gegee het (Scholtz, 2012b:11). “Dit het hul ma oor die afgrond gestoot” sê Hennie (Scholtz, 2012b:11). Die menslikebelang- en konflikrame is hier duidelik.

*Huisgenoot* berig dat sy kort daarna in haar slaap oorlede is en Kotzé se kil antwoord oor hul ma se dood was dat sy “alles oor haarself gebring het” (Scholtz, 2012b:11). “Hy het selfs hul biologiese pa gebel en gesê hy wil ook iets uit haar boedel hê. Hy is mal, mal, mal” sê Hentie (Scholtz, 2012b:11). Met hierdie aanhaling versterk *Huisgenoot* die konflikraam van die storie en gebruik dit ook in die volgende sin. Die broers is bitter spyt oor die “verlore tyd saam met hul ma weens die wig wat Kotzé tussen hulle ingedryf het” (Scholtz, 2012b:11). “’Ek dink beslis my ma is nou op ’n beter plek. Sy het hel op aarde gehad. My ma wou net ’n goeie man gehad het…’” sê Hentie (Scholtz, 2012b:11). Die gebruik van die menslikebelangraam word hier duidelik wanneer die broers se persoonlike kommentaar aangehaal is wat die storie emosioneel raam (sien 2.6).

Die nuus oor Kotzé se nuutste slagoffers het hulle geskok, berig *Huisgenoot.* “Hentie het die hele tyd gebid dat Kotzé nie selfmoord pleeg voor hy gevang word nie. ‘Hy moet boet vir sy dade’” sê Hentie (Scholtz, 2012b:11).

In die laaste paragrawe vertel *Huisgenoot* hoe Ina en Kotzé se verhouding begin het en die fokus skuif weg van sy vorige slagoffer, Sarita. “In Augustus 2009 het Kotzé die aas vir sy volgende slagoffer uitgegooi” berig *Huisgenoot* (Scholtz, 2012b:11). Tydens ’n vakansie in Mosambiek saam met Hennie het Johan om ’n kampvuur gevra of iemand hom nie kan voorstel aan ’n oulike vrou nie. Iemand het hom Ina se nommer gegee en hy het haar gebel en gesê: “Hallo, ek hoor ek gaan met jou trou” vertel Hennie (Scholtz, 2012b:11). Die menslikebelangraam (sien 2.6) is baie prominent in die vertelling gebruik om die misdadiger as ’n mens uit te beeld. *Huisgenoot* se beskrywing van sy identiteit en karakter verpersoonlik die misdaadstorie en raam dit sensasioneel (sien 2.7).

In die slotsin skryf *Huisgenoot* oor Johan en Ina se trou-DVD waar hy sê "hulle moet nou 'inkraal' en 'saam 'n pad begin loop.' Net soos hy eens aan Sarita gesê het…" (Scholtz, 2012b:11).

Die artikel eindig met 'n betekenisvolle boodskap wat die misdadiger verder as 'n skurk raam. Kotzé word dus regdeur die artikel as 'n skurk geraam. Eerstens in die hoofopskrif en ook deur grafiese beskrywings en aanhalings in die artikel en uiteindelik word die idee in die slotsin herhaal. Die menslikebelang- en konflikrame is ook deurlopend deur *Huisgenoot* gebruik in hul raming van die storie. *Huisgenoot* raam die storie ook sensasioneel (sien 2.6) deur die kleurvolle narratiewe vertelstyl, skokkende nuuselemente en die sterk verpersoonliking van die nuus wat deurentyd opvallend is. In die volgende afdeling word die raming van die derde voorbladstorie oor die "Modimolle-monster" bespreek.

**5.2.3. Raming van die derde artikel** (Scholtz, 2012c:12-13)



DEUR HERMAN SCHOLTZ

DEEL 2

MAN AGTER DIE MONSTER

Kennisse beskryf die moord-verdagte Johan Kotzé as 'n geldgierige moeilikheidmaker met baie vriende én vyande

HY'S 'n enigma. Onbeskryflik wreed met 'n draadknipper en braaitang in die hand teenoor sy slagoffer, maar 'n patetiese hopie in die beskuldigebank. 'n Man wie se vriende sy donker kant gesien het, maar sy vriende gebly het.

Een ding is seker: Johan Kotzé van Modimolle is 'n aartsmanipuleerder. Hoe ironies dan dat hy gereeld vir vriende vertel het hy haat sy stiefseun omdat dié 'n "meester-manipuleerder" was.

Aan sy vriende het die man wat as die Monster van Modimolle bekendstaan nadat hy sy vrou gemartel en laat verkrag het, nog 'n maand gelede vertel dit gaan weer goed met hom en Ina en hy kom nou beter oor die weg met sy stiefseun, Conrad Bonnette.

In werklikheid was sy gevaarlike obsessie met Ina en sy haat vir Conrad aan die toeneem.

"As ek haar tog maar net op die troue gewaarsku het," sê Nita van Zyl, een van die mense wat ondanks alles wat hulle van Kotzé geweet het, tog met hom bevriend gebly het. "Sy het nie die monster geken wat ons al gesien het nie . . ."

Toe Kotzé van Ina vervreemd raak, het hy by Nita en haar man, Kassie, se gastehuis in Bloemfontein gaan afpak.

Sy wonder of die tragedie op Modimolle verhoed kon gewees het as meer mense uit sy verlede Ina gewaarsku het. Nou, ná als, is daar so baie verhale oor die raaiselagtige geweldenaar . . .

KOTZÉ het teenoor vriende na homself as 'n hoerkind verwys en vertel hy het drie ma's gehad. Sy biologiese ma, so vertel hy aan vriende, wou hom laat abo…

HOOFFOTO: Johan Kotzé in die Modimolle-landdroshof. LINKS: Johan en Ina op hul troudag.

12 | 26 Januarie 2012 huisgenoot.com

In die artikel lees die hoofopskrif: **MAN AGTER DIE MONSTER** (Scholtz, 2012c:12). Johan Kotzé sit in die beskuldigingsbank van die Modimolle-landdroshof en betogers

met plakkate is sigbaar in die agtergrond van die hooffoto. Die moraliteitsraam is hier prominent gebruik om die beskuldigde sterk as ’n misdadiger te raam (sien 2.6). Die betogers neem ’n morele standpunt in teen die wreedaard en *Huisgenoot* gebruik die moraliteitsraam om die emosie en impak van die storie te verhoog (sien 2.6).

Op nog ’n foto soen Johan Ina in die nek op hul troudag. Die konflikraam is hier gebruik, omdat die twee foto’s sterk kontrasterende idees uitbeeld (sien 2.6). Ina word hier liefdevol in haar nek gesoen deur haar nuwe man en in die ander foto sit hy uitdrukkingloos in ’n beskuldigingsbank op aanklagte van moord.

*Huisgenoot* se raming van die beskuldigde volgens die konflikraam (sien 2.6) verhoog reeds die drama en spanning van die storie in die subopskrif: **Kennisse beskryf die moordverdagte Johan Kotzé as ’n geldgierige moeilikheidmaker met baie vriende én vyande** (Scholtz, 2012c:12). Die raming van die moordverdagte is ooreenstemmend met die vorige artikel. Johan Kotzé se identiteit word vasgevang in sy monster-noemnaam en *Huisgenoot* gebruik die konflikraam om hom duidelik in die foto’s en opskrifte as ’n oortreder te raam (sien 2.6).

Op bladsy dertien is die onderstaande foto’s van ondermeer die slagoffers gepubliseer.



HG EKSKLUSI

Toe was daar sy aanneemma van Gobabis in Namibië, en sy aanneempa se nuwe vrou, wat hom op Prieska versorg het.

’n Gesinsvriend vertel Kotzé was sommer vroeg in sy lewe al ’n omstrede figuur op Prieska. Hy en sy aanneempa het stry gekry en later net deur prokureurs met mekaar gepraat. Nadat die man oorlede is, het hy en die familie uitgeval oor die boedel.

Omdat hy vet was, het die dorpenaars hom “Varkboude” genoem en “MacGyver” weens sy karakter en haarstyl. Die meeste mense het niks goeds oor hom te sê nie.

Prieska gons oor die gruwelade op Modimolle waarvan hy beskuldig word. Hy het Prieska in die middel 90’s verlaat, maar die gemeenskap voel hy beswadder hul dorp se naam.

In die plaaslike kroeg stem almal saam: Hy is ’n “werfetter” wat skuldig bevind moet word en die res van sy lewe in die tronk moet bly.

Tog al ’n vriendin hy het baie vriende gehad. En vyande, synde die dorp se destydse balju.

Daar word nou weer druk gesels oor die skietery waarin hy nog betrokke was toe hy die balju was. ’n Koeël het Bet Botha (64) getref terwyl sy na ’n buitetoilet gehardloop het en sy is dood. Kotzé is destyds van moord aangekla, maar later vrygespreek.

## ’n Prokureur in Bloemfontein hanteer eise van R2 miljoen teen hom van vroue wat sê hy het hulle ingeloop

Dorpenaars voel die moordsaak moet nou heropen word.

Kotzé het dikwels skoor gesoek, sê Francois Wolfaardt, die prokureur namens wie Kotzé ’n lasbrief uitgevoer het toe Bet doodgeskiet is. Hy was geldgierig en wou tot elke prys wen. Alles was vir hom ’n wedloop.

Tog hou sommige inwoners vol Kotzé was nie altyd ’n slegte mens nie. Ben Naudé, ’n slaghuiseienaar, sê Kotzé het dikwels anoniem vleis aan behoeftige mense geskenk en het ook ruim bygedra tot die Agapékerk op die dorp.

Nita van Zyl, by wie Kotzé gebly het.

Hy en ander wil in ’n hoekie gaan sit en huil oor wat op Modimolle gebeur het. “Dis nie die Johan wat ons ken nie. Hy moes mal geraak het. Sy kop moes uitgehaak het.”

Maar sy vyande op die dorp sê hy het Bloemfontein toe getrek omdat dinge op Prieska vir hom te warm geraak het.

Dis daar waar hy vir Nita ontmoet het. Sy het by Absa gewerk en Kotzé het haar aan sy goeie vriend Kassie voorgestel. Die twee is later getroud.

Hy het geld by Kassie begin leen, soos by baie ander mense, en dit dikwels nie terugbetaal nie. Daar is verskeie siviele eise teen Kotzé. ’n Prokureur in Bloemfontein hanteer eise van sowat R2 miljoen teen hom, almal van vroue wat sê hy het hulle ingeloop.

Kotzé is baie sjarmant en hy weet net hoe om mense se vertroue te wen,

sê Nita. “Hy onthou altyd vir wie hy waar gelieg het en oor wat.”

Sy het nie veel van sy verhouding met Ina geweet voor die troue in Oktober 2010 nie. Daarna het hy Modimolle toe getrek en “deels uit ons lewe verdwyn”.

Maar in Julie verlede jaar het hy weer by hulle in hul gastehuis in Bloemfontein kom bly toe hy en Ina uitmekaar is. Hy het hom gou weer in die Van Zyls se lewe ingewurm en selfs die kinders oor hul gedrag berig.

HY HET aan Nita probeer voorskryf hoe sy haar huishouding moet bestuur en selfs vir haar en Kassie huweliksraad gegee. “Hy het altyd raad en antwoorde vir alles en almal gehad, maar net nie vir homself nie,” vertel sy.

Hy het by Nita en Kassie gekla oor sy vervreemde vrou en stiefseun, maar tog wou hy haar terughê. Op hul huweliksherdenking het hy ’n romantiese SMS aan haar gestuur.

Teenoor hulle het hy altyd gespog met sy mooi vrou met die ferm borste. Dieselfde borste waarin hy spykers gedruk het toe dit duidelik word sy gaan hom nie terugvat nie . . .

“Johan het kwaad geword as hy nie sy sin gekry het nie,” sê sy. “Alles gaan oor hom. Dis hoekom hy nie kon selfmoord pleeg nadat hy gevlug het nie: hy is te lief vir homself . . .”

LINKS: Conrad Bonnette se kis met sy foto daarop. LINKS BO: Sy ma word op die begrafnis vertroos. BO: Die Kotzé-gesin toe hulle nog saamgewoon het.

huisgenoot.com | 13

Een wys "Conrad Bonnette se kis met sy foto daarop" en 'n foto van Ina wat vertroos word by sy begrafnis (Scholtz, 2012c:13). 'n Foto van "die Kotzé-gesin toe hulle nog saamgewoon het" is regs onder geplaas en heel bo verskyn 'n foto van "Nita van Zyl, by wie Kotzé gebly het" (Scholtz, 2012c:13).

*Huisgenoot* het slegs een greep uitgelig in die artikel: **'n Prokureur van Bloemfontein hanteer eise van R2 miljoen teen hom van vroue wat sê hy het hulle ingeloop** (Scholtz, 2012c:13). Die konflik- en ekonomiese rame figureer hier weer prominent en dra by tot die raming van die moordverdagte as 'n skurk (sien afdeling 2.6).

*Huisgenoot* se dramatiese narratief is weer duidelik in hul raming van die artikel. In die inleiding skryf *Huisgenoot:* "Hy's 'n enigma"; "Onbeskryflik wreed met 'n draadknipper en braaitang in die hand teenoor sy slagoffer, maar 'n patetiese hopie in die beskuldigebank. 'n Man wie se vriende sy donker kant gesien het, maar sy vriende gebly het" (Scholtz, 2012c:13).

*Huisgenoot* gebruik die skokkende beelde van die draadknipper en braaitang om die leser te herinner aan die wrede geweldsmisdaad. Die beelde is visueel boeiend en dit versterk ook die konflikraam van die storie, maar dan beskryf *Huisgenoot* Kotzé as 'n patetiese hopie. Die vergelyking tussen die twee kontrasterende beelde verhoog die drama van die storie.

Die prosavertelstyl wat *Huisgenoot* hier gebruik raam die storie sensasioneel, omdat dit lesers se emosionele reaksies saam met die drama van die storie verhoog (sien 2.7). *Huisgenoot* skryf: "Johan Kotzé van Modimolle is 'n aartsmanipuleerder" (Scholtz, 2012c:12). Wat ironies is omdat hy dikwels sy vriende vertel het hoe hy sy stiefseun haat, omdat hy 'n "meester-manipuleerder" was, berig *Huisgenoot* (Scholtz, 2012c:12).

*Huisgenoot* verwys in die volgende sin na "die man wat as die Monster van Modimolle bekend staan" (Scholtz, 2012c:12). In hierdie artikel fokus *Huisgenoot* uitsluitlik op Johan Kotzé, die "man agter die monster," soos wat die hoofopskrif suggereer (Scholtz, 2012c:12). *Huisgenoot* delf diep in sy verlede en haal bronne aan wie hom persoonlik geken het en raam dus die storie volgens die menslikebelangraam (sien 2.6).

Nita van Zyl is een van die hoofbronne van die artikel. Sy en haar man was vriende van Kotzé en *Huisgenoot* skryf dat sy wonder of die "tragedie op Modimolle" verhoed kon

gewees het. “As ek haar tog maar net op die troue gewaarsku het” sê Nita, “Sy het nie die monster geken wat ons al gesien het nie…” (Scholtz, 2012c:12).

In die volgende paragraaf is daar nog ’n betekenisvolle beskrywing van Kotzé as ’n “raaiselagtige geweldenaar” en verder in die artikel vertel *Huisgenoot* dat Kotzé na homself verwys het as ’n “hoerkind” met drie ma’s (Scholtz, 2012c:12). *Huisgenoot* se raming van die beskuldigde versterk duidelik die konflikraam van die storie. Vriende vertel dat Kotzé geglo het sy biologiese ma wou hom laat aborteer (Scholtz, 2012c:12,13). Dan was daar ook sy aanneemma in Gobabis in Namibië en sy aanneempa se nuwe vrou, wat hom op Prieska versorg het (Scholtz, 2012c:13).

*Huisgenoot* is besonder beskrywend in hul raming van die moordverdagte. Die konflik- en menslikebelangrame figureer ook deurlopend in die artikel soos wat *Huisgenoot* die vertellers se kommentaar weergee vanuit ’n persoonlike en emosionele invalshoek (sien 2.6).

*Huisgenoot* berig dat Kotzé vroeg in sy lewe reeds ’n “omstrede figuur” was op Prieska en dat die meeste mense niks goed oor hom te sê het nie (Scholtz, 2012c:13). *Huisgenoot* fokus hier op die kommentaar van die Prieska-gemeenskap wat meen Kotzé “beswadder hul dorp se naam” (Scholtz, 2012c:13).

“Omdat hy vet was, het die dorpenaars hom ‘Varkboude’ genoem en ‘MacGyver’ weens sy karakter en haarstyl” berig *Huisgenoot* (Scholtz, 2012c:13). In ’n plaaslike kroeg in Prieska beskryf iemand hom ook as ’n “‘werfetter’ wat skuldig bevind moet word en die res van sy lewe in die tronk moet bly” (Scholtz, 2012c:13).

Die konflikraam word versterk wanneer *Huisgenoot* die bogenoemde bronne se negatiewe kommentaar aanhaal. Die raming van Kotzé as ’n skurk, wat in die vorige artikel bevestig is, word ook in die volgende paragrawe versterk.

*Huisgenoot* berig dat Kotzé, die dorp se destydse balju, van moord aangekla maar later vrygespreek is (Scholtz, 2012c:13). ’n Prokureur, Francois Wolfaardt, wat namens Kotzé ’n lasbrief uitgevoer het ná Bet Botha doodgeskiet is, sê Kotzé was geldgierig en het dikwels skoor gesoek. *Huisgenoot* skryf Kotzé wou tot elke prys wen en alles was vir hom ’n wedloop (Scholtz, 2012c:13).

Ben Naudé, ’n slaghuiseienaar, vertel weer dat Kotzé dikwels “vleis aan behoeftige mense geskenk” en “ruim bygedra” het tot die kerk op die dorp (Scholtz, 2012c:13).

Die menslikebelangraam figureer weer wanneer *Huisgenoot* skryf die gemeenskap wil “in ’n hoekie gaan sit en huil oor wat op Modimolle gebeur het” (Scholtz, 2012c:13). “Dis nie die Johan wat ons ken nie” sê Ben. “Hy moes mal geraak het. Sy kop moes uitgehaak het” (Scholtz, 2012c:13).

Die moordverdagte is duidelik volgens die konflikraam geraam, omdat *Huisgenoot* Kotzé se omstrede verlede aangrypend raam. Die artikel bepreek sy goeie en slegte karaktereienskappe, maar *Huisgenoot* se negatiewe raming van Kotzé is dominant. Dit geld ook in die volgende paragraaf waar *Huisgenoot* die ekonomiese raam gebruik om die drama van die storie te verhoog.

Van Prieska het Kotzé na Bloemfontein getrek, berig *Huisgenoot,* waar ’n prokureur eise van sowat R2 miljoen teen hom hanteer, “almal van vroue wat sê hy het hulle ingeloop” (Scholtz, 2012c:13).

*Huisgenoot* verpersoonlik ook deurlopend die nuus deur die bronne se persoonlike en emosionele kommentaar te gebruik in hul raming van die misdaadstorie (sien 2.7). Volgens Jewkes (2004:44) is die verpersoonliking van nuus ook ’n vorm van vereenvoudiging, omdat lesers maklik stories oor mense interpreteer.

Kotzé se vriendin Nita, wat getroud is met sy vriend Kassie, sê hy is “baie sjarmant en hy weet net hoe om mense se vertroue te wen” (Scholtz, 2012c:13). “Hy onthou altyd vir wie hy waar gelieg het en oor wat” sê sy.

Die menslikebelangraam figureer hier baie prominent wanneer *Huisgenoot* Nita se woorde aanhaal wat die karakter van die “Modimolle-monster” beskryf. Dit is ook duidelik in die daaropvolgende paragrawe.

Van Bloemfontein het Kotzé na Modimolle getrek en “deels uit ons lewe verdwyn” vertel Nita. Hy het egter teruggekeer nadat hy en Ina uitmekaar is. Nita vertel: “Hy het hom gou weer in die Van Zyls se lewens ingewurm en selfs die kinders oor hul gedrag betig” (Scholtz, 2012c:13).

*Huisgenoot* berig dat Kotzé vir Nita voorgeskryf het hoe om haar huishouding te bestuur en huweliksraad vir haar en Kassie gegee het. “Hy het altyd raad en antwoorde vir alles en almal gehad, maar net nie vir homself nie” vertel sy (Scholtz, 2012c:13). *Huisgenoot* gebruik hier weer die menslikebelangraam in hul emosionele benadering tot die storie (sien 2.6).

Nita vertel dat hy gekla het oor sy vervreemde vrou en stiefseun, maar hy wou haar tog terug hê. Teenoor hulle het hy altyd gespog oor sy mooi vrou met die ferm borste (Scholtz, 2012c:13). *Huisgenoot* skryf: “Dieselfde borste waarin hy spykers gedruk het toe dit duidelik word sy gaan hom nie terugvat nie…” (Scholtz, 2012c:13). *Huisgenoot* gebruik die konflikraam (sien 2.6) baie effektief in hul raming van die bogenoemde sin deur grafiese beelde te gebruik wat skokwaarde het.

Die artikel sluit dan af met nog ’n aanhaling van Nita wat die menslikebelang- en konflikrame versterk. “Johan het kwaad geword as hy nie sy sin gekry het nie. Alles gaan oor hom, dis waarom hy nie kon selfmoord pleeg nadat hy gevlug het nie; hy is te lief vir homself…” (Scholtz, 2012c:13).

Die prosavertelstyl asook *Huisgenoot* se seleksie van skokkende nuuselemente wat sterk emosies uitlok, raam die storie sensasioneel (sien 2.7). *Huisgenoot* vereenvoudig ook die nuus deur die persoonlike en emosiebelaaide kommentaar van die bronne te beklemtoon, sodat die leser die storie emosioneel kan interpreteer (sien 2.7). Die storie kry emosionele betekenis vir die leser – ’n proses wat bekendstaan as verpersoonliking wat volgens Kitch (2009:31) dui op sensasionalisme.

Hierdie verpersoonliking van nuus dui ook op die menslikebelangraam (sien 2.6) wat *Huisgenoot* gebruik om ’n menslike element van gevoel en persoonlikheid aan hul stories te verleen. Deur *Huisgenoot* se effektiewe gebruik van die konflikraam (sien 2.6) is die moordverdagte Johan Kotzé geraam as ’n wrede skurk en psigopaat.

In die volgende afdeling word die raming van die vierde voorbladstorie oor die “Modimolle-monster” bespreek.

**5.3. Die 'Modimolle-monster' op die voorblad, 2 Februarie 2012**




**5.3.1. Raming op die voorblad**

Elvis Blue spog met sy babadogter op die *Huisgenoot*-voorblad van 2 Februarie 2012. *Huisgenoot* berig oor **'n Splinternuwe huis vir die Idol en sy vrou**, maar 'n skok-prik steel die aandag weg van die glimlaggende pa en dogter. **HY KON MY NOG 66 KEER MARTEL, MAAR MOES HY MY KIND VAT?** Bo-aan die emosiebelaaide prik is 'n foto van Ina Bonnette met die volgende inleidende prikke: **MODIMOLLE-MONSTER INA VERTEL ALLES.**

Die prikke is prominent langs die *Huisgenoot*-naam geplaas en dit vertoon indrukwekkend in groot, vetgedrukte blou, rooi en wit teks. Die "Modimolle-monsterstorie" is ook eerste op die agenda op bladsy ses geplaas terwyl Elvis en sy nuwe huis eers op bladsy sestien verskyn.

*Huisgenoot* gebruik die bekende slagoffer van die Modimolle-monstertragedie om die storie emosioneel te raam. Die gebruik van Ina se treffende woorde soos "martel" en die

vraag “moes hy my kind vat?” verhoog die drama en emosie verwant aan die storie en raam die storie sensasioneel (sien 2.7).

Ina Bonnette se identiteit en persoonlikheid word hier spesifiek volgens die menslikebelangraam beklemtoon (sien 2.6). Haar hartseer weerklink in die prik en ’n foto wys die emosie op haar gesig waar sy met huilerige oë in die verte staar. **INA VERTEL ALLES** verkondig die voorbladprik. *Huisgenoot* raam die storie dus slagoffer-gesentreerd en vereenvoudig en verpersoonlik die beriggewing deur die bekende slagoffer, Ina Bonnette se hartroerende vertelling as invalshoek te gebruik (sien 2.7).

Volgens Froneman (2002:59) is nuus ’n produk wat aantreklik geraam word om die kommersiële sukses van ’n publikasie te verseker. *Huisgenoot* raam hierdie storie aangrypend en vermaaklik op hul voorblad deur die keuse van foto, die kleur en grootte van die teks, asook die emosionele bewoording van die prik, treffend te kombineer om verkope van die tydskrif aan te moedig.

**5.3.2. Raming van die vierde artikel** (Scholtz, 2012d: 6-9)


HG EKSKLUSIEF

OPVOLG

EK SAL DIÉ STORM OORLEEF

Ina Bonnette praat met ons oor die wrede aanval op haar deur die Modimolle-monster en die verlies van haar lieflingkind

Deur HERMAN SCHOLTZ
Foto's: ER LOMBARD

WANNEER Ina Bonnette in die spieël na haar geskende lyf kyk, sien sy haar liggaamsdele asof dit stoele en tafels is.

Johan Kotzé het eers haar menswees afgetakel en nou voel haar liggaam ook vir haar dood.

Digte reën versluier die eksklusiewe wegbreekplek in die berge van Limpopo waar sy en haar dogter, Angelique, ’n paar dae lank stilte kom soek het ná die storm van geweld wat in hul lewe losgebars het.

Vanoggend het sy nog ’n druppel op ’n blaar gesien en gedink dis baie simbolies. Elke druppel beteken nuwe lewe, iets waarna sy nog smag, want toe sy kort daarna in die spieël kyk, het ’n lewelose beeld na haar teruggestaar.

Tog wil sy eendag weer Kotzé, haar vervreemde man en folteraar, in die oë kyk.

“Ek wil vir hom sê hy het baie dinge van my af weggevat, maar hy sal my nie breek nie. Ina Bonnette is ’n taai toffie.”

TWEE weke ná die wrede aanval op haar en die moord op haar seun, Conrad, is Ina die eerste keer regtig ’n wrak. Sy was eers sterk. Dalk te sterk.

Sy vertel sy het die vorige aand nagmerries gehad waarin sy die pyn van die verminking en verkragting kon voel. Dis pyn wat sy nou eers onthou sy ervaar het. Voorheen het sy net gedroom hoe sy by die huis in Modimolle inloop en oorval word.

“Ek het vanmôre wakker geword en die eerste keer iets gevoel. Haat. Wraak. Selfverwyt,” sê sy waar sy uitkyk oor Limpopo

(Blaai om)

Die voorbladfoto beslaan amper ’n dubbelbladsy en dit raam die slagoffer besonder indrukwekkend. Ina en haar dogter omhels mekaar in die mistige bosveld op ’n modderpad. Hulle hou ’n sambreel oor hul koppe teen die reën en kyk albei direk na die kamera. In die foto is Ina se postuur regop en sterk en ’n gedetermineerdheid wys op haar gesig terwyl sy haar dogter beskermend vashou.

*Huisgenoot* skryf in die subopskrif: **Ina Bonnette praat met ons oor die wrede aanval op haar deur die Modimolle-monster en die verlies van haar lieflingkind** (Scholtz, 2012d: 6-9). Die hoofopskrif: **EK SAL DIÉ STORM OORLEEF** dra ook by tot die emosionele raming van die slagoffer (Scholtz, 2012d:6). Die “storm” wat sy sal oorleef is ook in die foto uitgebeeld en dit versterk die boodskap van die hoofopskrif.

Die stormbeeld figureer weer in die fotobyskrif: “’n Maand ná die wreedaardige aanval op haar sê Ina Bonnette die pad lê soos ’n berg voor haar en haar dogter, Angelique, maar dat sy seker is die son sal weer skyn. Dié twee het ’n paar dae in Limpopo gaan rus en stilte soek ná die storm van geweld wat in hul lewe losgebars het op daardie dag in Januarie vanjaar” skryf *Huisgenoot* (Scholtz, 2012d:6).

Die kleurvolle narratief wat *Huisgenoot* hier gebruik is kenmerkend van die geelpers en sensasionalisme (sien 2.7). *Huisgenoot* gebruik ook die menslikebelangraam in die artikel, om die storie op so ’n wyse te raam dat die leser Ina se boodskap emosioneel interpreteer (sien 2.6).

Op bladsy agt verskyn die voorbladfoto van Ina Bonnette weer (sien die volgende bladsy). *Huisgenoot* skryf in die fotobyskrif: “Die aanval op haar en die verlies van haar seun het nou eers vir Ina ’n werklikheid geword” (Scholtz, 2012d:8).




Ina word ook deur *Huisgenoot* aangehaal waar sy sê: "Ek is soos 'n hardekoolboom – moeilik om af te breek" (Scholtz, 2012d:8). *Huisgenoot* se raming van die storie is duidelik slagoffer-gesentreerd en die effektiewe gebruik van Ina se direkte woorde wat beskryf hoe sy die situasie ervaar verpersoonlik die storie (sien afdeling 2.7).

Op bladsy nege verskyn die twee onderstaande foto's wat voorheen geplaas is weer.


plantings, wat sy vroeër om mediese redes gekry het, was stukkend en is reeds vervang.

Twee van die wonde aan haar bors waarin Kotzé spykers gedruk het, het septies geraak. Aan die inwendige skade aan haar geslagsdeel, waarin hy 'n braaitang en fonduevurk opgedruk het, kan die dokters niks doen nie. Sy sit moeilik en moet maar wag dat die beserings self genees.

Haar eerste prioriteit is nou om 'n

FOTO VERSKAF

LINKS ONDER: Ina by haar vermoorde seun, Conrad (19), wie se lag sy nooit weer sal hoor nie. ONDER: Maar hy sal ook nie sy stiefpa, Johan Kotzé (regs), eendag in die hemel hoef te sien nie, sê sy ma.

Die een foto wys "Ina by haar vermoorde seun Conrad (19), wie se lag sy nooit weer sal hoor nie" skryf *Huisgenoot* in die fotobyskrif (Scholtz, 2012d:9). In die tweede foto staan Conrad langs sy moordenaar. "Maar hy sal ook nie sy stiefpa, Johan Kotzé (regs),

eendag in die hemel hoef te sien nie, sê sy ma" (Scholtz, 2012d:9). *Huisgenoot* raam die storie sensasioneel deur die gebruik van hierdie skokkende beskrywings wat emosionele reaksies by lesers uitlok. Op bladsy nege verskyn die enigste greep wat in die artikel voorkom **Sy het gesmag na 'n spesiale man wat net goed vir haar sou wees** en dit dra by tot die emosionele raming van die storie (Scholtz, 2012d:9).

In die inleiding skryf *Huisgenoot*: "Wanneer Ina Bonnette in die spieël na haar geskende lyf kyk, sien sy haar liggaamsdele asof dit stoele en tafels is" (Scholtz, 2012d:7). *Huisgenoot* berig dat Johan Kotzé eers haar "menswees afgetakel" het "en nou voel haar liggaam ook vir haar dood" (Scholtz, 2012d:7). *Huisgenoot* gebruik hier treffende beskrywings en vergelykings om die emosionele impak van die vertelling te verhoog volgens die konflik- en menslikebelangrame.

In die volgende paragraaf volg nog 'n kleurvolle beskrywing oor die digte reën wat hul wegbreekplek "versluier" en die sin oor die "storm van geweld wat in hul lewe losgebars het" word herhaal (Scholtz, 2012d:7). Die druppel water wat Ina die oggend op 'n blaar gesien het simboliseer vir haar die nuwe lewe waarna sy nog smag berig *Huisgenoot* (Scholtz, 2012d:7). Die emosie van die vertelling is besonder sterk en *Huisgenoot* beklemtoon emosiebelaaide woorde soos "smag" en "nuwe lewe" in hul raming van die storie wat die menslikebelangraam versterk. In die volgende paragraaf verhoog die konflik van die storie weer.

*Huisgenoot* skryf "toe sy kort daarna in die spieël kyk, het 'n lewelose beeld na haar teruggestaar" (Scholtz, 2012d:7). Ina wil haar "folteraar" weer in die oë kyk. "Ek wil vir hom sê hy het baie dinge van my af weggevat, maar hy sal my nié breek nie. Ina Bonnette is 'n taai toffie" (Scholtz, 2012d:7).

In hierdie eerste afdeling maak *Huisgenoot* sterk gebruik van die menslikebelangraam, omdat die slagoffer, Ina Bonnette, die middelpunt van die storie is en *Huisgenoot* lewer hoofsaaklik berig vanuit haar emosionele en persoonlike perspektief. Verder beklemtoon *Huisgenoot* woorde en beskrywings met sterk emosionele konnotasies soos die stoele en tafel liggaamsdele, die storm, die druppel, die lewelose beeld en die taai toffie in hul narratiewe vertelling van gebeure (Scholtz, 2012d:7).

In die volgende afdeling is dié prosastyl van beriggewing wat *Huisgenoot* gebruik weer duidelik. *Huisgenoot* skryf in die eerste paragraaf: "Twee weke ná die wrede aanval op

haar en die moord op haar seun, Conrad, is Ina die eerste keer regtig 'n wrak. Sy was eers sterk. Dalk té sterk" berig *Huisgenoot* (Scholtz, 2012d:7).

In die volgende paragrawe raam *Huisgenoot* die storie ongelooflik emosioneel deur Ina se tragiese vertelling van wat sy van die tragedie onthou in haar eie woorde deur te gee. *Huisgenoot* verpersoonlik hier die nuus en raam die storie dus sterk volgens die menslikebelangraam.

Ina vertel van haar nagmerrie "waarin sy die pyn van die verminking en verkragting kon voel" (Scholtz, 2012d:7). "Dis pyn wat sy nou eers onthou sy ervaar het" berig *Huisgenoot* (Scholtz, 2012d:7). Hier is die konflikraam gebruik om die drama en emosie van die storie te verhoog deur die beklemtoning van emosiebelaaide woorde. "Ek het vanmôre wakker geword en die eerste keer iets gevoel" sê Ina (Scholtz, 2012d:7). "'Haat. Wraak. Selfverwyt,' sê sy waar sy uitkyk oor Limpopo se berge en valleie" (Scholtz, 2012d:7-8).

*Huisgenoot* skryf in die volgende sin: "Haar hand wat die koffiebeker vashou, bewe en druppels loop oor haar hand" (Scholtz, 2012d:8). Hierdie kragtige gebruik van emosie en sterk gevoel in *Huisgenoot* se aangrypende narratiewe, raam die storie sensasioneel ooreenstemmend met poniejoernalistiek (sien 2.7).

Ina vertel verder dat sy nie meer trane oorgehad het nie. Sy was bang sy kom "hard en gevoelloos voor" omdat slaap- en kalmeerpille haar emosies uitdoof berig *Huisgenoot* (Scholtz, 2012d:8). Sy het egter nou besef dat dit nie 'n verhaal van 'n fiktiewe karakter is nie (Scholtz, 2012d:8). "Dit is háár verhaal. Die storie van Ina Bonnette" (Scholtz, 2012d:8). Hier figureer die menslikebelangraam besonder prominent, omdat Ina die menslike element van die storie versterk. Dit is die tragiese storie van die slagoffer van die "Modimolle-monster", Ina Bonnette, en sy is die gesig en persoon agter die tragedie (sien 2.6).

*Huisgenoot* skryf: Ina "vat-vat aan haar agterkop" waar Kotzé haar hare afgesny het (Scholtz, 2012d:8). Hy wou haar "vieslik maak sodat niemand weer in haar sal belangstel nie" en haar familie uitwis sodat sy alleen agterbly met die letsels "wat haar altyd aan sy dade sou herinner" (Scholtz, 2012d:8). *Huisgenoot* raam die storie voortdurend emosioneel en verskriklik deur die gebruik van hierdie skokkende

nuuselemente wat emosie uitlok (sien 2.7). Die konflikraam figureer ook hier prominent en dit word ook in die volgende paragrawe versterk deur grafiese beelde (sien 2.6).

*Huisgenoot* vertel hoe Kotzé "voor en agter" voorwerpe in haar opgedruk het en dat hy selfs die bloeding gekeer het deur staaldruppels oor haar te gooi (Scholtz, 2012d:8). "Hy was so siek dat hy haar afgelek het ná die verkragting" berig *Huisgenoot* (Scholtz, 2012d:8). Deur die insluiting van hierdie inligting verhoog *Huisgenoot* die skokwaarde van die storie deur die misdaad grafies en visueel boeiend volgens die konflikraam te raam.

In die volgende paragraaf is die moraliteitraam weer teenwoordig. Ina se oë "skiet vol trane" toe *Huisgenoot* haar uitvra oor emeritus-aartsbiskop Desmond Tutu se mening dat Kotzé nie gebrandmerk moet wees as die "Modimolle-monster" nie, omdat hy 'n kind van God bly. "Hoe kan 'n kind van God iemand anders se onskuldige kind wegneem?" sê sy emosioneel (Scholtz, 2012d:8).

Sy het ook die dominee by haar seun se begrafnis gewaarsku dat hy nie moet sê "haar kind se dood was die Here se wil nie" (Scholtz, 2012d:8). "Hy moet uit Psalm 10 (1953-vertaling) preek oor die booswig, was haar opdrag: 'Sy mond is vol van vloek en bedrog en verdrukking; onder sy tong is moeite en onreg. Hy sit in die hinderlae by die dorpe; in skuilplekke maak hy die onskuldige dood; sy oë loer op die ongelukkige'" (Scholtz, 2012d:8). *Huisgenoot* versterk die konflik- en moraliteitraam van die storie wanneer hulle die teksvers aanhaal wat die oortreder, volgens die Bybel, besonder negatief raam (sien 2.6).

Die emosie van die storie is aangrypend deur *Huisgenoot* geraam, veral waar die tydskrif berig die trane "vloei weer vrylik oor haar wange" terwyl sy nog 'n sigaret opsteek (Scholtz, 2012d:8). "Hy kon wat hy aan my gedoen het, 66 keer oor gedoen het, maar moes hy my kind vat?" sê Ina (Scholtz, 2012d:8). Die raming van die hele storie word opgesom in die aanhaling. Hierdie vers is ook in die voorbladprik gebruik en die feit dat *Huisgenoot* dié sin geselekteer het dui op die prominente gebruik van die menslikebelangraam (sien 2.6). Die slagoffer se rou emosie en hartseer word hier duidelik oorgedra en *Huisgenoot* gebruik die treffende boodskap as 'n direkte aanhaling om sodoende die nuus te verpersoonlik.

“Dit sink nou eers by haar in sy sal Conrad se lag nooit weer hoor nie, hom nooit weer kan soen soos daardie laaste oggend toe hulle op die bed gelê en lag en gesels het nie, min wetende hy sou die dag sterf” (Scholtz, 2012d:8). *Huisgenoot* raam die storie sensasioneel deur ’n dramatiese en emosionele prosavertelstyl te gebruik en raam die storie volgens die menslikebelangraam, sodat die leser juis emosioneel sal reageer op die inhoud. Die volgende sin is soortgelyk geraam.

In die briefie wat sy in haar seun se kis gesit het, wou sy die volgende ook byskryf: “Ns. Hy is dood. Jy hoef hom nooit weer te sien nie, want jy gaan reguit hemel toe en hy sal nie daar wees nie” (Scholtz, 2012d:8).

Hierna verskuif *Huisgenoot* die fokus na die oortreder en versterk daarmee die konflikraam van die storie. Die woorde van die greep word hier herhaal. Ina het ongeag van voorkoms en geld vir ’n man gesoek “wat net goed vir haar sal wees” (Scholtz, 2012d:8). *Huisgenoot* beskryf ook die manier waarop Ina die oortreder op sy van aanspreek. Sy noem hom “Kotzé” “met die klem ironies sterk op die ‘o’, asof dit haar mond walg” skryf *Huisgenoot* (Scholtz, 2012d:8). Die konflikraam is hier gebruik om die drama van die storie te verhoog.

Ina vertel dat hy haar met sy “gladde bek” oor die foon beïndruk het en dat hulle ’n maand later mekaar by ’n Pretoriase vulstasie ontmoet het. *Huisgenoot* skryf dat dit die begin was van ’n huwelik wat ook rampspoedig sou eindig soos al Kotzé se vorige verhoudings met “weduwees, geskeides en weerloses” (Scholtz, 2012d:9) Die afdeling eindig met Ina se woorde: “Hy het gedink ek is ryk, ja. Nou het ek niks” (Scholtz, 2012d:9). In die raming van die storie gebruik *Huisgenoot* die konflikraam prominent wanneer hul op die misdadiger van die storie fokus. Kotzé word stereotipies as ’n psigopatiese geweldenaar geraam en *Huisgenoot* gebruik treffende beskrywings en emosiebelaaide woorde in hul raming van die oortreder om die intensiteit van die storie te verhoog.

In die volgende afdeling berig *Huisgenoot* verder oor hul verhouding. Die gevaartekens was altyd daar, besef Ina as sy terugkyk (Scholtz, 2012d:9). Hy het haar grootste vrese geken en hy het geweet “sy sou haar kar om ’n boom vou” indien sy ooit verkrag sou word (Scholtz, 2012d:9). Hy het ook geweet hoe na sy aan haar familie was. Ina sê sy het oor “simpelgeit” hom teruggevat nadat sy hom die eerste keer gelos het, omdat hy haar ouers forseer het om weg te trek uit Modimolle (Scholtz, 2012d:9). Angelique vertel

dat haar stiefpa ’n verleentheid was met sy “varksige” eetgewoontes en die feit dat hy sommer winde in ’n restaurant sou los (Scholtz, 2012d:9). Dié betekenisvolle beskrywing van die misdadiger gee die leser insig en begrip van sy karakter en raam die storie sterk volgens die konflikraam, omdat die skuldige en die onskuldige partye voortdurend teen mekaar opgeweeg word in die artikel.

Ina het twee waarskuwings ontvang teen Kotzé, maar dit was in ’n tyd toe hy haar volkome gebreinspoel het, berig *Huisgenoot* (Scholtz, 2012d:9). Een van die vroue was “die mal vrou van Bloemfontein” wie eintlik Kotzé se eksverloofde, Sarita Venter, was. Daarby het Kotzé telkemale vir haar gelieg oor breinkanker en boodskappe van vroue, maar steeds het sy hom nie gelos nie. “Ek was verward. Ek was verlief” sê Ina (Scholtz, 2012d:9). *Huisgenoot* gebruik die menslikebelangraam om hierdie emosionele nuusnarratiewe te vorm waarin die oorlewende slagoffer haar hartroerende storie vertel.

*Huisgenoot* skryf dat die pad nou soos ’n berg voor Ina lê (Scholtz, 2012d:9). Sy moet die stres van ’n eksamen hanteer te midde van haar liggaamlike en geestelike pyn en sy wag ook nog vir die uitslag van haar MIV-toetse. “En as ek positief is… Nee, dit sal nie gebeur nie” sê Ina wat elke aand bid dat die Here haar van nog swaarkry sal spaar (Scholtz, 2012d:9).

Tot dusver het *Huisgenoot* nog nie die verminking van die slagoffer in detail bespreek nie, maar in die volgende paragraaf gebruik *Huisgenoot* skokkende nuuselemente en grafiese beskrywings wat bydra tot die sensasionele raming van die storie (sien afdeling 2.7).

Ina se stukkende borsinplantings is reeds vervang en die pleisters op haar borste kom binnekort af en daarna kan sy rekonstruktiewe chirurgie kry “om die tepels te vervang wat hy afgesny het” skryf *Huisgenoot* (Scholtz, 2012d:9). Twee van die wonde aan haar borste waarin Kotzé spykers gedruk het, het septies geraak en dokters kan niks doen aan die inwendige skade aan haar geslagsdeel nie. *Huisgenoot* noem verder dat Kotzé ’n braaitang en fondue vurk in haar opgedruk het en dat sy nou moeilik sit terwyl sy wag dat die wonde self genees (Scholtz, 2012d:9). Nou is haar eerste prioriteit om ’n nuwe woonplek te soek waar daar geen herinneringe van Kotzé is nie en waar hy “nog nooit op die sitkamerstel gesit en pleit het vir nog ’n kans nie” (Scholtz, 2012d:9). Die konflikraam is hier teenwoordig met verwysing na die grafiese beelde wat verband hou met die marteling van die slagoffer.

In die volgende sin versterk *Huisgenoot* die menslikebelangraam deur te berig oor Ina se toekomsplanne. Ina wil ’n motiveringspreker word om ander te help om nie dieselfde foute te maak nie. “Ek wil mense se oë oopmaak” sê sy. Ina vertel dat sy selfs die lewensgeskiedenis van haar dogter se toekomstige kêrel persoonlik sal ondersoek (Scholtz, 2012d:9).

*Huisgenoot* vereenvoudig die storie deur Ina as spreekbuis te gebruik om die storie persoonlikheid te gee. Sy is wel die slagoffer en die hoofbron van die storie, maar deur die menslikebelangraam te gebruik maak *Huisgenoot* haar selfs meer as dit. Deur haar vereenselwig die leser met die storie en daarom word die artikel emosioneel geïnterpreteer.

Die artikel sluit af met die aanhaling van ’n brief waarin Ina verder haar gevoelens uitstort: “Ek is soos ’n hardekoolboom met vier lieflike uitgroeisels. Oupa, ouma, Angelique en Conrad. Een is van my weggeneem daardie onvergeetlike dag toe daar ’n woeste storm opgekom het. Die boom is nou ietwat onstabiel weens die verlies van my lieflingkind Conrad. Gebede en ondersteuning van die gemeenskap is voeding tot ons behoud. Kotzé moet net een ding weet: ek is soos ’n hardekoolboom – moeilik om af te breek” (Scholtz, 2012d:9).

In die hele artikel en veral die slotparagraaf speel *Huisgenoot* op die emosie en gevoel van die leser. Deur die gebruik van die menslikebelangraam verpersoonlik *Huisgenoot* die storie deur die slagoffer Ina Bonnette die gesig van die Modimolle-monstertragedie te maak. Die konflikraam word voortdurend verweef met die menslikebelangraam om sodoende die skokwaarde van die konflik te verhoog deur die drama en intensiteit van die storie emosioneel te raam.

*Huisgenoot* raam ook die slagoffer en die misdadiger treffend en vereenvoudig en verpersoonlik die storie deur net die slagoffer Ina Bonnette se perspektief weer te gee. Die raming van die storie is dus sensasioneel, omdat die nuus vereenvoudig en verpersoonlik word sodat die leser ’n emosionele band met die slagoffer kan vorm. Die prominente nuusnarratiewe wat *Huisgenoot* deurlopend in die artikel gebruik het, is nog ’n teken van die sensasionele raming van die storie as vermaak (sien afdeling 2.7).

In die volgende afdeling word die raming van die vyfde en laaste voorbladstorie oor die “Modimolle-monster” bespreek.

### 5.4. Die 'Modimolle-monster' op die voorblad, 13 September 2012




### 5.4.1. Raming op die voorblad

Die laaste storie oor die sogenaamde Modimolle-monster verskyn op die voorblad van 13 September 2012. Die "brose oud-bok", Joost van der Westhuizen, is hoofnuus op die voorblad en *Huisgenoot* berig dat Joost pleit vir sy kinders. Die storieprik van die "Modimolle-monster" is hierdie keer nie prominent op die voorblad aangedui nie. Geen foto is by die prik geplaas nie en die helder en aanlokkende kleure wat vroeër gebruik is, word vervang deur gewone, wit en liggeel teks. **<u>MODIMOLLE-VROU</u> Ina Bonnette: My doel is om ander hoop te gee** lees die voorbladprik.

Die artikel oor Ina Bonnette is ook op bladsy veertien geplaas, vierde op die agenda, terwyl die stories oor Joost, Kevin Leo en Getroud Met Rugby se Kiki en Reghart voor in die uitgawe voorkom. Dit is duidelik dat die Modimolle-monsteropvolgstorie ietwat triviaal is, omdat *Huisgenoot* bloot beriglewer oor Ina wat ander hoop wil gee. Dit is egter interessant dat so 'n triviale storie dus die voorblad sal haal. Die "Modimolle-monsterstorie" is op die agenda geplaas omdat dit steeds nuuswaardig is.

Ina Bonnette is die bekende slagoffer wat die verkragting en verminking van die gruwelike “Modimolle-monster” oorleef het en hier vertel sy maande later hoe sy ander wil hoop gee. Die menslikebelangraam word hier deur *Huisgenoot* gebruik om die storie emosioneel te raam en die storie word verpersoonlik wanneer Ina se eie woorde aangehaal word in die prik: **My doel is om ander hoop te gee.**

**5.4.2. Raming van die vyfde artikel** (Scholtz, 2012e:14,15)




Die hooffoto van die artikel beslaan die hele eerste bladsy en wys ’n gelukkige Ina Bonnette waar sy op haar sitkamerstel sit omring deur haar geliefde diere. Ina glimlag blymoedig vir die kamera met haar voëltjie op haar skouer, terwyl sy die kat langs haar vryf. **MY PAD NA GENESING** lees die hoofopskrif en in die subopskrif stel *Huisgenoot* **Ina Bonnette, slagoffer van die ‘Modimolle-monster’, vertel sy wil ander help** (Scholtz, 2012e: 14).

*Huisgenoot* se raming van Ina Bonnette in hierdie artikel kontrasteer sterk met hul raming van haar in vorige stories. “Ina Bonnette se hare is nou pers vir haar Go-Purple projek wat vernielde vroue bystaan” skryf *Huisgenoot* in die fotobyskrif (Scholtz, 2012e:

14). Op bladsy vyftien verskyn die onderstaande foto van Ina en haar dogter, Angelique. *Huisgenoot* wys ook Ina by een van haar motiveringspraatjies en in die fotobyskrif sê Ina, “haar boodskap aan die vroue is baie eenvoudig” (Scholtz, 2012e: 15).




Die onderstaande foto van die vermoorde seun saam met sy stiefpa, wat voorheen ook gepubliseer is deur *Huisgenoot,* word weer gebruik op bladsy vyftien.




*Huisgenoot* gebruik die menslikebelangraam deurlopend in die storie en raam die artikel emosioneel deur die nuus te verpersoonlik. Ina se gevoelens, haar ervaring en haar aangrypende persoonlike beskrywing van haar herstelproses is die vertrekpunt van die vertelling. *Huisgenoot* gebruik dus die menslikebelangraam omdat die vertelling sterk gekoppel word aan ’n menslike element (sien afdeling 2.6).

In die inleiding raam *Huisgenoot* die storie sensasioneel: “Ina Bonnette het nou die dag haar vermoorde seun, Conrad, weer gesien. Nie in haar album of in die geraamde foto in die eetkamer waar sy twee kerse vir hom laat brand nie. Reg voor haar, lewensgroot” (Scholtz, 2012e:15). Ina vertel: “Ek het ’n duidelike visioen gehad” (Scholtz, 2012e:15). *Huisgenoot* skryf sy knyp haar oë toe terwyl sy dit onthou (Scholtz, 2012e:15).

Die emosionele, narratiewe vertelling van Ina wat haar vermoorde seun in ’n visioen sien raam die storie sensasioneel. Lesers identifiseer makliker met nuus wat verduidelik word deur iemand se persoonlike ervaring en die vereenvoudiging en verpersoonliking van nuus is volgens Bird (2009:41) ’n teken van sensasionalisme.

Die oomblik waarna sy so gesmag het, het in haar sielkundige se spreekkamer plaasgevind vertel *Huisgenoot* (Scholtz, 2012e:15). “Sy kon hom weer in die oë kyk en hom vertel wat sy graag wou” (Scholtz, 2012e:15). Die emosie van die vertelling is aangrypend. “Boeta, jy’t dit gemaak. Boeta, Ma is jammer. Ek hoop nie jy is kwaad vir my nie” vertel Ina (Scholtz, 2012e:15). *Huisgenoot* beskryf hoe Ina ’n paar dae ná haar seun se dood met “rooi gehuilde oë en sy eksamenuitslae” op haar skoot gesit het (Scholtz, 2012e:15). “Hy het onderskeidings vir al sy vakke gekry” (Scholtz, 2012e:15).

*Huisgenoot* gebruik die menslikebelangraam hier baie sterk in die raming van die storie. Die sterk emosionele invalshoek, die beskrywende, narratiewe vertelling en die treffende aanhaling van Ina se hartseer woorde raam die storie sensasioneel (sien afdeling 2.7). Die konflikraam is ook deur *Huisgenoot* gebruik wanneer die beriggewing fokus op Ina se innerlike wroeging.

*Huisgenoot* skryf: “Onbeantwoorde vrae kwel haar steeds” (Scholtz, 2012e:15). Sy wonder of Conrad geweet het “sy was bloeiend aan haar bed vasgebind” toe Kotzé hom doodgeskiet het (Scholtz, 2012e:15). “Het hy my krete uit die kamer gehoor en dat ek hom wou help?” vra Ina emosioneel (Scholtz, 2012e:15).

Die prosastyl van beriggewing, wat *Huisgenoot* voortdurend gebruik het in hul dekking van die Modimolle-tragedie, is ook duidelik in hierdie artikel.

Sedert Ina die visioen gehad het, “het ’n rustigheid oor haar gekom” skryf *Huisgenoot* (Scholtz, 2012e:15). “Sy het berusting begin vind, ’n nuwe fase van rou betree. Sy bevind haar nou op die weg van hoop, genesing en oorwinning” berig *Huisgenoot* (Scholtz, 2012e:15). Die emosionele, beskrywende narratief wat *Huisgenoot* hier gebruik dui op die sensasionele raming van die storie (sien afdeling 2.7). *Huisgenoot* berig dat elkeen van Ina se motiveringspraatjies eindig met ’n staande applous van die gehoor en dan speel haar spesiale lied van Juanita du Plessis, *Tel op jou oë, op na Bo.* So eindig die eerste afdeling van die artikel.

In die volgende afdeling fokus *Huisgenoot* op die voorval wat alles begin het. *Huisgenoot* skryf weer in ’n aangrypende prosastyl. “Ina skryf nou haar verhaal” (Scholtz, 2012e:15). Sy was op soek na ’n nuwe begin toe sy met slegs ’n tas klere in Modimolle aangekom het, berig *Huisgenoot* (Scholtz, 2012e:15). “Min het sy toe geweet haar pad sou vier jaar later kruis met dié van die man wat as die Modimolle-monster bekend sou word, die man wat in November verhoor sal word op aanklag van haar seun se moord” (Scholtz, 2012e: 15).

Die raming van die storie is sensasioneel, omdat *Huisgenoot* in hul raming die nuus drasties verpersoonlik en die emosie buitengewoon sterk beklemtoon (sien afdeling 2.7). Hierdie emosionele raming hou verband met die menslikebelangraam en verhoog ook die drama en intensiteit van die storie.

In die volgende paragraaf gebruik *Huisgenoot* weer die konflikraam wanneer hul die geweldsmisdaad beskryf. *Huisgenoot* skryf sy is na haar vervreemde man se huis “gelok” en “oorval” en toe op die bed “vasgemaak” waar sy “herhaaldelik verkrag en wreed gemartel is” (Scholtz, 2012e:15). Daar het hy vir haar gefluister: “‘Ounooi, jy het geen idee hoe lief ek vir jou is nie’” (Vermink deur ’n monster, 19 Januarie).

*Huisgenoot* versterk die konflikraam deur Johan Kotzé se siek woorde weer aan te haal en die emosiebelaaide woorde; “oorval”, “gelok” en “wreed” verhoog verder die konflik en emosionele impak van die storie (Scholtz, 2012e:15).

Volgende verskuif die fokus na Ina en *Huisgenoot* beskryf hoe haar pers kapsel blink in die son en vertel hoe Ina lag omdat sy gewig aangesit het (Scholtz, 2012e:15). Die prosastyl van vertelling en die menslikebelangraam word hier sterk deur *Huisgenoot* gebruik in hul sensasionele raming van die storie (sien afdeling 2.7 & 2.6).

Ina was van die begin af “verbysterend vasbeslote” om “op te staan en die verskrikking te oorleef” (Scholtz, 2012e:15). *Huisgenoot* berig oor die Go-Purple- projek wat Ina begin het. “Sy wil ’n plek van veiligheid vir mishandelde vroue stig en dit na Conrad noem” (Scholtz, 2012e:15). *Huisgenoot* skryf dat sy onkant betrap is deur die baie vroue wat haar raad op Facebook vra (Scholtz, 2012e:15). “Hallo! Ek is net Ina! Ek gaan my nie slim hou nie” het sy gedink (Scholtz, 2012e:15).

Deur haar landwye motiveringspraatjies het Ina besef mense “wil by haar leer oor hoop” omdat die meeste van hulle ook traumatiese en gewelddadige verhoudings ken

(Scholtz, 2012e:15). “Jy’t ’n keuse: Staan op of bly lê. Dis nie die Here se doel vir enigeen om mishandel te word nie” sê Ina wat besef het God se doel met haar lewe is om vir ander hoop te gee (Scholtz, 2012e:15).

Die moraliteit- en menslikebelangraam figureer prominent in die raming van die storie. *Huisgenoot* vereenvoudig ook deurlopend die artikel deur die verpersoonliking van die nuus (sien afdeling 2.7). In hierdie geval is Ina die verteller en hoofbron van die storie en *Huisgenoot* skryf die artikel volgens ’n prosavertelstyl wat die storie emosioneel raam.

In die volgende paragraaf verhoog die drama en emosie verder wanneer *Huisgenoot* berig dat die pad na genesing moeilik is vir Ina. Ina vertel dat sy en haar dogter, Angelique, gesukkel het met rekeningkundehuiswerk en toe sê sy sonder om te dink: “Ag man, bel net vir Boeta” (Scholtz, 2012e:15). Ina vertel ook hoe sy haar wekker vir halftwee in die oggend stel om nagmerries te voorkom en dat sy sukkel om te konsentreer. Soos toe sy “blank” geslaan het in haar finansiëleraadgewerseksamen. “Ek het net my pen neergesit en gebid” sê Ina.

*Huisgenoot* berig verder ook dat sy weggetrek het uit haar vorige meenthuis weens slegte herinneringe (Scholtz, 2012e:15). Die konflikraam is weer effektief gebruik wanneer Ina van haar kind se moordenaar praat. “Sy kon die teenwoordigheid van haar aanvaller en haar kind se moordenaar daar aanvoel” berig *Huisgenoot*. “Hy het op daardie banke gesit; sy voetspore was daar. Ek kon net nie rustigheid kry nie” vertel Ina (Scholtz, 2012e:15).

Nou het sy en Angelique ’n rustige hawe gevind (Scholtz, 2012e:15). *Huisgenoot* raam die storie volgens die menslikebelangraam en noem die drie katte, drie honde, die klomp hamsters en die klein papegaai, Spirit, wat almal saam getrek het na die nuwe huis (Scholtz, 2012e:15). Die menslikebelangraam word versterk wanneer *Huisgenoot* beskryf hoe Spirit by Ina se bloes uitkruip toe sy vir hom die tuinsproeier wou aansit vir ’n stortbad (Scholtz, 2012e:15). “Spirit is natuurlik al wat ek nog van Kotzé het” sê sy (Scholtz, 2012e:15).

In die volgende paar paragrawe beklemtoon *Huisgenoot* weer die konflikraam. *Huisgenoot* skryf Ina kan steeds nie sy naam “oor haar lippe kry nie” (Scholtz, 2012e:15). “Vir haar is hy net Kotzé,” wat sy met ’n sterk klem “uitspoeg” skryf

*Huisgenoot* (Scholtz, 2012e:15). Sy kan selfs ander mense met die naam Johan nie uitspreek nie (Scholtz, 2012e:15). Ina kan ook nie vir haar self in die spieël kyk nie (Scholtz, 2012e:15). Sy draai haar lyf skuins sodat sy nie na die letsels op haar lyf hoef te kyk nie, skryf *Huisgenoot* (Scholtz, 2012e:15). Sy wil ook verdere rekonstruktiewe chirurgie ondergaan aan haar borste wat Kotzé met spykers geskend het (Scholtz, 2012e:15). *Huisgenoot* berig dat sy nog glad nie "haar kind se moordenaar en haar folteraar" in die oë gekyk het nie (Scholtz, 2012e:15). Daarom berei sy haarself op 'n geestelike vlak voor vir die verhoor. Sy hou haar kop omhoog, skryf *Huisgenoot*.

Die artikel eindig met Ina se woorde: "'Ek sal nooit kan sê ek is reg nie,' Sy kyk weg. 'n Oomblik is sy stil. Dan kyk sy jou stip in die oë. 'Maar ek is *fine*,'" (Scholtz, 2012e:15).

## 5.5. Samevatting

In hierdie hoofstuk is *Huisgenoot* se raming van die vyf voorbladstories oor die "Modimolle-monster" chronologies in aparte afdelings bespreek en nuusteoreties geanaliseer. Daar is bevind dat *Huisgenoot* die konflik- en menslikebelangraam prominent gebruik in hul sensasionele raming van die "Modimolle-monster."

In *Huisgenoot* se dekking van die "Modimolle-monster" raam die tydskrif misdaad as 'n vreemde vorm van vermaak. Die tydskrif se kragtige emosionele invalshoek en sterk verpersoonliking van nuus asook die kleurvolle narratiewe vertelstyl is ooreenkomstig met die sensasionele beriggewing van poniejoernalistiek wat stories vermaaklik raam (sien 2.7).

*Huisgenoot* fokus in sy raming van die Modimolle-monstertragedie hoofsaaklik op die slagoffer, Ina Bonnette, en die misdadiger, Johan Kotzé, wie deur die media met die noemnaam "Modimolle-monster" gebrandmerk is.

In die raming van die vyf voorbladstories gebruik *Huisgenoot* 'n sterk kombinasie van die menslikebelang- en konflikrame. Die eerste, vierde en vyfde voorbladstorie is slagoffer-gesentreerd en die menslikebelangraam figureer sterk in elkeen. Ina Bonnette is die verteller en die gesig en die persoonlikheid van die tragedie en haar stories is aangrypend geraam volgens haar emosionele en traumatiese herinnering. Die tweede en derde voorbladstorie is misdadiger-gesentreerd en die konflikraam (sien 2.6) is duidelik teenwoordig wanneer *Huisgenoot* verwys na die geskiedenis en karakter van

Johan Kotzé, die sogenaamde Modimolle-monster, asook die detail van die geweldsmisdaad.

Verder gebruik *Huisgenoot* deurlopend treffende nuusnarratiewe in hul dekking van die vyf "Modimolle-monsterstories", waardeur die tydskrif die stories sensasioneel raam deur die drastiese vereenvoudiging en verpersoonliking van die nuus (sien 2.7). Emosiebelaaide woorde, skokbeelde en treffende beskrywings raam voortdurend die geweldsmisdaad, die "monster" en die vrou indrukwekkend volgens die menslikebelang- en konflikraam.

Die plasing van die misdaad naas die vermaaklikheidsterre wat op elke *Huisgenoot*-voorblad pryk versterk ook die sensasionele raming van die misdaadstorie. Dit is nie vreemd dat 'n sensasieblad soos *Huisgenoot* 'n kombinasie van vermaaklike en skokkende nuuselemente op die voorblad plaas om lesers te boei nie. Die Idol Elvis Blue glimlag met sy babadogter op die *Huisgenoot*-voorblad (sien afdeling 5.3) en langs die pragfoto sien jy die skok-prik saam met 'n gesigsfoto van Ina Bonnette wat sê **HY KON MY MAAR 66 KEER MARTEL, MAAR MOES HY MY KIND VAT?** Die beroep op emosie versterk die sensasionele raming van die storie. Hier spog 'n pa liefdevol met sy dogter en langs dit vertel 'n ma hartroerend van die moord op haar kind.

Johan Kotzé, die berugte "monster van Modimolle", en die slagoffer wie hy wreed mishandel het, Ina Bonnette, is sensasioneel deur *Huisgenoot* geraam. *Huisgenoot* het deurlopend oor elke detail van die geweldsmisdaad, hul karakters en hul privaatlewens asook hul geskiedenis en verhoudings berig gelewer en dit sensasioneel aangebied as 'n bisarre vorm van vermaak.

Artikels oor die sogenaamde Modimolle-monsterstorie is prominent op *Huisgenoot* se agenda geplaas, omdat die storie as besonder nuuswaardig beskou is en aan verskeie belangrike nuuskriteria voldoen het. Volgens die nuuskriteria wat deur Froneman (2002:57) saamgevat is, het die "Modimolle-monsterstorie" die kriteria nuutheid, belangrikheid, ongewoonheid en kommersiële waarde, en prominensie besit. Volgens Jewkes (2004:40) se misdaadnuuskriteria (sien 2.4.2) voldoen die "Modimolle-monsterstorie" ook aan die volgende kenmerke: die drumpel, onvoorspelbaarheid, vereenvoudiging, individualisme, risiko, seks, bekendes, nabyheid, geweld, en grafiese beelde.

Die “Modimolle-monsterstorie” is waarskynlik as nuuswaardig beskou omdat dit sosiaal-psigies, tydgewys en geografies naby die *Huisgenoot*-lesers was (De Beer, soos aangehaal deur Froneman, 2002:59). Op ’n sosiaal-psigiese vlak vereenselwig die *Huisgenoot*-leser met die betrokkenes van die “Modimolle-monsterstorie”, want die Bonnette-slagoffers was Afrikaans en daarby was die slagoffers ook bekend in hul gemeenskap (vgl. Froneman, 2002:59). Jewkes (2004:52) se nabyheid-nuuskriterium is dus ook hier van toepassing.

Die stories besit ook nuutheid en is tydsgewys naby die leser. *Huisgenoot* was nie die enigste nuusmedium wat oor die storie berig gelewer het nie, maar die tydskrif het voortdurend die stories vernuwe deur ’n persoonlike benadering en emosionele invalshoek te gebruik (vgl. Froneman, 2002:57). *Huisgenoot* vernuwe dus die stories met die skep van ’n nuwe “drumpel” sodat dit nuuswaardig bly lank nadat die voorval verby was (Jewkes, 2004:41).

Volgens De Beer (1982:5) is nuus vanuit die leser se onmiddellike omgewing meer nuuswaardig en daarom is die nuus besonder nuuswaardig vir die Modimolle-gemeenskap wat direk deur die voorval geraak is. Die Suid-Afrikaanse samelewing is egter ook daardeur geraak, omdat *Huisgenoot*-lesers landswyd op ’n sosiaal-psigiese vlak na aan die betrokkenes kon voel. In terme van intensiteit het die “Modimolle-monsterstories” dus potensieel ’n groot impak en omvang gehad (vgl. Froneman, 2002:60). Die status quo is ook versteur omdat die bestaansorde van dinge skokkend verander het na die wreedaardige aanval op ’n ma en seun deur iemand wat voorheen deel was van hul gesin (vgl. Froneman, 2002:60).

Die kriteria van onvoorspelbaarheid (vgl. Jewkes0,2004:42) en ongewoonheid (vgl. Froneman, 2002:57) is ook hier van toepassing, omdat die betrokke geweldsmisdaad skielik plaasgevind het terwyl niemand dit kon voorspel nie. Die voorval is ook besonder nuuswaardig omdat die betrokke misdaad buitengewoon wreed was (vgl. Froneman, 2002:60). Een slagoffer is vermoor en die ander een is verkrag, gemartel en vermink.

Die wrede aard en die raarheid van die voorval dra ook by tot die kommersiële waarde van die storie, omdat (sommige) lesers die tydskrif juis sou koop om meer te leer van die saak, insluitende die grafiese detail (vgl. Froneman, 2002:59). *Huisgenoot* verpak en raam dus dié nuus aanlokkend om hul kommersiële sukses te verbeter.

*Huisgenoot* vereenvoudig die misdaad deur hul stories te kontekstualiseer, verpersoonlik en deur grafiese beelde te gebruik in hul raming van die misdaad (vgl. Jewkes, 2004:43-44). Die Bonnette-slagoffers en die oortreder word ook stereotipies geraam en voldoen aan Jewkes (2004: 45-46) se individualisme-nuuskriteria (sien hoofstuk 2) omdat *Huisgenoot* Ina en Johan stereotipies as die magtelose slagoffer en die wrede misdadiger raam.

Die sg. Modimolle-monster het ook nasionale berugtheid verwerf ná die moord op Conrad Bonnette en die mishandeling en verkragting van sy eks-vrou Ina Bonnette. Daarom voldoen die storie ook aan Jewkes (2004:49) se status en Froneman (2002:57) se belangrikheid nuuskriteria.

Jewkes (2004:53,55) se geweld en spektakel of grafiese beeld nuuskriteria is ook teenwoordig met verwysing na byvoorbeeld Ina wat vertel hoe die man wat nou bekendstaan as die "Modimolle-monster" haar tepels afgesny het, spykers in haar borste gedruk en 'n braaitang en vurk in haar opgedruk het (Scholtz, 2012a: 9). *Huisgenoot* beklemtoon dus die wreedheid van die misdaad en beklemtoon die geweld in hul raming die stories.

Geweld en seks word volgens Jewkes (2004:48) dikwels deur die media verweef en die erotiese dekking van seksuele misdrywe gaan ook gepaard met sensasionalisme. Die misdaadnuuskriterium seks is dus ook teenwoordig in die stories juis oor die raming van die wreedaardige mishandeling en verkragting van die slagoffer Ina Bonnette (sien 2.4.2).

Die storie handel ook oor die moord op 'n onskuldige kind, Conrad Bonnette, en volgens Jewkes (2004:56) se nuuskriteria is misdaad waar kinders betrokke is dadelik meer nuuswaardig.

In die volgende hoofstuk kom die raming van die Griekwastad-moorde aan die orde.

# 6. Raming van die Griekwastad-moorde

Die Griekwastad-moorde het vyf keer op *Huisgenoot* se voorblad verskyn in die jaar 2012 en dit is in die inhoudsanalise as een van die mees prominente misdaadstories op *Huisgenoot* se agenda verklaar.

Die navorsingsdoelwit van hierdie hoofstuk is om insig te verkry oor *Huisgenoot* se raming van misdaad in 2012. In hierdie hoofstuk word *Huisgenoot* se raming van die Griekwastad-moorde chronologies in aparte afdelings bespreek en nuusteoreties geanaliseer. Die bespreking wat volg word nuusteoreties vanuit die sosio-kulturele tradisie aan die hand van ramingsteorie, agendastelling, nuus- en voorbladteorie en sensasionalisme geanaliseer (sien hoofstuk 2).

### 6.1. Die Griekwastad-moorde op die voorblad, 26 April 2012



### 6.1.1. Raming op die voorblad

Op die *Huisgenoot*-voorblad van 26 April 2012 pryk die glanspaartjie Derick Hougaard en Karlien van Jaarsveld. Die oud-bok en sangeres is verloof en is hoofnuus op die *Huisgenoot*-voorblad, maar dan trek ’n groot, helder geel prik die leser se aandag. **DON: EK KAN NIE GLO MENSE DINK DIT WAS EK NIE** (*Huisgenoot*, 2012). Nuusitems word op die voorblad geprioritiseer en naas Karlien en Derick se verlowing is die Griekwastad-moordstorie die prominentste aangedui (vgl. Froneman, 2002:64).

Volgens *Huisgenoot* se voorbladindeks is die Griekwastad-moordartikel egter eerste op die agenda op bladsy twaalf geplaas, terwyl die artikel oor die glanspaartjie eers op bladsy agtien, derde op die agenda, verskyn. Die agendastelling berus by die hekwagters wie besluit het dat dié artikel op dié spesifieke bladsy sal verskyn, met dié bepaalde hoofopskrif en so lig *Huisgenoot* die belangrikste nuus uit (vgl. McCombs, soos aangehaal deur De Beer & Botha, 2008:239).

*Huisgenoot* fokus sterk op massavermaak en daarom pryk bekendes soos Derick en Karlien op die voorblad van die uitgawe, maar dit is interessant dat die Griekwastad-moorde inhoudelik bo aan die agenda is (vgl. Froneman, 2002:19-22).

Verder is *Huisgenoot* se gebruik van Don se eie woorde in die hoofprik boeiend en sensasioneel (sien 2.7). *Huisgenoot* verpersoonlik die nuus, kenmerkend aan poniejoernalistiek, deur die komplekse “raaiselmoorde” te verduidelik vanuit Don se persoonlike ervaring (sien 2.7). Sodoende identifiseer lesers makliker met die storie omdat dit vereenvoudig is (vgl. Kitch, 2009:30). Die aanhaling verpersoonlik dus die aard van die storie en bring die leser sosiaal-psigies nader aan die gebeure.

Hier is die menslikebelangraam duidelik teenwoordig. Volgens Semetko en Valkenburg (2006:95) bring hierdie raam ’n menslike gesig tot die gebeure. In hierdie geval is Don Steenkamp se gesig en woorde en identiteit aan die storie gekoppel. Hy is die gesig van die Griekwastad-moorde en *Huisgenoot* raam die voorblad emosioneel deur die gebruik van sy eie woorde en foto as die voorbladprik.

Volgens Jewkes (2004:56) se misdaadnuuskritria is misdaadnuus onmiddellik meer nuuswaardig as kinders betrokke is. Don is nie net die enigste oorlewende nie, maar ook ’n minderjarige moordverdagte en daarom is die storie besonder nuuswaardig en prominent op die agenda.

Die prik is ook visueel prominent gedruk in groot, vetgedrukte, geel, san serif teks en dit is aanduidend van poniejoernalistiek asook die hoë nuusprioriteit van die storie op die voorblad (sien 2.7).

Die voorbladfoto wat daarmee gepaard gaan, wys ’n ontstelde Don Steenkamp by sy gesin se begrafnis. Die seun word volgens die menslikebelangraam as ’n slagoffer geraam en word nie duidelik as ’n verdagte uitgebeeld nie. Die plasing van die jong, huilende seun op die voorblad saam met die prik verhoog die drama en emosie verband aan die moordstorie en die gevoel wat hier ’n prominente rol speel is aanduidend van sensasionalisme (sien 2.7).

Die subprikke versterk verder die visuele impak van die storie: **EKSLUSIEWE FOTO’S** staan helder uit in wit teks teen ’n bloedrooi agtergrond en **RAAISELMOORD OP GRIEKWASTAD** is onderstreep in wit vetgedrukte hoofletters. Die prikke is nie net visueel aanlokkend nie maar skep afwagting en nuuskierigheid by die leser, veral met die gebruik van die woorde “eksklusief” en “raaiselmoord” (*Huisgenoot*, 2012).

*Huisgenoot* se raming van die Griekwastad-moorde op die voorblad is sensasioneel (sien 2.7). Die voorbladprik sluit skokkende nuuselemente in wat sterk emosionele reaksies by lesers uitlok en ’n veelseggende foto verskyn ook op die voorblad wat die storie sensasioneel raam (sien 2.7). Die prikke is ook visueel treffend en soortgelyk aan poniejoernalistiek in kleur en styl (sien 2.7).

**6.1.2. Raming van die eerste artikel** (Scholtz, 2012f: 12-15)




Die artikel se hoof- en subopskrifte is indrukwekkend, emosioneel en dit versterk die menslikebelang- en konflikraam van die storie.

Die subopskrif van die artikel kontekstualiseer die storie: **Die driedubbele moord in die plaasgemeenskap van Griekwastad waar mense nog met oop deure slaap, laat almal kopkrap** (Scholtz, 2012f:12). *Huisgenoot* raam die gewelddadige moorde teen die agtergrond van 'n stil plaasgemeenskap en so kontekstualiseer hul die boodskap en maak dit meer verstaanbaar vir die leser (vgl. Jewkes, 2004:45).

Die hoofopskrif: **BAIE LEED, BAIE VRAE** (Scholtz, 2012f:12) is kort, visueel treffend en bondig en is ooreenkomstig met die beriggewingstyl van die geelpers (vgl. Bird, 2004:41). Dit weerspieël ook nie net die gemeenskap se leed en vrae nie, maar ook Don se emosie, pyn en soeke na antwoorde wat die menslikebelangraam versterk (sien 2.6).

Die bronne in die artikel is almal lede van die gemeenskap. Ben Heckroodt, Don se perdesportafrigter en vertroueling is meestal aangehaal in die artikel saam met ander inwoners van Griekwastad soos die eienaars van die plaaslike vulstasie op die dorp, Zirk en Linda Jansen. Verder is anonieme bronne by die landelike veiligheidsvergadering aangehaal asook ’n Naauwhaak-plaaswerker, Jannie Ludick, die Griekwastad-gemeente dominee, ds. Piet Otto en Andries Steenkamp, Deon Steenkamp se neef by wie Don gewoon het ten tyde van die publikasie van die artikel.

Die hele storie is vanuit die gemeenskap se perspektief geskryf en só verpersoonlik en vereenvoudig *Huisgenoot* die storie deur private emosies in publieke emosies te omskep (vgl. Kitch, 2009:31). Hier figureer die menslikebelangraam weer prominent aangesien die mense van Griekwastad se emosies en opinies as fokuspunt gebruik word (sien 2.6). *Huisgenoot* beskryf die gemeenskap se ervaring en hantering van die moorde en maak hul daarmee die “gesig” van die storie. Hul emosie is as invalshoek gebruik en so raam *Huisgenoot* die storie besonder emosioneel volgens die menslikebelangraam (sien 2.6).

Die onderstaande foto wat ook op die voorblad verskyn is die hooffoto van die artikel en wys ’n emosionele Don Steenkamp met effense rooi oë en netjiese kleredrag.




In die agtergrond vee ’n bejaarde vrou haar trane af met wat lyk soos ’n sakdoek. Die hooffoto verhoog die emosie van die storie deur die huilende rouklaers in die agtergrond te wys saam met Don wat in die voorgrond ook skynbaar emosioneel lyk tydens die roudiens. *Huisgenoot* versterk die menslikebelangraam (sien 2.6) deur Don op die

hooffoto te plaas en as die gesig van die moorde het hy vroeg bekendheid verwerf en daarom is sy identiteit sterk aan die storie gekoppel.

In die fotobyskrif word Don verder as bang en onseker geraam. "Don Steenkamp op sy gesin se begrafnis. Hy het in die voorste bank van die NG kerk gespanne voorgekom en gereeld na die flitsende kameras gekyk" (Scholtz, 2012f:12).

Die foto en fotobeskrywing raam Don as 'n weerlose kind. *Huisgenoot* sê hy is gespanne oor die flitsende kameras en met sy rooi oë lyk hy hartseer en ontsteld tydens die begrafnisdiens, soortgelyk aan die raming van 'n slagoffer.

Die artikel se eerste bladsy dra 'n versagtende beeld van die verdagte seun oor. Die foto en -byskrif, saam met die hoof- en subopskrif, skep die indruk van 'n angstige klein seun wat ontwapen en onskuldig in die kerkbank rou oor sy vermoorde suster en ouers. Die artikelinhoud, insluitend die inleiding, herbevestig ook dié beeld van die seun. Die inleiding lees: "Dit sou 'n bitter moeilike gesprek wees. Maar Ben Heckroodt is al jare lank die seun se perdesportafrigter en vertroueling, en nou moes hy vir sy knap leerling vertel die mense dink hy's 'n moordenaar" (Scholtz, 2012f:12). Die moraliteitraam figureer hier deurlopend waar die gemeenskap 'n morele oordeel fel oor die verdagte (sien 2.6).

Verder raam die keuse van aanhalings ook vir Don in hierdie lig, maar die lede van die gemeenskap is ook baie ondersteunend en glo in Don se onskuld. "Ek is 100 persent seker hy het niks hiermee te doen nie" sê Andries, Don se oppasser (Scholtz, 2012f:13).

Volgens Jewkes (2004:45-46) word slagoffers ferm geposisioneer in hul familie en sosiale kontekste en duidelik uitgebeeld as onskuldig. *Huisgenoot* raam Don op dieselfde wyse in sy gemeenskap en dus raam die tydskrif hom hoofsaaklik as 'n slagoffer van die tragedie.

Ben, sy vertroueling, vertel: "Dit was vir my baie moeilik om vir hom te moet sê: Hoor hier, jong, die mense dink jy't dit gedoen. Hy't net gesê: 'Jissie, ek kan nie glo mense dink ek het my ma en pa en sussie doodgeskiet nie.' Hy was net so geskok soos ek. En nee, daar was nie trane nie" (Scholtz, 2012f:13). *Huisgenoot* haal Don se vertroueling aan om die drama en intensiteit van die storie te verhoog en versterk so die konflikraam van die storie (sien 2.6). Daar is lede van die publiek en die Griekwastad-gemeenskap

wat Don verdink van die driedubbele moord op sy gesin en in teenstelling hiermee lig *Huisgenoot* die minderjarige seun se skuldontkenning uit.

Ben wei verder uit oor die seun se karakter as hy sê: "Jy weet, hy is nie die soort kind wat nou gaan sit en in trane uitbars nie" (Scholtz, 2012f:13). Ben lewer later ook kommentaar oor die gerugte wat die rondte doen: "Don het nie ’n selfoon gehad nie en is genadiglik die SMS'e gespaar" (Scholtz, 2012f:13).

Die beskrywing van die seun se karakter verpersoonlik weer die storie en herinner die leser dat hier van ’n regte kind en ’n ware tragedie gepraat word (vgl. Bird, 2009:41). Die aanhalings oor Don wat nie die soort kind is wat in trane uitbars nie is veelseggend in die konteks van die storie. Deur hierdie kommentaar in te sluit versterk *Huisgenoot* die konflikraam deur agterdog oor die seun se optrede en karakter by die leser op te wek (sien 2.6). ’n Ander bron, die plaaswerker Jannie Ludick, vertel wat hy van die dag onthou: "Hy het net geskree daar was ’n skietery en ons moet vlug. Hy het langs die bakkie gestaan en nie nader gekom nie, net aanhou skree" (Scholtz, 2012f:14). Dit is teenstrydig met die raming van Don as ’n weerlose kind, maar dit dra by tot die konflikraam van die artikel (sien 2.6).

In die eerste Griekwastad-moordstorie is die moorde gekontekstualiseer. Lede van die gemeenskap is die hoofbronne in die artikel en die lewens van die slagoffers is breedvoerig bespreek. Hoewel daar enkele grafiese verwysings is na die "treurspel" (soos *Huisgenoot* dit noem) word daar meer gefokus op hoe die gemeenskap die tragedie ervaar en wat hulle van die Steenkamp-slagoffers onthou. Die menslikebelangraam is dus hier baie duidelik en *Huisgenoot* se verpersoonliking van die nuus is ook kenmerkend van sensasionalisme (sien 2.7).

*Huisgenoot* begin hul raming van die storie met ’n sterk menslikebelangraam. "GRIEKWASTAD, aan die N8 tussen Kimberley en Upington, is so stil dat die dorp nog nooit eens ’n eie verkeersbeampte gehad het nie" (Scholtz, 2012f:13). So raam *Huisgenoot* die stil dorpie waar "geweldsmisdaad onbekend is" en "inwoners sê hulle slaap met oop deure of buite onder die sterre wanneer dit warm is" (Scholtz, 2012f:13).

"Op Goeie Vrydag was dit nog stiller op die dorp as gewoonlik, tot Don laatmiddag aangejaag gekom het na die polisiekantoor…" (Scholtz, 2012f:13). Só anker *Huisgenoot* die "treurspel" teen die agtergrond van hierdie stil, niksvermoedende dorpie. Daarna

volg die grafiese detail van hoe Don "die bebloede lyke van sy ouers, Deon en Christel, en sy suster Marthella (14), in die opstal op die familieplaas, Naauwhoek, aangetref het" (Scholtz, 2012f:12). Sy hemp en lyf was vol bloed toe hy die saak by die polisie aangemeld het en hy het verduidelik hoe Marthella in sy arms gesterf het (Scholtz, 2012f:13). Hierdie grafiese detail versterk die konflikraam en skokwaarde van die storie (sien 2.6).

*Huisgenoot* raam die storie verder as onvoorspelbaar en skokkend deur 'n konflikparadoks te skep. In die volgende paragraaf lees jy "die gemeenskap was sprakeloos" oor die gebeure want die Steenkamps het nog vroeër die dag saam nagmaal gehou (Scholtz, 2012f:14). Nou is daar "blomme en 'n kruis aan die plaashek en drie ballonne met die slagoffers se name op" (Scholtz, 2012f:14). Naauwhaak is nou "grafstil" (Scholtz, 2012f:14). Die sterk narratiewe vertelling van gebeure wat *Huisgenoot* hier gebruik is kenmerkend van poniejoernalistiek (vgl. Bird, 2009:41) en hou verband met sensasie. Verder is die menslikebelangraam hier baie duidelik (sien 2.6) en beklemtoon kontrasterende idees wat die drama en gruwelikheid van die vertelling verhoog.

In die volgende paragraaf is nog 'n voorbeeld hiervan, waar Christel se pragtuin en die vriendelike plaashonde beskryf word gevolg deur die skokstelling: "maar net buite die kombuisdeur is 'n groot, donker kol waar vriende en familie bloed van die muur afgeskrop het" (Scholtz, 2012f:14). Daarna gebruik *Huisgenoot* weer die konflikraam en beskryf die tragedie in meer detail met verwysing na "die drie bebloede lyke," die twee koeëlwonde in die bolyf en kop van elke slagoffer "soos met 'n teregstelling" en hoe Marthella moontlik "die huis in gesleep is terwyl sy nog geleef het" (Scholtz, 2012f:14). Die grafiese vertelstyl wat *Huisgenoot* gebruik is nie net een van Jewkes (2004: 55-56) se misdaadnuuskriteria nie, maar die beklemtoonde gebruik van die bogenoemde visuele beelde is volgens Bird (2009:41) ook 'n teken van poniejoernalistiek wat verband hou met sensasionalisme.

Na dié grafiese beskrywing versterk *Huisgenoot* weer die menslikebelangraam met hul verwysing na die gemeenskap en hoe hul "worstel met vrae oor wie die moorde gepleeg het" (Scholtz, 2012f:14). "Die Steenkamps was 'n vooraanstaande gesin, betrokke by alles en getroue kerkgangers" lees die volgende sin (Scholtz, 2012f:14). *Huisgenoot*

kontekstualiseer die moorde deur die gemeenskap se perspektief as invalshoek te gebruik en raam die storie verder volgens die menslikebelangraam (sien 2.6).

Op ’n landelike veiligheidsvergadering praat almal oor die Steenkamp-moorde (Scholtz, 2012f:14). “Die boere en hul gesinne hier ken nie die vrees vir aanvalle wat in ander dele van die land heers nie” (Scholtz, 2012f:14). Toe ’n SMS die rondte doen dat forensiese toetse Don onskuldig bewys slaak almal ’n “sug van verligting dat hul gemeenskap die skandvlek van ’n gesinsmoord gespaar is” (Scholtz, 2012f:14). Dit was blykbaar vals en die ondersoek duur voort, berig *Huisgenoot*. Die raming is hier weer baie emosioneel en dui weer op die menslikebelangraam (sien 2.6).

Ds. Piet Otto, die dominee op die dorp, “besluit om sy gemeente hul skok en hartseer te laat verwoord met Lied 510, Genade Onbeskryflik Groot. Die rouklaers was sigbaar aangedaan” (Scholtz, 2012f:15). *Huisgenoot* raam die Steenkamp-moorde hier volgens die moraliteitraam en verpersoonlik die moordstorie deur die gemeenskap se ervaring en hantering van die tragedie te beklemtoon in die vertelling, veral met verwysing na die bogenoemde aanhaling.

In die laaste paragrawe van die artikel word die Steenkamps as ’n hegte gesin uitgebeeld. “Don en Marthella was altyd saam, omtrent soos ’n tweeling” sê Linda van die vulstasie. (Scholtz, 2012f:15). Don se vertroueling en afrigter vertel later “Die broer en suster het danksy die perdesport ’n besonderse band gehad” (Scholtz, 2012f:15). “Don en Marthella het albei nasionale kleure in gimkana verwerf” sê hul afrigter Ben.

Die gemeenskapslede beskryf die Steenkamps as ’n vooraanstaande gesin en verwys na Deon wat ’n lid van die kerkraad was en Christel “’n staatmaker van die plaaslike Vrouelandbouvereniging” en eienaar van haar eie koekiebedryf, *Scrumptilicious*. ’n Plaaswerker beskryf Deon ook as “’n goeie man wat wel soms hard gepraat het met Don, maar die twee het alles saam gedoen” (Scholtz, 2012f:15). Christel het saam gegaan oral waar haar kinders perdesport gedoen het “om vir hulle en hul spanmaats te kook en salfies aan te smeer” (Scholtz, 2012f:15). In die slot paragraaf sê Ben, ’n gesinsvriend: “As alle gesinne so ’n mooi verhouding gehad het, sou die wêreld ’n beter plek gewees het” (Scholtz, 2012f:15).

Die Steenkamps word weer geraam as ’n liefdevolle gesin wat baie na aan mekaar was en dit maak die gruwelike moorde meer skokkend. Die slagoffers en die verdagte se

geskiedenis, identiteit en menswees is baie duidelik beklemtoon in *Huisgenoot* se raming van die storie. Die menslikebelangraam is dus die mees prominente raam wat *Huisgenoot* gebruik in hul raming van die eerste Griekwastad-moordstorie. Die menslikebelangraam figureer nie slegs in die inhoud nie, maar ook in die verskeie foto's en fotobyskrifte van die Steenkamp-gesin. Bladsy dertien is geheel 'n fotoblad wat die slagoffers, Deon, Christel en Marthella Steenkamp as 'n hegte en liefdevolle gesin uitbeeld. Die onderstaande foto's se byskrifte lees: "Marthella Steenkamp (BO) en haar ouers, Christel en Deon, was 'n baie hegte gesin, sê die mense van Griekwastad. Hier is hulle by 'n skoolfunksie (HEEL BO) en gimkana-toernooie. Marthella was 'n nasionale ruiter soos Don, en hul pa (REGS) 'n afrigter" (Scholtz, 2012f:13). In die volgende byskrif berig *Huisgenoot*: "Die gesin het 'n reuse bydrae tot perdesport gelewer, het die rouklaers gehoor. Don gaan nou op 24 April alleen in Oos-Londen deelneem" (Scholtz, 2012f:13).



Op bladsy veertien verskyn die onderstaande gesinsfoto's.


HG NUUS

'Don het nog baie vrae oor wat met sy ouers en suster gebeur het en hy sukkel om die stukkies van sy lewe op te tel'

BO: Marthella was 'n leerling aan die Meisieskool Oranje in Bloemfontein. Sy en Don was onafskeidbaar.

BO: Die plaaswerkers vertel Deon was 'n goeie man wat wel soms hard gepraat het met Don, maar die twee het alles saamgedoen. REGS: Marthella op haar perd, nommer 33, waarmee Don nou sal ry wanneer hy aan gimkanabyeenkomste deelneem. Hy het die perd self uitgekies om nou mee te ry.

Die fotobyskrifte lees: "Marthella was 'n leerling aan die Meisieskool Oranje in Bloemfontein. Sy en Don was onafskeidbaar" (Scholtz, 2012f:14). 'n Foto van 'n plaaswerker is ook geplaas waar hy "vertel Deon was 'n goeie man wat wel soms hard gepraat het met Don, maar die twee het alles saamgedoen" (Scholtz, 2012f:14). Nog 'n foto wys "Marthella op haar perd, nommer 33, waarmee Don nou sal ry wanneer hy aan gimkana-byeenkomste deelneem. Hy het die perd self uitgekies om nou mee te ry" (Scholtz, 2012f:14).

Die gesin is prominent as 'n hegte gesin geraam soos wat die gemeenskapslede se aanhalings in die artikel bevestig het. Don en Marthella was "onafskeidbaar" en hy en sy pa "het alles saamgedoen" lees die fotobyskrifte op die bladsy (Scholtz, 2012f:14). Die foto's spreek van heimwee en verlange en word soortgelyk aan 'n familie foto-album volgens die menslikebelangraam geraam (sien 2.6). Ook in dié foto's word die Steenkamps deur hul gemeenskap "onthou." Hier ry Marthella op nommer 33 tydens 'n gimkana-byeenkoms en daar staan Don by sy pa. Hierdie menslikebelangraam is ook die kleurvolle narratief waarna Bird (2009:40) verwys in haar bestudering van die

poniejoernalistiek. *Huisgenoot* raam die artikel nostalgies en die foto's versterk die sensasionele raming deur woede, hartseer en simpatie by die publiek aan te moedig (vgl. Kitch, 2009:30).

Op bladsy vyftien vertel die onderstaande foto's 'n ander storie. Hier verloop die verhaal van die gebeure op Goeie Vrydag, die dag van die moorde.




Die eerste fotobyskrif lees: "Die roete wat Don gevolg het voor hy na die polisie op die dorp gery het," en bo dit is "Die opstal waarin sy gesin gesterf het" (Scholtz, 2012f:15). Die ander foto's wys Ben Heckroodt wat Don vertroos "by die polisiekantoor nadat hy die moorde aangemeld het" (Scholtz, 2012f:15).

In terme van grafika is daar net een element, 'n lugfoto van die plaas Naauwhaak wat Don se roete aandui voordat hy die moord by die polisie gaan aanmeld het (sien die volgende bladsy).




Die insluiting van die bostaande lugfoto verhoog die visuele drama van die storie, juis omdat daar oor die roete van die verdagte seun bespiegel is. Die gebruik van die visuele beeld dui ook op die sensasionele raming van die storie (vgl. Bird, 2009:41). Onder dit is ’n foto van die slagoffers se begrafnis geplaas met die volgende byskrif: “Don het by die begrafnis van sy gesin in sy afskeidsbrief gesê die familie sou nog ’n keer met sy gesin wou gesels het” (Scholtz, 2012f:15).

Waar die slagoffers vroeër op ’n persoonlike wyse uitgebeeld is, kan hulle hier slegs gesien word as ’n herinnering in fotorame met twee brandende kerse. Die fokus van die menslikebelangraam het verskuif van die slagoffers na die enigste oorlewende. Die foto’s van Don raam hom steeds as ’n weerlose kind wat die verlies van sy hele gesin moet verwerk. Hy word vertroos deur ’n familievriend en in die ander foto stap hy skynbaar dapper en alleen uit die kerk na afloop van sy gesin se roudiens.

In die slotparagraaf sluit die artikel af met die vraag: “Waarheen nou vir Don?” (Scholtz, 2012f:15). Hy gaan deelneem aan ’n perdesportkampioenskap in Oos-Londen waaraan sy suster ook sou deelneem op 24 April. “Hy het nog baie vrae oor wat met sy ouers en suster gebeur het... en hy sukkel om die stukkies van sy lewe op te tel” vertel Don se vertroueling, Ben, oor die seun se toekoms (Scholtz, 2012f:15). Uiteindelik bring die artikelslot weer die raaiselmoordtema na vore wat ook in die hoofopskrif: **BAIE LEED, BAIE VRAE** weerklink het. Daarna lees die slotsin: “Hy het perd nommer 33 gekies. Die perd waarmee sy suster sou gery het” (Scholtz, 2012f:15). Die laaste sin, oor Marthella se perd is nostalgies en verleen ’n persoonlike element aan die storie tipies van die menslikebelangraam (sien 2.6). In die volgende afdeling word die raming van die tweede voorbladstorie wat handel oor die Griekwastad-moorde bespreek.

### 6.2. Die Griekwastad-moorde op die voorblad, 10 Mei 2012




### 6.2.1. Raming op die voorblad

Op die *Huisgenoot*-voorblad van 10 Mei 2012 pryk die sangeres Riana Nel. *Huisgenoot* berig oor haar sukses ná 12 jaar in die musiekbedryf. **EK WEET NOU WIE EK IS** lees die voorbladprik in vetgedrukte geel hoofletters, maar 'n ander prominente prik vang volgende die leser se aandag. In die regterkantse boonste hoek, langs die *Huisgenoot*-naam, is die Griekwastad-moordstorie geplaas.

Alhoewel Riana die aandag steel op die voorbladfoto is die hoofstorie van die uitgawe egter die Griekwastad-moorde wat eerste in die uitgawe gepubliseer is op bladsy tien. Die artikel oor Riana Nel is vierde op die agenda volgens *Huisgenoot* se voorbladstorie indeks geplaas.

Die voorbladprikke (sien die volgende bladsy): ***EKSKUSIEF: MOORDE OP GRIEKWASTAD*** met die groot prik: **SEUN PRAAT <u>EERSTE KEER</u>** is boeiend, kort en bondig en dit hou verband met Jewkes (2004:44) se vereenvoudiging-nuuskriterium.




Die vetgedrukte geel hoofprik verkondig dat die verdagte seun die eerste keer met die media praat en dan lees die leser die volgende woorde in die subprik: **EK EN MY SUS WAS SO NA AAN MEKAAR** (*Huisgenoot*, 2012). Die direkte aanhaling is emosioneel en verpersoonlik die storie, kenmerkend van sensasionele beriggewing (vgl. Bird, 2009:41) en raam die seun volgens die menslikebelangraam ooreenkomstig met die eerste Griekwastad-moordstorie.

Die voorbladprik is hierdie keer regs bo, op ’n meer prominente plek op die voorblad, geplaas en die voorbladfoto van Don Steenkamp wat met moeë arms oor sy perd hang is treffend en raam Don as ’n gewone seun wat kinderlik, effens verveeld en bedroef voorkom. Don word dus op die voorblad sterk volgens die menslikebelangraam (sien 2.6) geraam as ’n gewone kind wat emosioneel vertel hoeveel hy vir sy suster omgegee het.

*Huisgenoot* verpersoonlik die storie deur die enigste oorlewende en verdagte te gebruik as die gesig van die Griekwastad-moorde. Die menslikebelangraam, wat ook prominent in die eerste artikel verskyn het, word versterk op die voorblad wanneer die foto en voorbladprikke emosies by die leser uitlok (sien 2.6). Hierdie rame is ook volhoubaar omdat hul verbind is aan mekaar en volhou oor ’n verloop van tyd en gebeure (vgl. Reese, 2003:15).

Die raming van die Griekwastad-moorde op die voorblad is sensasioneel (sien 2.7), omdat die prikke, soortgelyk aan poniejoernalistiek, visueel aangrypend uitgebeeld is en inhoudelik is die nuus verpersoonlik deur die gebruik van ’n direkte aanhaling wat sterk emosie weerspieël (vgl. Bird, 2009:41).

**6.2.2. Raming van die tweede artikel** (Scholtz, 2012g: 10,11)


HG EKSKLUSIEF

REGS: Don Steenkamp by die perd wat sy suster, Marthella, altyd gery het. ONDER: Volpunte vir die SA o.16-seunspan in die gimkana-toets.

'N EENSAME RUITER

Sy gesin is wreed vermoor, en nou wag 'n onsekere toekoms op Don Steenkamp (15) te midde van hardnekkige gerugte

Deur HERMAN SCHOLTZ

Die hooffoto van die artikel is ook op die voorblad geplaas en word hier saam met die hoofopskrif: **’N EENSAME RUITER** (Scholtz, 2012g:10) geraam. *Huisgenoot* kontekstualiseer só die storie op ’n aangrypende en emosionele wyse deur te verwys na die verlies wat die seun gely het ná sy hele gesin uitgewis is en beskryf ook hoe hy nou sy perdesport op sy eie voortsit. *Huisgenoot* raam die storie emosioneel volgens die menslikebelangraam (sien 2.6) wat die leser ’n emosionele blik op die lewe van die Griekwastad-weeskind ná die tragedie gee.

Don Steenkamp, die seun van die Griekwastad-tragedie, word hier geraam as ’n weerlose kind wat nostalgies, miskien verlangend, oor sy vermoorde suster se perd hang. *Huisgenoot* raam die seun sterk volgens die menslikebelangraam omdat soveel emosie, simpatie en hartseer aan die seun se storie gekoppel word, maar ook omdat sy identiteit en menswees sentraal is tot die raming van die misdaad (sien 2.6). *Huisgenoot* se keuse van hooffoto versterk die menslikebelangraam van die storie. Don se oë is toe en hy het ’n sagte uitdrukking op sy gesig terwyl hy rustend en kalm oor sy suster se

perd hang. Die wyse waarop hy sy arms oor die perd laat rus skep ook die indruk van ’n kind en hy is duidelik nog kort en klein omdat hy nie ver oor die perd kan leun nie.

In die subopskrif: **Sy gesin is wreed vermoor en nou wag ’n onsekere toekoms op Don Steenkamp (15) te midde van hardnekkige gerugte** (Scholtz, 2012g:10) weerklink daar ook ’n mate van simpatie vir die seun. *Huisgenoot* se gebruik van die woorde “wreed” “onsekere” en “hardnekkige” is emosiewekkend en dui op die menslikebelangraam wat voortdurend figureer (sien 2.6).

Die artikelfoto’s se byskrifte versterk die kinderlike beeld van Don wat in die foto’s uitgebeeld word. “Don Steenkamp by die perd wat sy suster, Marthella, altyd gery het. Volpunte vir die SA o.18-seunspan in die gimkana-toets” (Scholtz, 2012g:10).

Die foto’s op bladsy elf versterk verder die menslikebelangraam van die storie. Op die onderstaande foto glimlag Don vir ’n vriend in die foto heel onder aan die bladsy en die byskrif lees: “Net ’n tiener...” (Scholtz, 2012g:11).




Deur dié foto en byskrif raam *Huisgenoot* Don bloot as ’n kind in plaas daarvan om hom as ’n moordverdagte te raam. ’n Foto van die geraamde begrafnisfoto’s van die slagoffers wat ook in die vorige artikel verskyn het, is weer gepubliseer ter herinnering aan die Steenkamps (Scholtz, 2012g:11). *Huisgenoot* raam die storie weereens nostalgies en sentimenteel.

Aparte foto’s van Don se oppassers, Bennie en Hanlie Heckroodt, is langs die begrafnisfoto geplaas (sien die volgende bladsy). Dit verleen ’n verdere persoonlike element aan die storie, omdat die leser Don se oppassers vir die eerste keer “ontmoet”. *Huisgenoot* gebruik die menslikebelangraam (sien 2.6) weer duidelik met die voorstelling van die Heckroodts wat die storie verpersoonlik.




Die fotobyskrif lees: "Don se ouers, Deon en Christel, en sy suster Marthella, is op Goeie Vrydag vermoor. Bennie en Hanlie Heckroodt (REGS en HEEL REGS) kyk nou na hom" (Scholtz, 2012g:11).

Die enigste greep wat in die artikel verskyn is: **'Ek en Marthella was erg *close,* soos regtig *close'*** (Scholtz, 2012g:11). Die greep weerklink ook in die voorbladprik: **EK EN MY SUS WAS SO NA AAN MEKAAR** (*Huisgenoot,* 2012) en *Huisgenoot* beklemtoon die aanhaling prominent deur dit eerstens op die voorblad te plaas en dan weer te vergroot en uit te lig in die artikel. *Huisgenoot* raam die storie duidelik volgens die menslikebelangraam deur dié persoonlike en emosionele aanhaling tot so 'n mate te beklemtoon (sien 2.6). Die greep kommunikeer ook weer 'n versagtende beeld van die seun en weerspieël sterk emosies soos verlange en hartseer wat die sensasionele raming van die storie versterk (sien 2.7).

Don en sy oppasser, Bennie Heckroodt, is die hoofbronne in die artikel en die storie volg reeds in die inleiding 'n narratiewe vertelstyl: "In die motor op pad Oos-Londen toe na die eerste groot gimkana-byeenkoms wat pa Deon, ma Christel en kleinsus Marthella nie sal meemaak nie, word dit 'n oomblik stil. 'My ma sou nou die broodjies uitgehaal het,' sê Don Steenkamp vir sy nuwe voog, Ben Heckroodt" (Scholtz, 2012g:10).

Die inleiding van die artikel raam weereens die storie nostalgies deur te verwys na die afwesigheid van die res van die Steenkamp-gesin by Don se gimkana-toernooi. Don se eie woorde volg direk op die inleiding en spreek van persoonlike herinnering en verlange na sy ma. "Dit is 'n bittersoet oomblik van onthou" berig *Huisgenoot* verder

(Scholtz, 2012g:10). Die beskrywing van Don se persoonlike emosies versterk die menslikebelangraam van die storie (sien 2.6).

By die toernooi trek sy spanmaats se ma's 'n "laer" om hom, skryf *Huisgenoot* (Scholtz, 2012g:10). Hulle deel broodjies en drukkies uit en probeer lastige mense van hom af weg hou (Scholtz, 2012g:10). Hulle druk hom vas en troos hom "en praat kwaai met mense wat lyk of hulle sy rus wil versteur" (Scholtz, 2012g:11). *Huisgenoot* versterk die menslikebelangraam met hul raming van Don as 'n geliefde seun wat beskerm word deur 'n "laer" vroue. Hierdie raam stem ooreen met die vorige raam wat Don uitbeeld as 'n weerlose kind en *Huisgenoot* anker die storie teen hierdie agtergrond. Een van Jewkes (2004:43) se nuuskriteria, vereenvoudiging, is hier van toepassing omdat *Huisgenoot* die misdaad verpersoonlik en kontekstualiseer om dit maklik verstaanbaar te maak vir die leser.

*Huisgenoot* vra in die volgende paragraaf die vraag af van wat Don wil sê vir die mense wat bespiegel oor sy onskuld. "Ek wil niks vir hulle sê nie" kom die antwoord. "Ek hoef niks vir hulle te sê nie; ek weet mos in my hart ek is onskuldig" (Scholtz, 2012g:11). Die konflikraam kom hier na vore, omdat *Huisgenoot* die twis en rusie wat bestaan tussen die verdagte seun en sy teenstaanders beklemtoon deur die seun direk aan te haal (sien 2.6).

Ná hierdie aanhaling vertel *Huisgenoot* hoe Don en sy maats oor meisies praat. Iets wat gewone tieners dikwels doen. Hy vertel sy maats van 'n "meisie-pel" maar verduidelik gou dat sy nie sy spesiale meisie is nie (Scholtz, 2012g:11) "Haar pa is 'n bietjie moeilik" terg sy een maat dan (Scholtz, 2012g:11). Die insluiting van hierdie brokkie inligting versterk *Huisgenoot* se bestaande raam van Don as 'n gewone kind. *Huisgenoot* gebruik die menslikebelangraam en raam hom as 'n tiener wat soos ander seuns van sy ouderdom meisies bespreek. Volgens hierdie raam kan die leser moontlik die afleiding maak dat die seun gewoon en eintlik skadeloos is.

In die volgende aanhaling kom die menslikebelangraam weer sterk na vore. "Don se handdruk is dié van 'n sterk jong man. Maar die silwer draadjies wat aan sy tande blink, verklap hy is eintlik nog maar 'n seun" (Scholtz, 2012g:11). Die gesig van die Griekwastad-tragedie is 'n kind met draadjies. *Huisgenoot* inkorporeer dus 'n sterk menslike element in hul dekking van die Griekwastad-moorde en die konflikraam is ook

teenwoordig as lesers hulself afvra of die seun wat *Huisgenoot* hier uitbeeld werklik ’n gesinsmoordenaar kan wees (sien 2.6).

*Huisgenoot* verwys volgende na Don se spesiale band met sy suster, Marthella (Scholtz, 2012g:11). “Hy en sy suster het dikwels saam in ’n halfseksie gery, wanneer twee ruiters soos een hul passies moet uitvoer” (Scholtz, 2012g:11). Dit is daarom dat hy op hierdie dag erg na sy suster verlang en ook waarom hy die perd wat sy altyd gery het saamgebring het na die toernooi, skryf *Huisgenoot* (Scholtz, 2012g:11). Wanneer *Huisgenoot* hierdie informasie insluit oor sy verhouding met sy suster versag hul die beeld van die verdagte Don Steenkamp en raam hom eerder as ’n hartseer kind wat ly aan verlange.

*Huisgenoot* berig dat die twee omtrent twee keer per week plan gemaak het om mekaar te sien waar hulle in Bloemfontein in die skoolkoshuis was (Scholtz, 2012g:11). Die insluiting van die informasie versterk die raam van Don as kind en so ook die aanhaling: “My ouers was ordentlike, *nice* mense. Daar is nie iets in die besonder wat ek van hulle sal onthou nie; ek sal alles van hulle onthou tot ek die dag doodgaan” (Scholtz, 2012g:11). Hierdie aanhaling is sentimenteel en emosioneel en dit versterk ook die menslikebelangraam van die storie (sien 2.6) terwyl die narratiewe skryfstyl wat *Huisgenoot* deurlopend gebruik dui op die sensasionele raming van die storie (vgl. Bird, 2009:41).

*Huisgenoot* se verwysing na die skinderstories ontstel Don en só versterk Don die konflikraam. “Hy vou sy arms asof hy hom teen die aanhoudende verdagmakery wil verskans” berig *Huisgenoot* (Scholtz, 2012g:11). “Ek lees stories wat ek nog nooit tevore gehoor het nie. Ek hoop mense en kinders (wat saam met hom op skool is) glo dit nie. Ek glo die meeste van hulle staan agter my” sê Don (Scholtz, 2012g:11). Met sy eerste dag terug by die skool sê Don hy was verlig dat mense hom soos altyd aanvaar: “Niemand het dom vrae gevra nie. Niemand het na my toe gekom en iets gesê nie” (Scholtz, 2012g:11).

*Huisgenoot* beskryf verder hoe Don se skool, Grey-kollege, altyd vir hom ’n veilige hawe was (Scholtz, 2012g:11). Nadat die polisie bekendgemaak het dat ’n tienerseun hul enigste verdagte was, het ’n storm losgebars by die skool (Scholtz, 2012g:11). Bennie vertel hy moes Don by die skool gaan oplaai oor die klagtes van ouers. “Ek wil terug Grey toe. Dis die beste skool in die land” sê Don beslis. Maar *Huisgenoot* berig

dit is nog onseker of hy sal terugkeer. Hierdie brokkie nuus versterk die konflikraam van die storie en dit is veral treffend omdat die hoërskoolleerling nou selfs belet is om terug te gaan skool toe.

Die polisie het ook grafiese besonderhede bekendgemaak oor hoe sy ouers van naby geskiet is en sy beseerde suster uit die huis probeer vlug het en na binne gesleep is voor sy gesterf het (Scholtz, 2012g:11). Alhoewel *Huisgenoot* die konflikraam hier versterk deur dié grafiese detail te noem, wei die skrywer glad nie verder uit daaroor nie en dus raam *Huisgenoot* die storie hoofsaaklik volgens die menslikebelangraam en fokus algeheel op Don se vertelling. “Ek is orraait. Dit gaan so goed met my soos wat dit kan” sê hy (Scholtz, 2012g:11).

*Huisgenoot* berig in die slotsin dat Don nie seker is in watter rigting hy eendag wil studeer nie. Hy vertel skaam: “Ek is nie slim nie, maar ek kan wiskunde doen” (Scholtz, 2012g:11). Wat hy eintlik wil doen is boer soos sy pa Deon Steenkamp, wie se ses plase in ’n trust gehou word (Scholtz, 2012g:11). “Ek gaan op daai grond boer” sê Don beslis (Scholtz, 2012g:11). *Huisgenoot* se slotsin volg ook ’n narratiewe vertelstyl kenmerkend van poniejoernalistiek (vgl. Bird, 2009:41).

Die storieslot is duidelik volgens die menslikebelangraam geraam, of anders sou *Huisgenoot* nie vir die hoofverdagte van ’n moordsaak vra wat hy wil word as hy groot is nie. Don se menswees, sy identiteit en gevoelens is sentraal in *Huisgenoot* se raming van die Griekwastad-moorde en daarom is die menslikebelangraam die hoofraam van die storie (sien 2.6).

Die raming van die tweede Griekwastad-moordstorie is ooreenstemmend met die vorige artikel se menslikebelang- en konflikrame. Die rame fokus duidelik op Don, die verdagte, wat hoofsaaklik geraam word as ’n normale tiener en kind wat tot ’n mate weerloos is en beskerming benodig. Die emosiebelaaide woorde wat die seun beskryf en die algehele emosie wat in die vertelling na vore kom versterk die menslikebelangraam en verpersoonlik ook die nuus wat dui op die sensasionele raming van die storie (sien 2.7). In die volgende afdeling word die raming van die derde voorbladstorie oor die Griekwastad-moorde bespreek.

### 6.3. Die Griekwastad-moorde op die voorblad, 5 Julie 2012




### 6.3.1. Raming op die voorblad

Op die *Huisgenoot*-voorblad van 5 Julie 2012 spog die bekende akteur Neels van Jaarsveld met sy mooi meisie, maar dit is nie die hoofstorie van die uitgawe nie. Die hoofstorie op dié voorblad, met die prik: **VREUGDE, TRANE!** handel oor die Somalië-ontvoering, wat ook eerste op die agenda op bladsy ses geplaas is, terwyl Neels en sy nooi agter in die tydskrif op bladsy 120 verskyn. Die Griekwastad-moorde is tweede op die agenda op bladsy tien geplaas en sy voorbladprik verskyn weer op ’n prominente plek in die regterkantse boonste hoek, langs die *Huisgenoot*-naam.

Dit is veelseggend dat *Huisgenoot* nie die voorbladstories ook hiërargies volgens sy inhoudsopgawe voorstel nie. Die glanspersoonlikhede kry voorkeur op die voorblad, omdat hulle natuurlik meer kommersiële waarde besit, maar die misdaadstories is inhoudelik eerste op die agenda.

Hierdie keer is die Griekwastad-hoofprik egter nie vetgedruk of helderkleurig nie. Die onderstaande voorbladfoto van Don Steenkamp is weer saam met die prik geplaas.




Die boonste prik lees: ***FAMILIEMOORDE-OPVOLG*** in vetgedrukte wit hoofletters teen ’n ligblou agtergrond en onder dit verskyn die hoofprik in eenvoudige onbeklemtoonde letters: **Griekwastad: Die dorp soek steeds antwoorde** (*Huisgenoot,* 2012).

Die boodskap van dié prikke is nie so emosioneel en treffend in vergelyking met die vorige twee voorblaaie nie. Alhoewel dié storie steeds kontroversieel en nuuswaardig is, word dit nie beklemtoon op hierdie voorblad nie. Dit is duidelik dat die Somalië-ontvoering die hoofprik op dié voorblad is en dit blyk dus deels die rede te wees waarom daar in die uitgawe nie soveel klem op die Griekwastad-moordstorie geplaas is nie.

**6.3.2. Die raming van die derde artikel** (Scholtz, 2012h: 10,11)




Die hoofopskrif van die artikel is aangrypend in groot, swart hoofletters teen die agtergrond van die Naauwhaak-plaasopstal waar Deon, Christel en Marthella vermoor is. **ANTWOORDE, ASSEBLIEF!** lees die hoofopskrif van die storie as ’n uitroeping (Scholtz, 2012h:10). *Huisgenoot* raam die storie sensasioneel (sien 2.7) deur ’n kort, indrukwekkende kop te gebruik wat die Griekwastad-gemeenskap se stemme en soeke na antwoorde weerklink. Emosie word duidelik deur die opskrif oorgedra en is nog ’n teken van *Huisgenoot* se sensasionele raming van die storie (vgl. Kitch, 2009:30). Die subopskrif versterk dié boodskap: **Griekwastad gis nog elke dag oor die Steenkampmoorde – en die onsekerheid is uitmergelend** (Scholtz, 2012h:10).

Die treffende beskrywing van die “uitmergelende onsekerheid” verbind ’n sterk emosionele konnotasie aan die storie en raam dit sensasioneel terwyl die verhaal verpersoonlik word deur die gebruik van Griekwastad-inwoners as vertellers. *Huisgenoot* gebruik weer die menslikebelangraam om die derde Griekwastad-moordstorie emosioneel te raam en gebruik die gemeenskap as die menslike element van die storie (sien 2.6).

Verder word die foto's en fotobyskrifte van die artikel ook sensasioneel en indrukwekkend geraam. Die onderstaande hooffoto se byskrif sê: "Ds. Wiets Roets en sy vrou, Joyce, gesels met ons by die opstal wat hulle oppas" (Scholtz, 2012h:10).




In die voorgrond, duskant regs hang 'n verlate swaai en in die agtergrond lê die Naauwhaak-opstal uitgestrek, waar die Steenkamp-gesin eens gewoon het. Dié foto is 'n sensasionele narratief wat aangrypend gebruik word om emosie by die leser uit te lok. Hier kan die publiek nou sien hoe verlate en geheimsinnig die opstal lyk ná die moorde en dit prikkel die leser se nuuskierigheid om die artikel te lees.

Die tweede foto op die bladsy kontrasteer met die hooffoto en wys 'n glimlaggende Don op 'n perd met die byskrif: "Don Steenkamp (INLAS ONDER) pas goed aan" (Scholtz, 2012h:10).

Op bladsy elf is foto's van die Griekwastad-inwoners saam met hul aanhalingsgrepe geplaas (sien die volgende bladsy) en dit versterk die menslikebelangraam deur 'n persoonlike en menslike element aan die storie te verleen (sien 2.6). Nie net hoor die leser die stemme van die gemeenskap nie, maar 'n foto van elkeen se gesig is ook gepubliseer. Die menslikebelangraam kom duidelik hier na vore omdat *Huisgenoot* die storie verpersoonlik – 'n duidelike kenmerk van sensasionalisme (vgl. Bird 0,2009:41).



(Scholtz, 2012h:11).

Die inleiding van die artikel kontekstualiseer en verpersoonlik ook die storie: "Die Noord-Kaapse dorp Griekwastad lyk so rustig soos altyd, maar onder die oppervlak worstel die hegte gemeenskap steeds om sin te maak van die moord op Goeie Vrydag op 'n plaas hier naby wat die kontrei diep geskok het" (Scholtz, 2012h:10). Die beskrywende woorde "diep geskok" en "worstel" dra by tot die sensasionele raming van die storie omdat dit emosie uitlok (vgl. Kitch, 2009:29).

Die bronne is ook almal lede van die "hegte" gemeenskap en sluit die volgende persone in: ds. Wiets Roets en sy vrou Joyce; ds. Piet Otto, die plaaslike NG-leraar; Dawie Herselman, 'n boer en sakeman van Griekwastad; Sophie Groenewald, bestuurder van

die meubelwinkel op die dorp; Cynthia Messelaar, die Steenkamps se voormalige huiswerker; en David Kgoriane, ’n voormalige plaaswerker op Naauwhaak. Die keuse van bronne dui ook op die menslikebelangraam. *Huisgenoot* kon byvoorbeeld met regskenners of kriminoloë gepraat het, maar hulle het gekies om die gemeenskap te gebruik as vertellers om sodoende die storie emosioneel te raam en psigologies nader aan die hart en kultuur van die leser te bring (vgl. Froneman, 2002:59).

Die keuse van aanhalings en beskrywings in die artikel versterk die menslikebelang-, konflik- en moraliteitraam van die storie wat fokus op die gemeenskap se emosionele wroeging, veroordeling en soeke na antwoorde (sien 2.6).

“Af en toe is daar weer iets wat die gegis laat opvlam oor die moorde op Naauwhaak en wie die sneller getrek het” skryf *Huisgenoot* in die eerste paragraaf (Scholtz, 2012h:10). Later vertel ds. Otto “hy en sy kudde bid nou maar om sekerheid” en wil “om ‘menslikheidredes’ hê die ondersoek moet so gou moontlik afgehandel word” (Scholtz, 2012h:10). *Huisgenoot* berig dat die polisie swyg oor hul ondersoek terwyl die Griekwastad-inwoners genader word om verklarings af te lê en die “voortslepende onsekerheid is uitmergelend” vir die gemeenskap (Scholtz, 2012h:10).

Vir Dawie Herselman, ’n boer en sakeman op Griekwastad, is net een ding seker: “Dinge sal nooit weer dieselfde wees nie” (Scholtz, 2012h:10). Hy sê: “’n Gemeenskap is soos ’n huis en twee belangrike binnemure, Deon en Christel, is platgeslaan. Nou wankel die hele struktuur” (Scholtz, 2012h:10). Hierdie aangrypende metafoor en die hartseer emosie wat die aanhaling uitlok versterk die menslikebelangraam (sien 2.6). Ds. Otto se volgende aanhaling is ook veelseggend: “Toe almal nog gedink het dit was ’n plaasmoord was daar vrees. Ek is nie nou bewus van enige vrees nie” (Scholtz, 2012h:10). Dit laat die leser met die vraag of die gemeenskap dus die verdagte seun verdink van die moorde.

In die volgende paragraaf verskuif *Huisgenoot* die fokus weg van die “wroeging” van die gemeenskap en vra die vertellers vrae oor die Steenkamps. Die menslikebelangraam (sien 2.6) figureer steeds deurlopend in die vertelling omdat die persoonlike opinies van die vertellers emosioneel geraam word.

*Huisgenoot* berig dat Deon nie ’n “kwaadstoker ” was nie en dat die “vermoorde egpaar” gelief was in die gemeenskap, maar ’n inwoner meen mense moet ophou

skynheilig wees want Christel was “beslis nie gewild nie” (Scholtz, 2012h:10). ’n Voormalige huiswerker van die Steenkamps, Cynthia Messelaar, vertel dat die gesin lief was vir mekaar al was daar stormagtige tye (Scholtz, 2012h:10). Sy sê Marthella en haar pa was “baie geheg aan mekaar” terwyl “Don “sy ma se kind” was (Scholtz, 2012h:11). Sy bevestig ook Don se liefde vir sy suster, Marthella, wat sy kon waarneem, maar sy sê: “hy was veral lief vir sy ma. Hy sou nooit iets kon doen om sy ma seer te maak nie” (Scholtz, 2012h:11).

Cynthia vertel dat Deon streng was met sy kinders en “soms was sy lont kort, soos die aand toe die kos nie reg was toe hy huis toe kom nie. Hy het Christel in kru-taal uitgetrap, en toe self kos gemaak – vir almal behalwe sy vrou” (Scholtz, 2012h:11). David Kgoriane bevestig ook hierdie beeld van Deon. Hy verwys na ’n rusie oor ’n ystersaag waarna hy padgegee het ná dertien jaar op Naauwhaak (Scholtz, 2012h:11). Hy sê Don bel hom gereeld en vra hom “om weer op die plaas te gaan werk” (Scholtz, 2012h:11). Die ses afsonderlike stukke grond sal egter nou verhuur word aan naasbestaandes van die Steenkamps (Scholtz, 2012h:11). Selfs die opstal waar hulle vermoor is, word as ’n naweekhuis gebruik deur ’n dominee van Kimberley (Scholtz, 2012h:11). David sê ten slotte: “Ek wil hom (Don) nie kwaad maak nie. Hy’t voor my grootgeword, maar hy is nou ’n grootman” (Scholtz, 2012h:11).

Die gemeenskap se persoonlike blik op die Steenkamp-gesin versterk die menslikebelangraam, omdat *Huisgenoot* vanuit ’n emosionele invalshoek die storie vertel (sien 2.6). Die konflikraam is ook hier teenwoordig waar ’n boer van die omgewing sê: “Daar is mense wat sy lewe baie moeilik sal maak as hy eendag hier kom bly om op sy pa se grond te boer” (Scholtz, 2012h:11).

Ná die gemeenskap se kommentaar neem die storie weer ’n ander wending en *Huisgenoot* beskryf die verdagte vir die eerste keer in dié artikel: “Vir die enigste oorlewende van die tragiese voorval is dit ook maar moeilik om die stukke van sy lewe te probeer optel en aan te gaan” (Scholtz, 2012h:11). Die menslikebelangraam word duidelik hier versterk waar *Huisgenoot* die seun se situasie uiters emosioneel raam (sien 2.6).

Sy voog, Bennie Heckroodt, sê: “Die aandag is op hom gevestig en hy kan deesdae nie eens in ’n winkelsentrum in Kimberley, twee uur van Griekwastad, instap sonder dat mense hom herken en selfs nader nie” (Scholtz, 2012h:11). *Huisgenoot* noem ook dat

alles weer “normaal verloop” by Grey-kollege en dat Don nou ná die eksamens weer kan perdry “dit waarvoor hy die liefste is” (Scholtz, 2012h:11). Die seun sien uit na die junior kampioenskapstoernooi in gimkana wat op Bennie se plaas gehou sal word en hy en Bennie wil albei ook graag hê “dat daar uitsluitsel moet wees” (Scholtz, 2012h:11). “Dis sleg dat daar nie eintlik antwoorde kom nie” sê Bennie wat ook al ’n verklaring by die polisie afgelê het (Scholtz, 2012h:11). Die informasie oor die seun se ervaring en privaat lewe versterk ook die menslikebelangraam.

Die rame wat in die vorige artikels gebruik is om Don uit te beeld word weer hier gebruik. Hy word geraam as die “oorlewende” en slagoffer van ’n tragiese voorval wat nou met die gevolge moet leef. Die menslikebelangraam organiseer die inhoud op só ’n wyse dat sy menswees die hooffokus bly (sien 2.6). Die leser maak uit die aard van die saak ’n sterker verbintenis met ’n storie as hy of sy emosioneel daaroor reageer en daarom verpersoonlik *Huisgenoot* die misdaad deur Don daaraan te koppel en raam hul die storie volgens die menslikebelangraam (sien 2.6).

Hierna neem die storie weer ’n ander wending en *Huisgenoot* beskryf in grafiese detail die Naauwhaak-opstal. “Op Naauwhaak huil ’n ysige wind om die moordhuis. ’n Paar perde soek daar skuiling teen die reën” (Scholtz, 2012h:11). Die sterk narratiewe vertelstyl is hier weer prominent. *Huisgenoot* vertel verder hoe ds. Roets sy bene strek waar hy op die Steenkamps se rusbank sit en dan sien hy “ons kyk na die koeëlgat in die muur bo die bank en die halwe agterdeur. Die ander helfte van die deur, met twee koeëlgate daarin, is as ’n bewysstuk weggeneem” (Scholtz, 2012h:11). Die laaste paragraaf volg absoluut ’n narratiewe vertelstyl waar die skrywer sy ervaring van die “moordhuis” deel (Scholtz, 2012h:11). Hierdie grafiese beskrywing en die insluiting van skokkende nuuselemente is kenmerkend van sensasionalisme (vgl. Kitch, 2009:29).

Nuwe inwoners bly deesdae in die “moordhuis.” Don sr. het die dominee en sy vrou gevra om in die huis te woon in ruil vir instandhouding. “Hy en sy vrou kry baie swaar met alles wat gebeur het” sê ds. Wiets Roets oor oupa Don, ’n lid van sy gemeente. “Baie mense meen hy is gek om naweke in die huis te gaan bly. Maar Wiets sê hy is nie “bang vir spoke nie” (Scholtz, 2012h:11). Hy en sy vrou wil iets “opbouends van die opstal maak pleks dat dit ’n hartseer gedenkteken van die moorde word” (Scholtz, 2012h:11).

"Behalwe vir die koeëlgate en die Steenkamps se rusbank is niks meer in die huis van hulle te sien nie. Hul persoonlike goedjies is geberg; die bloed is van die teëlvloere afgewas" (Scholtz, 2012h:11). Die konflikraam word hier uitgelig deur die skokkende grafiese beskrywing wat die leser herinner aan die gruwelike gesinsmoorde en uiteindelik sluit die artikel af met die slotsin: "Maar op Griekwastad wag die mense steeds op antwoorde" (Scholtz, 2012h:11).

Die menslikebelang- en konflikraam (sien 2.6) is deurlopend deur *Huisgenoot* gebruik in hul raming van die storie en *Huisgenoot* raam die storie ook sensasioneel deur weer 'n treffende prosavertelstyl te volg wat emosie en visuele beelde beklemtoon (sien 2.7). In die volgende afdeling kom die raming van die vierde voorbladstorie oor die Griekwastad-moorde aan die orde.

### 6.4. Die Griekwastad-moorde op die voorblad, 6 September 2012



### 6.4.1. Die raming op die voorblad

**HARRY SE WILDE AVONTURE** is hoofnuus op die *Huisgenoot*-voorblad van 6 September 2012. “Die prins van skandes”, soos *Huisgenoot* hom noem, pryk op die voorblad en die voorbladfoto wys hoe hy sy onderlip onseker vasbyt. Die hoofstorie in die uitgawe handel egter nie oor Prins Harry nie, maar oor die geboorte van Adam Tas se babadogter. **ONS BABA IS 100% GESOND!** lees die vetgedrukte heldergeel hoofprik (*Huisgenoot,* 2012). Die Adam Tas-storie is nie net prominent op die voorblad nie, maar die storie is ook in die uitgawe eerste geplaas op bladsy ses, daarna die artikel oor die Griekwastad-moorde op bladsy agt en derdens berig *Huisgenoot* oor Prins Harry se manewales op bladsy tien.

Dit is interessant dat *Huisgenoot* weer nie dieselfde rangorde vir die stories op die voorblad gebruik nie. Die prik wat die meeste spasie op die voorblad inneem handel oor 7de Laan-sterre by Skouspel: **KYK WIE IS OOK OP DIE SKOUSPEL VERHOOG!** (*Huisgenoot,* 2012) lees die prik, maar in die uitgawe is die artikel egter vierde op die agenda geplaas en verskyn eers op bladsy agtien. Die Griekwastad-moordstorie is inhoudelik tweede op die agenda volgens *Huisgenoot* se storie indeks, maar op die voorblad is die prikke nie juis visueel aantreklik nie en dit vertoon eenvoudig in vergelyking met die ander voorbladprikke.

Dit is veelseggend dat geen voorbladfoto saam met die prik gepubliseer is, soos op al die vorige voorblaaie nie. Hierdie Griekwastad-moordartikel is duidelik laer op dié *Huisgenoot*-uitgawe se nuushiërargie, maar die bewoording is egter steeds treffend.

Die sterk beskrywende woorde van die prik: **Monster of misverstaan?** en ook **DIE SEUN WAT <u>ALMAL LAAT GIS</u>** (*Huisgenoot,* 2012) skep ’n indrukwekkende beeld van die verdagte in die storie. Die konflikraam is duidelik omdat *Huisgenoot* die konflik verhoog deur die skokkende beskrywing van die seun as ’n “monster” wat almal laat gis (sien 2.6). “Monster” is ’n indrukwekkende woord met sterk emosionele konnotasies wat *Huisgenoot* hier gebruik. Die konflikraam (sien 2.6) het dus drasties versterk, omdat die seun voorheen net as ’n verdagte beskryf is en nou na verwys word as ’n monster.

### 6.4.2. Raming van die vierde artikel (Scholtz, 2012i: 8,9)



Die beskuldigde in die Steenkamp-moordsaak word na die landdroshof op Griekwastad gebring.

# GRUMOORD WAT DIE LAND VERDEEL

Hofgetuienis oor die wrede dood van 'n Griekwastad-gesin laat talle wonder: Is die jong beskuldigde 'n monster of word hy misverstaan?

Deur HERMAN SCHOLTZ

DEON STEENKAMP bly sy held, sê die 16-jarige wat hom na bewering koelbloedig doodgeskiet het.

Eintlik praat hy gereeld oor Deon (44), sy vrou, Christel (43), en hul dogter, Marthella (14). Al drie is op Goeie Vrydag in 'n bloedbad in hul plaashuis buite Griekwastad in die Noord-Kaap dood.

Kort-kort is daar iets wat die tienerseun aan die lede van die Steenkamp-familie herinner, vertel Bennie Heckroodt, wat noue bande met die minderjarige moordbeskuldigde het. "Dis nie 'n taboe onderwerp nie. Ons praat daaroor."

Bennie neem vir hom skoon beddegoed en kos na sy sel in die Galeshewe-polisiekantoor buite Kimberley. Daar deel die seun die nuus van sy dae in die tronk met hom, soos dat die polisie hom verwelkom het in sy "huis vir die volgende 60 jaar" toe hy geboei na sy sel gebring is.

Hulle probeer hom steeds uitlok om 'n bekentenis te doen, sê die ouer man. Hulle vra hom glo gereeld om na grusame foto's van die Steenkamps se lyke te kyk.

"Oom, moet ek regtig na daai foto's kyk?" wou die seun weet.

IN DIE landdroshof op Griekwastad streel Bennie se vrou, Hanlie, met haar vingers deur die seun se hare en vou haar arm om sy skouers.

Hy lyk by tye senuagtig waar hy in die beskuldigdebank sit en wieg. Hy spreek landdros Sipiwe Maswi aan as "oom". Die tiener met draadjies in sy tande lyk nie na die monster wat die staat hier skets nie.

Hy het die Steenkamp-familie "koelbloedig, doelmatig en vasbeslote" en op 'n "gruwelike, gruwelike" manier vermoor, sê Hannes Cloete, die staatsaanklaer.

Al drie is eers met 'n .357-rewolwer in die bolyf geskiet. Deon en Marthella is ook met 'n stomp voorwerp oor die kop geslaan.

Daarna is elkeen met 'n .22-geweer in [illegible] kop geskiet, al was hulle reeds dood.

Met die eerste aanhoor klink die [illegible] siese bewyse teen die seun baie oortuigend. Dit sluit in krapmerke aan sy nek, 'n [illegible] T-hemp, geskeur presies waar die naels [illegible] aansienlike geweld sou gekrap het, en bloed[illegible] spatsels en kruit van 'n vuurwapenskoot [illegible] sy klere.

Maar die kind se advokaat moet nog [illegible] kant van die storie vertel, merk iemand [illegible] die hof op.

Eers toe die landdros las hy mag nie [illegible] toe gaan nie, begin die seun se trane [illegible]. Hy sal langer in die tronk moet bly.

DIT gons opnuut op die dorp [illegible] die moorde wat skokgolwe [illegible] die land gestuur het.

Esmeraldi Cronje het saa[illegible] met die seun en Marthella op Griekwa[illegible] grootgeword. Sy onthou hoe die twee kl[illegible] tyd soms soos kat en hond baklei het. [illegible]

8 | 6 SEPTEMBER 2012 huisgenoot.com

Die hoofopskrif: **GRUMOORD WAT DIE LAND VERDEEL** (Scholtz, 2012i:8) is prominent in groot, vetgedrukte hoofletters en die beskrywing van die voorval as 'n "grumoord" is hoogs emosioneel en treffend en dui op die sensasionele raming van die storie (sien 2.7).

Die subopskrif versterk die sensasionele raming van die verdagte: **Hofgetuienis oor die wrede dood van 'n Griekwastad-gesin laat talle wonder: Is die jong beskuldigde 'n monster of word hy misverstaan?** (Scholtz, 2012i:8). Die laaste woorde is ook gebruik as 'n voorbladprik en versterk die konflikraam van die artikel. Hierdie beklemtoonde gebruik van die skokkende visuele beeld van 'n monster, op die voorblad en in die artikel, versterk die sensasionele raming van die storie (sien 2.7).

Alhoewel die subopskrif en prik die leser vra om self te oordeel, word die beskuldigde in die hooffoto van die artikel sterk uitgebeeld as 'n oortreder. Die kant van die seun se gesig en bolyf is al wat sigbaar is deur die agtervenster van die bakkie en in die sitplek voor hom is 'n polisieman in sy blou uniform duidelik sigbaar.




Die bostaande foto se byskrif lees: "Die beskuldigde in die Steenkamp-moordsaak word na die landdroshof op Griekwastad gebring" (Scholtz, 2012i:8). Die verdagte se naam word nie meer genoem nie en alhoewel dit dalk weens wetlike redes is, omdat die beskuldigde minderjarig is, stroop dit hom van sy identiteit en raam *Huisgenoot* hom op 'n onpersoonlike wyse slegs as 'n beskuldigde.

Die konflikraam is meer prominent in die storie as enige van die vorige Griekwastad-moordstories. *Huisgenoot* distansieer hulself, dalk onopsetlik, van die beskuldigde en die raming kontrasteer sterk met die vorige raming van die verdagte as 'n weerlose kind. Hierdie raam maak dit moeilik vir lesers om te identifiseer met die seun en daarom word die emosie en meegevoel, wat aangemoedig is deur die menslikebelangraam, hier omvergegooi (sien 2.6).

Die ander foto's op bladsy nege (sien die volgende bladsy) van Bennie en Hanlie Heckroodt en die familielede wat mekaar vashou buite die hof kontekstualiseer en verpersoonlik die storie. Dit is opsetlik deur *Huisgenoot* ingesluit om 'n persoonlike en menslike element aan die artikel te verleen, volgens die menslikebelangraam (sien 2.6). Die leser kan simpatiseer met die mense in die foto's en die bekende gesigte van Don se oppassers, wat reeds voorheen deur *Huisgenoot* gepubliseer is, versterk ook die menslikebelangraam van die storie, omdat hulle nie vreemd is nie. Die leser "herken" hulle en ken hul storie.




Die fotobyskrifte lees: “Bennie en Hanlie Heckroodt het die beskuldigde onder hul vlerk geneem. Familie en vriende van die Steenkamps ondersteun mekaar buite die hof” (Scholtz, 2012i:9). *Huisgenoot* het op bladsy nege die onderstaande foto’s van die slagoffers gepubliseer en dit raam die storie weer nostalgies en emosioneel volgens die menslikebelangraam (sien 2.6).




Marthella lyk weerloos en kinderlik waar sy in die veld stap met ’n wit somerrokkie met die wind wat deur haar hare waai. Haar ouers, Deon en Christel, glimlag mooi in ’n portretfoto regs van haar. Die foto’s dra by tot die menslikebelangraam wat emosie uitlok en die leser herinner aan die mense wie se lewens verwoes is na die voorval (sien 2.6). Die fotobyskrif is egter grafies en nie sentimenteel nie: “Marthella en haar

ouers, Deon en Christel, is altesaam nege keer geskiet. Pa en dogter is ook met 'n stomp voorwerp oor die kop geslaan" (Scholtz, 2012i:9). Só lees die byskrif wat aangrypend volgens die konflikraam geraam is deur die beklemtoning van geweld.

Volgende is die artikelinhoud ook volgens die menslike belang- en konflikraam geraam. Die inleidende sin lees: "Deon Steenkamp bly sy held, sê die 16-jarige wat hom na bewering koelbloedig doodgeskiet het" (Scholtz, 2012i:8). Die bewoording is treffend, emosioneel, beskrywend en raam die storie sensasioneel (sien 2.7).

*Huisgenoot* skryf in die inleiding dat die Steenkamps op Goeie Vrydag in 'n "bloedbad" gesterf het (Scholtz, 2012i:8). Die eerste bron wat aangehaal word in die artikel is Bennie Heckroodt wat volgens die artikel 'n "noue band met die minderjarige moordbeskuldigde het" (Scholtz, 2012i:8). Hy sê die seun praat gereeld oor sy vermoorde gesin: "Dis nie 'n taboe onderwerp nie. Ons praat daaroor" sê Bennie (Scholtz, 2012i:8).

*Huisgenoot* haal eerste die beskuldigde se vertroueling aan. "Bennie neem vir hom skoon beddegoed en kos na sy sel in die Galeshewe-polisiekantoor..." waar die seun vir hom "van sy dae in die tronk..." vertel (Scholtz, 2012i:8). *Huisgenoot* raam die artikel emosioneel volgens die menslikebelangraam deur Bennie se vertelling as inleiding te gebruik (sien 2.6).

Die seun vertel hoe die polisie hom geboei na sy sel geneem het en hom "verwelkom het in sy 'huis vir die volgende 60 jaar'" skryf *Huisgenoot* (Scholtz, 2012i:8). Die storie word duidelik emosioneel geraam volgens die menslikebelangraam omdat die visuele beelde wat die woorde "geboei" en "sel" vorm sterk emosie uitlok (sien 2.6). Die bogenoemde aanhaling versterk egter ook die konflikraam van die storie omdat die minderjarige beskuldigde, wat vroeër sterk geraam is as 'n onskuldige kind, hier in die tronk sit.

In die volgende paragraaf versterk *Huisgenoot* weer die menslikebelangraam. Hulle vra hom glo gereeld om na grusame foto's van die Steenkamps se lyke te kyk. 'Oom, moet ek regtig na daai foto's kyk?' Wou die seun weet" (Scholtz, 2012i:8). Die inhoud is kragtig en emosioneel, veral waar die seun se stem gehoor word waar hy die polisieman as "Oom" aanspreek. *Huisgenoot* se seleksie van hierdie aanhaling raam die beskuldigde weer as 'n kind en versterk dus die konflikraam deur die kontrasterende

idees van “monster” en kind te beklemtoon. Die hoofbron in die inleidende paragrawe is Bennie Heckroodt wie natuurlik simpatiseer met die seun en wie spesifiek gekies is as bron om volgens die menslikebelangraam die emosie van die storie te verhoog (sien 2.6).

In die volgende paragraaf neem die storie ’n ander wending en hier word die storie in die hof verder vertel. Die storie is egter steeds volgens die menslikebelangraam geraam. Hanlie (Bennie se vrou) streel “met haar vingers deur die seun se hare en vou haar arm om sy skouers” (Scholtz, 2012i:8). *Huisgenoot* beskryf ter inleiding van die nuwe paragraaf hoe die seun se ondersteuner haarself ontferm oor hom in die landdroshof op Griekwastad.

Volgende word die verdagte se optrede in detail bespreek. *Huisgenoot* skryf: “Hy lyk by tye senuagtig waar hy in die beskuldigdebank sit en wieg” (Scholtz, 2012i:8). “Hy spreek landdros Sipiwe Maswi aan as “Oom” en “die tiener met draadjies in sy tande lyk nie na die monster wat die staat hier skets nie” skryf *Huisgenoot* (Scholtz, 2012i:8). Die beskuldigde word volgens die menslikebelangraam in ’n versagtende lig geraam wanneer *Huisgenoot* hom effektief raam as ’n weerlose en bang kind wat moontlik onskuldig kan wees.

Hierna haal *Huisgenoot* die staatsaanklaer, Hannes Cloete, se woorde aan: “Hy het die Steenkamp-familie ‘koelbloedig, doelmatig en vasbeslote’ en op ’n ‘gruwelike, gruwelike’ manier vermoor” (Scholtz, 2012i:8). Die twee kontrasterende sinne wat mekaar voorafgaan raam die aantygings teen die “weerlose” verdagte as skokkend en indrukwekkend. Die staatsaanklaer is verder aangehaal: “Al drie is eers met ’n .357-rewolwer in die bolyf geskiet. Deon en Marthella is ook met ’n stomp voorwerp oor die kop geslaan. Daarna is elkeen met ’n .22-geweer in die kop geskiet, al was hulle reeds dood” (Scholtz, 2012i:8). *Huisgenoot* skryf dat die forensiese bewyse baie oortuigend klink teen die verdagte (Scholtz, 2012i:8). “Dit sluit in krapmerke aan sy nek, ’n blou T-hemp, geskeur presies waar die naels met aansienlike geweld sou gekrap het, en bloedspatsels en kruit van ’n vuurwapenskoot aan sy klere” (Scholtz, 2012i:8). Die konflikraam figureer hier baie duidelik soos wat die spanning en rusie van die storie verhoog (sien 2.6).

*Huisgenoot* sluit die afdeling af deur iemand buite die hof aan te haal wat vertel dat die seun se advokaat nog sy kant van die storie moet vertel en beskryf verder hoe die

beskuldigde se trane begin vloei het “toe die landdros las hy mag nie huis toe gaan nie” (Scholtz, 2012i:8).

In die volgende afdeling van die artikel bring *Huisgenoot* die leser weer terug na die Griekwastad-gemeenskap en raam die storie volgens die moraliteitraam (sien 2.6). “Dit gons opnuut op die dorp oor die moorde wat skokgolwe deur die land gestuur het” skryf *Huisgenoot* (Scholtz, 2012i:9). Hierdie stelling bevestig ook die nasionale nuuswaardigheid van die Griekwastad-moordstorie.

In hierdie afdeling gesels *Huisgenoot* met onder andere Esmeraldi Cronjé, wie saam met Marthella en haar broer grootgeword het in Griekwastad (Scholtz, 2012i:9). Ook sy bevestig dat dié broer en suster baie na aan mekaar was: “Dit was die mooiste ding om hulle saam te sien dans” (Scholtz, 2012i:9). *Huisgenoot* gebruik die menslikebelangraam om gevoel uit te lok en koppel ook die storie sterk aan individue van die gemeenskap wat ’n menslike element aan die storie verleen.

Verder berig *Huisgenoot* oor die “vieslike boodskappe” wat mense vir Bennie en sy vrou stuur, maar noem ook ’n gebedsgroep wat die seun se koshuisouers gestig het. Die konflikraam is hier weer prominent gebruik omdat die rusie en twis verband aan die storie deurlopend beklemtoon word (sien 2.6). Op Griekwastad vlieg die gerugte steeds, skryf *Huisgenoot.* “Die misdade was Satanisties; Marthella is verkrag; jaloesie in die gimkana-gemeenskap het ’n rol gespeel” (Scholtz, 2012i:9). Die volgende bron, Elsa van der Walt, ’n ouer van die Jacobsdal gimkana-klub, sê “hulle kan nie die beskuldigde nou net weggooi nie: ‘Dit was deel van God se plan dat hulle in ons sirkel was’. ‘As ’n Christen mag ek niemand veroordeel nie. Net God weet wat daar gebeur het’” (Scholtz, 2012i:9). Die moraliteitraam figureer hier baie prominent wanneer *Huisgenoot* die verteller se religieuse oortuigings aanhaal (sien 2.6).

Hierna verwys *Huisgenoot* na die beskuldigde se Facebook-blad en beskryf die verdeeldheid wat ook daar heers. “Ai, my kind... Jy moes nie die ou duiwel kans gegee het nie! My hart is so seer vir jou onthalwe!” skryf een vrou (Scholtz, 2012i:9). Die aanhaling is duidelik emosioneel en aangrypend en versterk die menslikebelang- en moraliteitraam van die storie.

Bennie word hierna weer aangehaal: “Ons het gehoop en gebid iets sal vorendag kom wat dit verander. Ons hoop en bid steeds, maar ek wil nie hê hy moet verrassings kry

nie" (Scholtz, 2012i:9). Dit is waarom Bennie volgens *Huisgenoot* die seun voorberei het "dat hy aangekeer en beskuldig gaan word" (Scholtz, 2012i:9). *Huisgenoot* berig dat die staat teen die einde van die jaar die verhoor wil afhandel, maar "tot dan word elke beweging, gesigsuitdrukking en gebaar van die beskuldigde dopgehou en ontleed" (Scholtz, 2012i:9).

Ten slotte verwys *Huisgenoot* na algemene opinies oor die beskuldigde. "Sommige beleef die seun se geaardheid as "vreemd" en teruggetrokke, terwyl ander sê hy is "arrogant" en baie selfversekerd sedert die moorde. (Scholtz, 2012i:9). En in die slotsin "soek Bennie-hulle enige bietjie lig vorentoe" (Scholtz, 2012i:9). "Daar word so baie vir hom gebid dat hy nie eens kans het om stout te wees nie" sê Bennie helaas (Scholtz, 2012i:9).

*Huisgenoot* het 'n **AS HY SKULDIG IS, WAT WAG?** insetsel op bladsy nege geplaas en deskundiges is as hoofbronbronne gebruik.

Morgan Courtenay is 'n prokureur by die Universiteit van Pretoria se Sentrum vir Kinderreg en sy sê: "Dit is teen die wet om 'n kind saam met 'n volwassene aan te hou. Daar kan wel aparte geriewe vir kinders wees in 'n gewone tronk" (Scholtz, 2012i:9).

Die volgende opskrif in die insetsel lees: **HOE VERSKIL JEUGSENTRUMS VAN TRONKE VAN VOLWASSENES?** "Die doel van hierdie sentrums is rehabilitasie" sê Courtenay. Sielkundiges en psigiaters is byderhand en die kinders word voorberei om as volwassenes weer 'n sinvolle bydrae tot die samelewing te maak" (Scholtz, 2012i:9).

**HOE LANK KAN HY AGTER TRALIES SIT?** lees die volgende opskrif. Volgens Morgan is daar "geen minimum of maksimum nie, maar die wet stel dit duidelik dat 'n kind wat gemoor het, nie lewenslange tronkstraf mag ontvang nie" (Scholtz, 2012i:9).

Die laaste opskrif: **SO LANK MOES ANDER KINDERS SIT** vertel van die vonnisse wat opgelê is vir ander minderjarige moordenaars: Angelique Orso, Amanda du Toit en Morné Harmse. In die volgende afdeling word die raming van die vyfde en laaste Griekwastad-moordstorie bespreek.

### 6.5. Die Griekwastad-moorde op die voorblad, 4 Oktober 2012




### 6.5.1. Raming op die voorblad

Op die *Huisgenoot*-voorblad van 4 Oktober pryk die *Boer soek 'n vrou*-aanbieder en aktrise, Angelique Gerber, saam met haar man, Ben-G. *Huisgenoot* berig oor hul liefde en gelukkige huwelik op bladsy tien van die uitgawe terwyl die Griekwastad-moorde eerste op die agenda verskyn op bladsy ses. In hierdie uitgawe is die Griekwastad-moorde weer bo-aan *Huisgenoot* se agenda, maar op die voorblad is die glanspaar se liefde hoofnuus.

Die voorbladprikke en -foto's van die Griekwastad-moorde word prominent onder aan die voorblad aangedui. Die prik ***GRIEKWASTAD-MOORDE*** is treffend in vetgedrukte wit hoofletters teen 'n bloedrooi agtergrond en stem ooreen met die beriggewingstyl van poniejoernalistiek. Die volgende prik **BEBLOEDE HEMP, KRUITOORBLYFSELS EN <u>KRAPMERK IN NEK</u>** is gedruk in kleiner, donker blou hoofletters en die laaste drie woorde is onderstreep.

Dié prik is meer beskrywend en sluit skokkende nuuselemente in wat die emosie verwant aan die boodskap verhoog – ’n duidelike aanwyser van sensasionalisme (sien 2.7).

Die laaste prik: **Gesinsvriend: Dis wat seun sê gebeur het**, is gedruk in gewone, vergrote swart letters en die boodskap kontekstualiseer die storie deur te verwys na die hoofbron wat die beskuldigde se getuienis in die artikel sal verduidelik. Aan die hand van Jewkes (2004:45) se vereenvoudiging- nuuskriterium vereenvoudig *Huisgenoot* die storie deur die misdaad te kontekstualiseer.

Die konflikraam is sover in elke Griekwastad-moordstorie deur *Huisgenoot* gebruik. Gruwelike feite rakende die moord word vir die eerste keer op die voorblad bekendgemaak en dit beklemtoon die konflik en geweld wat met die misdaad gepaard gegaan het.

*Huisgenoot* raam die voorbladstorie ook volgens die menslikebelangraam. Die Steenkamp-slagoffers se begrafnisfoto’s wat vroeër gepubliseer is verskyn hier op die voorblad en so verpersoonlik *Huisgenoot* die misdaad deur die voorbladprikke te koppel met die gesigte van die slagoffers.

Daar is dus ’n menslike element bygevoeg tot die gewelddadige moord en dit dui op die menslikebelangraam wat *Huisgenoot* gebruik (sien 2.6). Die verpersoonliking van nuus is ook ’n indikasie van poniejoernalistiek en sensuur (sien 2.7).

**6.5.2. Raming van die vyfde artikel** (Scholtz, 2012j:6,7)



# VERWERP EN ALLEEN

'n Vriend van die Griekwastad-vermoordes vertel hoe moeilik die beskuldigde se lewe nou is

Deur HERMAN SCHOLTZ

VIR die 16-jarige beskuldigde in die Griekwastad-gesinsmoord klap die deure die afgelope tyd een vir een toe. Sy skool wil hom vir eers (hangende sy verhoor) nie terughê nie en selfs 'n onderwyseres van Kimberley wat om hulp genader is, wou aanvanklik niks daarvan weet nie.

Sy het net gesê die bewyse teen hom waarvan sy lees, is te verdoemend, sê 'n vriend van die vermoordes in 'n openhartige telefoniese onderhoud van sy plaas af naby Kimberley. Dis ook swaar vir hom, wat maar net die beskuldigde in hierdie stormagtige tyd wil bystaan, soos hy dit stel.

Die probleem van die seun se opvoeding is darem vir eers opgelos danksy 'n ooreenkoms met Grey-kollege in Bloemfontein dat hulle hom met afstandonderrig sal bystaan.

En die onderwyseres het toe ná mooi verduidelik tog ingestem om te help.

Die gesinsvriend het haar kwellings een vir een met haar bespreek en haar verseker die seun het antwoorde op al die vrae wat die staat geopper het in sy borgtogverhoor in die moordsaak van Deon en Christel Steenkamp en hul dogter, Marthella.

Die buskruit-residu wat ná die moorde aan hom gevind is, is glo omdat hy die oggend van die moorde meerkatte geskiet het. Die krapmerk op die seun se nek is glo net 'n baie klein merkie wat veroorsaak is toe die sterwende Marthella hom om die nek gegryp het.

En die beblode hemp wat hy uitgetrek het? "Hy kry skaam daaroor, maar hy het gegril vir die bloed daarop," vertel die vriend.

Dit is ook die seun se oënskynlike gebrek aan ontsteltenis wat mense laat praat. Maar die vriend meen hulle verstaan nie watter uitwerking die gebeure op die tiener het nie.

"Hy kry swaar. Hy kry bleddie swaar. Ek weet hoe swaar hy kry. Toe hy lees wat die mense van die skool van hom sê, het hy net gesê: 'Jissie, Oom, as ek myself nie beter geken het nie, het ek

6 | 4 OKTOBER 2012 huisgenoot.com

Die artikel se hoofopskrif: **VERWERP EN ALLEEN** (Scholtz, 2012j:6) is kort, bondig en emosioneel. Dit skep 'n hartseer toon vir die artikel en laat lesers simpatiseer met die seun en sy situasie of dit skep 'n gevoel dat geregtigheid geskied het omdat dit sy verdiende loon is om verwerp te word. Die menslikebelangraam word baie duidelik hier uitgelig in die emosioneel aangrypende opskrif.

Die hooffoto, waarvan die beskuldigde se kop heeltemal uitgevee is, is treffend en die spierwit silhoeët van die seun se gesig verhoog die drama van die storie. Hierdie grafiese uitbeelding van die beskuldigde is indrukwekkend, omdat die seun, wat teen dié tyd nasionale berugtheid verwerf het en wie se gesig goed bekend is, se aangesig hier verbloem word. Die rede vir dit mag wees omdat *Huisgenoot,* as gevolg van wetlike beperkings, nie foto's van die minderjarige beskuldigde se gesig mag publiseer nie. *Huisgenoot* stroop hom nie net van sy aangesig nie maar ook van sy identiteit en sy menswees. Die menslikebelangraam word hier oorheers deur die konflikraam, omdat die beskuldigde nie soos voorheen as 'n weerlose kind geraam word nie.

In die agtergrond is skoolkinders in hul uniforms duidelik sigbaar en die grafika raam die beskuldigde teen die letterlike agtergrond van sy skoolmaats en versterk weer die menslikebelangraam deur die leser te herinner dat hy wel ’n kind en skoolleerling is. Die subopskrif versterk die menslikebelangraam verder: **’n Vriend van die Griekwastad-vermoordes vertel hoe moeilik die beskuldigde se lewe nou is** (Scholtz, 2012j:6).

Die enigste ander foto’s en fotobeskrywings wat verder in die artikel voorkom is die onderstaande foto’s van die beskuldigde se skool en ook die voorbladfoto van die Steenkamp-slagoffers.




Die eerste byskrif lees: “Grey-kollege in Bloemfontein het die 16-jarige moordbeskuldigde reeds vir eers weggewys. Hy sal nou afstandonderrig kry” (Scholtz, 2012j:7).



Die volgende fotobyskrif beskryf die slagoffers: “Deon, Christel en Marthella Steenkamp wat op Goeie Vrydag op hul plaas, Naauwhaal, buite Griekwastad vermoor is” (Scholtz, 2012j:7).

Die narratiewe styl waarmee *Huisgenoot* berig lewer oor die moorde is reeds duidelik in die inleiding: “Vir die 16-jarige beskuldigde in die Griekwastad-gesinsmoord klap die deure die afgelope tyd een vir een toe” (Scholtz, 2012j:6). *Huisgenoot* beklemtoon deurlopend die konflikraam in die storie soos wat die spanning en twis van die gebeure toeneem (sien 2.6).

Die bron wat *Huisgenoot* aanhaal in die artikel gesels “openhartig” met hul oor ’n telefoniese onderhoud vanaf sy plaas in Kimberley (Scholtz, 2012j:6). Hy wil net die beskuldigde “in hierdie stormagtige tyd” bystaan, sê die annonieme bron (Scholtz, 2012j:6).

*Huisgenoot* berig dat sy skool hom nie wil terug hê nie, hangende sy verhoor, en selfs ’n onderwyseres wat om hulp genader is vir tuisonderrig “wou aanvanklik niks daarvan weet nie” (Scholtz, 2012j:6). Grey-kollege het wel toestemming gegee vir afstandonderrig en ’n onderwyseres het ingestem om hom te help nadat ’n gesinsvriend verduidelik het dat die seun antwoorde het op al die staat se vrae.

Vrae oor die biskruit-residu wat aan hom gevind is ná die moorde “is glo omdat hy die oggend van die moorde meerkatte geskiet het” (Scholtz, 2012j:6). Die krapmerk op sy nek is “net ’n baie klein merkie” wat deur “die sterwende Marthella” veroorsaak is toe sy hom om die nek gegryp het (Scholtz, 2012j:6). *Huisgenoot* vra ook waarom hy die bebloede hemp uitgetrek het en sy vriend verduidelik: “Hy kry skaam daaroor, maar hy het gegril vir die bloed daarop” (Scholtz, 2012j:6). Die konflikraam word versterk deur die beskuldigings en antwoorde wat *Huisgenoot* uitlig van die borgtogverhoor.

In die volgende sin opper *Huisgenoot* die kwessie van die seun se “oënskynlike gebrek aan onsteltenis” wat die konflikraam verder beklemtoon. Die vriend verdedig sy optrede omdat mense nie die uitwerking van die gebeure op die seun verstaan nie. “Hy kry swaar. Hy kry blêddie swaar. Ek weet hoe swaar hy kry. Toe hy lees wat die mense van die skool van hom sê, hy het net gesê: ‘Jissie, Oom as ek myself nie beter geken het nie, het ek dit al oor my begin glo’” (Scholtz, 2012j:6-7). Volgens sielkundiges moet mense blykbaar nie wag voordat hulle hom troos nie want “hy huil na binne” sê die

vriend (Scholtz, 2012j:7). Die vriend se emosionele antwoorde raam die storie volgens die menslikebelangraam wat die beskuldigde verpersoonlik deur die beklemtoning van sy swaarkry en hartseer.

In die volgende afdeling van die artikel verskuif die fokus weg van die beskuldigde na die gemeenskap. Die konflikraam is hier weer prominent. *Huisgenoot* berig dat die gesinsvriend al voorgekeer was met rondloopstories wat beweer dat hy die kind se biologiese pa is en dat dit iets te doen het met die moorde (Scholtz, 2012j:7). Iemand anders wou ook weet hoe hy die Steenkamps se "geldsake behartig" (Scholtz, 2012j:7).

"Ek het die vrou gevra of sy eintlik vir my vra waarom ek betrokke is by die seun as ek dan nie 'n vinger in die *pie* het nie" vertel die vriend (Scholtz, 2012j:7). "Hy moes ook al hoor die seun is 'n aangenome kind en dat hy die vermoorde Marthella gemolesteer het" berig *Huisgenoot* (Scholtz, 2012j:7). Die konflikraam versterk wanneer *Huisgenoot* verder berig oor die verstommende gerugte. Die vriend antwoord almal se vrae en sê: "Hy wil nie eendag daarvan beskuldig word dat hy nie gehelp het nie" (Scholtz, 2012j:7). "Dit waardeur ons nou gaan, is net tydelik en kan nie vergelyk word met hoe ek later sou voel as ons nie gehelp het nie" sê die vriend (Scholtz, 2012j:7).

*Huisgenoot* versterk die konflikraam toenemend en berig dat Grey-kollege onderwysers in hofstukke gesê het "jong kinders is bang vir die seun" en daarom dreig ouers om hul kinders uit die skool te haal as hy sou terugkeer (Scholtz, 2012j:7). Alhoewel sy skoolmaats hom in die eerste maande na die moorde ondersteun het, berig *Huisgenoot* "daardie dae is verby" (Scholtz, 2012j:7).

Die konflikraam is verder versterk wanneer *Huisgenoot* 'n ouer aanhaal wat sê: "Hy wil nie hê sy kind moet enigiets met die beskuldigde te doen hê nie" (Scholtz, 2012j:7). Die ouer sê: "Ons het ons kind nog heeltyd probeer voorberei op die moontlikheid dat hy skuldig is. Hulle moet ons, as ouers, se vrese verstaan. Sê nou hy is 'n manipuleerder en het dit regtig gedoen?" (Scholtz, 2012j:7). Nog 'n ouer, Cobus Visser, sê in hofstukke: "sy seuns vrees vir hul veiligheid" en vrees dat die Griekwastad-gebeure by die skool ook kan gebeur (Scholtz, 2012j:7). "Ook koshuisouers wat 'om verstaanbare redes erg benoud en vreesbevange' is, het hom gebel" sê Cobus (Scholtz, 2012j:7). Ilse Greef, ook 'n ouer, het die skool bedank "vir hul hantering van die saak" en die besluit dat die seun eerder tuisonderrig sal ontvang en nie sal terugkeer skool toe nie (Scholtz, 2012j:7). *Huisgenoot* se beklemtoning van die ouers en onderwysers se bekommernis

raam die storie volgens die menslikebelang- en konflikraam, omdat die betrokkenes se persoonlike gevoelens as vertrekpunt gebruik word in die vertelling, maar ook omdat die rusie voortdurend beklemtoon word (sien 2.6).

*Huisgenoot* verhoog verder die konflik van die storie wanneer hul die skoolhoof, Johan Volsteedt, in ’n verklaring aanhaal: “Die kind wys nie die emosies ‘wat ’n mens nogal sal verwag’ van ’n kind wat aan dié soort trauma blootgestel is nie” (Scholtz, 2012:7). Die kind het ’n “gedaantewisseling ondergaan: waar hy voorheen stil en teruggetrokke was, was hy ná die moorde selfs ‘uitbundig’ tussen klasse” sê die hoof (Scholtz, 2012j:7).

Die konflikraam figureer weer wanneer die gesinsvriend reageer op die bogenoemde stelling. “Dis vir my verstommend” (Scholtz, 2012j:7). “Moet hy sy kop laat sak? Moet hy sy oë afhou? Wat de hel moet hy doen? As hy emosie wys, word hy gekritiseer omdat hy lag. As hy nie emosie wys nie, pla dit ook die mense” (Scholtz, 2012j:7). *Huisgenoot* berig dat die seun van die begin af bewus was van die vingers wat na hom wys en hoe almal elke beweging van hom dophou (Scholtz, 2012j:7). Die vriend meen: “As die sogenaamde uitbundigheid nou sy manier is om die storm om sy kop te trotseer” is dit ’n “goeie teken” (Scholtz, 2012j:7).

In die laaste afdeling van die artikel berig *Huisgenoot:* “Die regspad wat voorlê, lyk eindeloos. Die vermoordes se vriend voorsien ’n lang en harde stryd” (Scholtz, 2012j:7). Die vriend vertel verder: “Dis vreemd om skielik ’n kind in die huis te hê. Ons eie kinders was almal van gr. 1 tot matriek in die koshuis” (Scholtz, 2012j:7). *Huisgenoot* berig tuisonderrig is nie waarop hulle gehoop het nie en die seun wil terugkeer skool toe. “Dis sy skool. Dis waar sy vriende is. Dis waar hy tuis en veilig voel” vertel die vriend (Scholtz, 2012j:7). Die bron sê sy skoolmaats bel hom steeds vir ondersteuning, maar hy is darem nou veilig beskut teen die“vyandigheid wat hy dalk by die skool sou ervaar het” (Scholtz, 2012j:7).

Ten slotte sê die vriend: “As hy onskuldig bevind word en niemand anders word gevang nie, sal daar waarskynlik die res van sy lewe ’n storm om dié outjie se kop woed. Mense sal heeltyd glo: ‘Ja, hy het daarmee weggekom.’ Dis hartseer” (Scholtz, 2012j:7). Die artikel sluit af met ’n emosionele stelling van die vriend en raam die storie verder volgens die menslikebelangraam (sien 2.6).

## 6.6. Samevatting

In hierdie hoofstuk is *Huisgenoot* se raming van die vyf voorbladstories oor die Griekwastad-moorde chronologies in aparte afdelings bespreek en nuusteoreties geanaliseer. Daar is bevind dat *Huisgenoot* die konflik- en menslikebelangraam (sien 2.6) prominent gebruik in hul sensasionele raming van die Griekwastad-moorde.

In *Huisgenoot* se dekking van die Griekwastad-moorde raam die tydskrif misdaad as bisarre vermaak. Die tydskrif se dramatiese verpersoonliking van nuus, die sterk gebruik van emosie en grafiese beelde en die indrukwekkende, kleurvolle narratiewe vertelstyl is ooreenstemmend met die geelpers en sensuur (sien 2.7).

Die menslikebelangraam is teenwoordig in al vyf artikels. *Huisgenoot* se raming van elke storie fokus sterk op die menslike element en ’n emosionele vertelling van gebeure. Veral in die eerste storie waar *Huisgenoot* die slagoffers en die verdagte van die Griekwastad-tragedie gebruik om die storie emosioneel te anker. Deon, Christel, Marthella en Don Steenkamp is die gesigte agter die grumoord en deur hulle is die storie verpersoonlik. Die menslikebelangraam is dus uiters prominent in *Huisgenoot* se raming van die eerste Griekwastad-moordstorie.

*Huisgenoot* skep ’n nuwe drumpel, soos Jewkes (2004:41) dit noem, om die tweede Griekwastad-moordstorie te vernuwe. In hierdie storie praat *Huisgenoot* self met Don en sy oppasser Ben Heckroodt en hierdie persoonlike en emosionele invalshoek versterk die menslikebelangraam, terwyl die konflikraam nie prominent voorkom nie. Die seun, wat deur die verloop van tyd nasionale bekendheid verwerf het, word stereotipies geraam, soortgelyk aan ’n slagoffer, en die geweldsmisdaad word ook nie grafies uitgebeeld in die artikel nie en dit dra by tot die versagtende, menslikebelangraam van die storie.

*Huisgenoot* raam die storie ook sensasioneel deur die vereenvoudiging, kontekstualisering en verpersoonliking van die misdaad en beklemtoon veral die raming van die verdagte as ’n kind (sien 2.7).

In die derde voorbladstorie word die verdagte nie so breedvoerig geraam soos in die eerste twee stories nie, maar *Huisgenoot* fokus eerder op die belewenis van die gemeenskap. Die invalshoek is weer emosioneel en persoonlik, dieselfde as met die

eerste artikels, maar die Griekwastad-gemeenskap se perspektief word hierdie keer weergegee. Die menslikebelangraam figureer dus weer prominent.

*Huisgenoot* vereenvoudig en verpersoonlik ook die inhoud deur die misdaad sterk te kontekstualiseer binne die Griekwastad-gemeenskap en deur hul persoonlike opinies aan te haal – dit dui op sensasionalisme (vgl. Kitch, 2009:31). Verder gebruik *Huisgenoot* grafiese beelde soos byvoorbeeld die verwysing na die "moordhuis" en die "koeëlgat in die muur" wat die misdaad sensasioneel raam met behulp van skokkende nuuselemente (sien 2.7).

Die vierde storie handel oor die verloop van die Griekwastad-moordhofsaak. Die grafiese detail wat in die hof gehoor word, raam die geweldsmisdaad as skokkend en skouspelagtig (Jewkes, 2004:53-55). So ook die seun se nuwe lewe in die tronk.

Die misdaad word weer geraam as onvoorspelbaar en verskriklik en word vernuwe deur die verloop van die verhoor en die aantygings van die staatsaanklaer (vgl. Jewkes, 2004:41). 'n Kind is nou die beskuldigde in 'n gewelddadige familiemoordsaak en dit opsigself maak die storie uiters nuuswaardig (vgl. Jewkes, 2004:57).

*Huisgenoot* vereenvoudig ook die inhoud deur die misdaad te kontekstualiseer met hul insetsel: **AS HY SKULDIG IS, WAT WAG?** en verder raam hul die storie ewe prominent volgens die menslikebelang- en konflikraam.

*Huisgenoot* vernuwe die vyfde opvolgstorie met 'n nuwe drumpel of intensiteitsvlak en beskryf die seun se onstuimige situasie noudat hy nie meer toegelaat word by sy skool nie. Die skoolhoof en ouers raam die verdagte in 'n uiters negatiewe lig terwyl sy vriend, soos hy genoem word in die artikel, die verdagte ondersteun.

Die minderjarige moordbeskuldigde het nasionale berugtheid verwerf na die bisarre, gewelddadige moord op sy gesin en die storie word deur *Huisgenoot* geraam volgens die menslikebelang- en konflikraam. Die storie word ook vereenvoudig deur die sterk kontekstualisering en verpersoonliking van die misdaad (vgl. Jewkes, 2004:44). In hierdie artikel is daar interessant genoeg geen grafiese beelde van die misdaad gepubliseer nie, maar die konflik wat beklemtoon is, was eerder emosioneel (vgl. Jewkes, 2004:55).

Die Griekwastad-moorde is prominent op *Huisgenoot* se agenda geplaas omdat dit uiters nuuswaardig was. Die stories voldoen aan al Froneman (2002:57) se nuuskriteria: nuutheid, belangrikheid, ongewoonheid, kommersiële waarde, en is ook prominent. Die moordstorie voldoen ook aan die meeste van Jewkes (2004:40) se misdaadnuuskriteria, naamlik drumpel, onvoorspelbaarheid, vereenvoudiging, individualisme, risiko, bekendes en status, nabyheid, geweld, grafiese beelde, en kinders.

Volgens Froneman en De Beer (2002:57-60) se gekombineerde nuuskriteria is die Griekwastad-moorde nuuswaardig omdat dit sosiaal-psigies, tydgewys en geografies naby die lesers is. Jewkes (2004:52) se nabyheidnuuskriterium is hier ook van toepassing. Op 'n sosiaal-psigiese vlak vereenselwig die *Huisgenoot*-leser met die betrokkenes van die Griekwastad-moorde, want die Steenkamp-slagoffers was bekend binne hul Afrikaanse, boeregemeenskap en daarby het die slagoffers prominente rolle in hul gemeenskap, skool en kerk gespeel (vgl. Froneman, 2002:59).

Die storie besit nuutheid en is ook tydsgewys na aan die leser. Die weekblad *Huisgenoot* het egter nie die Griekwastad-moorde eerste bekend gemaak nie, maar die stories is opvolgstories wat vernuwe is deur 'n persoonlike en emosionele invalshoek (vgl. Froneman, 2002:57). Volgens Jewkes (2004:41) behou die storie só sy nuuswaardigheid deur 'n nuwe drumpel te bereik of deur te vernuwe.

Volgens De Beer (1982:5) is nuus vanuit die leser se onmiddellike omgewing meer nuuswaardig en geografies word die omliggende boeregemeenskap van Griekwastad direk deur die voorval geraak. Die fisiese afstand tussen dié mense en die moorde is kleiner, maar ander gemeenskappe moet ook in ag geneem word (vgl. Froneman, 2002:59). Dit sluit in Don en Marthella se gemeenskap by hul verskillende skole in die Vrystaat en ook die gimkana-, kerk- en dorpgemeenskap wat dikwels met Deon, Christel en hul kinders in aanraking gekom het.

In terme van intensiteit het die Griekwastad-moorde ook 'n groot impak en omvang, omdat 'n groot aantal mense daardeur geraak word (vgl. Froneman, 2002:60). Die status quo word ook versteur omdat die bestaansorde van dinge skokkend verander het en die voorval is besonder buitengewoon omdat die enigste, minderjarige oorlewende van die tragedie verdink word van die moorde (vgl. Froneman, 2002:60). Jewkes (2004:42) se onvoorspelbare en Froneman (2002:57) se ongewoonheid nuuskriteria is dus hier van toepassing.

Die bisarre aard van die voorval en mense wat bespiegel oor 'n moontlike kindermoordenaar dra by tot die kommersiële waarde van die storie, omdat lesers die tydskrif sal koop, omrede hul nuuskierig is oor die "raaiselmoord" wat die land laat gons (vgl. Froneman, 2002:59). Jewkes (2004:47) se risiko-nuuskriterium is hier ook relevant, omdat *Huisgenoot* die samelewing se bewustheid van misdaad gebruik en gedurig berig lewer oor misdaad, soos plaasmoorde, wat die leser se aandag sal trek.

Volgens Jewkes (2004:43-44) se vereenvoudiging-nuuskriterium, vereenvoudig *Huisgenoot* ook die stories deur die misdaad te kontekstualiseer, verpersoonlik en deur grafiese beelde te gebruik om die misdaad te raam. Alhoewel daar in die artikels bespiegel word oor die seun se onskuld raam *Huisgenoot* tog die seun stereotipies as 'n slagoffer volgens Jewkes (2004:45) se individualisme-nuuskriterium, maar met duidelike grys areas omdat die saak nog ondersoek word (vgl. Jewkes, 2004:45).

Die Steenkamp-gesin het ook nasionale bekendheid verwerf ná die driedubbele moord op Griekwastad. Die verdagte seun, Don Steenkamp, is selfs meer bekend as die Steenkamp-slagoffers, juis omdat hy die enigste oorlewende en verdagte is en daarom voldoen die storie ook aan Jewkes (2004:49) se status- en Froneman (2002:57) se belangrikheid-nuuskriteria. Tydens die ondersoek is die gesig van die minderjarige seun gereeld deur die media gepubliseer. As gevolg van die "raaiselmoord" is sy identiteit nie beskerm nie en het hy landswyd bekendheid verwerf met verwysing na Bennie Heckroodt wat vertel dat hy nie in 'n winkelsentrum kan instap sonder om herken te word nie (sien 6.3.2).

Die misdaad is verder gewelddadig deur *Huisgenoot* geraam volgens Jewkes (2004:53) se geweldsmisdaad-kriteria met verwysing na byvoorbeeld Marthella wat die huis ingesleep is terwyl sy nog geleef het en die koeëlwonde wat dui op 'n teregstelling (Scholtz, 2012:14). Die grafiese beeld van die donker kol waar vriende en familie bloed van die muur afgewas het, is visueel treffend en skep 'n skokkende en hartseer atmosfeer wat emosie uitlok (Scholtz, 2012:14). Jewkes (2004:55) se spektakel of grafiese beeld-nuuskriterium is hier ter sprake. Laastens handel die storie oor 'n minderjarige verdagte en die feit dat 'n kind verdink word van die moorde maak die storie dadelik meer nuuswaardig (vgl. Jewkes, 2004:56).

In die volgende hoofstuk kom die raming van die Somalië-ontvoering aan die orde.

# 7. Raming van die Somalië-ontvoering

Die Somalië-ontvoering het vyf keer op *Huisgenoot* se voorblad verskyn in 2012 en dit is in die inhoudsanalise as een van die mees prominente misdaadstories op *Huisgenoot* se agenda verklaar. Die sesde storie oor die Somalië-ontvoering is nie in hierdie hoofstuk geraam nie, omdat dit slegs ’n kort resensie was oor Debbie Calitz se boek, wat nie op die voorblad aangedui is nie.

Die navorsingsdoelwit van hierdie hoofstuk is om insig te verkry oor *Huisgenoot* se raming van misdaad en in hierdie hoofstuk is *Huisgenoot* se raming van die Somalië-ontvoering chronologies in aparte afdelings bespreek en nuusteoreties geanaliseer.

Die bespreking wat volg word nuusteoreties vanuit die sosio-kulturele tradisie aan die hand van ramingsteorie, agendastelling, nuus- en voorbladteorie en sensasionalisme geanaliseer (sien hoofstuk 2).

### 7.1. Die Somalië-ontvoering op die voorblad, 5 Julie 2012



### 7.1.1. Raming op die voorblad

Op die *Huisgenoot*-voorblad van 5 Julie 2012 pryk die glanspersoonlikheid Neels van Jaarsveld met sy meisie en, wanneer daar na die voorblad gekyk word, blyk dit om die hoofstorie van die uitgawe te wees, maar die artikel is heel agter in die tydskrif op bladsy 120 gepubliseer. Die hoofstorie van die uitgawe is eerste op die agenda op bladsy ses geplaas en dit handel oor die Somalië-ontvoering waarvan die vergrote voorbladprikke duidelik die treffendste op die voorblad is.

Die onderstaande ligblou prik lees: ***EKSKLUSIEF: HG IN ROME*** en onderaan volg die grootste prik, prominent in wit, vetgedrukte hoofletters.




**VREUGDE, TRANE!** lees die emosionele hoofprik kort en treffend. Dit is hierdie verkorte, vermaaklike en sensasionele skryfstyl wat *Huisgenoot* se ooreenkoms met die poniejoernalistiek bevestig (vgl. Bird, 2009:40). Die menslikebelangraam (sien 2.6) figureer hier baie prominent, omdat *Huisgenoot* kies om die hele storie op te som met dié twee emosionele woorde in hul hoofprik.

Onder die prik kommunikeer *Huisgenoot* nog detail rakende die storie in puntsgewyse formaat. Die kleiner prikke lees: **<u>ONTVOERDE PAAR HERENIG MET KINDERS</u>**

- **Ma sukkel met eet en slaap**
- **Hulle het verander – dogter**
- **Swaar pad na herstel – kenner**

Die emosionele bewoording van die prikke en die grafiese voorstelling daarvan dui albei op die sensasionele raming van die storie (sien 2.7). Twee voorbladfoto's vergesel die prikke. Een van die ontvoerde paar, Debbie Calitz en Bruno Pelizzari, wat mekaar omhels ná hul vrylating en dan ook een waarin Debbie se drie kinders verskyn. Die paartjie is ná hul aanhouding weer met die kinders herenig. Die prikke en foto's kontekstualiseer die storie en raam die Somalië-ontvoering verder volgens die

menslikebelangraam (sien 2.6), deur die gesigte en persoonlikhede van die ontvoerde paar aan die storie te koppel en daardeur die storie te verpersoonlik (sien 2.7). Volgens Kitch (2009:31) is dié verpersoonliking van nuus ’n indikasie van sensasionalisme waar private emosies in openbare emosies verander word.

**7.1.2. Raming van die eerste artikel** (Blaauw, 2012:6-9)


HG EKSKLUSIEF

EK WIL NET AAN MAMMA VAT

Ná 20 maande in aanhouding deur Somaliese seerowers is Debbie Calitz en Bruno Pelizzari vrygelaat. Ons het saam met haar kinders na Rome gevlieg vir ’n blye hereniging

Deur DANÉL BLAAUW

6 | 5 JULY 2012 huisgenoot.com

**EK WIL NET AAN MAMMA VAT.** Só weerklink die slagoffer, Bruno Pelizzari, se emosie in die hoofopskrif (Blaauw, 2012:6). *Huisgenoot* se direkte aanhaling van die slagoffer se emosionele woorde verpersoonlik die artikel en dui op die sensasionele raming van die storie (sien 2.7). Die hoofopskrif word ook volgens die menslikebelangraam (sien 2.6) geraam, omdat *Huisgenoot* ’n emosionele invalshoek gebruik wat deur die slagoffer, Bruno, se emosionele woorde verpersoonlik word.

Die emosionele vertelling van die komplekse gebeurtenis vereenvoudig ook die storie. Die vereenvoudiging van nuus is kenmerkend van sensasionalisme en daardeur hoef die leser nie aan tegniese aspekte rondom die ontvoering aandag te skenk nie, maar kan die inhoud slegs emosioneel interpreteer (sien 2.7).

Onder die emosioneel aangrypende hoofopskrif volg ’n subopskrif wat die storie kontekstualiseer: **Ná 20 maande in aanhouding deur Somaliese seerowers is Debbie Calitz en Bruno Pelizzari vrygelaat. Ons het saam met haar kinders na Rome gevlieg vir ’n blye hereniging** (Blaauw, 2012:6).

Die onderstaande foto’s en fotobeskrywings raam die storie verder volgens die menslikebelangraam (sien 2.6) binne die konteks van ’n familiehereniging. Die ontvoerde paar, Debbie en Bruno, pryk op die hooffoto van die artikel en die foto wys hoe hulle hande vashou en straal van vreugde ná hul vrylating. In die agtergrond is weermagmanne in hul uniforms sigbaar en die byskrif lees: “Eindelik vry! Debbie Calitz en Bruno Pelizzari wys hul vreugde ná 20 maande se aanhouding deur Somaliese seerowers” (Blaauw, 2012:6).




*Huisgenoot* verpersoonlik en raam die storie besonder emosioneel volgens die menslikebelangraam (sien 2.6) deur die plasing van hierdie foto wat die slagoffers se emosie sterk beklemtoon.

Op die volgende bladsye is foto’s van Debbie se kinders gepubliseer (sien die foto op die volgende bladsy). Die fotobyskrif lees: “Jackie Coulson (links) en Kerri-Ann en Jason Cross enkele ure ná hul gelukkige hereniging met hul ma, Debbie, en Bruno. Hulle kon skaars ophou drukkies uitdeel en mekaar aanraak” (Blaauw, 2012:7).




Die storie se oorhoofse tema is die blye hereniging van die ontvoerde paar met hul geliefdes en *Huisgenoot* raam die storie volgens die menslikebelangraam (sien 2.6) vanuit 'n sterk emosionele invalshoek. Volgens dié raam beklemtoon *Huisgenoot* die bronne van die artikel sodat 'n sterk menslike element in die vertelling na vore kom wat die leser se identifisering met die storie versterk (sien 2.6). Die onderstaande foto wys die broer en susters waar hul voor die Colosseum staan, soos toeriste, en *Huisgenoot* verpersoonlik die storie verder deur die plasing van die foto.




"Dit is Jason en Kerri-Ann se eerste oorsese reis. Hier staan hulle by die Colosseum saam met hul suster Jackie (middel)" lees die fotobyskrif (Blaauw, 2012:9). Dit is soortgelyk aan foto's wat tipies in 'n familiefotoalbum sou voorkom en dui op die sterk menslikebelangraam en verpersoonliking van nuus wat *Huisgenoot* gebruik in hul

raming van die artikel. *Huisgenoot* kontekstualiseer ook die storie deur die slagoffers van die tragedie ferm te posisioneer binne hul familiekonteks en daarom word daar soveel klem geplaas op Debbie se kinders wie ook die hoofbronne van die artikel is. Die menslikebelangraam (sien 2.6) word drasties versterk deur die gebruik van Debbie se kinders wat hul emosionele hereniging met *Huisgenoot* deel.

In terme van grafika gebruik *Huisgenoot* die onderstaande tydlyn om die verloop van die paartjie se ontvoering visueel uit te beeld (Blaauw, 2012:7-9). Datums, foto's en informasie is chronologies voorgestel in kolomme. Jewkes (2004:43) se nuuskriterium vereenvoudiging is hier relevant, omdat *Huisgenoot* 'n grafiese tydlyn gebruik om hul beriggewing bondig en maklik verstaanbaar te maak vir die leser.









Hierdie tydlyn verhoog die drama en intensiteit van die vertelling en dra by tot die sensasionele raming van die storie (sien 2.7).

Die enigste grafika wat by die storie ingesluit is, wys die ligging van Somalië op 'n kaart van Afrika op die onderstaande illustrasie en dit wys ook die plek waar Debbie en Bruno 20 maande lank aangehou is vir 'n losprys. Hierdie grafiese illustrasie dra ook by tot die sensasionele raming (sien 2.7) van die storie en vereenvoudig die inligting verder vir die leser.




In Rome is Debbie en Bruno "onder streng opdragte van die Italiaanse owerheid" om geen onderhoude toe te staan terwyl die hofondersoek voortduur nie (Blaauw, 2012:7). Dit blyk dus die rede te wees waarom *Huisgenoot* Debbie se kinders as hoofbronne gebruik het in die artikel, omdat slegs familie toegelaat is om die ontvoerde paar te sien. Volgens die artikel het *Huisgenoot* saam met Jason en Kerri-Ann na Rome gevlieg vir die herontmoeting (Blaauw, 2012:7).

*Huisgenoot* raam die storie sterk volgens die menslikebelangraam (sien 2.6) vanuit die emosionele invalshoek van ’n ma wat hereniging word met haar kinders. Debbie is meer as net ’n slagoffer. Sy is ’n ontvoerde moeder wat vir die eerste keer haar kinders sien na haar traumatiese aanhouding in ’n vreemde land. *Huisgenoot* se raming van die slagoffer as ’n moeder en al die emosionele konnotasies wat daarmee gepaardgaan versterk dus die menslikebelangraam (sien 2.6) van die storie.

Verder dui die tydskrif se kenmerkende narratiewe vertelstyl op die sterk sensasionele raming van die storie (sien 2.7). Dit is ook duidelik in die inleiding van die artikel: “Dis skielik skemerdonker toe Jackie Coulson (26) op die snikhete Europese somerdag uit die helder sonlig die hotelportaal in Rome binnestap en vir ’n oomblik kan sy skaars iets uitmaak. Maar dan, vir die eerste keer in byna twee jaar, hoor sy die bekende stem agter haar, en sig is skielik heeltemal oorbodig” (Blaauw, 2012:6).

*Huisgenoot* berig oor elke emosionele en persoonlike detail van die herontmoeting en die storie is beskrywend geskryf vanuit die outeur se persoonlike ervaring van die hereniging.

“In 20 lang, uitmergelende maande in die kloue van Somaliese seerowers het Debbie Calitz so dikwels gewonder of sy haar kinders ooit weer sou sien. Net die hoop op ’n vreugdevolle herontmoeting het die 49-jarige ma en ouma deur die donker dae gedra” lees die volgende paragraaf (Blaauw, 2012:7).

Die dramatiese prosaskryfstyl wat *Huisgenoot* hier gebruik is duidelik sensasioneel (sien 2.7) en die menslikebelangraam (sien 2.6) word ook versterk deur die emosiebelaaide beskrywing. Woorde soos “uitmergelende” en “kloue” het sterk emosionele konnotasies en bevorder die sensasionele raming van die storie. Die slagoffer, Debbie Calitz, word hier sterk binne haar gesinskonteks geraam wanneer *Huisgenoot* spesifiek na haar verwys as ’n “ma” en “ouma”.

In die inleidende paragrawe gebruik *Huisgenoot* Debbie se dogter, Jackie, se persoonlike vertelling van die herontmoeting en raam die storie emosioneel volgens die menslikebelangraam (sien 2.6). Sy is ook die eerste een wat hul ma kon sien (Blaauw, 2012:7).

“Sy het my heel eerste gevra of ek gelukkig is en of ek gelukkig getroud is” sê Jackie (Blaauw, 2012:7). Sy vertel hoe hulle “deurmekaar gelag en gehuil” het en hoe hulle

"mekaar net heeltyd vasgehou" het (Blaauw, 2012:7). Jackie beskryf die paar as emosioneel afgestomp na hul "nagmerrie-ervaring" maar sê "toe my ma my sien, het sy net gestraal" (Blaauw, 2012:7). *Huisgenoot* se gebruik van die menslikebelangraam (sien 2.6) is hier baie duidelik wanneer die tydskrif Jackie se emosionele woorde direk aanhaal.

Volgende berig *Huisgenoot* in detail oor die aanpassings wat die paar ervaar. Hulle is blykbaar moeg en ondervind slaapprobleme (Blaauw, 2012:7). "Hulle het twee jaar lank op die grond geslaap en slaap nou vir die eerste keer weer in ’n bed" sê Jackie (Blaauw, 2012:7).

Dit is selfs vir hul ’n aanpassing om gewone kos te eet, berig *Huisgenoot.* "Hul maag is baie sensitief en nog omgekrap. Dit help nie veel dat hulle in Italië met al hierdie ryk kos is nie. My ma eet omtrent net rou vrugte en groente" vertel haar dogter Jackie (Blaauw, 2012:7). *Huisgenoot* noem dinge soos koffie, suiker, sout en peper waarna Debbie as gevangene verlang het en dan skuif die fokus weer terug na Jackie se ervaring van die hereniging (Blaauw, 2012:7).

"Ek kan nie ophou na haar kyk nie; ek vat heeltyd aan haar. Soms praat sy en dan sit ek net na haar en kyk. Dis nog onwerklik dat sy terug is" vertel sy hier in Rome waar die paartjie tuisgaan by ’n hotel (Blaauw, 2012:7). Die menslikebelangraam (sien 2.6) is deurlopend teenwoordig omdat *Huisgenoot* die emosie en persoonlike ervaring van die bronne sterk beklemtoon in hul raming van die storie.

Jackie sê verder: "Sy en Bruno is dieselfde mense en hulle is oukei, maar hulle het ook verander. Dit was ’n traumatiese ervaring en ek dink nie wat met hulle gebeur het, het al by hulle ingesink nie" (Blaauw, 2012:7). Sy lewer ook kommentaar oor hoe baie gewig hulle verloor het, maar sê hulle lyk darem goed en gesond (Blaauw, 2012:7). Die eerste afdeling sluit dan af met Jackie se emosionele woorde: "My ma sê sy het nie gedink sy sou ons ooit weer sien nie..." (Blaauw, 2012:7).

In die eerste afdeling raam *Huisgenoot* die storie sensasioneel (2.7) deur die dramatiese en emosionele narratiewe beskrywing van die blye herontmoeting tussen Debbie, Bruno en Jackie. Daar is geen verwysing na die ontvoering of geweld nie, net na gewigsverlies en slaapprobleme en daarom is die konflikraam vaag en word dit oorheers deur die menslikebelangraam wat emosie en persoonlike ervaring beklemtoon

(sien 2.6). Die volgende afdeling handel weer oor Jason en Kerri-Ann wat die ontvoerde paar vir die eerste keer sien.

*Huisgenoot* skryf in die eerste paragraaf dat die 72 uur sedert Debbie en Bruno se vrylating vir Kerri-Ann amper stadiger omgetik het as die afgelope 20 maande van hul aanhouding (Blaauw, 2012:7). “Elke oomblik van elke dag” was haar ma en Bruno in haar gedagtes sê Kerri-Ann (Blaauw, 2012:7).

“My hele lewe het om hulle gedraai” sê sy. “Ek het skuldig gevoel wanneer ek iets lekkers eet, wanneer ek lag of iets geniet, want ek het nie geweet hoe swaar hulle kry nie” (Blaauw, 2012:8). Haar broer, Jason, verjaar op dié spesiale dag en volgens hom is die herontmoeting “die grootste geskenk” waarvoor hy kon vra (Blaauw, 2012:8). *Huisgenoot* berig dat die, die eerste verjaardag in drie jaar is wat hulle saam vier.

*Huisgenoot* raam weer die herontmoeting sterk volgens die menslikebelangraam (sien 2.6) en gebruik voortdurend ’n sterk emosionele, narratiewe vertelstyl, kenmerkend van sensasionalisme (sien 2.7). Hierdie sterk narratiewe vertelstyl is ook duidelik wanneer *Huisgenoot* skryf hoe “die lag spontaan uit Kerri-Ann se keel geborrel” het toe die Airbus in Rome land (Blaauw, 2012:8). “Sy het haar hande opgewonde teen mekaar gevryf en haar gesig in haar hande gedruk” en by haar broer ingehaak toe hulle uit die vliegtuig stap (Blaauw, 2012:8). *Huisgenoot* se keuse om hierdie beskrywing in te sluit by die storie dra by tot die verpersoonliking en vereenvoudiging van die vertelling en dui ook op die sensasionele raming van die storie (sien 2.7).

Ná die ontmoeting met hul ma sê Kerri-Ann dit was ’n “onbeskryflike gevoel” (Blaauw, 2012:8). Die menslikebelangraam (2.6) figureer hier weer sterk. “Ons vat ook heeltyd aan my ma en kyk net vir haar, so asof ons steeds nie kan glo sy is hier nie” sê sy (Blaauw, 2012:8). Vir Jason was dit “die beste verjaardaggeskenk. Noudat ek haar gesien het, voel ek asof ek die geskenkpakkie oopgemaak het. Dis ’n dag in my lewe wat ek nooit sal vergeet nie” berig *Huisgenoot* (Blaauw, 2012:8).

Debbie het die afgelope twee jaar drie kleinkinders ryker geword wat sy nog nie ontmoet het nie en sy en Bruno is ná die herontmoeting op pad terug Suid-Afrika toe om van haar kleinkinders te ontmoet skryf *Huisgenoot* (Blaauw, 2012:8). Haar seun Jason vertel hoe Debbie gereageer het toe hulle die eerste keer na haar vrylating oor die foon gesels het. “Ek en Blake se ma is nie getroud nie. My ma het my jare lank gewaarsku

ek moenie ’n meisie swanger maak nie. Ek was bang sy sou sê: ‘Ek het jou gewaarsku...,’ maar sy het nie” (Blaauw, 2012:8). Sy het net gesê: “‘Ek hoor jy is nou ’n pa,’ lag hy” (Blaauw, 2012:8). *Huisgenoot* raam die Somalië-ontvoering sterk volgens ’n menslikebelangraam wat emosie uitlig. Die tydskrif se raming van die gebeure gee die lesers insig in die karakters en persoonlikhede van die betrokkenes. Die leser ervaar deels hul vreugde en begryp hul gevoelens omdat hulle geraam word in die bekende konteks van ’n gesin of familie.

In die volgende afdeling verlaag die emosionele vertelling van die storie en *Huisgenoot* berig feitlik oor die gebeure voor hul ontvoering. Debbie en Bruno was op ’n “geestelike reis om die volmaakte gemeenskap te soek waar ons almal in vrede saam kon gaan woon” vertel Kerri-Ann (Blaauw, 2012:8). Hul plan was om ’n teologievereniging in Indië te besoek waar verskillende godsdienste nagevors word maar “toe beland hulle in die kloue van seerowers” wat bande het met die terreurgroep Al-Sjabaab wat weer bande het met Al-Kaïda, berig *Huisgenoot* (Blaauw, 2012:8).

Terug by die herontmoeting berig *Huisgenoot* dat Bruno en Debbie reeds deur ’n dokter ondersoek is en liggaamlik is daar niks fout nie (Blaauw, 2012:8). Jackie verduidelik: “Behalwe dat hulle natuurlik moeg is en byna twee jaar lank nie goed geëet het nie. Die probleem is meer emosioneel” (Blaauw, 2012:8). “Ons sal nou na hulle moet kyk en sorg dat hulle gesond word. Ek sal saam terugvlieg Suid-Afrika toe en vir ’n ruk daar gaan woon” sê Jackie, wat al vyf jaar in Skotland in die gasvryheidsbedryf werk (Blaauw, 2012:8).

In die laaste afdeling versterk die emosie van die storie wanneer *Huisgenoot* skryf dat die afgelope 20 maande vir die hele familie ’n “emosionele wipwarit” was (Blaauw, 2012:9). Veral vir Kerri-Ann wat erg gesukkel het met skuldgevoelens. Sy was veronderstel om saam met hulle te seil. “Ek het ná matriek tot in Mosambiek saam geseil. Ek was ook in Augustus 2010, net twee maande voor hul ontvoering, in Tanzanië by hulle” (Blaauw, 2012:9). *Huisgenoot* raam die storie deurlopend volgens die menslikebelangraam (sien 2.6) en beklemtoon hier die skuldgevoelens en ervaring van Debbie se dogter wat die emosie van die storie verhoog. In die volgende paragrawe verpersoonlik *Huisgenoot* die nuus deur Kerri-Ann direk aan te haal.

“Dis so ’n verligting om my nie meer oor my ma te bekommer nie” sê Kerri-Ann. “’n Mens voel skuldig as jy iets lekkers eet of iets geniet. Sy was elke dag in my gedagtes.

Alles wat ek gedoen het, het om haar gedraai. Ek het selfs skuldig gevoel wanneer my kêrel my bederf. Ek wou myself nie toelaat om gelukkig te wees terwyl sy weg is nie. Jy sit met verskriklike skuldgevoelens, want jy lei 'n normale lewe lei en het jou geliefdes om jou" sê sy (Blaauw, 2012:9).

Kerri-Ann vertel sy was later soos 'n "zombie" en het heeltyd gedink aan hul vrylating (Blaauw, 2012:9). Ons het nooit moed opgegee nie, maar elke oomblik het jy gewonder of hulle veilig is en of hulle genoeg kos en slaapplek het" (Blaauw, 2012:9). *Huisgenoot* versterk die menslikebelang- en konflikraam (sien 2.6) deur Kerri-Ann se woorde. Haar innerlike konflik en verlange klink uitmergelend en versterk die konflikraam van die storie, terwyl haar verlange en skuldgevoel die menslikebelangraam beklemtoon.

Kerri-Ann weet hulle sal regkom, maar sy sê: "Dis 'n lang pad na herstel" (Blaauw, 2012:9). *Huisgenoot* berig verder oor Jason se persoonlike ervaring en raam die storie deurlopend volgens die menslikebelang- en konflikraam deur ook sy ervaring en emosie te deel. Hy sê hy was gedurig gespanne en het in die tyd met sy gesin, meisie en vriende baklei: "Dit eis op 'n manier sy tol. Ek was baie stil en het nie daaroor gepraat nie. Dis hoe ek dit hanteer het" (Blaauw, 2012:9).

In die slotparagraaf haal *Huisgenoot* Jason se woorde aan: "My ma en Bruno sal nie 'n vlieg skade doen nie. Hulle is rustige, vredeliewende mense. Dit klink dalk snaaks, maar op 'n manier is hulle die beste mense met wie so iets kon gebeur het..." (Blaauw, 2012:9). Die persoonlike aanhaling in die slotparagraaf versterk weer die menslikebelangraam van die storie en die artikel sluit af met 'n positiewe gedagte.

*Huisgenoot* het twee insetsels by die artikel geplaas (sien die volgende bladsy). **CALLIE EN MONIQUE ONTHOU** is die eerste insetsel wat handel oor Callie en Monique Strydom wat ook deur 'n Moslem-rebelliegroep ontvoer is en in die tweede insetsel getiteld: **DIE LANG PAD VORENTOE,** gee kliniese sielkundiges raad in verband met die trauma wat die ontvoerde paar moet verwerk.



**CALLIE EN MONIQUE ONTHOU. . .**

CORRIE HANSEN

Met hul vrylating het Callie en Monique Strydom nooit besef hoe moeilik dit sou wees om weer by 'n normale lewe aan te pas nie. Hulle is in 2000 tydens 'n vakansie in Maleisië deur 'n Moslem-rebellegroep ontvoer en vier maande lank saam met 19 ander toeriste op die Filippynse eiland Jolo aangehou.

"Mense besef nie hoe lank vier maande in gevangenskap voel nie en ek kan my nie indink hoe 20 maande moes gevoel het nie," sê Monique. Daarom sê sy nie sy kan haar voorstel wat Debbie Calitz en Bruno Pelizzari deurgemaak het nie.

Sy en haar man het die eerste nag ná hul vrylating in 'n hotelkamer deurgebring. "Die telefoon het gelui en ons het ons amper doodgeskrik. Toe ons die eerste keer in 'n winkelsentrum verby 'n gewapende wag stap, het ek en Callie omgedraai en huis toe gegaan," onthou sy.

Dit was ook vir hulle moeilik om besluite te neem omdat alle besluite so lank namens hulle geneem is. "Ons het ook gesukkel om te konsentreer. Om met mense te sit en gesels of selfs 'n fliek van begin tot einde te kyk was vir my moeilik."

*Huisgenoot* verhoog die emosie en die konflik van die storie deur die bostaande insetsel. Callie en Monique Strydom deel die ervaring van hul vrylating. Monique sê: "Mense besef nie hoe lank vier maande in gevangenskap voel nie en ek kan my nie indink hoe 20 maande moes gevoel het nie" (Blaauw, 2012:9). Sy onthou hoe bang hulle was na hul vrylating. "Die telefoon het gelui en ons het ons amper doodgeskrik. Toe ons die eerste keer in 'n winkelsentrum verby 'n gewapende wag stap, het ek en Callie omgedraai en huis toe gegaan" (Blaauw, 2012:9).

Sy vertel verder hoe hulle gesukkel het om te konsentreer: "Om met mense te sit en gesels of selfs 'n fliek van begin tot einde te kyk was vir my moeilik" (Blaauw, 2012:9). *Huisgenoot* raam die storie volgens die menslikebelang- en konflikrame deur vorige ontvoeringslagoffers se vertelling van hul emosionele en tragiese ervaring aan te haal.

*Huisgenoot* het ook 'n insetsel op bladsy nege geplaas getiteld: **DIE LANG PAD VORENTOE**. In die insetsel raadpleeg *Huisgenoot* kliniese sielkundiges in verband met die psigologiese herstel van die slagoffers. Cheryl Sol, 'n kliniese sielkundige, sê die paar kan aan "posttraumatiese stressteuring" ly en die simptome wissel "van matige simptome tot sulke ernstige simptome dat dit voel asof jy beheer oor jou verstand verloor het" (Blaauw, 2012:9). Nog 'n kliniese sielkundige, Ester de Beer, sê die paar kan dalk "bedrywige of lawaaierige plekke soos winkelsentrums vermy" en selfs vakansie in Afrika (Blaauw, 2012:9). Sy sê: "Hulle moet na 'n veilige, bekende plek geneem word en beroepshulp kry" (Blaauw, 2012:9).

*Huisgenoot* raam die storie verder volgens die menslikebelangraam in die insetsel deur die leser se aandag te fokus op die psigologiese en emosionele herstelproses wat voorlê vir Debbie Calitz en Bruno Pelizzari. In die volgende afdeling word die raming van die tweede voorbladstorie bespreek.

### 7.2. Die Somalië-ontvoering op die voorblad, 12 Julie 2012




### 7.2.1. Raming op die voorblad

Die Somalië-ontvoering is hoofnuus op die *Huisgenoot*-voorblad van 12 Julie 2012. Op die voorbladfoto verskyn die slagoffers van die ontvoering, Debbie Calitz en Bruno Pelizzari, waar hulle sag glimlag en mekaar liefdevol omhels. Die is ook die eerste *Huisgenoot*-voorblad in die jaar 2012 waarop geen glanspersone pryk nie. Dit is noemenswaardig, omdat *Huisgenoot* die ontvoeringslagoffers gekies het as voorbladpersone bo die gewone vermaaklikheidsterre wat gewoonlik die tydskrif "verkoop."

**EK IS VERKRAG IN <u>SEEROWER-HOK</u>** lees die skok-prik in wit, groot, vetgedrukte hoofletters. Die seerowerhok is sterk beklemtoon en in die kleiner ligblou prik wat dit voorafgaan adverteer *Huisgenoot:* **DEBBIE & BRUNO SE VOLLE VERHAAL** wat eerste op die agenda op bladsy ses verskyn.

*Huisgenoot* se raming van die Somalië-ontvoering op sy voorblad is visueel boeiend en word ook in terme van bewoording grafies voorgestel (Jewkes, 2004:55). Die konflikraam word hier prominent gebruik om die storie te raam veral met verwysing na die gruwelike verkragting in ’n seerowerhok (sien 2.6).

*Huisgenoot* se kleurvolle narratief en grafiese vertelstyl dui ook op die sensasionele raming van die misdaadstorie as ’n bisarre vorm van vermaak (sien 2.7). Verder dra *Huisgenoot* se seleksie en beklemtoning van skokkende nuuselemente, soos Debbie se verkragting in ’n seerowerhok, ook by tot die sensasionele raming van die voorbladstorie (sien 2.7). Die menslikebelangraam (sien 2.6) figureer ook baie prominent op die voorblad waar Debbie en Bruno se identiteit direk gekoppel word aan die Somalië-ontvoeringstorie en *Huisgenoot* versterk die raam deur Debbie direk aan te haal in die prik. Die paar is die reeds bekende gesigte en mense agter die ontvoeringstorie en hulle verleen ’n menslike element aan die misdaad wat die storie verpersoonlik.

**7.2.2. Raming van die tweede artikel** (Van Zyl, 2012:6-12)



Die hoofopskrif van die artikel is weer ’n aanhaling: **ONS HEL IS VERBY** (Van Zyl, 2012:6). **Die volle verhaal van Debbie Calitz en Bruno Pelizzari se 20 maande lange aanhouding toe Debbie onder meer verkrag is**, berig *Huisgenoot* in die subopskrif (Van Zyl, 2012:6).

Die hooffoto van die artikel is prominent en strek oor bladsy ses en sewe in die *Huisgenoot*-uitgawe. Debbie se oë is toe in die foto en sy hou haar hande voor haar gesig terwyl sy ontsteld haar storie aan *Huisgenoot* vertel. Bruno se gesig is ook sigbaar in die agtergrond maar is buite fokus sodat Debbie in die voorgrond meer aandag trek. Die menslikebelangraam (sien 2.6) word versterk deur *Huisgenoot* se emosionele raming van die slagoffer, Debbie Calitz, in die hooffoto.

Die grafiese informasie in die fotobyskrif dra verder by tot die konflikraam wat *Huisgenoot* prominent in die storie gebruik (sien 2.6). “Bruno Pelizzari en Debbie Calitz is 20 maande lank deur Somaliërs aangehou en gemartel. Debbie is ná Kersfees ook verkrag” (Van Zyl, 2012:7). *Huisgenoot* raam die storie sensasioneel (sien 2.7) deur die gebruik van emosiebelaaide woorde soos martel en verkrag wat sterk emosionele konnotasies het en die drama van die vertelling verhoog. Die res van die foto’s in die artikel versterk die menslikebelangraam (sien 2.6) van die storie, omdat duidelike emosie weerspieël word in elke foto. Op bladsy agt herleef Debbie en Bruno die ontvoering. Die onderstaande foto se byskrif lees: “Hulle sit heeltyd styf teen mekaar. Debbie klou byna verbete aan Bruno elke keer dat hul vertelling ’n traumatiese wending neem” (Van Zyl, 2012:8).



Op bladsy tien lyk die paar weer gelukkig op die onderstaande foto. “Soms lag hulle, skielik uitbundig, asof hulle nie kan glo die hel is verby nie” (Van Zyl, 2012:10).




Op bladsy elf is die onderstaande foto’s van Debbie en Bruno geplaas waar hul albei weer emosioneel voorkom. Hier is geen byskrif by die foto’s nie.



Die laaste foto's op bladsy twaalf wys hoe Bruno 'n hoender voer met wat lyk soos 'n stukkie brood en in die regter onderste hoek is twee foto's geplaas van Debbie en Bruno elkeen met hul kleinkinders. "Met hul terugkeer het Debbie vir die eerste keer haar kleinkinders, Dominic (3) en Niquita (10 maande), gesien. Hulle het nie eens geweet Bruno het intussen oupa geword nie" (Van Zyl, 2012:12).




Die slagoffers word op al die foto's duidelik volgens die menslikebelangraam (sien 2.6) geraam. Daar is foto's wat hulle raam as 'n liefdevolle paartjie, en nóg foto's wys waar die paar hul kleinkinders trots vashou, terwyl ander foto's hul rou emosie uitbeeld soos hul die tragedie deur hul vertelling herleef. Die emosionele raming van die slagoffers verpersoonlik die vertelling volgens die menslikebelangraam (sien 2.6), omdat die leser nie net lees oor hul hartseer nie, maar hulle kan ook die emosie op die slagoffers se gesigte sien en met hul simpatiseer.

Die menslike belang- en konflikraam (sien 2.6) figureer ook in die twee grepe wat *Huisgenoot* in die artikel uitgelig. Die eerste emosionele greep lees: **Dis duidelik die seerowers het nie 'n oog toegemaak nie en hulle is so verskrik soos daardie eerste dag** (Van Zyl, 2012:9). Die tweede greep verhoog ook die emosie en drama

verwant aan die storie wanneer *Huisgenoot* dié sin beklemtoon: **Een van hulle gaan doodgemaak word. Hulle moet self kies wie** (Van Zyl, 2012:11). Op hierdie wyse word die konflikraam in die vertelling beklemtoon.

Debbie en Bruno is die hoofbronne van die artikel en die ontvoerde paartjie deel hul persoonlike ervaring van hul 20 maandelange aanhouding in Somalië met *Huisgenoot.* In die volgende paragrawe raam die tydskrif die storie prominent volgens die menslikebelang- en konflikraam (sien 2.6), omdat die slagoffers emosioneel vertel van die verskriklike trauma wat hul ervaar het. *Huisgenoot* volg ook deurlopend, soortgelyk aan die geelpers, 'n sterk narratiewe vertelling in hul dekking van die storie (sien 2.7). Die storie is treffend geskryf in die teenwoordige tyd sodat die leser die storie kan "beleef." Op die wyse bring *Huisgenoot* sy vertelling nader aan die leser. Hierdie aangrypende nuusnarratiewe skep die indruk dat die gebeure weer afspeel en so word die leser tydsgewys nie van die storie verwyder nie.

*Huisgenoot* begin sy vertelling op Kersdag 2011. "Die dag dat die twee siek, uitgeteerde gevangenis vas geglo het hulle eindelik weer saam met hul geliefdes sal wees" (Van Zyl, 2012:6). Die tydskrif beskryf Debbie en Bruno se verhaal in besondere detail en vertel hoe een van hul oppassers "opgewonde sy arms soos 'n vliegtuig se vlerke gesprei" het en 'Suid-Afrika, Suid-Afrika' geroep het" (Van Zyl, 2012:6). Maar hul het gou weer verander in die "wrede mense" wat die gevangenes ken (Van Zyl, 2012:6).

In die volgende paragraaf figureer die konflikraam (sien 2.6) sterk en die aanhaling van Debbie se direkte woorde verpersoonlik die vertelling. Hul oppasser, Jerry, wil hê hulle moet seks hê terwyl hy en sy makker kyk berig *Huisgenoot* (Van Zyl, 2012:6). Debbie vertel sy wou hom nie ontstel nie en het net beleefd geantwoord: "Nee, dankie. Dit is te vuil hier op die vloer. Ons sal wag tot ons terug is by die huis" (Van Zyl, 2012:6). Debbie en Bruno het mekaar uiteindelik 'n soen gegee om die man stil te maak, maar hy het vies omgedraai en uitgeloop skryf *Huisgenoot* (Van Zyl, 2012:6).

Die tydskrif plaas hierdie skokkende inligting reeds in die inleidende paragrawe van die artikel om die leser se aandag te boei en raam die storie indrukwekkend volgens die konflikraam wat deurlopend in die artikel figureer. Hierna volg 'n gedetailleerde vertelling van hul aanhouding. *Huisgenoot* berig dat hulle "brandmaer en doodhonger" was (Van Zyl, 2012:6). Die menslikebelangraam (sien 2.6) figureer hier, omdat simpatie

uitgelok word deur *Huisgenoot* se beskrywende en emosiebelaaide woorde, “brandmaer” en “doodhonger.”

In die volgende paragraaf vertel *Huisgenoot* hoe ’n groep mans Debbie die volgende middag kom haal het. Die man sê oor en oor: “Dit is ’n baie gevaarlike situasie” terwyl hy vir Bruno blinddoek en beveel om doodstil te bly skryf *Huisgenoot* (Van Zyl, 2012:6). Bruno kan hoor hoe hulle in die vertrek langsaan met Debbie praat (Van Zyl, 2012:6). Weer sê ’n man vir haar: “Dit is ’n gevaarlike situasie dié. Jy mag nie praat nie. Verstaan jy?” Sy het haar kop bang geknik nadat hy dit drie keer herhaal het, berig *Huisgenoot* (Van Zyl, 2012:6).

Die konflikraam word toenemend deur *Huisgenoot* versterk soos die spanning in die vertelling styg (sien 2.6). *Huisgenoot* vertel hoe Debbie geblinddoek in doodse stilte sit en wag het voor ’n man haar oor die kop begin slaan en haar borste begin knyp het (Van Zyl, 2012:6). “Die pyn is verskriklik” skryf *Huisgenoot.* Debbie maak nie ’n geluid soos sy haar arms en bene probeer toehou nie. “Sy is doodbang” (Van Zyl, 2012:6). Die storie is sterk volgens die konflikraam geraam, omdat die rusie en geweld beklemtoon word deur ’n besonder emosionele beskrywing van die slagoffer se verkragting (Van Zyl, 2012:6).

In die volgende sin neem die spanning selfs verder toe wanneer *Huisgenoot* beskryf hoe die man vir Debbie verkrag. *Huisgenoot* berig: “Toe hy voor haar kom staan en haar bene probeer oopdwing, skud sy net haar kop vinnig en aanhoudend heen en weer. Haar hande is voor haar lyf geboei, maar sy probeer hom wegstoot. Hy is groot en sterk. Hy gryp haar om die nek en wurg haar” (Van Zyl, 2012:6).

*Huisgenoot* se raming van Debbie se gewelddadige verkragting is grafies, visueel boeiend en voldoen ook aan Jewkes (2004:55) se misdaadnuuskriterium wat handel oor skouspelagtige beelde. Hierdie skokkende nuusnarratiewe raam die geweldsmisdaad sensasioneel en laat konflik en emosie styg wat die konflikraam van die storie besonder versterk (sien 2.6).

Op bladsy agt gaan dié beskrywing voort. “Sy haat die gevoel van sy hande om haar nek. Haar asem raak op en sy gee ’n oomblik lank moed op. In dié oomblik trek hy haar broek af, sper haar bene oop en dwing hom op haar af” (Van Zyl, 2012:8).

*Huisgenoot* se aangrypende narratiewe vertelling en die verpersoonliking van nuus wat hier gebruik is, is kenmerkend van poniejoernalistiek en dit dui op die sensasionele raming van die Somalië-ontvoering as 'n vreemde tipe vermaak (sien 2.7).

In die paragrawe wat volg berig *Huisgenoot* verder oor die verkragting in grafiese detail. "Sy begin weer terugveg, maar weer klem hy sy groot hande om haar nek. En toe haar asem opraak en sy na lug snak, maak hy die gru-daad klaar" (Van Zyl, 2012:8). *Huisgenoot* beskryf volgende hoe die man haar "fyn gesig" vat en dit teen die vuil vloer smeer "voor hy haar met 'n smerige kombers toegooi" (Van Zyl, 2012:8).

Die tydskrif se sterk emosionele invalshoek asook sy grafiese en kleurvolle beskrywing van die verkragting raam die storie sensasioneel (sien 2.7). In die volgende sin skryf *Huisgenoot* hoe Debbie haarself dadelik verwyt (Van Zyl, 2012:8). "Ek is jammer, Bruno" sê sy verneederd toe sy weer by hom is. "Hulle het my verkrag. Ek het hulle probeer keer, maar ek kon nie" (Van Zyl, 2012:8). Die aanhaling van die slagoffer se eie hartverskeurende woorde verhoog die emosie en verpersoonlik die storie drasties.

In die volgende sin vertel Debbie dat sy vir die eerste keer in 'n lang tyd begin huil het, omdat sy seker was Bruno sou nooit weer aan haar wil raak nie (Van Zyl, 2012:8). Sy was oortuig hy sou vir haar gril maar Bruno het haar net styf vasgedruk en gesê: "Moet jou nie bekommer nie. Ek is hier vir jou" (Van Zyl, 2012:8).

So eindig die eerste afdeling van die artikel. Die menslike belang- en konflikraam figureer baie prominent in die artikel waar Debbie haar persoonlike en emosionele ervaring van haar gewelddadige verkragting deel (sien 2.6).

In die volgende afdeling neem *Huisgenoot* die storie terug in tyd na 22 Oktober 2009, die dag toe Debbie, Bruno en hul vriend Peter Eldridge die Dar es Salaamse hawe verlaat het (Van Zyl, 2012:8).

*Huisgenoot* beskryf hul eerste paar vakansiedae in detail en die vertelling volg weer 'n kleurvolle narratiewe en beskrywende vertelstyl. Debbie soek na walvisse en bak in die son toe sy die drie bote gewaar, skryf *Huisgenoot.* Sy het eers gedink dit is 'n walvis wat met sy stert op die water klap en "staar opgewonde na waar die wit skuim vinnig nader kom" (Van Zyl, 2012:8). Dit is toe dat Debbie die mans met lappe om hul koppe gewaar. "Sy het dit al voorheen op 'n foto in 'n koerant gesien besef sy. Dis seerowers. Die skrik trek deur haar lyf. Sy skree vir die ander" (Van Zyl, 2012:8).

Die prosavertelstyl wat *Huisgenoot* hier gebruik is indrukwekkend en raam die storie sensasioneel (sien 2.7). Volgende beskryf Debbie die voorkoms van die Somaliese seerowers wat sopas op die dek gespring het (Van Zyl, 2012:8). Hulle het donker, gladde hare en besonderse klein oë en ore (Van Zyl, 2012:8). "Hul oë is wild en verskrik en hulle skree aanhoudend vir Peter om die boot te stop" berig *Huisgenoot* volgens Debbie se vertelling (Van Zyl, 2012:8).

Op bladsy nege vertel Debbie en Bruno ook van die "diep letsel" wat elke seerower aan die een kuit het, soos 'n "inisiasiewond" (Van Zyl, 2012:9). Die kleurvolle narratief wat *Huisgenoot* hier gebruik met die insluiting van die beskrywing dui weer op die tydskrif se sensasionele skryfstyl soortgelyk aan die beriggewing van die geelpers (sien 2.7).

Verder op bladsy nege volg daar besonder gedetailleerde inligting rondom hul ontvoering. *Huisgenoot* berig oor Debbie se "innerlike krag" en hoe sy nie vir hul wou wys sy is bang nie. Toe 'n seerower Bruno se versteekte selfoon vind en hom wil klap, gryp sy "die man se hande vas en sê ferm: "Daar is geen rede vir geweld nie. Ons gaan niks doen nie. Ons gaan nêrens heen nie. Bly net kalm" (Van Zyl, 2012:9).

Dan volg nog triviale inligting oor Debbie wat 'n ekstrovert is en wou vriende maak. Sy kon nie haar nuuskierigheid beteuel nie en proe toe hul kos wat lekker smaak en sy oortuig 'n jong seerower om haar Somalies te leer praat (Van Zyl, 2012:9). Een van die seerowers verduidelik baie van die seerowers is weeskinders wat gewerf en opgelei word as hulle tien jaar oud is (Van Zyl, 2012:9). Die menslikebelangraam (sien 2.6) figureer hier baie prominent, omdat Debbie se persoonlike ervaring verwoord word deur *Huisgenoot* in 'n storieboekformaat waar die leser die ontvoerde slagoffer se karakter beter leer ken.

Haar vertrouensverhouding met die seerowers is egter kort daarna verbreek ná sy vir hul beseerde leier penisillien gegee het waarvoor hy vermoedelik allergies was (Van Zyl, 2012:9). Sy het egter hul vertroue teruggewen en hulle vertel dat dinge toe vlot verloop het en dat hulle optimisties gevoel het oor hul vrylating, totdat ander mans hulle begin ondervra het op 'n nabygeleë eiland (Van Zyl, 2012:9).

Hier verhoog die spanning van die storie en kom die konflikraam weer sterk na vore. "Geld, geld, geld" sê die mans aanhoudend terwyl hulle vir Bruno skop en met stokke slaan, skryf *Huisgenoot* (Van Zyl, 2012:9). Iemand teken 'n een met ses nulle in die

sand en Debbie word op haar beurt ook met die dood gedreig (Van Zyl, 2012:9). *Huisgenoot* vertel hoe 'n groot man wys met sy vinger oor sy keel en hoe Debbie hulle smeek: "Julle het 'n keuse: julle kan lig en liefde of die donker kies" maar hulle staar net na haar (Van Zyl, 2012:9).

*Huisgenoot* raam die artikel duidelik volgens die konflik- en menslikebelangrame (sien 2.6) omdat daar intense emosie en stygende konflik en vrees beklemtoon word regdeur die vertelling. Die volgende paragraaf bevestig hierdie stelling. "Bruno bewe van skok toe sy weer by hom kom. Haar vrees verdwyn en sy hardloop uit hul greep na hom. Hul klem mekaar se hande vas en staan styf teen mekaar" (Van Zyl, 2012:9). Die kleurvolle en sensasionele narratief wat deurlopend in die storie voorkom, is hier ook duidelik (sien 2.7).

Die konflikraam word weer versterk wanneer *Huisgenoot* skryf hoe Debbie met haar oppassers raas, omdat hulle die boot omgekrap en deursoek het. "Wat is fout met julle?" sê sy. "Julle is nie diere nie, julle is mense!" (Van Zyl, 2012:9). Maar toe hulle begin opruim besef sy dat hulle aangevuur word deur jou vrees "en wanneer jy dit nie wys nie, weet hulle nie watter kant toe nie" berig *Huisgenoot* (Van Zyl, 2012:9).

Daarna berig *Huisgenoot* hoe die seerowers senuagtig geword het ná hul 'n oorlogskip in die verte gewaar het. Hulle beveel die gevangenes om met hul hande agter hul koppe te staan met gewere op hulle gerig en só word die Nederlandse vloot geforseer om die aftog te blaas om die gevangenes se veiligheid te verseker (Van Zyl, 2012:10). "Americans we'll kill you… the Americans are running away" lag hul dan hard en uittartend skryf *Huisgenoot.*

Dae later word die boot strand toe gestuur en almal word beveel om die jag te verlaat. Hul vriend Peter weier om sy boot te verlaat en Debbie is seker hy is dood nadat sy drie skote hoor afgaan het toe sy in die water spring. Die afdeling eindig met 'n treffende en emosionele slotsin: "Dit is dag 13 van die 605 wat hulle as gyselaars aangehou sal word. Eers agterna sal hulle hoor Peter leef steeds" (Van Zyl, 2012:10).

In die volgende afdeling begin *Huisgenoot* met 'n gedetailleerde en besonder narratiewe beskrywing van die paartjie se eerste paar dae in Somalië. "Kilometers aaneen loop hulle kaalvoet deur die woestyn. Hulle voete brand en doringbossies breek hul vel" (Van Zyl, 2012:10). *Huisgenoot* skryf Debbie en Bruno is bly toe hulle

uiteindelik kans kry om te rus, al is dit onder ’n bos waar hulle moet skuil met dorings wat hulle steek (Van Zyl, 2012:10).

Die artikel word volgens die menslikebelangraam geraam juis omdat daar soveel aandag geskenk word aan die emosionele vertelling van die slagoffers se persoonlike ervaring (sien 2.6). *Huisgenoot* berig in detail oor elke aspek van die ontvoering en vertel die storie in ’n prosaformaat wat emosie en konflik sterk beklemtoon.

Later hoor Debbie en Bruno hulle is op pad na ’n Somaliese hotel en *Huisgenoot* skryf dit is in ’n sinkhuisie, wat deel is van ’n hotel, waar Debbie later verkrag word (Van Zyl, 2012:10). Die konflikraam word in die volgende paragrawe beklemtoon en die emosionele en treffende bewoording wat *Huisgenoot* deurlopend gebruik versterk dié raam (sien 2.6).

*Huisgenoot* fokus veral op die lyding en mishandeling van die ontvoerdes as Van Zyl (2012:10) skryf: “Ses uur lank skud hulle geblinddoek rond in die laairuim van ’n bakkie.” Debbie en Bruno word daarna in ’n “leë vertrek geboender” en raak weens uitputting gou aan die slaap op die harde vloer ten spyte van hul seer lywe (Van Zyl, 2012:10). In die volgende sin skryf *Huisgenoot:* “Die koue vloer is ’n lafenis, want die vertrek is bedompig en warm” (Van Zyl, 2012:10).

Hierdie beskrywende en kleurvolle narratief wat *Huisgenoot* gebruik in sy raming van die storie is kenmerkend aan poniejoernalistiek en hou verband met sensasionalisme (sien 2.7). Die menslikebelang- en konflikrame word ook toenemend versterk in *Huisgenoot* se dekking van die storie, omdat hul die traumatiese ervaring verpersoonlik en die storie uit ’n emosionele invalshoek skryf (sien 2.6). Die bogenoemde rame kom ook sterk te voorskyn wanneer *Huisgenoot* verwys na die gevangenes se vyfliterblik-toilet en die “enkele lugspleet” in hul sinkhuisie waarvan al die vensters toegemaak is met sinkplate (Van Zyl, 2012:10). Dié grafiese beskrywings versterk die konflikraam van die storie veral wanneer *Huisgenoot* skryf: “Dit is hier waar hul hande permanent geboei word, hulle begin honger ly en waar die sielkundige oorlog met hul oppassers begin” (Van Zyl, 2012:10).

Die menslikebelangraam (sien 2.6) figureer ook deurlopend in die storie en verskyn prominent waar *Huisgenoot* berig oor die name wat Debbie en Bruno vir die sewentien huise waar hul aangehou is gegee het (Van Zyl, 2012:10). In die Ikaros-huis het Debbie

’n babavoëltjie wat deur die lugspleet geval het probeer red en in die kombuis is hul letterlik in ’n kombuis aangehou (Van Zyl, 2012:10). *Huisgenoot* verpersoonlik die storie verder en raam dit volgens die menslikebelangraam (sien 2.6) deur die beskrywing uit te brei. Die tydskrif beskryf hoe die gevangenes tarotkaarte maak uit seeppakkies en hoe hulle wanneer dit goed gaan op ’n vuil, stink matras slaap vol bloed (Van Zyl, 2012:10). Die grafiese beeld word nog sterker as *Huisgenoot* skryf dat Debbie agtergekom het waar die bloed vandaan kom toe sy begin menstrueer (Van Zyl, 2012:10).

*Huisgenoot* raam die storie baie duidelik vanuit die gevangenes se emosionele perspektief volgens die menslikebelangraam (sien 2.6). Die wyse waarop *Huisgenoot* ook die nuus binne hierdie raam verpersoonlik en vereenvoudig is kenmerkend van poniejoernalistiek en daarom kan die afleiding gemaak word dat *Huisgenoot* dié misdaadstorie sensasioneel raam (sien 2.7).

Op bladsy tien duur die emosionele beskrywing voort. *Huisgenoot* berig dat die gevangenes “een koppie waterige sop” en stukkies brood deel vir ontbyt en vir aandete kry hulle ’n handvol reis of pasta met twee lepels sous (Van Zyl, 2012:10). As dit goed gaan kry hul stukkies groente en ná etenstye mag hulle toilet toe gaan en hul blik leeg maak (Van Zyl, 2012:10). *Huisgenoot* se grafiese beskrywing van die lyding van die gevangenes wil emosie by die leser uitlok en die tydskrif raam die storie dus sterk volgens die konflik- en menslikebelangraam (sien 2.6).

Die konflik en spanning in die storie word spesifiek deur *Huisgenoot* op ’n emosionele wyse uitgelig. Debbie en Bruno mag op geen ander tye aan die deur klop nie of hulle word geslaan (Van Zyl, 2012:10). Volgende berig *Huisgenoot* oor die persoonlike konflik wat die paar tydens hul gevangenis beleef het. Hulle was “gespanne” en het gedurig baklei en hul frustrasies op mekaar uitgehaal omdat daar niemand anders was nie (Van Zyl, 2012:10). “Maar hulle moet fluister, anders word hulle geslaan” (Van Zyl, 2012:10).

Die konflik styg weer wanneer Debbie en Bruno vertel dat hul ’n paar keer hul verhouding tydens hul aanhouding beëindig het en lank nie met mekaar gepraat het nie. *Huisgenoot* skryf: “Al is hulle saam, voel hulle albei eensaam” (Van Zyl, 2012:10). *Huisgenoot* raam hul aanhouding as ’n diep emosionele en traumatiese gebeurtenis volgens die konflikraam en beklemtoon nie net die gewelddadige en wreedaardige

aksies van hul oppassers nie, maar fokus ook op die konflik tussen die paartjie. Dit bring 'n persoonlike en emosionele element aan die informasie en raam die ontvoering dus volgens die menslikebelangraam (sien 2.6).

In die volgende paragraaf beklemtoon *Huisgenoot* weer die konflikraam wanneer die leser hoor van die doodsdreigemente wat die mans snags maak as hulle hard hul gewere voor die gevangenes se deur oorhaal en dan bewe Bruno en Debbie in mekaar se arms (Van Zyl, 2012:10). Hul bewaarders skyn ook flitsligte in hul gesigte sonder om 'n woord te sê. Die grafiese beskrywing van die trauma wat die gevangenes moes deurgaan versterk ook die konflikraam van die storie (sien 2.6).

Die konflikraam figureer weer sterk wanneer *Huisgenoot* oor die seerowers se onderhandeling om Debbie en Bruno se vrylating berig. Toe die paartjie die prys van hul vrylating hoor raak hulle moedeloos. 20 miljoen Amerikaanse dollar is "so onbereikbaar soos die maan" (Van Zyl, 2012:10). Maande gaan verby en uiteindelik "neem die onderhandelings 'n skrikwekkende wending" berig *Huisgenoot* (Van Zyl, 2012:11). Die greep se woorde word hier herhaal: "Een van hulle gaan doodgemaak word. Hulle moet self kies wie" (Van Zyl, 2012:11). Die paartjie begin hier weer stry, berig *Huisgenoot:* "'Ek sal gaan. Bruno, soen my totsiens,' sê Debbie. Sy's eenvoudig moeg en moedeloos. 'Nee, ek sal gaan,' sê Bruno toe beslis" (Van Zyl, 2012:11). *Huisgenoot* gebruik die gevangenes se direkte woorde omdat dit hul vertelling van die gebeure soveel meer indrukwekkend en eg maak en die menslikebelangraam word hier ook gebruik om die emosie agter die misdaad te beklemtoon (sien 2.6).

Bruno word gegryp en in die motorhuis in geforseer berig *Huisgenoot* verder. "Hy is seker dis sy einde" (Van Zyl, 2012:11). Daar moes hy aan sy suster Vera vertel hulle gaan hom doodmaak as "die geld nie gou kom nie" (Van Zyl, 2012:11). Hier verhoog die spanning volgens die konflikraam van die storie en *Huisgenoot* skryf in die teenwoordige tyd sodat die leser die gebeure onmiddellik kan beleef. "Dit is lank doodstil" lees die volgende sin (Van Zyl, 2012:11). "Debbie sit verskrik buite. Sy weet nie of Bruno dood is nie. Sy is vreesbevange" (Van Zyl, 2012:11). *Huisgenoot* se indrukwekkende beskrywing van die gebeure verhoog verder die spanning van die storie wat ook die leser se emosionele reaksie verhoog.

Die kragtige en emosiebelaaide beskrywings wat *Huisgenoot* gebruik versterk die sensasionele raming van die storie (sien 2.7). *Huisgenoot* skryf Debbie was "swak van

verligting" toe Bruno weer uitgelei is en sy het "haar geliefde" vasgegryp en hom oor en oor gesoen (Van Zyl, 2012:11). Die gebeure is opsigself emosioneel, maar *Huisgenoot* se effektiewe raming verhoog die emosie en gevoel van die storie indrukwekkend. *Huisgenoot* skryf: "Hulle hou eers op met bewe toe hulle terug in hul tronkkamer is. Daar voel hul veilig" (Van Zyl, 2012:11). Vir 'n ruk gaan dit goed met die paar, berig *Huisgenoot* verder. Hulle kry nuwe klere, hou die deur van hul sinkhuis oop vir vars lug en mag nou elke agt dae bad (Van Zyl, 2012:11). Hierna neem die drama van die storie sterk toe en *Huisgenoot* skryf dat hulle steeds nie vrygelaat word nie en ná Kersfees is Debbie ook verkrag.

Die spanning van die verhaal verhoog selfs verder toe 'n ander man Debbie wou verkrag en Bruno hom verkul deur die sere regoor sy lyf te gebruik as afwering. "Jy moet oppas. Ken jy Vigs?" sê hy en die man gee toe op (Van Zyl, 2012:11). Daarna het die kar wat hul na hul nuwe blyplek vervoer het gerol en Debbie en Bruno is beseer en in pyn. 'n Dokter beveel aan, op Debbie se versoek, dat hulle groente en vrugte asook 'n splinternuwe matras en kussing moet kry.

*Huisgenoot* berig verder oor die verloop van hul aanhouding en daar is nie veel emosie in die volgende paar paragrawe nie. Mnr. Adams word Debbie en Bruno se amptelike onderhandelaar en hul ontmoet hul eienaar mnr. Ali. Tydens die ontmoeting dreig mnr. Ali hulle met die dood as hy nie die geld binne drie dae kry nie (Van Zyl, 2012:11).

Net voor hul wou moed opgee hoor Bruno sy suster, Vera, het al 300 000 Amerikaanse dollar ingesamel. "Hulle snak na hul asem" skryf *Huisgenoot.* "Dit moet die mense van Suid-Afrika wees. Dan is daar tog hoop!" (Van Zyl, 2012:11). Mense sê die heeltyd hulle gaan huis toe, maar die paar is versigtig om bly te word. Met die nuus verhoog die emosie effens, maar dan figureer die konflikraam weer en *Huisgenoot* beskryf hoe hulle weer geboei word en "hardhandig in die kattebak gestop" word (Van Zyl, 2012:11). In die klein karretjie is daar nie plek vir hul "kosbare waterbottels en koffiebekers wat Bruno ingepak het nie" (Van Zyl, 2012:11). *Huisgenoot* skryf: "Dit is al wat hulle nog besit, en nou is dit ook weg" (Van Zyl, 2012:12).

Die menslikebelangraam (sien 2.6) is steeds hier teenwoordig, omdat 'n emosionele invalshoek prominent gebruik word. Die geheimsinnige mnr. Adams ontmoet die gevangenes in 'n volgende motor. "'Ek is een van die goeie ouens. Julle is in goeie

hande. Bruno se Italiaanse vriende wag vir ons,’ sê hy, en toe is hy weg” (Van Zyl, 2012:12).

*Huisgenoot* berig in die slotparagraaf dat Debbie en Bruno steeds nie glo hulle is vry nie. Eers toe hulle in Mogadisjoe uit die motor klim en “regte Italianers in Italiaans vir Bruno sê ‘Jy is vry,’ toe weet hulle: die hel is verby” (Van Zyl, 2012:12). Die heel laaste woorde is kort, bondig en treffend en dit word in die hoofopskrif van die artikel herhaal. Die slot van die artikel word ook volgens die menslikebelangraam geraam, omdat Debbie en Bruno se vrylating emosioneel verwoord word volgens hul persoonlike ervaring (sien 2.6). *Huisgenoot* het op die laaste bladsy inligting oor hul onderhoud met die paar uitgelig en dit verskyn in ’n geel kolom met vetgedrukte lyfteks (Van Zyl, 2012:12).

Die insetsel: **SONLIG EN BESKUITKRUMMELS** op bladsy twaalf, is ook sterk volgens die menslikebelangraam geskryf (sien 2.6). *Huisgenoot* beskryf hoe Debbie en Bruno na vars lug en sonlig smag ná twintig maande “in donker tronke” (Van Zyl, 2012:12). “Ek en Bruno moet naby mekaar wees. Ons is so gewoond daaraan” sê Debbie terwyl sy twee kussings styf teen mekaar trek op die bank en Bruno styf vas klem (Van Zyl, 2012:12).

Sy vertel hoe sy snags gedroom het van “tafels wat kreun onder spek en eiers en koffie en melk” al is sy ’n vegetariër (Van Zyl, 2012:12). *Huisgenoot* beskryf elke aksie van die paar in detail en hul raming van die paar is emosioneel. Bruno se hande beweeg saam “asof hy nog geboei is” toe hy sterk vir ’n kolwyntjie (Van Zyl, 2012:12). “Sy oë glinster toe sy tande in die sagte spons wegsink” en “albei straal toe hy beskuit verkrummel en hoenders dit oppik” (Van Zyl, 2012:12). Die kleurvolle narratief wat die geelpers dikwels gebruik word duidelik hier beklemtoon (sien 2.7).

In die laaste paragraaf noem *Huisgenoot* die fliek en moontlike boek wat op hulle wag, maar sluit af deur te sê die paar geniet vir nou die klein plesiertjies van die lewe. Debbie strek haar arms in die son en haal diep asem. “Hulle sal weer seil, maar dié keer die Ooskus vermy” (Van Zyl, 2012:12). So eindig die tweede artikel van die Somalië-ontvoering. Die raming van die derde voorbladstorie word in die volgende afdeling bespreek.

## 7.3. Die Somalië-ontvoering op die voorblad, 15 November 2012




### 7.3.1. Raming op die voorblad

Op die *Huisgenoot*-voorblad van 15 November 2012 pryk Elizma Theron en haar man op hul troudag. Die hoofstorie se prik lees: Troufoto-fees! Donkiekar, potjiekos en country-stewels vir sangeres. **Kalahari-makietie vir Elizma Theron.** Die Somalië-ontvoering word, in vergelyking met die vorige voorbladstories, nie prominent aangedui nie. Die prikke is eenvoudig en word nie beklemtoon op die voorblad nie en geen voorbladfoto is saam met die prik geplaas nie. Die voorbladpreek lees: **Somalië-paartjie vir eers uiteen. Debbie: Ons het tyd weg van mekaar nodig.**

Die opvolgstorie handel nie oor die ontvoering van die paartjie nie, maar eerder oor die verbrokkelling van hul verhouding en daarom gebruik *Huisgenoot* weer die menslikebelangraam om die storie vanuit 'n emosionele hoek te raam (sien 2.6). Alhoewel dit 'n triviale storie is, het *Huisgenoot* dit steeds op die voorblad geplaas en dit is 'n indikasie van die nuuswaardigheid wat steeds aan die Somalië-ontvoering

geheg word. Dit is egter duidelik dat die Somalië-ontvoeringstorie nie prominent op die uitgawe se voorblad geplaas is nie.

**7.3.2. Raming van die derde artikel** (Philip, 15 Nov. bl. 12-13)




In die hoofopskrif van die storie sê Debbie: **NOU IS MY GESIN NO. 1** (Philip, 2012:12). Reeds in die hoofopskrif raam *Huisgenoot* die storie volgens die menslikebelangraam deur 'n emosionele en persoonlike invalshoek te gebruik (sien 2.6). Die subopskrif versterk die raam: **Ná die seerowerverhoor is Debbie en Bruno vir eers uiteen, maar sy is nader as ooit aan haar kinders** (Philip, 2012:12).

Debbie Calitz, wat ook te sien is in die prominente hooffoto van die artikel, se identiteit word deur *Huisgenoot* gebruik om die storie te anker. "Debbie Calitz het in aanhouding gesmag na vars lug" lees die emosionele fotobyskrif (Philip, 2012:12). Die menslikebelangraam (sien 2.6) is hier gebruik om aan die storie 'n emosionele invalshoek te gee wat gevoel aan die storie verleen en emosionele interpretasie toelaat.

Op bladsy dertien verskyn nog foto's van Debbie en haar kinders en kleinkinders. Die plasing van die onderstaande foto's plaas die hoofbron, Debbie Calitz, ferm in haar familiekonteks. Debbie soen haar kleinkind, Nikita, liefdevol op die voorkop en langs die foto glimlag Debbie se kinders Jason, Jackie en Kerri-Ann Cross tydens haar vrylating (Philip, 2012:13).




*Huisgenoot* het die bostaande foto van Debbie en Bruno wat mekaar omhels gepubliseer. In die fotobyskrif figureer die menslikebelangraam weer: "Debbie glo dis bestem dat sy en Bruno Pelizzari weer bymekaar sal wees. Hul paaie is uiteen ná die seerowers se verhoor in Den Haag. Hulle gun mekaar nou ruimte om die nagmerrie te verwerk" (Philip, 2012:13).

Die emosie in die nuusnarratiewe dui op die sensasionele raming van die storie en dit is ook duidelik in die inleiding van die artikel (sien 2.7). "Twintig maande lank het Somaliese seerowers hulle saam aangehou, dikwels by hul polse aan mekaar geboei. Saam het die dood hulle elke dag in die oë gestaar en saam het hulle op hul vrylating bly hoop" (Philip, 2012:13). Die gevoel in die vertelling dui ook op die sterk gebruik van die menslikebelangraam (sien 2.6).

*Huisgenoot* berig dat Debbie en Bruno se "paaie uiteengeloop het" vyf maande ná die verhoor van die Somaliese seerowers wat hulle aangehou het (Philip, 2012:12). "Ons is nie saam nie, maar ons het nie uitgemaak nie. Ons kort tyd op ons eie" sê Debbie (Philip, 2012:12). *Huisgenoot* sê die paartjie het besef "hulle moet mekaar ruimte gun om alleen die ontbering te verwerk" (Philip, 2012:12). Hulle het berading gekry ná die

"spanningsvolle maande in die kloue van die Somaliese seerowers" en nou voel Debbie liggaamlik en geestelik piekfyn, berig *Huisgenoot* (Philip, 2012:12).

Die emosiebelaaide woorde wat *Huisgenoot* gebruik dui op die menslikebelangraam (sien 2.6) wat *Huisgenoot* voortdurend gebruik in hul dekking van misdaad. *Huisgenoot* versterk dié raming deur kleurvolle beskrywings te gebruik soos in die volgende paragraaf. "In haar blomrok lyk sy nie meer so uitgeteer soos met haar vrylating in Junie nie" (Philip, 2012:12). *Huisgenoot* skryf die "ma van vier volwasse kinders" het tydens haar aanhouding gewonder of sy 'n kans sal kry om vir die foute wat sy as ma gemaak het te vergoed (Philip, 2012:12). "Ek het altyd na ander ma's gekyk en gewonder hoe hulle dit regkry. Nou leef ek vir elke oomblik saam met hulle. Ek dink nie aan die verlede of die toekoms nie" (Philip, 2012:12). Só eindig die eerste afdeling van die artikel wat sterk volgens die menslikebelangraam geraam is.

Die volgende afdeling begin weer met 'n kleurvolle narratief. *Huisgenoot* skryf: "Nadat sy so lank in die skadu van die dood geleef het, waardeer Debbie elke dag" (Philip, 2012:12). Tydens haar onderhoud met *Huisgenoot* dring sy daarop aan om buite in die tuin te sit in die helder sonlig (Philip, 2012:13). "Dis so mooi. Al die kleure en die warm son,' sê sy terwyl sy kaalvoet oor die gras dartel" skryf *Huisgenoot* (Philip, 2012:13). Debbie sê sy het na "oop ruimtes" en "vars lug" verlang tydens haar aanhouding en *Huisgenoot* beskryf dan hoe sy haar vingers deur die kort gesnyde gras trek en die "stekelrige gevoel" daarvan geniet maar nou is die plek langs haar "pynlik leeg" (Philip, 2012:13).

*Huisgenoot* verpersoonlik die vertelling deur hierdie gedetailleerde beskrywings in te sluit. Dié kleurvolle narratief wat *Huisgenoot* voortdurend gebruik is ook kenmerkend aan die vertelstyl van die geelpers en raam die storie sensasioneel (sien 2.7).

Tydens die hofsaak kon Debbie net een van die vyf seerowers uitken wat met hul ontvoering verbind is, die seerowers was nie self in die hof nie, maar wel hul prokureurs. "Ek wou hulle in die oë kyk, maar hulle kon nie betyds van die tronk afgebring word nie" sê Debbie in 'n bewerige stem (Philip, 2012:13).

"Ek het hulle leer ken; daarom kan ek nie regtig vir hulle kwaad wees nie. As dit nie vir hul vuurwapens was nie, sou hulle onskadelik gelyk het. Harvey (die kok) het gedurig gedreig hy gaan my slaan, tot ek vir hom gesê het, nou maar doen dit. Hy het net na my

gekyk en weggestap en my nooit weer gedreig nie. Maar die leiers was vreesaanjaend, want ons het hulle nooit gesien nie; ons is net aan die genade van hul bevele oorgelaat" vertel Debbie verder (Philip, 2012:13). Sy sê ook in haar onderhoud dat sy berusting sal hê "wanneer die hofsaak eers verby is" (Philip, 2012:13). Hier is die konflikraam (sien 2.6) weer teenwoordig, juis omdat *Huisgenoot* details rakende die ontvoering en die hofsaak beklemtoon.

In die volgende paragraaf verwys *Huisgenoot* weer na Debbie en Bruno se verhouding. In Nederland was sy en Bruno weer sy aan sy. "Toe ek hom weer sien, was dit asof die tyd stilgestaan het. Dit was asof hy vir werk weg was en nou terug is by die huis. Ons sal mekaar altyd liefhê. Dit maak nie saak dat ons mekaar nie elke dag sien nie" (Philip, 2012:13). *Huisgenoot* gebruik weer die menslikebelangraam (sien 2.6) om Debbie se gevoel vir Bruno uit te beeld spesifiek deur haar direkte woorde aan te haal.

Volgende verwys *Huisgenoot* na die geldtwis wat ontstaan het nadat R1 miljoen vir hul vrylating ingesamel is wat nooit gebruik is nie, omdat die Italiaanse regering hul vrylating bemiddel het (Philip, 2012:13). Hieroor wil Debbie nie uitbrei nie, maar sy sê Bruno se suster Vera wou die geldtwis gebruik om hul verhouding te kelder (Philip, 2012:13). Die konflikraam figureer weer hier.

*Huisgenoot* fokus dan weer op Debbie en Bruno se verhouding: "Ons probeer dit laat werk oor 'n langafstand, maar as ons bestem is om saam te wees, sal ons weer bymekaar uitkom" (Philip, 2012:13). Daarna raam *Huisgenoot* weer Debbie in haar se rol as moeder. *Huisgenoot* berig dat Debbie baie jonk was toe sy haar kinders gehad het en dat hulle in familielede se sorg gelaat is toe sy op 'n tyd haweloos was (Philip, 2012:13). Sy erken dat sy nooit op haar gemak gevoel het as ma nie, maar dat sy ná haar ontvoering soos 'n nuwe mens voel (Philip, 2012:13). "Alles was anders toe ek uit Somalië kom. Die kleure was anders; die mense was anders. Dit was asof ek in 'n parallelle wêreld geleef het waar ek 'n kans gehad het om dinge reg te stel" (Philip, 2012:13). Nou wil Debbie "bowenal weer 'n ma" vir haar kinders wees, al het sy voorheen "geen ware verhouding met hulle gehad nie" (Philip, 2012:13). *Huisgenoot* skryf sy wil hulle soos 'n kloekhen beskerm en sy lag toe sy sê: "Ek kan my nie eens indink dat ek vir hulle sê hulle moet uitgaan en 'n avontuur ervaar nie. Ek weet ek is sterker as gevolg van wat met my gebeur het, maar ek wil nie hê hulle moet hulle aan gevaar blootstel nie" (Philip, 2012:13).

*Huisgenoot* verpersoonlik die storie deur Debbie sterk te raam as 'n moeder volgens die menslikebelangraam, waar haar emosie en persoonlike ervaring voortdurend deur *Huisgenoot* beklemtoon word. Die raming van Debbie binne haar familiekonteks skakel ook in by die tema en opskrif van die artikel: **NOU IS MY GESIN NO. 1** (Philip, 2012:12).

Uiteindelik sluit die artikel af met 'n vraag oor die toekoms. Debbie glimlag as sy dink oor 'n nuwe begin. "Sy wil binnekort weer teruggaan see toe, dalk saam met Bruno op Arran wegvaar" of op 'n seiljag gaan werk (Philip, 2012:13). "Dit was nie die see wat hulle verraai het nie, sê sy; dit was mense" (Philip, 2012:13). Die derde voorbladstorie eindig met Debbie se bogenoemde aanhaling en in die volgende afdeling word die raming van die vierde voorbladstorie bespreek.

**7.4. Die Somalië-ontvoering op die voorblad, 6 Desember 2012**



### 7.4.1. Raming op die voorblad

In die *Huisgenoot*-uitgawe van 6 Desember 2012 verskyn Debbie en Bruno weer op die voorblad. Hierdie keer in die regterkantse boonste hoek langs die *Huisgenoot*-naam. Die plasing van die storie op die voorblad is baie prominent juis oor *Huisgenoot* se gebruik van 'n voorbladfoto en aanlokkende, vetgedrukte prikke.

Op die voorblad pryk oud-mejuffrou Suid-Afrika, Cindy Nel-Roberts, met haar baba-seun en die hoofnuus op die *Huisgenoot*-voorblad is dat die glanspersoonlikheid weer swanger is. Die Somalië-ontvoeringartikel is egter eerste in die uitgawe geplaas op bladsy agt, terwyl Cindy se swangerskapstorie op bladsy tien verskyn. Die Somalië-ontvoering is dus eerste op *Huisgenoot* se agenda van die uitgawe geplaas, alhoewel dit nie op die voorblad die meeste aandag kry nie.

Die voorbladprikke lees: ***NUWE LOSPRYS-DRAMA*** **SUSTER ONTHUL <u>TWIS OOR GELD</u> DEBBIE EN BRUNO SE EISE VERSKEUR FAMILIE**




'n Foto van Debbie en Bruno is ook saam met die prikke gepubliseer en *Huisgenoot* illustreer dat die paartjie opgebreek het deur 'n prominente wit skeur tussen die twee gesigte te plaas. Die prikke is visueel boeiend gedruk in vetgedrukte, groot, wit en geel hoofletters teen 'n helderrooi agtergrond kenmerkend van die poniejoernalistiek (sien 2.7).

Op die voorblad figureer die konflik- en ekonomiese rame baie sterk. *Huisgenoot* beklemtoon Debbie en Bruno se rusie en konflik wat hul familie verskeur en raam die artikel volgens die ekonomiese raam as 'n losprys-drama. Die emosionele woordkeuse

wat hier gebruik is versterk ook die konflikraam. Woorde soos "verskeur" "twis" en "drama" raam die storie indrukwekkend en die verskeurde foto van die ontvoerde paar verhoog verder die konflik van die storie.

Die raming van die voorbladstorie is ook sensasioneel omdat die rusie treffend, emosioneel en grafiese uitgebeeld word. Volgens Jewkes (2004:55) is stories wat visueel boeiend is meer nuuswaardig en *Huisgenoot* raam die losprys-drama met grafiese beelde om die visuele impak van die storie te verhoog.

**7.4.2. Raming van die vierde artikel** (Sokopo, 2012:8-9)




Die konflik en ekonomiese rame figureer ook sterk in die artikelopskrifte. Die hoofopskrif lees: **ONS HEL OOR PAAR SE EISE** en in die subopskrif berig *Huisgenoot* **Bruno se suster vertel hoe hy en Debbie ál meer geld vra uit die fonds wat gestig is om hul losprys te betaal – en dit verskeur die familie** (Sokopo, 2012:8).

In die hooffoto van die artikel sit "Bruno Pelizzari se suster Nora Wright en haar verloofde, Matt Matthysen" op 'n bank in hul sitkamer (Sokopo, 2012:8). Die fotobyskrif

sê hulle is “raadop oor die nadraai van die drama” en hul frustrasie is ook duidelik sigbaar in die foto. Nora gooi haar hande ontsteld in die lug met oopgespreide vingers en ’n deurmekaar pak papiere is sigbaar op haar skoot (Sokopo, 2012:8). Haar verloofde sit net uitdrukkingloos langs haar.

’n Ou foto van Debbie en Bruno is onder die hooffoto geplaas en wys hoe hulle mekaar liefdevol vashou. Die konflikraam figureer ook in dié fotobyskrif wat sê: “Bruno en Debbie Calitz is vyf maande gelede vrygelaat uit die kloue van Somaliese seerowers, maar hul verhouding het nie die nagmerrie oorleef nie” (Sokopo, 2012:8).

Op bladsy nege is die onderstaande twee foto’s geplaas. Een van Bruno se suster Dora Hunt en susterskind Terry Hecht wat glimlag in die boonste foto en onder is sy suster Vera Hecht by ’n konsert besig om geld vir die losprys in te samel (Sokopo, 2012:9).




Die konflikraam figureer sterk saam met die menslikebelangraam (sien 2.6) in die inleiding van die artikel: “Die blye dag toe haar broer en sy lewensmaat ná 20 uitmergelende maande uit die kloue van Somaliese seerowers bevry is, het sy gedink nou is alles verby: die ondraaglikse spanning, die knaende kommer en haar eie opofferings om geld vir ’n losprys te help insamel” (Sokopo, 2012:8). *Huisgenoot* gebruik emosiebelaaide beskrywings soos “uitmergelende” “ondraaglikse” en “knaende” om gevoel aan die storie te gee wat die leser kan verstaan en interpreteer. Hierdie

vereenvoudiging en verpersoonliking van nuus dui op *Huisgenoot* se sensasionele raming van die storie (sien 2.7).

*Huisgenoot* berig later dat Nora se geluk van korte duur was, omdat Debbie en Bruno enkele dae ná hul vrylating 'n rusie veroorsaak het oor die trust van byna R1 miljoen rand wat vir hul losprys ingesamel is en nooit gebruik is nie (Sokopo, 2012:8). "Dié geld gooi 'n neerdrukkende skadu oor ons; dis soos 'n stormwolk wat oor ons hang en ons uitmekaarskeur" sê Nora (Sokopo, 2012:8).

*Huisgenoot* berig dat Bruno se drie susters, Nora, Vera Hecht en Dora Hunt, "naarstig geld bymekaargeskraap" het vir Debbie en Bruno se losprys en dat hul drie die trustees is van die SOS Bruno en Debbie Trust (Sokopo, 2012:8).

Die menslikebelangraam (sien 2.6) word voortdurend versterk deur *Huisgenoot* se emosionele beskrywings. Die gevoel in die storie versterk verder as *Huisgenoot* vertel hoe Bruno se suster "gebid, briewe geskryf, geldinsamelings gereël en vriende en familie en selfs kollegas gesmeek" het om geld te skenk (Sokopo, 2012:8). "'Ons het soveel vir hulle gedoen. En hulle was skaars drie dae terug, toe begin hulle geld eis,' sê Nora bitter" (Sokopo, 2012:8).

*Huisgenoot* gebruik die konflikraam om die rusie tussen die twee opponerende partye te beklemtoon (sien 2.6). Nora vertel dat die trust as 'n vereniging sonder winsbejag geregistreer is en dat uitbetalings onder streng reëls onderworpe is (Sokopo, 2012:8). *Huisgenoot* berig dat Debbie en Bruno tot dusver R52 000 kontant ontvang het en dat hul sedert hul vrylating al meer geld begin gevra het, buiten die skootrekenaar, drukker en R750 lugtyd per maand wat Debbie ook reeds ontvang het (Sokopo, 2012:9).

Nora meen die trust is daar om hul rehabilitasie koste te dek, maar die res moet aan 'n ander organisasie sonder winsbejag gaan wat dieselfde doelwit nastreef (Sokopo, 2012:9).

Debbie en Bruno is ook intussen uitmekaar en hul verhouding met die susters het baie versleg, berig *Huisgenoot* (Sokopo, 2012:9). Bruno is terug in Dar es Salaam en Debbie woon by haar broer in Centurion en dreig Nora met regstappe. Hul verhouding is so gespanne dat die twee net per e-pos deur hul prokureurs kommunikeer (Sokopo, 2012:9).

*Huisgenoot* sluit die afdeling af met ’n sensasionele slotparagraaf. “Die geld wat vir haar en Bruno vryheid moes koop, het nou ’n twisappel geword wat verhoudings vertroebel. Die vreugde oor hul tuiskoms het plek gemaak vir bitterheid” (Sokopo, 2012:9). Die tydskrif se emosionele woordkeuse, prosavertelstyl en gebruik van visueel boeiende beelde dui om die sensasionele raming van die storie (sien 2.7). Die menslikebelangraam word ook versterk deur die prominente gebruik van emosie en raam die konflik ook emosioneel (sien 2.6).

In die volgende afdeling gebruik *Huisgenoot* weer ’n kleurvolle narratief met gedetailleerde beskrywings om die emosie van die menslikebelangraam te versterk. *Huisgenoot* beskryf hul ontmoeting met Bruno se suster, Nora en haar verloofde, in haar huis in ’n “minder gegoede Durbanse voorstad” (Sokopo, 2012:9).

Die hitte is ondraaglik, die dakwaaier raas en die sitkamer waar hulle gesels het onpaar rusbanke skryf *Huisgenoot* (Sokopo, 2012:9). Nora moes uit Bloemfontein hierheen trek al het sy twee keer haar salaris daar verdien en al was sy gerieflik daar want, het sy gesê “toe my broer ontvoer word, het ek geweet ek kan nie net terugsit en Vera al die werk laat doen nie” (Sokopo, 2012:9). Sy sê dit was vir almal ’n moeilike aanpassing, maar sy het net eendag wakker geword en “besluit dis tyd dat ek Durban toe trek en Vera gaan help” (Sokopo, 2012:9). Nora se hele gesin is sak en pak saam met haar Durban toe en nou is sy die broodwinner, want Mat, ’n verkoopsman, kon nog nie werk kry nie. “Ons het twee jaar lank alles opgeoffer” sê Nora. “Dit was uitmergelend… al die foonoproepe, e-posse, slapelose nagte” (Sokopo, 2012:9).

*Huisgenoot* raam die storie sterk volgens die konflik- en ekonomiese rame wanneer Nora se kommentaar oor die eise aangehaal word: “Sy het een doel voor oë gehad: om haar broer uit die Somaliërs se kloue te red” (Sokopo, 2012:9). Die publiek het bygedra tot die trust deur inbetalings te maak en nou kan hulle nie net geld uitdeel nie, omdat niemand veronderstel is “om voordeel te trek uit die vereniging nie. Ons moet bewyse of kwotasies hê as ondersteunende dokumentasie om die geld te kan uitbetaal” sê Nora (Sokopo, 2012:9). *Huisgenoot* se woordkeuse is treffend. Die kloue van die Somaliese seerowers waarna die tydskrif hier verwys verhoog die drama van die vertelling en raam die storie sensasioneel (sien 2.7).

Volgens Nora is dit onmoontlik om aan al Debbie se vereistes te voldoen, berig *Huisgenoot.* Sy eis R5 000 lewenskoste per maand, ’n mediese fonds, betroubare

vervoer en R60 000 om familie in Australië te besoek (Sokopo, 2012:9). “As hulle dokter toe gaan, sal die trust die rekening betaal. Ons weet hulle het sielkundige behandeling nodig en besef dit sal lank duur” sê Nora later (Sokopo, 2012:9). Die ekonomiese raam figureer weer hier (sien 2.6).

In die volgende paragraaf word die konflikraam weer uitgedruk as Nora vir Debbie van afpersing beskuldig. Debbie het blykbaar agter Vera se rug ’n weldoener wat R410 000 geskenk gekontak in verband met die geld wat terug betaal moes word indien dit nie vir die losprys gebruik is nie (Sokopo, 2012:9). Volgens Nora het Debbie vir die weldoener, wat anoniem wou bly, ’n brief geskryf “waarin sy eis dat sy ’n bewys stuur dat Vera wel die geld terugbetaal het. Sy het selfs gedreig om haar naam aan die media te onthul en gesê daar word ’n saak teen Vera ondersoek” (Sokopo, 2012:9).

Mat kan skaars sy woede beteuel as Nora vertel hoe Debbie en Bruno haar behandel, skryf *Huisgenoot* (Sokopo, 2012:9). “Hulle stel al hierdie eise, maar dis nie hul geld nie. Die helfte van die goed wat hulle uit die trust wil hê, het hulle in elk geval nie vooraf gehad nie” sê hy dan ontstoke (Sokopo, 2012:9).

*Huisgenoot* raam die konflik ook emosioneel deur spesifiek te verwys na Mat se woede. Die konflikraam beklemtoon weer die twee opponerende partye se aksies in die storie en raam die storie dramaties en emosioneel deur Nora en Mat se direkte woorde aan te haal in die artikel. Nora sê hulle sal dit nooit oorweeg om self geld uit die trust te gebruik nie, al trek hulle noustrop “na alles wat Nora vir Debbie en Bruno opgeoffer het” berig *Huisgenoot.* “Ons het veels te veel verloor om bewustelik iets doms aan te vang” sê sy. Daar is nog R600 000 in die trust wat geoudit word. “Die boeke is by die ouditeure. Ons wag net dat hulle sê hulle keur goed wat ons tot dusver met die geld gedoen het en dan kan ons voortgaan” sê Nora (Sokopo, 2012:9).

Met haar laaste wens, soos *Huisgenoot* dit noem, doen Nora ’n beroep: “Is daar enigiemand met die nodige kennis wat ons kan help om die saak af te handel? Nadat die ouditeur en belasting betaal is, moet ons ’n uitweg vind” sê sy. In die slot van die artikel haal *Huisgenoot* Debbie aan wat sê daar is ’n regsgeding aan die kom, maar sy wil nie verder kommentaar lewer nie (Sokopo, 2012:9).

Die insetsel op bladsy nege getiteld: **WAT DEBBIE CALITZ DEUR ’N PROKUREUR EIS** is deur *Huisgenoot* geplaas om die konflik in die verhaal te verhoog en die

vertelling te vereenvoudig. *Huisgenoot* publiseer die volgende lys van eise (Sokopo, 2012:9).

- R5 000 vir huur en R3 000 vir kruideniersware per maand.
- R4 000 per maand vir lidmaatskap van 'n mediese fonds.
- R100 000 om haar huis te meubileer.
- R15 000 vir nuwe klere.
- R8 000 vir vervoer.
- R60 000 om by familie in Nieu-Seeland en Australië te gaan kuier.

Die volgende opskrif lees: **BRUNO ANTWOORD UIT DAR ES SALAAM**. *Huisgenoot* berig Bruno vra R200 000 vir rehabilitasie vir hom en Debbie. “Dis nie maklik om werk te kry nie, ek moet nog my boot en tande laat herstel. Wat is 200 000? Dis net R10 000 per maand as jy dit oor die 20 maande verdeel dat ons aangehou is” (Sokopo, 2012:9).

Die menslikebelangraam (sien 2.6) is duidelik gebruik wanneer *Huisgenoot* Bruno se persoonlike kommentaar aanhaal. Bruno het nie *Huisgenoot* se vraag oor wat hy voorheen verdien het beantwoord nie. Hy het net gesê: “Hierdie hele beproewing was 'n inbreuk op ons privaatheid, want almal weet wat jy doen. Verhoudings moenie deur ander beïnvloed word nie” (Sokopo, 2012:9).

Oor Debbie sê hy: “Ek wens haar alles van die beste toe. Dalk kom ons oor 'n paar maande weer bymekaar uit; ons het gepraat” en oor sy verhouding met sy susters: “Ek probeer dit so goed as moontlik hou” (Sokopo, 2012:9). So eindig die vierde voorbladstorie en die raming van die laaste storie oor die Somalië-ontvoering word in die volgende afdeling bespreek.

### 7.5. Die Somalië-ontvoering op die voorblad, 20 Desember 2012




### 7.5.1. Raming op die voorblad

Die vyfde en laaste voorbladstorie oor die Somalië-ontvoering verskyn op die *Huisgenoot*-voorblad van 20 Desember 2012. Die hoofstorie op die voorblad handel oor *Huisgenoot* se top tien sexyste sepiesterre en "Altus van die Laan" pryk op die voorblad in 'n noupassende wit hemp. Dié artikel verskyn op bladsy 124 in die uitgawe terwyl die Somalië-ontvoering storie eerste op die agenda op bladsy agt geplaas is.

Die Somalië-voorbladprik is weer prominent in die regter boonste hoek van die voorblad geplaas langs die *Huisgenoot*-naam. 'n Foto van Debbie Calitz verskyn bo die vetgedrukte prikke in geel en wit teen 'n helderrooi agtergrond en die grafiese uitbeelding van die teks stem ooreen met die sensasionele raming van die geelpers (sien 2.7).

Die prikke op die voorblad lees: *NOG SKOKKE!* SEEROWER-VROU DEBBIE SE VERLEDE VAN DWELMS -**DAGGA, DRANK, WOESTE RUSIES – BRUNO EN VRIEND ONTHUL**




Die konflikraam figureer sterk in die raming van die Somalië-ontvoering op die voorblad. Debbie se wilde verlede word treffend en bondig opgesom in die prikke en die geselekteerde foto beeld Debbie, die bekende Somalië-ontvoering slagoffer, nou as 'n krimineel uit.

Die konflikraam is juis prominent omdat Debbie Calitz, die gesig van die verskriklike seerower-verkragting, nou self van onwettige praktyke beskuldig word. **Nog skokke!** lees die eerste prik en dan sien die leser die grootste prik: **Dagga, drank, woeste rusies**.

*Huisgenoot* se gebruik van dié skokkende nuuselemente raam die voorbladstorie duidelik sensasioneel (sien 2.7). Die konflikraam (sien 2.6) figureer ook prominent in die raming van die voorbladstorie spesifiek met verwysing na Debbie se skokkende verlede.

**7.5.2. Raming van die vyfde artikel** (Philip & Sokopo, 2012:8-9)


ANGEKLA: DEBBIE + JASON (SEUN) + KERRI-ANN (DOGTER)

DEBBIE SE DAE VAN DRANK EN DAGGA

Ná die gewese gyselaar Debbie Calitz se onlangse arres weens dwelmbesit vertel mense wat haar ken van haar troebel verlede

Deur SULAIMAN PHILIP en ASA SOKOPO Foto's: ROWYN LOMBARD

**DEBBIE SE DAE VAN DRANK EN DAGGA** lees die treffende hoofopskrif van die artikel. Die gebruik van die vergrote, swart vetgedrukte letters en die sterk alliterasie maak die opskrif aangrypend. In die subopskrif skryf *Huisgenoot:* **Ná die gewese gyselaar Debbie Calitz se onlangse arres weens dwelmbesit vertel mense wat haar ken van haar troebel verlede** (Philip & Sokopo, 2012:8).



In die hooffoto van die artikel (gesien op die vorige bladsy) is ’n prominente rooi prik geplaas met die name van elkeen van die drie aangeklaagdes bo hul foto (Philip & Sokopo, 2012:8). “Debbie Calitz, haar seun Jason Cross, en dogter Kerri-Ann Cross verlaat die hof nadat hulle van dwelmbesit aangekla en op borgtog vrygelaat is” lees die fotobyskrif (Philip & Sokopo, 2012:8).

*Huisgenoot* raam die artikel sensasioneel deur ’n dramatiese prosastyl van vertelling te volg wat skokkende nuuselemente beklemtoon (sien 2.7). Die veelseggende hooffoto en hoofopskrif het skokwaarde en *Huisgenoot* gebruik duidelik die konflikraam om emosie by die leser uit te lok met hul raming van die artikel (sien 2.6).

Op bladsy agt publiseer *Huisgenoot* die onderstaande foto van Debbie se woonstel in Pretoria. Onder die foto verskyn ’n insetsel getiteld: **WAT HET GEBEUR?** (Philip & Sokopo, 2012:8). *Huisgenoot* skryf die volgende informasie in puntformaat (Philip & Sokopo, 2012:8):

- Die polisie het ’n wenk oor ’n dwelmpartytjie gekry en op 7 Desember ’n klopjag uitgevoer op Debbie Calitz se woonstel in Constantiapark, Pretoria.
- Debbie en agt jong mense tussen 19 en 28 is in hegtenis geneem. Haar een dogter, Kerri-Ann Cross, en seun, Jason Cross, was in die groep.
- Die nege het op 10 Desember in die hof verskyn en is op borgtog van R1000 elk vrygelaat. Hul saak is tot 30 Januarie uitgestel.


VAN HEEL LINKS: Debbie Calitz, haar seun, Jason Cross, en dogter Kerri-Ann Cross verlaat die hof nadat hulle van dwelmbesit aangekla en op borgtog vrygelaat is. LINKS is Debbie se woonstel in Pretoria.

WAT HET GEBEUR?

- Die polisie het 'n wenk oor 'n dwelmpartytjie gekry en op 7 Desember 'n klopjag uitgevoer op Debbie Calitz se woonstel in Constantiapark, Pretoria.
- Debbie en agt jong mense tussen 19 en 28 is in hegtenis geneem. Haar een dogter, Kerri-Ann Cross, en seun, Jason Cross, was in die groep.
- Die nege het op 10 Desember in die hof verskyn en is op borgtog van R1 000 elk vrygelaat. Hul saak is tot 30 Januarie uitgestel.

Op dieselfde bladsy verskyn grepe in die vorm van ’n insetsel (sien die volgende bladsy). Bruno en sy twee susters, Nora en Vera, lewer kommentaar oor die voorval en word treffend in die vorm van grepe aangehaal (sien die volgende bladsy). *Huisgenoot* raam die storie sterk volgens die menslikebelangraam deur die plasing van elke bron se

foto by sy persoonlike aanhaling. *Huisgenoot* verpersoonlik ook op hierdie wyse die nuus en volgens Kitch (2009:31) is die verpersoonliking van nuus 'n indikasie van sensasionalisme.



(Philip & Sokopo, 2012:8).

Die konflikraam figureer ook nie net in die grafiese elemente van die artikel nie, maar dit word ook inhoudelik beklemtoon. *Huisgenoot* skryf in die inleiding: "Die nuus het groot opslae gemaak. Debbie Calitz, wat 20 maande lank saam met haar lewensmaat, Bruno Pelizzari, deur Somaliese seerowers aangehou is en eindelik vroeër vanjaar vrygelaat is, is in hegtenis geneem weens dwelmbesit" (Philip & Sokopo, 2012:8). *Huisgenoot* raam die storie dramaties en sensasioneel deur voortdurend 'n sterk prosavertelstyl te volg (sien 2.7).

In die volgende paragraaf verhoog die drama verder wanneer *Huisgenoot* die duisende rande se dagga, towersampioene en dwelmtoebehore wat vermoedelik in haar woonstel gevind is, noem (Philip & Sokopo, 2012:8). *Huisgenoot* som verder die verloop van die storie kortliks op. Eers was dit haar en Bruno se verhouding wat verbrokkel het, toe vertel Bruno se susters van die onredelike geldelike eise wat die ontvoerdes stel en toe "die dwelmvonds", soos *Huisgenoot* dit noem (Philip & Sokopo, 2012:8). Die

konflikraam (sien 2.6) is deurlopend in die artikel gebruik en *Huisgenoot* se kleurvolle, narratiewe vertelstyl raam die storie sensasioneel (sien 2.7).

"Suid-Afrikaners het die opskrifte in ongeloof gelees; net nog drama rondom Debbie se kop" berig *Huisgenoot* (Philip & Sokopo, 2012:8). *Huisgenoot* skryf die welwillendheid teenoor Debbie en Bruno het so versuur dat "'n dreigende skandaal en 'n onderlinge bakleiery" nou die gevolg is (Philip & Sokopo, 2012:8).

*Huisgenoot* versterk verder die konflikraam in die storie en haal Debbie se boek, *Debbie Calitz: 20 Months in Hostage Hel* aan waar sy skryf: "Ek onthou ek het op 15 van die huis weggeloop en die eerste keer dagga gerook. Ek dink dis toe dat ek die meeste gerebelleer het, maar my ma het my kom soek en huis toe gebring" (Philip & Sokopo, 2012:8).

'n Familielid beweer Debbie "wou net haar kinders beskerm" sodat hulle nie tydens die polisieklopjag op haar woonstel in hegtenis geneem word nie (Philip & Sokopo, 2012:8). Baie het egter "verdoemende goed te sê oor die 50-jarige" wat saam met haar dogter en seun "op dwelmverwante aanklagte in die hof verskyn het" en wie self erken dat sy as 'n tiener dagga gerook het (Philip & Sokopo, 2012:8). *Huisgenoot* verhoog die konflik en drama van die storie toenemend deur hul effektiewe gebruik van die konflikraam.

Volgende word Bruno aangehaal waar hy erken dat hy ook voorheen weens dwelmbesit in hegtenis geneem is. "Dit was lank gelede toe ek in die weermag was" sê hy en voeg by dat dit nie verkeerd is om 'n bietjie dagga te rook nie (Philip & Sokopo, 2012:9). Volgens hom word die storie uit verband uit geruk. In Nederland, waar dit wettig is om dagga te gebruik, kon hulle maklik "'n bietjie rook en daarna hof toe gaan" om te getuig (Philip & Sokopo, 2012:9).

*Huisgenoot* raam die voorval skokkend volgens die konflikraam, terwyl die menslikebelangraam gebruik word om die emosie in die vertelling te beklemtoon (sien 2.6). Die tydskrif verpersoonlik ook die storie deur aanhalings byvoorbeeld Bruno se aanhaling wat ook in die greep gebruik is: "Mense wat alkohol drink, is veel erger. Ek voel vir Debbie; ek ken die proses. Sy het van een hel na 'n ander gegaan" (Philip & Sokopo, 2012:9).

Bruno wil nie die vraag oor Debbie se beweerde besoek na ’n rehabilitasiesentrum weens die erns van haar verslawing antwoord nie. Hy sê net: “Dis iets wat jy vir haar moet vra” berig *Huisgenoot* (Philip & Sokopo, 2012:9). Bruno se seun, Jeff, bevestig wel dat Debbie baie dwelms en alkohol gebruik het. Hy sê: “Ek weet nie of sy ’n Rastafariër was nie, maar sy het dagga gerook asof dit ’n godsdiens was” (Philip & Sokopo, 2012:9).

Nog ’n bron, Vera Hecht, Bruno se suster, het ook gehoor van die dwelms, berig *Huisgenoot.* “Ek het my van hulle gedistansieer en gedoen wat ek moes om my broer se onthalwe” sê sy met verwysing na die losprysgeld wat sy vir die ontvoerdes ingesamel het. Haar suster Nora stem met haar saam. “Nou is dit bevestig” sê sy (Philip & Sokopo, 2012:9). “Ek is nie bly nie; ek wil nie hê enigeen moet so iets deurmaak nie. Maar dis geregtigheid” (Philip & Sokopo, 2012:9). So eindig die eerste afdeling van die artikel waar die konflikraam dominant gebruik is in die raming van die storie.

In die volgende afdeling gesels *Huisgenoot* met Mark Gerraghty, Bruno se 40 jarelange vriend, wat ook vir Debbie geken het (Philip & Sokopo, 2012:9). Hy vertel dat Debbie eers met Bruno se vriend uitgegaan het, maar hul verhouding “was baie onbestendig en Bruno het haar ’n veilige blyplek aangebied” (Philip & Sokopo, 2012:9). Mark sê Bruno het ’n fout gemaak toe hy Debbie by haar kêrel afgevry het omdat hy verander het “van ’n baie gelukkige tot ’n sielsongelukkige man” (Philip & Sokopo, 2012:9). *Huisgenoot* gebruik weer die konflikraam om die drama en die spanning van die storie verder te beklemtoon.

“Debbie het altyd gekla sy het nie geld vir dagga nie” skryf *Huisgenoot* in die volgende sin. Die vriend beskryf Debbie as manipulerend, maar vertel dat niemand iets gesê het nie omdat daar ’n fyn lyn is tussen bekommerd wees en “jou neus in jou vriend se sake steek” (Philip & Sokopo, 2012:9). Mark wei verder uit oor Debbie en haar dogters wat vakansietye “in kroeë bedwelmd geraak” het en dan moes Bruno van die mans ontslae raak “met wie hulle heel aand flankeer het” (Philip & Sokopo, 2012:9).

In die laaste paragraaf waar *Huisgenoot* Mark aanhaal vertel hy Bruno het Debbie se drinkery gehaat: “Hy kon aanvaar dat sy dwelms gebruik, maar hy verpes drinkers. Hy het probeer om haar so ver te kry om op te hou drink, maar dan het sy gerook soveel sy kan. Hoe strenger hy oor haar drinkery geraak het, hoe meer het sy gerook” (Philip & Sokopo, 2012:9).

In die aanhalings van die verskeie bronne lewer elkeen kommentaar oor Debbie se alkohol en dwelmmisbruik en dit is duidelik dat *Huisgenoot* spesifiek daaroor uitvra om sodoende die konflikraam van die storie te versterk. In die volgende paragrawe word dié raam selfs meer beklemtoon wanneer *Huisgenoot* berig oor Debbie se venynige karakter.

Bruno se seun, Jeff Pelizzari, is die volgende bron wat *Huisgenoot* gebruik. Hy het saam met Debbie en Bruno vir drie maande op sy pa se seiljag gewoon waartydens hy en Debbie gedurig gestry het. “My pa het nooit kant gekies wanneer ek en Debbie gestry het nie. Hy was in ’n moeilike posisie, maar sy stilswye het nie gewerk nie. Debbie het teen hom gedraai omdat hy nie haar kant gekies het nie” (Philip & Sokopo, 2012:9).

Hy beskryf haar ook as “venynig” en sê sy het nie “haar woorde getel” wanneer hulle baklei het nie. In sulke tye het hy gemaak dat hy wegkom. “Ek wou niks met haar te doen hê nie” sê hy dan (Philip & Sokopo, 2012:9). “Sy was die een oomblik sorgeloos en die volgende sou sy hierdie kyk in haar oë kry. Jy kon die woede sien aankom” (Philip & Sokopo, 2012:9).

Die menslikebelangraam (sien 2.6) is duidelik hier gebruik omdat *Huisgenoot* die bronne van die artikel se emosiebelaaide en persoonlike opinies direk aanhaal. Hierdie emosionele invalshoek dra ook by tot die sensasionele raming (sien 2.7) van die storie, wat veronderstel is om te handel oor Debbie en haar kinders se inhegtenisneming, maar wat eintlik aangebied word as skokkende en emosiebelaaide “skindernuus” wat totaal gegrond is op die opinies en gevoel van die bronne in die artikel.

Die artikel sluit dan af met die seun se woorde en vertel dat hy en sy broer bly is sy pa is “skandaalloos en gelukkig” (Philip & Sokopo, 2012:9). “Dit gaan vir Debbie net oor die geld en die roem” sê hy ten slotte (Philip & Sokopo, 2012:9). *Huisgenoot* noem onder aan die laaste bladsy dat Debbie, ondanks herhaalde pogings, nie kommentaar wou lewer nie.

Die artikel is hoofsaaklik volgens die konflikraam geraam, omdat die tydskrif die rusie en die twis in die storie uitlig en die negatiewe gevoelens wat mense teen Debbie koester beklemtoon (sien 2.6). Die menslikebelangraam (sien 2.6) word ook deur *Huisgenoot*

gebruik, omdat die artikel 'n emosionele aanslag het en elke bron se persoonlike beskrywing van Debbie word aangehaal.

Al vyf voorbladstories oor die Somalië-ontvoering is bespreek en in die volgende afdeling sal die informasie saamgevat word.

### 7.6. Samevatting

In hierdie hoofstuk is *Huisgenoot* se raming van die vyf voorbladstories oor die Somalië-ontvoering chronologies in aparte afdelings bespreek en nuusteoreties geanaliseer. Daar is bevind dat *Huisgenoot* die konflik- en menslikebelangraam prominent gebruik in hul sensasionele raming van die Somalië-ontvoering as 'n vreemde vorm van vermaak.

Die eerste voorbladstorie is deur *Huisgenoot* geraam as 'n emosionele herontmoeting tussen die ontvoerde paar en hul geliefdes. Die menslikebelangraam is dominant in die storie, omdat *Huisgenoot* 'n sterk emosionele invalshoek gebruik wat gevoel by die leser uitlok (sien 2.6). *Huisgenoot* se deurlopende vereenvoudiging en verpersoonliking van die nuus raam die storie sensasioneel (sien 2.7) en dit versterk weer die menslikebelangraam (sien 2.6) van die storie.

In die tweede voorbladstorie figureer die menslikebelang- en konflikraam weer prominent. Die konflikraam figureer egter sterker in dié storie, omdat die slagoffers hierdie keer die hoofbronne is wat hul ontvoering in detail beskryf. Die menslikebelangraam is ook prominent deur *Huisgenoot* gebruik, juis omdat die slagoffers van die Somalië-ontvoering 'n sterk emosionele en menslike element aan die storie verleen (sien 2.6). *Huisgenoot* vereenselwig ook baie duidelik Debbie en Bruno se identiteit en persoonlikhede met die storie en so word hulle as die gesigte van die Somalië-ontvoering geraam (sien 2.6).

Die storie is verder sensasioneel geraam, omdat *Huisgenoot* duidelik 'n kleurvolle en melodramatiese narratiewe beskrywing van die Somalië-ontvoering gebruik wat kenmerkend is van die poniejoernalistiek (sien 2.7).

Die derde storie handel oor Debbie en Bruno se verhouding wat verbrokkel het, maar *Huisgenoot* fokus net op die hoofbron, Debbie Calitz, se vertelling en raam haar sterk volgens die menslikebelangraam, binne haar rol as 'n moeder (sien 2.6). Sodoende

verpersoonlik *Huisgenoot* die nuus deur Debbie in 'n bekende nuusnarratief te plaas waarmee lesers kan vereenselwig (sien 2.7). *Huisgenoot* se vereenvoudiging en verpersoonliking van nuus is ook kenmerkend van sensasionalisme en dus raam die tydskrif die storie sensasioneel en verkoop dit as 'n eienaardige vorm van vermaak (sien 2.7). Soortgelyk aan stories oor glanspersone wie se verhouding verbrokkel het.

*Huisgenoot* gebruik in die vierde voorbladstorie weer die konflik- en menslikebelangrame wat gekenmerk word deur emosionele aanhalings, die verpersoonliking van nuus en die beklemtoning van rusie en twis tussen opponerende partye (sien 2.6). In hierdie storie fokus *Huisgenoot* spesifiek op die konflik tussen die trustees van Debbie en Bruno se losprysvonds en die ontvoerde paar se onredelike eise. Die storie word ook sensasioneel geraam omdat *Huisgenoot* die nuus drasties vereenvoudiging en verpersoonlik deur die gebruik van 'n aangrypende prosavertelstyl, emosionele aanhalings en veelseggende foto's (sien 2.7).

Die laaste storie oor die Somalië-ontvoering handel oor Debbie se inhegtenisneming nadat sy, haar seun en haar dogter tydens 'n polisieklopjag met dwelms betrap is. Die konflikraam figureer uiteraard sterk in die storie en *Huisgenoot* beklemtoon dit deur veral bronne aan te haal wat kan getuig van Debbie se onstuimige verlede. Die storie het ook 'n treffende emosionele aanslag wat dui op *Huisgenoot* se gebruik van die menslikebelangraam (sien 2.6). Terwyl die verpersoonliking van nuus en die insluiting van skokkende "skindernuus" weer dui op die sensasionele raming van die storie as 'n vreemde vorm van vermaak (sien 2.7).

Die Somalië-ontvoering is prominent op *Huisgenoot* se agenda geplaas omdat die storie besonder nuuswaardig is en belangrike nuuskriteria besit. Volgens Froneman (2002:57) se nuuskriteria besit die Somalië-ontvoering nuutheid, belangrikheid, ongewoonheid en kommersiële waarde en dit is ook prominent volgens De Beer (1982:5) se afstand- en intensiteitsdimensie.

Volgens Jewkes (2004:40) se misdaadnuuskriteria voldoen die Somalië-ontvoering ook aan die volgende: die drumpel, onvoorspelbaarheid, vereenvoudiging, individualisme, risiko, seks, bekendes en status, nabyheid, geweld, asook skouspelagtige en grafiese beelde.

Die stories besit nuutheid omdat dit vanuit ’n nuwe, emosionele hoek geskryf is en dit bevat informasie wat nog nie voorheen aan die publiek bekendgemaak is nie (Froneman, 2002:57). Só skep *Huisgenoot* voortdurend ’n nuwe drumpel volgens Jewkes (2004:41) se drumpelmisdaad-nuuskriterium om die intensiteit, emosie en drama van die storie deurlopend te verhoog en so die storie te vernuwe. Tydgewys bly die stories dan nuut en onmiddellik, omdat ’n ander invalshoek en nuwe informasie gebruik word deur *Huisgenoot* om die stories te vernuwe.

Froneman (2002:57) se belangrikheid-nuuskriterium is ook van toepassing, omdat Debbie Calitz en Bruno Pelizzari baie mediablootstelling gekry het ná hul ontvoering en vrylating en so hul bekendheid verwerf het. Volgens Jewkes (2004:49) se statusmisdaad-nuuskriterium is die media behep met bekendes, veral waar misdaad betrokke is en daarom het die Somalië-ontvoering slagoffers so baie publisiteit gekry.

Die Somalië-ontvoering is ook skokkend, uniek en dit voldoen dus aan Froneman (2002:57) se ongewoonheid-nuuskriterium. Suid-Afrikaanse burgers is ontvoer deur Somaliese seerowers en ná twintig maande se aanhouding vrygelaat. Die stories is dus nuuswaardig omdat dit raar en onverwags is en dit voldoen ook aan Jewkes (2004:42) se misdaad-nuuskriterium, onvoorspelbaarheid.

Die ongewoonheid van die voorval verhoog ook die storie se kommersiële waarde, omdat *Huisgenoot* misdaadnuus en spesifiek die buitengewone Somalië-ontvoeringstories aanlokkend raam en verpak om verkope by verbruikers aan te moedig (vgl. Froneman, 2002:59). Volgens De Beer (soos aangehaal deur Froneman, 2002:59) se afstand- en intensiteitsdimensie is die Somalië-ontvoeringstories nuuswaardig, omdat dit sosiaal-psigies en tydsgewys na aan die leser is. Die voorval het in die buiteland geskied en is nie geografies naby die leser nie, maar op ’n sosiaal-psigiese vlak kan die *Huisgenoot*-leser met die slagoffers vereenselwig, omdat die slagoffers Suid-Afrikaanse burgers is wat die leser se taal en kultuur verteenwoordig. Die storie voldoen dus ook aan Jewkes (2004:52) se nabyheid misdaadnuuskriteria.

Die stories voldoen verder aan Jewkes (2004:45) se individualisme misdaad-nuuskriterium, omdat *Huisgenoot* in al vyf stories Debbie en Bruno sterk in hul konteks as familie posisioneer en die storie slagoffer-gesentreerd raam. Jewkes (2004:44) se vereenvoudiging misdaad-nuuskriterium is ook van toepassing, omdat die gebeure in elke storie verpersoonlik word deur die beklemtoning van die bronne se persoonlike

ervaring en emosies. Ook Debbie se vertelling van haar gewelddadige verkragting en mishandeling is deur *Huisgenoot* verpersoonlik deur grafiese detail in Debbie se eie woorde aan te haal.

Volgens Jewkes (2004:48) se volgende misdaad-nuuskriterium word seks en geweld deur die media verweef en daarom gaan seksuele misdade ook gepaard met sensasionalisme. Die skouspelagtige ontvoering, verkragting en mishandeling van die slagoffers word ook grafies deur *Huisgenoot* voorgestel en is volgens Jewkes (2004:55) se misdaadnuuskriteria juis gebruik omdat dit visueel boeiend is.

Volgens De Beer (soos aangehaal deur Froneman, 2002:60) se intensiteitsdimensie is die storie nuuswaardig omdat dit die status quo of die bestaansorde versteur. Die voorval is ontwrigtend en buitengewoon, omdat gewone Suid-Afrikaanse toeriste ontvoer is tydens hul vakansie en vir twintig maande lank gevange gehou is vir 'n losprys. Toeriste sal nou twee keer dink voor hul plekke soos Somalië besoek en dus voldoen die storie ook aan Jewkes (2004:47) se risikomisdaad-nuuskriterium, omdat die voorval bekommernis oor veiligheid by vakansiegangers en toeriste sal opwek.

Die omvang van die storie is ook groot omdat mense plaaslik en wêreldwyd deur die voorval geraak is. Toeriste van regoor die wêreld is bewus gemaak van seerower-aktiwiteit langs die kus van Afrika en sal huiwerig wees om geaffekteerde plekke te besoek. Op 'n plaaslike vlak is Suid-Afrika deur die voorval geraak omdat die slagoffers Suid-Afrikaanse burgers is en hul families, gemeenskap en die Suid-Afrikaanse publiek het fondsinsamelings ondersteun om geld in te samel vir hul losprys (vgl. Froneman, 2002:60).

In die slothoofstuk wat volg word kortliks verslag gedoen oor die bereiking van die navorsingdoelwitte.

# 8. Slot

Volgens die algemene navorsingsdoelwit het hierdie studie ten doel gehad om insig te verkry oor *Huisgenoot* se raming van misdaad as vermaak in 2012. Dit is verdeel in drie spesifieke navorsingsdoelwitte, wat vervolgens aan die orde kom.

- Om deur middel van 'n literatuurstudie te bepaal wat die kernvertrekpunte van ramingsteorie asook geselekteerde verbandhoudende teoretiese perspektiewe op die media is.
- Om deur middel van 'n kwalitatiewe inhoudsanalise te bepaal hoe en met watter prominensie en frekwensie misdaad op *Huisgenoot* se voorblad en nuusblaaie in 2012 geraam is.
- Om insigte te verkry oor die raming van misdaad deur *Huisgenoot* in 2012 nuusteoreties te analiseer.

### 8.1. Navorsingsdoelwit 1

Ramingsteorie en die verbandhoudende teoretiese perspektiewe agendastelling, sensasionalisme en nuus- en voorbladteorie is breedvoerig bespreek in hoofstuk twee van die studie waar die eerste navorsingsdoelwit aan die orde gekom het.

### 8.2. Navorsingsdoelwit 2

Die tweede navorsingsdoelwit is in hoofstuk vier van die studie bespreek en ná afloop van 'n noukeurige klassifikasieproses is die mees prominente misdade wat in 2012 deur *Huisgenoot* gedek is, uitgelig. Hierdie misdade is aan die hand van die volgende aanduiders van prominensie geïdentifiseer: plaaslike misdaad-, opvolg- en voorbladstories. Die mees prominente misdaadstories sluit dié in oor die Griekwastad-moorde, die "Modimolle-monster" en die Somalië-ontvoering wat in hoofstuk vier van die studie volgens die aanduiders van prominensie uitgewys is.

### 8.3. Navorsingsdoelwit 3

Die derde navorsingdoelwit kom in hoofstuk vyf, ses en sewe van die studie aan die orde. Daarmee word die algemene navorsingsvraag beantwoord. Die vyf

voorbladopvolgstories van elkeen van die bogenoemde misdaadonderwerpe is nuusteoreties geanaliseer volgens ramingsteorie en die geselekteerde teoretiese perspektiewe om sodoende die derde navorsingsdoelwit te bereik.

Daar is bevind dat *Huisgenoot* in sy raming van dié misdade hoofsaaklik ’n sensasionele en kleurvolle narratiewe vertelstyl volg wat die misdaadstories vermaaklik raam (sien 2.7).

Die gebruik van die woord vermaak moet gekwalifiseer word (sien hoofstuk 1 en 2.7). Om die soms grusame detail van misdaadstories te lees, kan geen gewone vermaak wees nie. Tog word dit deur *Huisgenoot* gedek, omdat dit aan ’n bepaalde behoefte voldoen. Sou die reeks artikels en gepaardgaande foto’s ’n weersin by ’n beduidende aantal lesers gewek het, sou dit noodwendig negatief in sirkulasiesyfers gereflekteer het en sou die redaksie nie daarmee voortgegaan het nie.

Die menslikebelangraam figureer sterk by elk van die bogenoemde misdaadstories. *Huisgenoot* fokus in sy raming sterk op die menslike element van elke misdaad en beklemtoon voortdurend die gesig, persoonlikheid en mens agter die slagoffer, misdadiger en betrokkenes in die stories. Die raming wentel dus rondom die emosie en ervaring van die mense betrokke by die storie en die blad se effektiewe gebruik van emosiebelaaide beskrywings wat dikwels selfs as sensasioneel beskryf kan word.

Nog ’n kenmerk van sensasionele raming is *Huisgenoot* se gebruik van ’n aangrypende narratiewe en prosavertelstyl in sy raming van die misdaadstories. Die gedetailleerde en grafiese beskrywing van die misdaad asook die treffende en emosiebelaaide raming van die slagoffers en misdadigers hou verband met sensasionalisme (sien 2.7).

Verder gebruik *Huisgenoot* aangrypende visuele informasie om emosies soos hartseer, skok, simpatie, en woede by die leser uit te lok en versterk só die sensasionele raming van die storie (sien 2.7). *Huisgenoot* vereenvoudig en verpersoonlik ook die misdaadnuus deurlopend. Kitch (2009:31) sê hierdie verpersoonliking van nuus omskep private emosies in publieke emosies en só omskep *Huisgenoot* ook deur sy raming persoonlike gevoelens in publieke gevoelens van simpatie, woede, of hartseer.

Volgens die menslikebelangraam skep *Huisgenoot* ’n misdaadverwante sensasiekultuur waar die tydskrif, soortgelyk aan sy dekking van sepiesterre en bekendes, ook slagoffers en misdadigers se private lewens en ervarings in die fynste

detail bespreek. Hierdie "misdaadsterre" pryk ook dikwels op die *Huisgenoot*-voorblad met treffende voorbladprikke en foto's wat sterk emosie weerspieël.

Die voorheen onbekende Ina Bonnette is nou die bekende slagoffer van die wrede Modimolle-monster en so het Don Steenkamp en Debbie Calitz en Bruno Pelizzari ook alombekend geword weens die opspraakwekkende misdade waarby hulle as dader of slagoffer betrokke was.

*Huisgenoot* se dekking en sensasionele raming van die misdade spreek van die publiek en die media se beheptheid met die betrokkenes van die misdade en het bygedra tot die kitsroem van die slagoffers en misdadigers van hierdie bisarre misdade.

Die konflikraam figureer ook sterk in *Huisgenoot* se raming van die misdade. *Huisgenoot* beklemtoon deurlopend die rusie en twis wat voorkom in elke misdaadstorie, of dit nou fisiese geweld of emosionele konflik is. Die tydskrif stel ook dikwels die slagoffers en die misdadigers teenoor mekaar in sy raming van die stories en raam die betrokkenes stereotipies volgens hul rol in die misdaad.

Die dramatiese raming van die konflik is ook sensasioneel omdat *Huisgenoot* die informasie so skokkend en grafies aanbied. Die tydskrif se treffende woordkeuses, grafiese beskrywings en veelseggende foto's raam die misdade besonder skokkend en wek emosie by die leser op.

Die skokkende van die misdaadstories op die voorblad staan telkens naas 'n glansstorie, byvoorbeeld glanspersoonlikhede se troues of babas. Dit sou as 'n versagting van die skokkende beskou kon word, maar mens sou ook kon argumenteer dat die kontras so skerp is dat dit selfs die skokelement van die betrokke misdaad versterk.

*Huisgenoot* raam dus die mees prominente misdade in 2012 sensasioneel volgens die konflik- en menslikebelangrame deur die drastiese verpersoonliking en vereenvoudiging van nuus wat vanuit 'n sterk emosionele en melodramatiese invalshoek geskryf is.

## 8.4. Samevattend

In reaksie op die algemene navoprsingsvraag het die studie bevind dat *Huisgenoot* se raming van die drie mees prominente misdade gedomineer word deur die menslikebelang- en konflikrame. Hierdie rame het sterk gefigureer in elke storie en versterk ook *Huisgenoot* se sensasionele raming van die misdaadstories, omdat dié raming nuus aangrypend verpersoonlik en emosioneel aanbied.

Verder is geargumenteer dat *Huisgenoot* dié misdaad sensasioneel raam deur sy deurlopende gebruik van 'n kragtige, soms baie grafiese, prosavertelstyl. Die tydskrif verpersoonlik en vereenvoudig voortdurend die misdaadnuus en raam die artikels treffend en emosioneel deur die sterk narratiewe vertelling van gebeure wat verband hou met sensasionele poniejoernalistiek.

Daardeur is groter begrip verkry in die inhoud en styl van die grootste Afrikaanse tydskrif, in die besonder hoe misdaad steeds 'n belangrike komponent van die blad se nuusagenda is. Hiermee het die studie ook probeer lig werp op die sensasionele aard van populistiese joernalistiek in 'n era van glanspersoonlikhede, wat nou ook misdaadslagoffers insluit.

In die beantwoording van die algemene navorsingsvraag is die simboliese proses waartydens realiteit gevorm en onderhou word, uitvoerig beskryf. Geen gevolgtrekkings gemaak oor die effek van hierdie konstruksies nie, aangesien dit nie binne die opdrag van die studie geval het nie.

## 8.5. Leemtes en verdere studie

Deur net 2012 te bestudeer, is ander belangrike misdaadstories (insluitende die Oscar Pistorius-saak) uitgesluit. Die bestudering van ander jare (veral 2013) sou groter gewig verleen aan afleidings, veral ook as opvolgstories betrek kon word. Die reeds groot omvang van die misdaadstories in 2012 het dit egter onprakties gemaak. Die Oscar-saga is spesifiek by die studie uitgesluit omdat die bevindinge van die studie te maklik argumenteerbaar sou wees. Oscar is 'n alombekende glanspersoon en daarom sou dit nie vreemd wees as *Huisgenoot* se dekking van dié misdaad vermaaklik is nie. Die raming van misdade waarby glanspersoonlikhede nie betrokke is nie, is egter meer interessant en ook die wyse waarop hierdie onbekende persone 'n vreemde glansstatus verkry deur middel van *Huisgenoot* se raming van die misdaad.

Verdere studies sou sterk op spesifieke persone kon fokus en aantoon hoe individue wat by misdaad betrek word bekendes word, indien dan nie glanspersoonlikhede in die meer konvensionele sin van die woord nie.

Die idee dat grusame misdaad vermaaklik vir lesers kan wees bly problematies en kan verder byvoorbeeld vanuit psigologiese, sosiologiese en antropologiese hoeke belig word ten einde groter begrip van hierdie verskynsel te verkry.

**Bronnelys**

Allan, S., *ed.* 2010. News culture. 3rd ed. Berkshire: McGraw-Hill.

Anderson, J.A. 1987. Communication research: issues and methods. New York: McGraw-Hill.

Babbie, E. & Mouton, J. 2001. The practice of social research. Cape Town: Oxford University Press.

Bird, S.E. 2009. Tabloidization: what it is, and does it really matter? (*In* Zelizer, B., *ed*. The changing faces of journalism: tabloidization, technology and truthiness. New York: Routledge. p. 40-49).

Blaauw, D. 2012. Ek wil net aan mamma vat. *Huisgenoot,* 5 Jul: 6-9.

Broes, I. 1983. The marketing and visual aspects of the cover-girl. Pretoria: UNISA. (Dissertation – MA).

Burchell, J. 2005. Principles of criminal law. 3rd ed. Lansdowne: Juta.

Craig, R.T. 1999. Communication theory as a field. http://www.clt.astate.edu/mhayes/Craig%20Article.PDF Date of access: 25 Apr. 2013.

Craig, R.T. 2007. Communication theory as a field. (*In* Craig, R.T. & Muller, H.L., *eds*. Theorizing communication: readings across traditions. Thousand Oaks: Sage. p. 63-98).

Craig, R.T. & Muller, H.L., *eds*. 2007. Theorizing communication: readings across traditions. Thousand Oaks: Sage.

CSVR (Centre for the Study of Violence and Reconcilliation). 2009. Why does South Africa have such high rates of violent crime? http://www.csvr.org.za/docs/study/7.unique_about_SA.pdf Date of access: 24 Apr. 2013.

CSVR (Centre for the Study of Violence and Reconcilliation). 2013. The Centre for the Study of Violence and Reconcilliation. http://www.csvr.org.za/ Date of access: 24 Apr. 2013.

De Beer, A.S. 1982. Die joernalistiek – 'n topberoep (*In* De Beer, A.S., *ed*. Joernalistiek vandag. Kaapstad: Tafelberg. bl. 1-6).

De Beer, A.S. 2011. Kyk terug na die toekoms: nuusobjektiwiteit en Niklas Luhmann se konsep van die realiteit van die massamedia. *Tydskrif vir Geesteswetenskappe*, 51(4):613-630.

De Beer, A.S. & Botha, N. 2008. News as representation. (*In* Fourie, P.J., *ed*. Media studies: policy, management and media representation. 2nd ed. Cape Town: Juta. p. 228-242).

De Vreese, C.H. 2005. News framing: theory and typology. http://www.jcmcr.com/upload/Studies_file/1233468300.pdf Date of access: 9 Sep. 2014.

Dictionary of Media and Communication. 2014. Oxford: Oxford University Press www.oxfordreference.com Date of access: 27 Feb. 2015.

Du Plooy, G.M. 2009. Communication research: techniques, methods and applications. 2nd ed. Cape Town: Juta.

Froneman, J.D. 2002. ’n ABC en XYZ van joernalistiek. Potchefstroom: PU vir CHO, Skool vir Kommunikasiestudies.

Froneman, J.D., Swanepoel, T. & Van Rooyen, G.M. 2005. Handboek vir joernalistiek in Suid-Afrika. Potchefstroom: Noordwes-Universiteit, Skool vir Kommunikasiestudies.

Froneman, J.D. 2010. Tydskrif vir Christelike wetenskap: ’n saak vir ’n etiese populistiese media. http://reference.sabinet.co.za.nwulib.nwu.ac.za/webx/access/electronic_journals/tcwet/tcwet_v46_n3_4_a1.pdf Datum van gebruik: 3 Mei 2013.

Furedi, F. 1997. Culture of fear: risk taking and the morality of low expectation. London: Wellington House.

Henry, S. & Lanier, M.M. 1998. The prism of crime: arguments for an integrated definition of crime. *Justice quarterly*, 15(4):609-627.

*Huisgenoot.* 2006. Los die skêrmoord - ek wil leef. *Huisgenoot Gedenkuitgawe*:150-151.

*Huisgenoot.* 2006. Geboorte van ’n legende. *Huisgenoot Gedenkuitgawe*:138-139.

*Huisgenoot.* 2012. *Huisgenoot,* no. 760-811. Kaapstad : Media24.

*Huisgenoot.* 19 Jan. 2012. *Huisgenoot,* no. 762. Kaapstad : Media24.

*Huisgenoot.* 26 Jan. 2012. *Huisgenoot,* no. 763. Kaaptstad : Media24.

*Huisgenoot.* 2 Feb. 2012. *Huisgenoot,* no. 764. Kaapstad : Media24.

*Huisgenoot.* 26 Apr. 2012. *Huisgenoot,* no. 776. Kaapstad : Media24.

*Huisgenoot.* 10 Mei 2012. *Huisgenoot,* no. 778. Kaaptstad : Media24.

*Huisgenoot.* 5 Jul. 2012. *Huisgenoot,* no. 786. Kaapstad : Media24.

*Huisgenoot.* 12 Jul. 2012. *Huisgenoot,* no. 787. Kaapstad : Media24.

*Huisgenoot.* 6 Sep. 2012. *Huisgenoot,* no. 795. Kaapstad : Media24.

*Huisgenoot.* 13 Sep. 2012. *Huisgenoot,* no. 796. Kaapstad : Media24.

*Huisgenoot.* 4 Okt. 2012. *Huisgenoot,* no. 799. Kaapstad : Media24.

*Huisgenoot.* 15 Nov. 2012. *Huisgenoot,* no. 805. Kaaptstad : Media24.

*Huisgenoot.* 6 Des. 2012. *Huisgenoot,* no. 808. Kaapstad : Media24.

*Huisgenoot.* 20 Des. 2012. *Huisgenoot,* no. 810. Kaapstad : Media24.

ISS (Institute for Security Studies). 2014?. The definitions of crimes used to compile the crime statistics. http://www.issafrica.org/crimehub/topics/crime-statistics/the-definitions-of-crimes-used-to-compile-the-crime-statistics Date of access: 9 Jun. 2014.

Jewkes, Y. 2004. Media and crime: key approaches to criminology. London: Sage.

Kitch, C. 2009. Tears and trauma in the news. (*In* Zelizer, B., *ed.* The changing faces of journalism: tabloidization, technology and truthiness. New York: Routledge. p. 29-39).

Leiter, K., Harriss, J. & Johnson, S. 2000. The complete reporter: fundamentals of news gathering, writing, and editing. 7th ed. Needham Heights: Allyn and Bacon.

McCombs, M. & Ghanem, S. 2003. The convergence of agenda setting and framing. (*In* Reese, S.D., Gandy Jr., O.H. & Grant, A.E., *eds.* Framing public life: perspectives on media and our understanding of the social world. Mahwah: Lawrence Erlbaum Associates. p. 67-79).

McQuail, D. 2000. McQuail's mass communication theory. 4th ed. London: Sage.

Morrison, W. 2013. What is crime? Contrasting definitions and perspectives. (*In* Hale, C., Hayward, K., Wahidin, A. & Wincup, E., *eds.* Criminology. 3rd ed. Oxford: Oxford University Press. p. 3-22).

Muller, C.F.J. 1990. Sonop in die Suide: geboorte en groei van die Nasionale Pers 1915-1948. Kaapstad: Nasionale Boekhandel.

Nisbet, M. 2001. That's infotainment! http://www.csicop.org/specialarticles/show/thats_infotainment/ Date of access: 18 Feb. 2015.

O'Connor, A. 2009. Infotainment's appeals and consequences. http://www.neoamericanist.org/paper/infotainment%E2%80%99s-appeals-and-consequences Date of access: 18 Feb. 2015.

OMD. 2013. Media facts. http://www.omd.co.za/media_facts/FOM029_Blueprint_OMD_mediafacts2013.pdf Date of access: 24 Apr. 2013.

OMD. 2014. Media facts. http://www.omd.co.za/media_facts/Blueprint_2014_OMG%20Media%20facts.pdf Date of access: 2 Nov. 2014.

Philip, S. 2012. Nou is my gesin no. 1. *Huisgenoot,* 15 Nov: 12-13.

Philip, S. & Sokopo, A. 2012. Debbie se dae van dagga en drank. *Huisgenoot,* 20 Des: 8-9.

Reese, S.D. 2003. Prologue – Framing public life: a bridging model for media research. (*In* Reese, S.D., Gandy Jr., O.H. & Grant, A.E., *eds*. 2003. Framing public life: perspectives on media and our understanding of the social world. Mahwah: Lawrence Erlbaum Associates. p. 7-29).

SAPS (South African Police Service). 2012. Crime statistics. http://www.saps.gov.za/statistics/reports/crimestats/2012/categories.htm Date of access: 24 Apr. 2013.

SAPS (South African Police Service). 2013. An analysis of the national crime statistics 2012/2013. http://www.saps.gov.za/resource_centre/publications/statistics/crimestats/2013/downloads/crime_stats_analysis.pdf Date of access: 9 Jun. 2014.

Semetko, H.A. & Valkenburg, P.M. 2006. Framing European politics: a content analysis of press and television news. http://onlinelibrary.wiley.com/doi/10.1111/j.1460-2466.2000.tb02843.x/pdf Date of access: 9 Sep. 2014.

Scholtz, H. 2012a. Vermink deur ’n monster. *Huisgenoot,* 19 Jan: 8-10.

Scholtz, H. 2012b. Skurk wat ma vernietig het. *Huisgenoot,* 26 Jan: 10,11.

Scholtz, H. 2012c. Man agter die monster. *Huisgenoot,* 26 Jan: 12,13.

Scholtz, H. 2012d. Ek sal dié storm oorleef. *Huisgenoot,* 2 Feb: 7-9.

Scholtz, H. 2012e. My pad na genesing. *Huisgenoot,* 13 Sep: 14,15.

Scholtz, H. 2012f. Baie leed, baie vrae. *Huisgenoot,* 26 Apr: 12-15.

Scholtz, H. 2012g. ‘n Eensame ruiter. *Huisgenoot,* 10 Mei: 10-11.

Scholtz, H. 2012h. Antwoorde, asseblief! *Huisgenoot,* 5 Jul: 10-11.

Scholtz, H. 2012i. Grumoord wat die land verdeel. *Huisgenoot,* 6 Sept: 8-9.

Scholtz, H. 2012j. Verwerp en alleen. *Huisgenoot,* 4 Okt: 6-7.

Shabangu, T. 2013. A comparative inquiry into the nature of violence and crime in Mozambique and South Africa. http://www.issafrica.org/crimehub/uploads/comparing_crime_in_mozambique_and_south_africa.pdf Date of access: 9 May 2014.

Sokopo, A. 2012. Ons hel oor paar se eise. *Huisgenoot,* 6 Des: 8-9.

Tankard, J.W., Jr. 2003. The empirical approach to the study of media framing. (*In* Reese, S.D., Gandy, O.H., Jr. & Grant, A.E., *eds*. Framing public life: perspectives on media and our understanding of the social world. Mahwah: Lawrence Erlbaum Associates. p. 95-106).

Van Eden, A. 1981. Die *Huisgenoot* as gesinstydskrif van 1916 tot 1978. Pretoria: UNISA. (Proefskrif – PhD).

Van Zyl, A. 2012. Ons hel is verby. *Huisgenoot,* 12 Jul: 6-12.

Viljoen, E.S. 2006. Imagined community: 1950's kiekies of the volk. http://repository.up.ac.za/bitstream/handle/2263/3090/Viljoen_Imagined%282006%29.pdf?sequence=2 Date of access: 3 May 2013.

Wasserman, H. 2010. Tabloid journalism in South Africa. Bloomington: Indiana University Press.

WHO (World Health Organization). 2014. Violence. http://www.who.int/violenceprevention/approach/definition/en/. Date of access: 9 Jun. 2014.